# Verwondering-in-nederigheid as krities-Christelike spiritualiteit vanuit Skriftuur en Natuur

deur

**HARMANUS FREDERICH KELDERMAN**

Ingedien in ooreenstemming met die vereistes vir die graad

**DOKTOR IN FILOSOFIE**

in die vak Christelike Spiritualiteit

Aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: Professor C.J.S. Lombaard

Januarie 2023

## SUMMARY OF THESIS

The Christian believer has an awareness of and subsequent relationship with God which manifests in life depending on the type of spirituality the believer cultivates. This study seeks to promote and nurture a spirituality where nature in all its appearances is observed and experienced and the observer is filled with awe and amazement. One is filled with wonder of the complexity, enormity, beauty and grandeur of creation. In the realisation of this a person becomes aware of the Creator's glory and greatness and one's own smallness but not insignificant. This should encourage a disposition of humility, modesty, respect, and compassion which is a vital component of Christian spirituality. In this study a variety of sources of literature, ranging from secular and theological sources, and Scripture, namely Genesis 1 and a selection of creation psalms, have been scrutinised to determine what the different authors contribute toward the experience of wonderment and how that should colour the Christian experience. The literature reveals that everything has value to lesser or greater extent and should be respected and appreciated accordingly. Everyone, the professional investigator and the layperson should wonder about the material world – it is not a naïve or inferior experience and a sensitivity should be developed where wonderment will be experienced perpetually. The reflection upon wonderment in this study will also put forward that there is no conflict between science and faith but indeed complement each other to achieve a broader perspective and deeper meaning of the material world and what Scripture has to say about the creation and its Creator.



**Key terms**

Spirituality; Wonder/Wonderment; Awe; Perspective; Creation; Universe/Cosmos; Nature; Science; Faith; Believer; Experience; Value; Glory; Humility/Humble.

**DECLARATION**

Name: HARMANUS FREDERICH KELDERMAN ____________________________

Student number: 58547835________________________________________________

Degree: DOCTOR OF PHILOSOPHY________________________________________

Exact wording of the title of the thesis as appearing on the electronic copy submitted for examination:

**Verwondering-in-nederigheid as krities-Christelike**

________________________________________________________________________

**spiritualiteit vanuit Skriftuur en Natuur**

________________________________________________________________________

I declare that the above thesis is my own work and that all the sources that I have used or quoted have been indicated and acknowledged by means of complete references.

I further declare that I submitted the thesis to originality checking software and that it falls within the accepted requirements for originality.

I further declare that I have not previously submitted this work, or part of it, for examination at Unisa for another qualification or at any other higher education institution.

*(The thesis will not be examined unless this statement has been submitted.)*

__________________________ __27 January 2023______________

SIGNATURE DATE

**Inhoudsopgawe**

**Hoofstuk 1: ‘n Literatuurstudie om ‘n spiritualiteit van verwondering en nederigheid te bevorder** 1

1.1 Agtergrond 1

1.2 Formulering van studietema 3

1.3 Sake van belang wat toegelig sal word 4

1.4 Navorsingsmetodologie 4

1.5 Onderneming van integriteit 5

1.6 Doel en doelwitte van die studie 5

1.7 Navorsingsontwerp 6

1.8 Literatuuroorsig 6

1.9 Bronne 7

**Hoofstuk 2: Nadenke oor verwondering en nederigheid vanuit verskeie literatuurbronne** 12

**2.1 Verwondering en nederigheid vanuit teologies/filosofiese nadenke** 12

2.1.1 Robin Attfield: *Wonder, value, and God* (2017) 12

2.1.2 David H. Kelsey: *Eccentric existence: A theological anthroplogy* (2009) 20

2.1.3 Jesse Prinz: *How wonder works* (2013) 25

2.1.4 Bill Tammeus: *Religion and science share the same roots: awe and wonder* (2014) 35

2.1.5 Jeff Forshaw: *Science and religion are united in a shared sense of wonder* (2012) 38

2.1.6 Ted Peters: *The war between faith and fact* (2016) 40

2.1.7 Alan Padgett: *Epihany of a small planet: Christology, astronomy and mutuality* (2007) 43

2.1.8 Francis Collins: *The language of God. A scientist presents evidence for belief* (2007) 50

2.1.9 Marcus J. Borg*: Days of awe and wonder. How to be a Christian in the 21st century* (2017) 63

2.1.10 Barbare Fiand: *Awe-filled wonder. The interface of science and spirituality* (2008) 75

**2.2 Verwondering en nederigheid vanuit wetenskaplike oorwegings** 79

2.2.1 Ted Peters: *Does God have a plan for the big history of the cosmos?* (2014) 79

2.2.2 Maria Popova: *Richard Feynman on the role of scientific culture in modern society* (2012) 82

2.2.3 Ruth M. Bancewicz: *The fascination of science* (2012) 86

2.2.4 Enrico Cantore: The scientific experience of ultimates: Wonder 89

2.2.5 Lorraine Daston: *Wonder and the ends of inquiry* (2014) 94

**2.3 Verwondering en nederigheid vanuit spirituele en psigologiese perspektiewe** 99

2.3.1 Fritjof Capra: *On science and spirituality* (2015) 99

2.3.2 Marcus R. Berquist: Wonder and skepticism (1985) 105

2.3.3 Alan Lightman: *The accidental universe. The world you thought you knew* (2014) 113

**Hoofstuk 3: Sintese – nadenke oor verwondering en nederigheid** 120

**3.1 Die aard van verwondering** 121

3.1.1 Uniekheid 121

3.1.2 Taal 121

3.1.3 Verbasing en verrassing 122

3.1.4 Filosofiese ingesteldheid 123

3.1.5 Verwondering vs. nuuskierigheid 124

3.1.6 Nie minderwaardig nie 125

3.1.7 'n Spirituele ervaring 125

3.1.8 Verwondering in wetenskap en geloof 127

**3.2 Waarom sal ons ons verwonder?** 128

3.2.1 Waarde 128

3.2.2 Waardering en lojaliteit 128

**3.3 Waaroor kan verwonder word?** 130

3.3.1 Wetenskap en kuns 130

3.3.2 Natuurverskynsels 131

**3.4 Wie kan verwonder?** 132

3.4.1 Die wetenskaplikes 132

3.4.2 Die leke 133

**3.5 Verwondering is deurlopend** 133

**3.6 Op watter manier word verwondering ervaar?** 134

3.6.1 Die hele mens ervaar dit 134

3.6.2 Verwoording 135

3.6.3 Spirituele ervaring 135

**3.7 Die ingesteldheid van verwondering** 138

3.7.1 Respek 138

3.7.2 Nederigheid 141

3.7.3 Groter perspektief 142

**3.8 Die effek van verwondering** 144

3.8.1 Ontsag 144

3.8.2 Nederigheid 143

**3.9 Teologiese betekenis** 148

**3.10 Konklusie** 154

**Hoofstuk 4: Verkenning van Genesis 1: aspekte om oor verwonderd te wees** 156

**4.1 Genesis 1: Kommentaar deur Claus Westerman en Gerhard von Rad** 156

**4.2 Die literêre vorm van Genesis 1-2: 4a** 159

**4.3 'n Selektiewe verkenning van Genesis 1 met betrekking tot verwondering** 165

**Hoofstuk 5: Genesis 1 – Temas in verhaal om oor te verwonder** 197

**5.1 God wil dit** 199

**5.2 Progressie en struktuur** 201

5.2.1 Dit het begin 201

5.2.2 Van chaos tot orde en leefbaarheid 202

5.2.3 Geleidelikheid, logiese ordening en struktuur 203

**5.3 Grootsheid, oorvloed en diversiteit** 208

5.3.1 Grootsheid 208

5.3.2 Oorvloed en diversiteit 209

**5.4 Kritiese denke** 211

**5.5 Die status van die mens** 214

**5.6 Die skepping is goed en het waarde** 219

**5.7 Die diepte van die Genesis 1-verhaal** 223

**5.8 Konklusie** 230

**Hoofstuk 6: Verwondering en nederigheid in Psalms 8, 19 en 148** 232

- Psalm 8: Kommentaar deur A.A. Anderson (1981) 232
- Psalm 8: Kommentaar deur N.A. van Uchelen (1986) 238
- Psalm 8: Kommentaar deur John Goldingay (2006) 243
- Psalm 19: 2 – 7: Kommentaar deur N.A. van Uchelen (1986) 248
- Psalm 19: 2 – 7: Kommentaar deur John Goldingay (2006) 254

- Psalm 19: 2 – 7: Kommentaar deur John L. Mays (1994) 257
- Psalm 148: Kommentaar deur Erich Zenger (2011) 261
- Psalm 148: Kommentaar deur Leslie C. Allen (1983) 273
- Psalm 148: Kommentaar deur A.A. Anderson 275

**Hoofstuk 7: Waaroor verwonder word in Psalms 8, 19: 2 – 7 en 148** 279

**7.1 Hierdie psalms is verwonderd oor die skepping** 280

7.1.1 Die hemelruim 280

7.1.1.1 Omvang 280

7.1.1.2 Onwrikbaarheid en skoonheid 286

7.1.1.3 Die handewerk van God 289

7.1.1.4 'n Boodskap sonder spraak 291

7.1.1.5 Beweeg ons na geloof en lof 294

7.1.2 Die aarde 296

7.1.2.1 Alles word betrek – ook die aarde 296

7.1.2.2 Die natuurelemente 299

7.1.3 Die mens 300

7.1.3.1 Nietigheid 300

7.1.3.2 En tog het die mens status 302

7.1.3.3 Die mens is deel van die skepping se lofstem 306

**7.2 Hierdie psalms is verwonderd oor God** 309

7.2.1 Majesteit en mag 309

7.2.2 God bemoei met die mens 313

**7.3 Konklusie** 319

**Hoofstuk 8: Konklusie** 319

**Biografie** 325

# Hoofstuk 1

## ’n Literatuurstudie om ’n spiritualiteit van verwondering en nederigheid te bevorder

### 1.1 Agtergrond

Ek is gebore in Nederland en het met my ouers na Suid-Afrika geïmmigreer in 1958. Ek was toe maar ‘n baba van een jaar. Ons het lidmate geword in die NG Kerk. My opvoeding en grootword het plaasgevind in ‘n huis van vroom dog vrolike Calvinistiese Gereformeerdheid. Veral van moederskant is by my ‘n nugter en deurleefde godsdienstigheid gekweek en gevolglik ook sodanige spiritualiteit. My moeder het in haar eenvoudige huisvrou-wees ‘n verstommende Bybelkennis gehad en kon teologies onderhoudend saam gesels vir iemand wat nie akademies daarin opgelei was nie. Dit was eintlik nie onbekend by doodgewone Nederlanders nie.

Eers op ‘n laterige stadium van my lewe in die ouderdom van 32 het ek die oortuiging gekry dat ek geroep word vir die predikantsbediening. Ek het aan die Universiteit van Pretoria gaan studeer vanaf 1990-1995 en die volgende grade verwerf: BA Teologie, B Hons Semitiese Tale, B Divinitatis. Die skripsie vir die BD-graad was in NT Wetenskappe. ‘n Voltydse beroep in die kerk het nie gerealiseer nie ten spyte van talle aansoeke en met hierdie toedrag van sake moes en het ek vrede gemaak. Ek is egter deeltyds betrokke in die bediening ten opsigte van eredienste en pastoraat.

Ek het die akademie baie geniet op universiteit en dit daarom ook altyd met die nodige toewyding aangepak en dit was dan ook nie vreemd dat ek die afgelope paar jaar aangemoedig is deur familie om ‘n doktorale studie aan te pak nie. Prof. Christo Lombaard, was ‘n teoloog in die vak Christelike Spiritualiteit aan die Universiteit van Suid-Afrika[1] en het my ook uitgenooi om ‘n doktorale studie onder sy leiding te doen. Hy het, na die aanhoor van ‘n preek van my, ‘n onderwerp aan my voorgestel soos wat later aangedui word in hierdie hoofstuk. Ek was dadelik baie geïnteresseerd daarin en het begin om moed bymekaar te skraap om dié reis en avontuur te onderneem.

---

[1] Prof. Lombaard het intussen sy akademiese loopbaan by die Universiteit van Pretoria gaan voortsit.

Alhoewel ek nie wetenskap as matriekvak gehad het nie (wel biologie en wiskunde), was ek altyd wel geïnteresseerd in die natuurwetenskappe en lees graag daaroor op. Veral die sterrekunde is 'n groot belangstelling van my waaroor ek gedurig oplees en op hoogte bly van nuwe verwikkelinge, ontdekkings en insigte. Reeds van kindsbeen af het die sterrekunde my gefassineer en daarom is dit seker nie verbasend dat ek ook 'n liefde het vir wetenskapfiksie nie. Nog 'n onderwerp wat my begin aangryp het, is evolusie en ook hieroor lees ek graag. Weliswaar is my lees en verstaan van hierdie onderwerpe nie op hoogwetenskaplike vlak nie, maar eerder op die populêr-wetenskaplike, maar nie noodwendig onakademies of onwetenskaplik nie. Ek het ook begin belangstel in die gesprek tussen geloof en wetenskap en al hoe meer daaroor begin lees.

My blootstelling aan die histories-kritiese skrifuitleg van die Bybel en my belangstelling in die natuurwetenskappe het 'n ingrypende invloed gehad op my wêreldbeeld, Godsbeeld en skrifbeskouing. 'n Verruiming het plaasgevind ten opsigte waarheidsbegrip, geloof en lewensbeskouing. Dit was onafwendbaar dat my spiritualiteit ook beïnvloed sou word. Daar is inderdaad ook by my 'n groter sensitiwiteit ten opsigte van die mistiek in die Godsbelewing. Ek neem waar dat waar ons soveel meer te wete kom en begrip kry van die werkinge van die natuur in al sy manifestasies, daar dikwels vrae ontstaan oor hoe en waar God in die prentjie pas. Aan die een kant word my geloof op 'n manier verdiep in God, maar aan die ander kant word ek gedwing om God en sy bemoeienis met die mens en wêreld te herbedink. God is in baie opsigte 'n misterie te midde van al die wetenskaplike verstaan van die wêreld. Tog glo ek in God op teïstiese wyse, dit wil sê dat God 'n persoonlike realiteit is wat bemoeienis maak met die mens.

Ek het diep onder die indruk gekom van die grootsheid, fynheid, kompleksiteit en skoonheid van die skepping. Dit het my by 'n punt gebring dat ek met verwondering kyk na dit alles en dit so beleef en op sy beurt het dit by my 'n gevoel gelaat om nederig te wees met die aanskoue hiervan. Hoe meer ons weet, hoe meer weet ons dat ons baie min weet – veral van God. Die natuurwetenskappe en histories-kritiese skrifuitleg het my geleer om veel meer beskeie met geloof en God om te gaan. Tradisionele (dikwels fundamentalistiese) dogma's geld nie altyd meer nie. Maar tog bly ek in God glo. Anton van Niekerk, godsdiensfilosoof aan die Universiteit van Stellenbosch, noem dit "geloof sonder sekerhede" (ook die titel van sy boek, 2014) en dat geloof eerder

geleef moet word in plaas daarvan om sogenaamde seker aannames te maak.[2] Tomás Halík, ‘n Tjeggiese Rooms-Katolieke priester en akademikus en 2014 Templeton-prysontvanger, skryf ook in dié rigting in sy boek *Patience with God* wanneer hy geduld met God bepleit deur beide ateïste en fundamentaliste[3]. Hierdie insigte en sentimente is dan ook dikwels die strekking van my prediking.

Nog ‘n wetenskaplike by wie ek groot inspirasie vind, is George Ellis, emeritus-professor van die Universiteit van Kaapstad. Sy wetenskap is toegepaste wiskunde, fisika en kosmologie, maar hy is ook goed onderlê in die filosofiegesprek. Hy het die Templeton-prys in 2004 ontvang vir sy bydrae tot die versoening van godsdiens en wetenskap. Hy is van die oortuiging dat daar ‘n kenotiese etiek in die heelal ingebou is soortgelyk aan die natuurwette en dat dit neerslag vind in al die groot godsdienste van die wêreld. Hieroor het hy geskryf saam met Nancy Murphy in hulle boek *On the Moral Nature of the Universe. Theology, Cosmology, and Ethics* (1996).

Die navorsingstema volg hieronder en verwys na “Skriftuur”. In die proses sal daar gekyk word na Genesis 1 en enkele psalms om te bepaal wat daaruit geleer kan word ten opsigte van verwondering oor God en die skepping en die effek wat dit laat op die gelowige.

## 1.2 Formulering van studietema

Die studietema word soos volg geformuleer:

*Verwondering-in-nederigheid as krities-Christelike spiritualiteit vanuit Skriftuur en natuur***.**

’n Spiritualiteit[4] van verwondering en gepaardgaande nederigheid behoort ’n uitvloeisel te wees wanneer die natuur en God se grootsheid en betrokkenheid in ag

---

[2] Van Niekerk 2014: 98

[3] Halík 2009: 5

[4] Waaijman (2002: vii) voer aan dat spiritualiteit twee perspektiewe het, naamlik ‘n deurleefde spiritualiteit (“lived spirituality”) en die dissipline (wetenskap) van spiritualiteit. Hy skryf: “Our study leads to the following conclusion: Materially, spirituality is the jointed process of the divine relation which is, formally, a layered process of transformation.” Later in sy boek (2002: 316-364) beskryf hy spiritualiteit in verskillende konsepte soos dit in verskillende godsdienste ervaar word en “spirituality” is een van die konsepte wat hy bespreek. Waaijman (2002: 364) konkludeer: “The basic word ‘spirituality’ interprets the area of spirituality as ‘spirit’: the Spirit of God and the spirit of man which interact with and impact each other.The range of the spirit is enormous. It includes the movement of the spirit (*ruach*) and the existensial intensity of the mind (*nous*). By its weight spirituality is able to exceed the boundaries of the established religions and to open up new areas.”

geneem word – soveel te meer as ‘n besef ontwikkel word dat die mens baie gering is in die groter bestel. Met die vermeerdering van kennis op veral wetenskaplike gebied maak gelowiges hulle nog steeds skuldig daaraan om nie krities te onderskei tussen wat werklik en onwerklik nie. Hierdie gebreke gee aanleiding daartoe dat sommige gelowiges arrogant en hard oorkom en dat hulle geloof as ’n bygeloof beleef kan word. Tog is daar natuurwetenskaplikes aan beide kante van die geloofsgrens en teoloë wat in die interdissiplinêre gesprek tussen wetenskap en geloof bepleit dat groter begrip, verdraagsaamheid en respek vir mekaar betoon sal word.

### 1.3 Sake van belang wat toegelig sal word

- Insigte oor verwondering en nederigheid vanuit die algemene literatuur in verskillende dissiplines.
- Wat sê die Skrif van verwondering en nederigheid met verwysing na God en die skepping?
- Voorbeelde uit die natuur wat verwondering inspireer.

### 1.4 Navorsingmetodologie

’n Literatuurstudie sal gedoen word van relevante materiaal wat bogenoemde sake behandel. Hieruit sal ’n sintese en interpretasie gedoen word om ’n geheel te vorm om die voorgestelde spiritualiteit en gevolglike lewensingesteldheid voor te stel.

Daar sal gekyk word na populêre werke in die boekhandel; na wetenskaplike en populêr-wetenskaplike materiaal in die boekhandel en vaktydskrifte; na uitsprake in die media en van openbare platforms.

Dit behels dat al hierdie materiaal bekom is deur elektroniese kanale, die boekhandel en biblioteke.

---

Waaijman (2002: 308) verwys aan die begin van sy behandeling van die begrip “spiritualiteit” ook na Sandra Schneiders (1998: 39-40) wat spiritualiteit soos volg definieer: “the experience of conscious involvement in the project of life-integration through self-transendence toward the ultimate value one perceives.” Waaijman bestempel “experience” as die alles-bepalende karaktertrek van spiritualiteit in Schneider se definisie.

Wanneer in hierdie studie verwys word na spiritualiteit word beoog om ‘n *ervaring* van verwondering en gevolglike nederigheid aan te moedig wat die belewing van God, omgewing en medemens wesenlik en konstruktief sal beïnvloed.

Daar sal dus met hierdie literatuurstudie

- inligting versamel word wat ter sake is ten opsigte van die voorgestelde studietema en aangebied word
- ’n teologies-kritiese refleksie gedoen word oor die versamelde inligting
- ’n sintese gedoen word van relevante inligting om ’n geheel te vorm en tot ’n slotsom gekom word

## 1.5 Onderneming van integriteit

Hierdie studie is onderneem met integriteit van eerlikheid en oorspronklikheid om uiteindelik met deurdagte insigte vorendag te kom. Geen plagiaat is gepleeg nie en waar ander skrywers en bronne se inligting gebruik word, dit duidelik aan te toon deur verwysing of dit behoorlik aan te dui in aanhalingstekens of kursiefdruk met erkenning aan die bron.

Hierdie verhandeling is beperk tot literatuurstudie en daarom is etiese gedragskode ten opsigte van medewerkers nie hier van toepassing nie.

## 1.6 Doel en doelwitte van die studie

Die uiteindelike doel van die studie is:

om by die Christen-gelowige ’n spiritualiteit aan te moedig wat sal getuig van

- diepgang en nadenke wat teweeg gebring sal word deur ’n verwondering oor die grootsheid van die natuur en dus ook die grootsheid van God.
- ’n gesindheid van nederigheid by die gelowige met die besef van hoe klein ons in die groter bedeling is.

Om bogenoemde doel te bereik, sal daar op pad die volgende doelwitte bereik word:

- Insigte word verkry by die nadenke van verteenwoordigers in verskillende dissiplines soos die teologie/filosofie, natuurwetenskappe en psigologie/spiritualiteit.

- ’n Blik te gee op voorbeelde uit die natuur om te bepaal wat dit is wat ons so met verwondering vervul.

- Wat is die getuienis van sekere Skrifgedeeltes ten opsigte van verwondering met betrekking tot God en sy skepping?
- Nadenke uit die laasgenoemde doelwit sal aangevul word met voorbeelde uit die natuur wat ons met verwondering kan vervul en telkens sal die ingesteldheid van nederigheid aan die orde gebring word as uitvloeisel van verwondering.

## 1.7 Navorsingsontwerp

Die volgende metode is gevolg in die navorsing:

- Versameling van inligting.
- Identifisering en uithaal van relevante inligting.
- Nadenke oor die betekenis van die versamelde inligting in die konteks van die bron waar die inligting bekom is.
- Bymekaarbring van die inligting en voorlegging in ’n sinvolle geheel.

## 1.8 Literatuuroorsig

Baie van die literatuur wat onder oë geneem is, het die ervaring van verwondering bespreek wanneer die skepping ervaar is, hetsy deur gewone alledaagse belewing of deur die wetenskaplike beoefening daarvan. Die gedagtes hier uitgespreek kom meestal van Christen-gelowiges en wat daarmee saam ook ’n verdraagsaamheid en nugterheid (kritiese denke) bepleit in ’n wêreld wat deur wetenskaplike ontwikkeling gekenmerk word. Enkele gevalle van niegelowige denkers kom ook aan die orde. My lees van hierdie literatuur is gemotiveer deur die besef dat veral van die gelowige se kant af ‘n realiteit moet intree en vrede gemaak moet word met die wetenskaplike kennis van die natuur en God se rol daarin en dat die gelowige se spiritualiteit en ingesteldheid gepas moet wees daar by.

## 1.9 Bronne

In die voorbereidende opleeswerk is talle publikasies uit verskillende velde gelees om ‘n geheelindruk te kry van denke oor die onderwerp asook kommentare op toepaslike skrifgedeeltes deur eksegete. Hier volg ‘n lys van sommige van die literatuur wat geraadpleeg is (ter wille van bondigheid word nie alles genoem nie – die werklike lys is heelwat langer), maar uiteindelik is uit die onderstaande lys 26 primêre bronne gekies wat relevant geag is om in hierdie studie verder te verken en oor nagedink te word. In die studie wat volg, is ook heelwat ander bronne aangehaal om die bevindinge verder te versterk en verryk.


Allen, L.C., 1983, *Psalms 101-150*, Word Books, Waco, Texas.

Anderson, A.A., 1981, *The book of Psalms, volume1, Psalms 1-72*, Marshal, Morgan & Scott, London.

Anderson, A.A., 1981, *The book of Psalms, volume 2, Psams 73-150*, Marshal, Morgan & Scott, London.

Attfield, R., 2017, *Wonder, value and God*, Routledge, Oxon.

Bancewicz, Ruth M., 2012, *The fascination of science*, gelees 18 Augustus 2020 op https://scienceandbelief.org/2012/10/04/the-fascination-of-science/#more-1608

Borg, Marcus J., 2017, *Days of awe and wonder. How to be a Christian in the 21st century,* HarperCollins Publishers, New York.

Berquist, Marcus R., 1985, *Wonder and skepticism*, gelees op 10 September 2020, https://thomasaquinas.edu/about/wonder-and-skepticism

Cantore, E., 1977, Wonder and awe: the scientific experience of ultimates, *Scientific man. The humanistic significance of science*, ISH Publications, New York, gelees 20 Augustus 2020 op https://inters.org/Cantore-Wonder-Awe

Capra, F., 2015, *Fritjof Capra on science and spirituality,* gelees 23 Oktober 2017, http://www.sutrajournal.com/science-and-spirituality-by-fritjof-capra

Cobern, W., 1988, The Integration of Faith and Science Learning, *Science in Christian Perspective,* Volume 40, p. 98- 100.

Collins, F., 2006, *The Language of God. A Scientist Presents Evidence for Belief*. Pocket Books, London.

Daston, L., 2014, *Wonder and the ends of inquiry,* gelees 30 Oktober 2017 op https://thepointmag.com/examined-life/wonder-ends-inquiry/

Fiand, B., 2008, *Awe-filled wonder. The interface of science and spirituality*, Paulist Press, Mahwah, New Jersey.

Fleenor, M., 2015, The Ways of Jesus and Science at an IVGCF Meeting, *Perspectives on Science and Christian Faith*, Volume 67(4), 272-276

Forshaw, J., 2012, Science and religion are united in a shared sense of wonder, gelees 30 Oktober 2017 op https://www.theguardian.com/science/2012/oct/28/ science-religion-life-universe-questions

Goldingay, J., 2006, *Psalms, volume 1: Psalms 1-41*, Baker Academic, Grand Rapids.

Green, E., 2011, *A Primer in Interdisciplinarity: J. Wentzel van Huyssteen and the Post-Foundational Approach.* Toronto Journal of Theology, Volume 27(1), 27-36.

Haarsma, L., 2007, Is Intelligent Design “Scientific”? *Perspectives on Science & Christian Faith*, Volume 59(1), 55-62.

Hefner, P., 2015, Life in Religion-and-Science, *Theology and Science* 13(1), 8-24.

Joubert, G., 1997, *Die Groot Gedagte. Abstrakte Weefsel van die Kosmos*. Tafelberg-Uitgewers.

Ho Chan, M., 2015, Would God Create our Universe through Multiverse?, *Theology and Science* 13(4), 395-408.

Kelsey, D., 2009, *Eccentric Existence, a theological anthropology*, Westminster John Knox Press, Louisville, Kentucky.

Kemp, K., 1988, *What Christians Should Think About Creation Science*, Science in Christian Perspective, Volume 40, 223-228.

Lightman, A., 2014.*The accidental universe. The world you thought you knew*. Vintage Books, New York.

Mays, J., 1994, *Psalms. Interpretation. A Bible commentary for teaching and preaching*, John Knox Press, Louisville.

Moberg, D., 2010, *Spirituality Research: Measuring the Immeasurable?* Perspectives on Science & Christian Faith, Volume 62(2), 99-114.

Moritz, J.M., 2014, The Hermeneutics of Science and Scripture and Emergent Levels of Meaning, *Theology and Science* 12(1), 1-5.

Nieminen, P., Anne-Mari Mustonen, A., Ryökäs, E., 2014, Theological Implications of Young Earth Creationism and Intelligent Design: Emerging

Tendencies of Scientism and Agnosticism, *Theology and Science* 12(3), 260-284.

Padgett, A., 2007, Epiphany for a small planet: Christology, astronomy and mutuality. *Perspectives on Science and Christian Faith* 59(2), 110-117.

Peters, T., 2014, Does God Have a Plan for the Big History of the Cosmos?, *Theology and Science* 12(3), 197-200.

Peters, T., 2016, The War Between Faith and Fact, *Theology and Science* 14(2), 143-146.

Peterson, J., 2011, Homo Sapiens as Homo Dei: Paleoanthroplogy, Human Uniqueness, and the Image of God, *Toronto Journal of Theology* 27(1), 17-26.

Prinz, J., 2013, *How wonder works*, gelees 28 November 2017 op https://aeon.co/essays/why-wonder-is-the-most-human-of-all-emotions

Popova, M., 2014, Godliness in the Known and the Unknowable: Alan Lightman on Science and Spirituality*, Brain Pickings,* gelees 21 November 2016 op https://www.brainpickings.org/2014/01/15/alanlightmanaccidentaluniverse sciencespirituality/

Reid, W., 1979, Science and Miracle: Another Approach. Science in Christian Perspective, *Journal of American Scientific Affiliation*, Volume 3, 171-172.

Rousseau, L., 2006, *Die Groot Avontuur: wondere van die lewe op aarde*, Human & Rousseau, Kaapstad.

Schuele, A., 2011, Uniquely Human: The Ethics of the Imago Dei in Genesis 1 – 11, *Toronto Journal of Theology*, Volume 27(1), 5-16.

Seybold, K., 2010, Biology of Spirituality, *Perspectives on Science and Christian Faith* 62(2), 89-98.

Tammeus, B.,2014, *Religion and science share the same roots*, gelees 30 Oktober 2017 op https://www.ncronline.org/blogs/small-c-catholic/religion-and-science-share-same-roots-awe-and-wonder

Van Till, H., 2016, A symposium on belief in God, *Theology and Science* 14(1), 6-35.

Van Uchelen, N.A., 1986, *Psalmen deel I*, Uitgeverij G.F. Callenbach BV, Nijkerk.

Von Rad, G., 1972, *Genesis*, vertaal deur John H. Marks uit *Das erste Buch Moses, Genesis.* SCM Press Ltd, London.

Westermann, C., vertaal deur John J. Scullion, 1984. *Genesis 1-11. A commentary.* Augsburg Publishing House and Great Britain by SPCK, London.

Zenger, E., (Hossfeld, F. & Zenger, E., red.), 2011, *Psalms 3, A commentary on Psalms* 101-150, Fortress Press, Minneapolis.

Die 26 primêre bronne verteenwoordig verskillende dissplines – teologies-filosofies, natuurwetenskaplik, psigologies-spiritueel – en is gebruik om die menings en denke oor verwondering en nederigheid daarin uitgespreek of geïmpliseer, te fynkam. Uiteindelik is al die insigte uit die bronne en bevindinge deur eie kommentaar en opmerkings aangebied in ’n sintese onder verskillende hoofde om nadenke oor en toeëiening van ’n spiritualiteit van verwondering en nederigheid aan te moedig.

In die studie wat volg, sal die volgende sake aandag kry:

- Hoofstuk 2: verskillende literatuurbronne word behandel waarin verwondering en nederigheid belig word en eie kommentaar word gelewer.
- Hoofstuk 3: ’n sintese onder verskillende temas word aangebied om die insigte van hoofstuk 2 te orden.
- Hoofstuk 4: die skeppingsverhaal van Genesis 1 word verken om aspekte van verwondering daarin te identifiseer en eie opmerkings word aangebied.
- Hoofstuk 5: die bevindinge van hoofstuk 4 word by wyse van sintese onder verskillende hoofde georden om die verwonderingswaardigheid van die verhaal te beklemtoon.
- Hoofstuk 6: die wysheidsliteruur in die Bybel dink baie na oor die skepping en die wonder daarvan. Psalm 8, 19 en 148 is gekies om te reflekteer oor die wonder van die skepping aan die hand van die teks self en kommentaar deur eksegete. Dit is verder aangevul met eie opmerkings.
- Hoofstuk 7: uit bogenoemde psalms blyk dat daar ‘n verskeidenheid sake is waaroor verwonder word en uit verskillende invalshoeke. Dit word by wyse van verskillende temas aangebied.
- Hoofstuk 8: ’n konklusie van die hele studie.

Die werkswyse wat telkens gevolg word, is deur die lees van die literatuur en die neerskryf van relevante inligting in dieselfde hoofstuk met eie besinning daaroor en ’n

daaropvolgende hoofstuk wat ’n sintese onder verskillende hoofde aanbied oor die voorafgaande besinning met verdere uitbreidings waar toepaslik. Hoofstukke wat ’n sintese beslaan, word afgesluit met ’n konklusie oor die betrokke hoofstuk se nadenke oor die onderwerp.

Die gevolgtrekking waartoe gekom word in hierdie studie is dat die mens die wonderlike vermoë ontwikkel het om te kan verwonder oor die omgewing. Hierdie verwondering oor die omvang en kompleksiteit van die skepping dra grootliks by tot ’n erkenning van God as skepper, die mens se geringheid, maar tog ook besondere status en dat die mens hierdie geringheid sal beskou as motivering om nederig te bly in sy verhouding met medemens en omgewing. Die wetenskap van vandag bring ’n groter perspektief en dieper dimensie na die Skrif se getuienis oor die skepping..

# Hoofstuk 2

## Nadenke oor verwondering en nederigheid vanuit verskeie literatuurbronne

In hierdie hoofstuk word daar gekyk na verskeie literatuurbronne wat die saak van verwondering en nederigheid belig vanuit verskillende gesigspunte en ervarings. Die skrywers verteenwoordig verskillende dissiplines soos byvoorbeeld die teologie, filosofie, natuurwetenskap en in beperkte mate die psigologie/spiritualiteit.[5] Telkens sal die skrywer van die literatuurstuk hom of haar uitspreek of die suggestie maak oor die rol wat verwondering en nederigheid speel in daardie betrokke studie- of belangstellingsveld. Soms sal die woordgebruik van die skrywer of spreker ook iets weerspieël van ‘n nederige ingesteldheid in bespreking of oordrag van hulle standpunte. Enersyds is die menings van die skrywers hieroor baie direk in soveel woorde en andersyds is die saak of belewenis van verwondering slegs geïmpliseer waar dan gepoog sal word om dit duideliker toe te lig. Na die verkenning van elke literatuurbron volg ‘n bespreking daarvan onder die opskrif “Opmerkings”.

### 2.1 Verwondering en nederigheid vanuit teologies/filosofiese nadenke

#### 2.1.1 Robin Attfield: *Wonder, Value, and God* (2017)

Robin Attfield het filosofie gedoseer aan die Universiteit van Cardiff van 1968 tot 2009 en verskeie publikasies die lig laat sien oor etiek en omgewingsake. In die eerste hoofstuk van sy boek *Wonder, Value and God* (Attfield 2017) maak Attfield die stelling dat *alles wat ons waarneem waarde het en hierdie inherente waarde gee rede tot verwondering*. ‘n Natuurlike uitvloeisel van sodanige verwondering is dankbaarheid en aangesien dankbaarheid tot ‘n oorsprong van dit waaroor ons dankbaar is, gerig moet wees, sal dit vir baie mense wat gelowig is, gerig wees tot God wat die Skepper daarvan is (Attfield 2017: 1). Attfield verwys na Frederick Ferré wat aanvoer dat ons ervarings nie neutraal is nie, maar dat dit belaai is met gevoelens van teleurstelling,

[5] Wanneer die term “wetenskap” in hierdie studie gebruik word, word dit veronderstel dat van die *natuur*wetenskappe gepraat word, met ander woorde die studie van die materiële fasette van ons wêreld en die kosmos in sy geheel. In die literatuur wat gelees is vir hierdie studie word “wetenskap” (*science*) gewoonlik gebruik in die sin van al die moontlike vorme van natuurwetenskappe. Erkenning word egter gegee daaraan dat ander studievelde en dissiplines in die menslike wetenskappe en kunste ook as wetenskap beskou word.

vreugde en hartseer, maar dat dit ook van tyd tot tyd (soms dikwels) verwondering insluit.[6]

Attfield verwys na Kathleen Dean Moore wat op haar beurt verwys na René Descartes wat verwondering definieer as ‘n skielike verrassing vir die siel waarby Moore dan byvoeg: “When the first encounter with some object surprises us, and we judge it to be new, or very different from what we knew in the past or what we supposed it was going to be, this makes us wonder and be astonished at it.”[7] Attfield verwys verder na Moore (Attfield 2017: 2): verwondering dwing ons om met respek op te tree in die wêreld. In die gewone dinge soos eendmossels en krappe, wat die produk is van tyd en rots en water, is daar waarde al het hulle geen daadwerklike nut vir die mens nie.

Soms word die term “verwondering” gebruik om uitdrukking te gee aan wonderlike dinge wat groot of skrikwekkend is, maar meerendeels word dit gebruik om die natuur se grootsheid of mense se kreatiwiteit te beskryf. “Verwondering” word tipies gebruik vir dit wat waardevol is – esteties of andersins – of wat werd is om oor nagedink te word (Attfield 2017: 2). Moore is van mening dat verwondering slegs van toepassing is op verskynsels van die natuur en nie soseer op skeppinge van die mens nie. Laasgenoemde roep eerder bekoring en waardering op. Moore se verduideliking is dat menslike skeppings verstaan kan word (wat nie die geval is met natuurlike verskynsels nie) en dit bring slegs bekoring of waardering mee.[8] Attfield voel egter dit hoef nie so eng te wees nie (Attfield 2017: 3). Die prestasie van ‘n ingenieursontwerp of die bekoring van ‘n kunsontwerp (al is dit hoe bekend) kan eweneens verwondering ontlok. Bekoring en waardering sluit nie verwondering uit nie, maar loop hand aan hand. Om dinge te verstaan hoe dit werk en waar dit vandaan kom, neem nie weg dat verwondering ervaar kan word nie. In teendeel, dit kan verwondering laat toeneem (Attfield 2017: 3). Natuurverskynsels en menslike skeppings het egter ook die potensiaal om ander reaksies, behalwe bekoring, waardering of verwondering, te ontlok. Kuns kan teleurstelling, walging, geamuseerdheid ontlok en natuursverskynsels kan op sy beurt teneergedruktheid, angs, paniek en vrees opwek.

[6] Ferré 1996.
[7] Moore 2005: 63-77.
[8] Ibid.

Attfield stem volmondig saam met Moore wanneer sy sê dat natuurverskynsels ‘n beduidende faktor is wat verwondering ontlok. Moore:

> A good dose of wonder, a night of roaring waves, a faceful of stars, the kick in the pants of an infinite universe, the huge unknowing – these remind us that there is beauty that we didn’t create. There is mystery we cannot fathom. There are interests that are not our own. When we live humbly in full awareness of the astonishing fact that we have any place at all in such an astonishing world, we lead richer, deeper lives, more fully realizing our humanity.[9]

Dit is op hierdie punt van die grootsheid van die natuur dat Attfield ook na Henry David Thoreau verwys wat sê “we need the tonic of wildness” om ons te herinner hoe klein alledaagse peuselagtighede is en dat ons sin vir verhoudings (die proporsionele) herstel moet word. Dit moet nie slegs by ‘n eenmalige tonikum bly nie, maar dit moet verder gaan en ‘n leefstyl word.[10] Weer verwys Attfield na Moore wat skryf dat dit verstommend is dat ons enigsins ‘n plek in die natuur en die groter heelal het. Dit is duidelik dat die heelal sonder die mens kan bestaan en dat ons onsekere teenwoordigheid hier daarom nog ‘n rede is tot verwondering.[11]

Moore voel sterk daaroor dat antroposentrisme in die metafisiese begrip van die heelal onvanpas is. Die idee dat alle kreature ter wille van die mens bestaan, is moeilik te versoen met die waarheid dat alles eeue vantevore deur die evolusie ontwikkel het nog lank voor die mens se verskyning - daarom het alle kreature inherente waarde en verdien dus respek. Die skepping is nie afhanklik van die mens nie en dit maak antroposentrisme ongeloofwaardig. Oor die wonder van die skepping kan die mens hom verwonder en dit is opsigself ‘n rede tot verwondering voer Moore aan[12]

Attfield (Attfield 2017: 6) verwys ook heelwat na R.W. Hepburn se nadenke oor verwondering. Hepburn haal Wittgenstein aan: ‘‘Aesthetically the miracle (das Wunder) is that the world exists. That what exists does exist.’’[13] Hierdie kosmologiese

---

[9] Moore 2005: 63-77.
[10] Thoreau,1968.
[11] Moore 2005: 63-77.
[12] Ibid.
[13] Wittgenstein & Ludwig 1979: 86.

argument (die verstommende feit dat daar iets is en nie niks nie) gekombineer met die teleologiese argument (dat die wette van die natuur sodanig is dat dit lewe toelaat) is genoeg rede dat die mens tot verwondering gebring word.[14] Om die wêreld te kan verstaan, is ‘n rede tot verwondering, maar verwondering self oor die wêreld dien ook as motivering tot wetenskaplike ondersoek. Hepburn brei verder uit op die teleologiese argument: die wette van die natuur en die fyninstelling daarvan (fine tuning) bring nie slegs lewe voort nie, maar hierdie lewe het ook die vermoë tot selfbewustheid, vryheid, en morele en estetiese bewussyn en hierdie verwikkelinge is opsigself iets om oor verwonderd te wees.[15]

Hepburn is van mening dat verwondering gunstig kan inwerk op die disfunksie van die teleologie, met ander woorde die probleem van die teodisee-vraagstuk (Attfield 2017: 7). Verwondering bevorder ‘n groter bewussyn van ander wat gekenmerk word deur deernis, sagtheid (vriendelikheid) en nederigheid. Dit maak ‘n mens meer lewensbevorderend, waarderend en oop vir die lewe en kan homself daarom nie versoen met ‘n ongekwalifiseerde pessimistiese wêreldbeskouing nie.[16]

Ten opsigte van die estetiese waardering van aspekte van die lewe, meen Hepburn, dat dit nie altyd saam verloop met verwondering nie, maar daar is wel beduidende oorvleueling. Nie alle estetiese ervarings behels verwondering nie en nie alle verwondering het ‘n estetiese karakter nie. Beide het egter wel die neiging om verhoogde of uitgebreide bewussyn te weeg te bring wat wedersyds op mekaar inwerk en dit maak die deur oop tot filosofiese nadenke.[17]

Wat is die plek van teïstiese nadenke of beskouing ten opsigte van verwondering? Die natuur se verskynsels en die produk van menslike kultuur het opsigself waarde wat verwondering kan ontlok en hoef nie sonder meer aan God gekoppel te word nie (Attfield 2017: 8,9). Daar kan wel so ‘n assosiasie gemaak te word, maar dit hoef nie so te wees nie.

Kathleen Moore sien dit as deel van haar taak as filosoof om ‘n gevoel van verwondering te kweek en dit verder te versprei onder haar gehoor. So moet dit ook

---

[14] Hepburn 1984: 6.
[15] Ibid.
[16] Ibid.
[17] Ibid.

die taak wees van die natuurskrywer met sy lesers, die professor by sy studente, en ouers by hulle kinders.[18] Verwondering maak dat ons die wêreld om ons respekteer en ons ons eie mensheid koester. Hiermee, skryf Attfield (Attfield 2017: 11), stem Pous Franciskus saam:

> If we approach nature and the environment without …. openness to awe and wonder, if we no longer speak the language of fraternity and beauty in our relationships with the world, our attitude will be that of masters, consumers, ruthless exploiters, unable to set limits to their immediate needs. By contrast, if we feel intimately united with all that exists, then sobriety and care will well up spontaneously.[19]

Attfield sluit hierdie hoofstuk af deur daarop te wys dat die mens al die insigte oor verwondering in teorie kan erken, maar nog steeds blind of doof daarvoor kan wees. Daarteenoor is dit ook vir die mens moontlik om sy aandag doelbewus daarop te rig om die waarde van alles raak te sien en 'n verwondering daaroor te kweek. Vir beide die objek en subjek is só 'n lewensingesteldheid voordelig deurdat die objek behoorlik na waarde geag word en vir die subjek is daar beloning en vervulling van 'n ryker lewenservaring (Attfield 2017: 11).

**Opmerkings**

Alles wat waargeneem kan word, het waarde en kan daarom in meerdere of mindere mate waardeer word en verwondering ontlok (Attfield 2017: 1). Om die waarde van dinge in die lewe (hoe gering ookal) raak te sien, demonstreer 'n ingesteldheid van bewondering. Ter illustrasie: 'n alledaagse diertjie soos 'n tuinakkedis het dieselfde organe as 'n mens, maar het slegs 0.0279% die gewig van 'n gemiddelde geboude mens van 70kg en 1.72 meter. Die akkedis bestaan uit ongeveer 10 miljard selle.[20] Die omvang daarvan is duiselingwekkend!

---

[18] Moore 2005.

[19] Pous Franciskus 2015 , https://www.vatican.va/content/francesco/en/encyclicals/documents/papa-francesco_20150524_enciclica-laudato-si.html

[20] Hierdie syfers is gebaseer op die feit dat die gemiddelde grootte volwasse mens van 70kg en 1.72m uit ongeveer 37.2 triljoen selle bestaan volgens https://handling-solutions.eppendorf.com/cell-handling/about-cells-and-culture/detailview/news/how-many-cells-are-in-your-body-probably-more-than-you-think/ . Die syfers ten opsigte van die tuinakkedis, *Trachylepis striata* wat gemiddeld 19.5g weeg, is afgerond in ag genome dat die anatomie van die mens en die akkedis verskil ten opsigte van

Met sulke gegewens wil die waarnemer byna sprakeloos gelaat word en iets laat begryp van die wonder van die skepping en ‘n mens met iets van dankbaarheid vervul dat die mens en die natuur deel kan wees van die groter bestel en ‘n mens bevoorreg kan laat voel. Dit is rede tot nederigheid. Om dankbaar te wees, gee erkenning aan dit wat ervaar word as iets wonderlik en dit is onvermydelik dat die *oorsprong* van dit wat ervaar word, in aanmerking geneem sal word en ook die nodige erkenning sal ontvang. Vir die gelowige sal God as gewer en skepper die een wees op wie die dankbaarheid gerig sal wees. Baie mense sien nie noodwendig God raak in die dinge waaroor verwonder word nie, maar die inherente waarde van dinge in die wêreld kan vir die gelowige motivering wees om God daarvoor te eer. Die digter, T.T. Cloete, se “God die digter” (Cloete 1989) dien hier ter illustrasie:

daar is meer poësie in die sneeuvlokkie
as in die letterkunde en baie meer poësie
in die miskruier in die toktokkie
in die metereologie en entomologie
in die moremis en in die bergpiek
die horison wat in die hemel wegraak
in die rooswolk is daar baie meer liriek
die aarde is deur ‘n digter gemaak

Cloete se gedig is ‘n treffende illustrasie dat die kleinste en onopvallendste verskynsels in die wêreld ook raakgesien kan word en waarvan die waarde en skoonheid erken kan word. Dit behoort die waarnemer te laat besin oor wat wesenlik en belangrik is. Daar moet gewaak word deur die moderne mens om nie in ‘n groot mate van kunsmatigheid en oppervlakkigheid te verval nie waardeur net die opsienbare, sensasionele gebeure en verskynsels aandag kry en erken word, maar die onopvallende word geïgnoreer of misken.

Verwondering en gevolglike nadenke daaroor gaan nie noodwendig ‘n geloofservaring wees nie. Die gelowige sal dit kan en wil koppel aan God, terwyl die ongelowige die

kompleksiteit. Indien die totale aantal selle in die akkedis met ‘n miljard boontoe of ondertoe sou verander, sal dit steeds nie afbreuk doen aan die grootsheid van die samestelling van ‘n natuurverskynsel soos ‘n akkedis nie.

verwondering sonder God sal beleef. Vir die gelowige word aspekte van die skepping en lewe aanduiders (*pointers*) van en na God (let wel: nie bewyse nie).

Verwondering is ten diepste om verras te word deur iets wat beleef word. Dit word erken dat die eerste ervaring van iets nuuts ‘n meer intensiewe sensasie sal wees die eerste keer, maar die herhaalde belewing van die fenomeen hoef nie noodwendig die verrukking minder te maak nie. Die wonder om elke keer ‘n vliegtuig te sien opstyg of die krag van weerlig te aanskou kan nog steeds elke keer die waarnemer aan die hart gryp. Indien meer insig en begrip verkry sou oor die besondersheid van verskynsels, soos byvoorbeeld ‘n tuinakkedis, ‘n sneeuvlokkie, môremis, word die verwondering daaroor ‘n gereelde en reële ervaring wat bydra tot ‘n lewensingesteldheid van dankbaarheid en nederigheid. Dit lei tot respekvolle optrede en gesindhede teenoor ook die sogenaamde onbenullighede en besef ons dat eintlik wat as onbenullig beskou word dan nie so onbenullig is nie. Ook vir die onopvallende word dan respek gekry.

Ek stem saam met Attfield dat Moore se siening dat verwondering slegs op verskynsels van die natuur van toepassing is en nie op menslike skeppings nie (hetsy kuns of tegnologie) te eng is (Attfield 2017: 3). Wanneer ek bekoring ervaar met die aanskoue van kuns of tegnologie en gepaardgaande waardering daarvan, het ek steeds ‘n gevoel van verwondering. Bekoring en waardering is ook ‘n uitdrukking van verwondering. Die aanskoue van ‘n majestueuse berg of die krag van ‘n luiperd wat ‘n bok in die boom indra en die aanhoor van ‘n besonderse komposisie het dieselfde effek van ontroering en ontsag wat ‘n uitdrukking van verwondering is. Met die aanskoue en belewing van  wonderlike aspekte van natuur en kultuur, word ons verwonderd gelaat met die nederige besef hoe wonderlik dit is dat ons deel daarvan kan wees en dat ons die mooi kuns kan skep - en dat ons dit kan weet. Dit gee betekenis aan ons lewe.

Verwondering moet nie net ‘n eenmalige of skaars ervaring wees nie. Dit behoort ‘n permanente lewenshouding te wees en dit sal bydra tot die insig dat die mens ‘n spesifieke en betekenisvolle plek het in die groter bestel van dinge. Alles bestaan in ‘n sekere verhouding tot mekaar met interafhankilkheid en hierdie gewaarwording en bewussyn dra by tot ‘n nederige ingesteldheid.

Antroposentrisme is misplaas (verwysend na Kathleen Moore deur Attfield 2017: 5). Die mens is deel van ‘n groter geheel waar alle dele van die geheel waarde het en

respek verdien. Die blote feit dat die aarde (uitgesluit die mens) soveel ouer is as die mens en so ‘n ingewikkelde wordingsproses deurloop het, behoort agting en verwondering by die mens te laat. Die verstommende en miskien onthutsende waarheid is dat die skepping nie die mens nodig het nie, maar die omgekeerde is wel waar. Dan kom die kosmologiese argument ook nog by: die wonder dat daar iets is en nie niks nie en dit behoort die mens tot ‘n diep verwondering te stem. Die betekenis daarvan moet oordink word en wat die rede daarvoor ookal mag wees, kan verwondering vermeerder en verdiep. Dat die heelal so ontwikkel het dat dit bewustelike lewe voortgebring het en die verwondering wat dit meebring, motiveer en inspireer wetenskaplike ondersoek en filosofiese nadenke.

In filosofies-teologiese nadenke (Attfield 2017: 6) word dikwels aandag gegee aan die sogenaamde teleologie of doel van die bestaan van skepping. Wanneer die teleologie wanfunksioneer, kom die teodisee-vraagstuk ook ter sprake en met die leed wat hiermee ervaar word, kan verwondering bydra tot groter bewussyn en begrip van die ander en die self deur deernis, sagtheid en nederigheid. Dit kan help met ‘n sagter en meer genuanseerde lewensbeskouing en hantering van leed. Wanneer in ag geneem word dat lyding deel is van die groter geheel en dat die groter geheel met bewondering bejeën word, mag dit met verloop van tyd ‘n vertroostende en versagtende effek hê vir die persoon wat ly.

Daar moet onderskei word tussen estetiese waardering en verwondering wat nie dieselfde is nie. Eersgenoemde behels bloot om te sê “dit is mooi” (en dergelike beskrywings), maar verwondering behels om diep aangegryp te wees wat ‘n mens as fundamenteel besonders sou beleef - dit kan die geval wees met skouspelagtige gebeure of verskynsels en ook met op die oogaf onopvallende gebeurlikhede of verskynsels. In beide gevalle (die skouspelagtige of die onopvallende) kan verwondering ervaar word deurdat die fenomeen die waarnemer diep aangryp. Alhoewel estetiese waardering en verwondering mekaar oorvleuel, sal verwondering wel estetiese waardering veronderstel indien die objek estetiese waarde het, maar as iets esteties waardeer word, hoef dit nie noodwendig verwondering te ontlok nie. Die voordeel van beide die estetiese waardering en verwondering is dat dit kan lei tot dieper nadenke en beredenering van aspekte van die lewe. Dit kan groter helderheid oor die betekenis en waardering van die totale werklikheid tot gevolg hê.

Daar behoort 'n roeping en verantwoordelikheid te rus by almal wat inligting en kennis oordra aan ander om 'n gesindheid van verwondering te kweek by diegene wat die inligting ontvang (Attfield verwys na R.W. Hepburn 1984). Dit kan die gevolg hê dat daar 'n gesindheid van respek en samehorigheid met mekaar en die skepping gekweek en bevorder sal word. Dit sal hopelik 'n ingesteldheid van omgee en medemenslikheid teweeg bring in teenstelling met verbruikersmentaliteit, uitbuiting en oorheersing. Dit is 'n uitdrukking van beskeidenheid en sorg.

Die moontlikheid bestaan dat die mens die waarde van verwondering in teorie kan erken, maar tog nie gehoor gee daaraan nie en nie inkoop daarop nie. Dit is egter tog duidelik dat beide die objek en die subjek voordeel sal trek uit so 'n lewensingesteldheid: die objek word behoorlik na waarde geag en die subjek ervaar 'n meer vervulde en ryker lewe. Die objek van ons verwondering sal met respek, deernis, bedagsaamheid en sorg bejeën word, terwyl die persoon wat die verwondering ervaar 'n meer vervullende lewenservaring sal beleef deur deel te voel van die groter geheel en die wete sal hê dat bygedra word tot die heilsame naasbestaan van alles.

---

### 2.1.2 David H. Kelsey: *Eccentric Existence : A Theological Anthropology* (2009)

David H. Kelsey is die Luther A. Weigle Professor Emeritus aan die *Yale Divinity School.* Hy het verskeie boeke gepubliseer en is onder andere vereer met 'n ere-doktorsgraad deur die Universiteit van Tübingen, Duitsland, wat 'n seldsame eerbewys is vir 'n nie-Duitse geleerde.

In sy belangrike werk *Eccentric Existence, A Theological Anthropology* (2009) dink hy na en skryf hy oor wat dit beteken om 'n mens te wees en hy beredeneer dit vanuit 'n teologies-antropologiese perspektief. Hoofstuk 9A (Kelsey 2009: 333) dra die titel *"Doxological Gratitude: Who we are and how we are to be as faithful creatures."* Sy uitgangspunt is dat die drie-enige God in 'n kreatiewe verhouding staan tot alles wat nie God is nie. Wat is die mens in hierdie verhouding? Kelsey se antwoord op hierdie vraag is dat daar twee onafskeidbare stories is in ons geskapenheid: enersyds is ons

geskape as lewende menslike liggame en andersyds is ons liggaamlikheid geleen aan ons waarmee ons verantwoordbaar gehou word in ons oriëntasie tot en praktyke met ons onmiddelike konteks.

Kelsey (2009: 337) neem sy argument verder deur te verduidelik wie ons is as God se skepsele. Volgens die hoofstroom kanonieke Wysheidsteologie is God besig met die mens op kreatiewe wyse. Aan die een kant is ons geskape as gemeenskapswesens wat interaktief is met ander wesens en interafhanklik is van mekaar. Ons menswees word gedefinieer deur ons besig wees met God en het ons ook ‘n gemeenskap geword met institusionele strukture waardeur God realiteit en waarde aan skepsele gee en op hulle beurt gee skepsele hulle respons en God ontvang dit. In hierdie wedersydse verhouding roep God die mens op tot wysheid in sy handel en wandel deur die medium van die alledaagse en hierdie wysheid behels geloof as vertroue in en lojaliteit aan die drie-enige God. Die wysheid waartoe die mens geroep word, hou ook in dat die mens sal leef met die welsyn van die alledaagse (Kelsey gebruik graag die woord “quotidian”) insluitende onsself. Belangrik ook is die feit dat my bestaan as mens nie in isolasie is nie, maar dat ek deel is van ‘n gemeenskap van mede-skepsele waarmee ek in ‘n noue verhouding staan. Ons is gemeenskapsmense: lojaal aan God wat verbind is aan hierdie wêreld en dit moet dit dan ook nie ontken word nie. Hierdie wedersydse verhouding is ‘n openbaring van God se heerlikheid. So ‘n lewensuitkyk lei tot eerbiedvolle en doksologiese dankbaarheid vir God se gawe van die bestaan van alles en dit, skryf Kelsey, is die begin van wysheid.

Kelsey (2009: 339) som sy argument van menswees en die mens se identiteit tot dusver soos volg op:

> Thus, personal bodies’ identities are given to them by God in two interconnected ways. Question: ‘Who are we as God’s creatures?’ Answers: ‘We are those radically given to by God’, and ‘We are those called by God to be wise for the well-being of our proximate contexts, including ourselves.’

In sy argument hierbo verwys Kelsey daarna dat die gepaste respons op God se gawe van die mens se realiteit en waarde behels geloof, vertroue en lojaliteit aan God. Hierdie respons hou ook in ‘n ingesteldheid teenoor die onmiddelike konteks wat

Kelsey voorstel as “fear of the Lord: reverent and awed doxological gratitude.” Hierdie ingesteldheid is gepas teenoor God se gasvrye, oorvloedige en vrye skepping en sy lojale toewyding (commitment) aan sy skepsele (Kelsey 2009: 340). Hier word alreeds iets waargeneem van waarheen Kelsey se beredenering gaan, naamlik die verering en ontsag vir God en sy skepping en dat dit ‘n uitdrukking is van *dankbaarheid* (‘’doxological gratitude’’).

Doksologiese dankbaarheid kan op verskeie maniere uitgedruk word deur die persoon se verskillende vermoëns (Kelsey noem dit “powers”): doelbewus liggaamlike aksies; spesifiek bepaalde emosies en passies; om te leer en te weet; kulturele kreatiwiteit (insluitend die daarstelling en instandhouding van sosiale strukture); verbeeldingryke self-uitdrukking in baie soorte media; die daarstelling en koestering van interpersoonlike verhoudings, en die vermoë om taal te gebruik.

Noudat Kelsey die aard van menswees en die gepaste respons teenoor die Skeppergod in oënskou geneem het, bespreek hy die “hoe” van die doksologiese dankbaarheid. Vir hom behels dit dat aan dankbaarheid uitdrukking gegee word deur “practicing wonder”, “practicing delight”, en “practicing perseverance” (Kelsey 2009:345 – 354). Vir die doel van hierdie studie word slegs enkele insigte deur hom uitgewys ten opsigte van die beoefening van verwondering.

Die mens behoort verwonderd te wees oor alle skepsele wat deur God daargestel is en dit is ‘n manier om lojaal te staan teenoor hulle deur bloot aandag aan hulle te gee en hulle te versorg omdat alle kreature interafhanklik is van mekaar omdat ons deel is van die groter geheel. Ons verwondering oor mede-kreature word sterk beïnvloed deur ‘n essensiële kwalifikasie van die kreature, naamlik, wat Kelsey noem, ‘n “across time qualification” (Kelsey 2009:346). Kreature het ‘n baie lang geskiedenis (Kelsey beskryf die lang geskiedenis van voorwerpe as hulle “pastness”) in hulle ontwikkelingsproses van die netwerk van verhoudings waarin hulle staan en hulle is nog steeds besig om te ontwikkel. Dit alleen al verdien verwondering, meen Kelsey.

Om verwondering aan te leer, verg dissipline, skryf Kelsey (2009: 346-348):

a) Mede-kreature verdien respek in hulle eie reg omdat hulle ‘n gawe van God is en oor hulle eiesoortigheid en diversiteit.[21] Kelsey doen ‘n beroep dat ons lojaal sal bly teenoor God se projek en elke soort kreatuur sal toelaat om te leef na sy aard.

b) Verwondering behels meer as ‘n leë staar na die ander kreatuur. Alle sintuie behoort betrokke te wees in die waarneem van die ander. Sien dit as God se kreatuur wat in ‘n bepaalde verhouding tot God staan. Hierdie verwondering hou ook in dat ons die alledaagse en geykte sal raaksien en erken as ‘n gebeurlikheid van die stereotipe en dat dit steeds ‘n konkretisering van God se skepping is. Kelsey waarsku dus dat dit wat herhaaldelik beleef word, nie so geyk en gewoon moet raak dat die wonderlike daarvan verlore raak nie. Mede-kreature moet op beide konseptuele en estetiese vlak oor verwonder word en dit verg oefening – veral om van ‘n verbuikersmentaliteit bevry te word.

c) Nuuskierigheid oor wat waargeneem word, is ‘n belangrike deel van verwondering. Hierdie nuuskierigheid hou in dat die waargenome se welsyn ter harte geneem sal word en dat hulle waarlik verstaan sal word. Op dié manier word hulle gerespekteer as mede-kreature. Dít, skryf Kelsey, “is an odd combination of intellectual and moral discipline.”

Om op te som: verwondering is ‘n samestelling van ‘n respekvolle, sintuiglike, belewenis van die mede-kreatuur wat ‘n morele, intellektuele, konseptuele en estetiese dissipline verg. Dit is getroue respons op God wat reeds kreatiewelik besig geraak het en steeds is met sy skepping.

**Opmerkings**

As gelowiges bely ons dat God die oorsprong van alles is en dat God toegelaat het dat die realiteit van alles in strukture van verhoudinge sigbaar word. Die mens word geroep om hierdie verhoudings instand te hou en te koester met die welsyn van alles en almal daarin vooropgestel. Hierdie verhoudinge weerspieël iets van die wedersydse verhoudinge wat mens en skepping met God het. Kelsey gebruik ‘n treffende uitdrukking om hierdie verhouding tussen skepping en in besonder die mens

---

[21] Sacks 2016, https://youtu.be/1jocoXNPJ3g uit ‘n onderhoud wat met Jonathan Sacks gevoer is nadat hy die Templeton-prys in 2016 ontvang het. Sacks spreek sy verwondering uit oor die diversiteit wat die een God op aarde teweeg gebring het.

met God: om *lojaal* te wees aan God (Kelsey 2009: 337). Ek is van mening dat dit behels dat God ondersteun sal word in God se saak en dat daar waardering en respek vir God en sy skepping sal wees. Net soos by Attfield word dit benadruk dat hierdie belewing van die skepping *dankbaarheid* insluit. Om deel te wees van God se skepping is ‘n voorreg en rede om waardeer te word en daarom ook rede tot dankbaarheid en dit is ‘n wesenlike uitdrukking van nederigheid.

Om verwonderd te wees oor mens en natuur is ‘n gepaste respons op God se betrokkenheid by sy skepping. Hierdie verwondering hou in verering en ontsag vir en dankbaarheid tot God (‘n *doxological gratitude* soos Kelsey dit benoem, Kelsey 2009: 340). Doksologiese dankbaarheid wat die produk is van ‘n ingesteldheid van verwondering kry gestalte op verskillende maniere: deur doelbewuste optrede, emosies en passies; om te leer en te weet; die daarstelling van kultuur in al sy strukture en vorme; verskillende vorme van kunste; interpersoonlike verhoudinge en taal. Hierdie vergestalting het onderliggend die ingesteldheid van respek - ook vir die diversiteit. Die verwondering betrek alle sintuie: wees betrokke in alles wat jy waarneem in teenstelling met net ‘n leë staar na die ander kreatuur (Kelsey 2009: 346-348). Dit is myns insiens die etiese appèl wat daar op die gelowige geplaas word wanneer daar gesê word “heers oor die skepping” (Genesis 1: 26, 28). Laat dit elke keer ‘n verwonderingservaring wees en voorkom dat dit geyk raak. Verwondering kan en behoort ‘n integrale deel van die mens se lewensingesteldheid te word, vergelykbaar met die beoefening van goeie maniere en beskaafdheid.

‘n Gesonde nuuskierigheid is belangrik vir die beoefening van verwondering wat sal lei tot verstaan en respek en hierdie gesonde nuuskierigheid het die implikasie dat die welsyn van ander kreature voor oë gehou sal word. Hierdie nuuskierigheid wil verstaan hoedat klimaatverandering koraalriwwe se voortbestaan beïnvloed en die hele ekologiese sisteem wat daarmee saamgaan en dit gee aanleiding tot verwondering en respek vir die hele samehang en belangrikheid vir die voortbestaan van die sisteem. Dit lei tot morele en etiese optrede, respek, waardering en vir die gelowige ‘n lof aan God en dankbaarheid vir die skepping. Dit is lojaliteit aan God.

**2.1.3 Jesse Prinz: *How wonder works* (2013)**

Jesse Prinz is professor in filosofie aan die *City University of New York*. In die nuusbrief van 'n geregistreerde welsynsorganisasie, *Aeon,* wat hulle beywer vir die verspreiding van kennis en 'n kosmopolitaanse wêreldbeskouing en ten doel het om diepsinnige denke oor 'n verskeidenheid sake aan te moedig, bespreek Prinz die stelling: "One emotion inspired our greatest achievements in science, art and religion. We can manipulate it – but why do we have it?" (Prinz 2013). Prinz verwys hier na die emosie van verwondering.

Prinz skryf dat verwondering deur sommige mense as 'n kinderagtige emosie afgemaak word en een wat ontgroei kan word, maar, meen hy, dit kan nie waar wees nie. Selfs as volwassene kan 'n mens jou vergaap aan grootse tonele in die natuur of aan verbysterende ontdekkings en feite in die verskillende dissiplines van die wetenskap. Waarom is dit so dat die mens homself kan verwonder oor sulke dinge? (Prinz 2013: 1,2).

Prinz verwys na Adam Smith, 'n 18e eeuse morele filosoof, se definisie van verwondering: verwondering gebeur wanneer iets heeltemal nuut en eenmalig aangebied word en die geheue niks kan opbring wat enigsins daarmee vergelyk kan word nie. Smith sê dat hierdie sensasie ook liggaamlik beleef word: ''that staring, and sometimes that rolling of the eyes, that suspension of the breath, and that swelling of the heart.''[22]

Prinz beskou bogenoemde liggaamlike reaksies as belangrike onderdele van verwondering. In die eerste plek is dit sensories: ons sintuie word betrek – ons staar en ons oë rek wyd. Tweedens: dit is kognitief – dit wat ons waarneem laat ons verbysterd, want ons ervaring tot dusver is onvoldoende om dit te begryp. Dis dan dat jou asem weggeslaan word. Laastens het verwondering ook 'n spirituele dimensie: dit laat ons na bo kyk met verering wat die opwelling van die hart teweeg bring (Smith se "swelling of the heart" hierbo).

Ook in die emosies en die gepaardgaande verwoording daarvan beskryf Prinz verwondering soos volg (kursivering toegevoeg):

---

[22] Smith 1980.

> English contains many words related to this multifarious emotion. At the mild end of the spectrum, we talk about things being *marvellous*. More intense episodes might be described as *stunning or astonishing*. At the extreme, we find experiences of *awe and the sublime*. These terms seem to refer to the same affect at different levels of intensity, just as anger progresses from mild irritation to violent fury, and sadness ranges from wistfulness to abject despair.

Verwondering as motivering vir ondersoek word deur Prinz belig deur weer eens na Adam Smith te verwys (Prinz 2013: 2): Smith skryf in sy *History of Astronomy* (1795) dat verwondering essensieel is vir wetenskap.[23] Sterrekundiges word deur verwondering beweeg om die naghemel te ondersoek en dieselfde geld ook vir ander wetenskaplike dissiplines. Sokrates het gesê dat verwondering die begin is van die filosofie (Prinz 2013: 2). Verwondering is dit wat ons daartoe lei om die wêreld te verstaan. Ook Richard Dawkins [24] (Prinz 2013: 2) beskryf verwondering as die bron vanwaar wetenskaplike ondersoek begin. Diere tree op gewoonlik om voeding en veiligheid te vind en voort te plant, maar mense dink en soek begrip.

Francis Bacon [25] het ‘n negatiewe beskouing gehad oor verwondering (Prinz 2013: 2). Vir Bacon is verwondering gebroke kennis (“broken knowledge”) wat ‘n onbegryplikheid gehul in misterie impliseer en slegs deur wetenskap geheel kan word, maar, skryf Prinz, hierdie is ‘n wankarakterisering van wetenskap en verwondering (Prinz 2013: 2). Wetenskaplikes word aangevuur deur verwondering en skep dan wonderbaarlike (“wondrous”) teorieë. Die paradokse van die kwantumteorie en die effektiwiteit van die genoom is voorbeelde hiervan (Prinz 2013: 2) en die resultate is opsienbarend. In reaksie op Bacon se negatiewe beskouing skryf Prinz (Prinz 2013:3):

> Knowledge does not abolish wonder; indeed, scientific discoveries are often more wondrous than the mysteries they unravel. Without science, we

---

[23] Smith 1980.
[24] Dawkins 2014.
[25] Bacon, F. 1605, https://aeon.co/essays/why-wonder-is-the-most-human-of-all-emotions .

> are stuck with the drab world of appearances. With it, we discover endless depths, more astounding that we could have imagined.

Met hierdie gedagte bring Prinz die gemeenskaplikheid van verwondering in wetenskap en godsdiens aan die lig. Beide het die vermoë om die mens tegelyk onbeduidend, maar ook verhewe te laat voel deur wat ontdek word (Prinz 2013: 3). Dit is nie toevallig dat plekke van aanbidding hierdie sensasies verskerp nie. Tempels het indrukwekkende en majestueuse pilare, skouspelagtige brandgeskilderde vensters, gewelfde plafonne, ingewikkelde versierde oppervlaktes. In die rituele word gebruik gemaak van sang, dans, reuk en kostuums wat beslag lê op ons sintuie en ons oorweldig en bewus maak van die transendente. Dacher Keltner, professor in die sielkunde aan die Universiteit van Kalifornië, voer aan dat ontsag (*awe*) ‘n intense vorm van verwondering is en dit laat mense fisies kleiner voel as wat hulle is.[26]

Verwondering bring wetenskap en godsdiens bymekaar, maar daar is egter ‘n derde konteks waar verwondering ervaar word, naamlik die kunste. Godsdiens is die eerste konteks waarin kuns aangetref word en ons sien dit in die rotskuns van die antieke mens, in beeldhouwerke, in die kerke. Al hierdie kunswerke is uitdrukkings van verwondering en die kunstigheid van die kunswerke is opsigself ‘n wonder (Prinz 2013: 3).

Al het die kuns afskeid geneem van godsdiens in die 18e eeu, het daar tog skakels oorgebly. Voorheen was kreatiwiteit net aan God toegedig, maar toe het kunstenaars hulle eie etiket begin kry as kreatiewe individue en het die gebruik ontstaan dat skilders hulle skilderye begin onderteken het en dit was ‘n aanduiding dat die skepper van die kunswerk nie meer anoniem is nie. Dit het die okkulte magte[27] van die skilder beklemtoon wat meegebring het dat die skilder se status as skepper verhoog is. Met hierdie verwikkelinge het die skakel tussen skoonheid en heiligheid tog bly voortbestaan (Prinz 2013: 3).

---

[26] Keltner 2009.

[27] Dit word aanvaar dat Prinz “occult” hier gebruik om die bonatuurlike en mistieke aard van godsdiens te beskryf en nie noodwendig die negatiewe, donker en destruktiewe aard daarvan soos dit soms ontaard nie (vgl. *The Concise Oxford Dictionary of Current English,* 1976.)

Tussen die wetenskap en die kuns is daar ook ‘n verbintenis. Kunsmuseums is maar onlangse uitvindsels deurdat kunswerke voorheen in die Middeleeue feitlik slegs in godsdienstige kontekste uitgebeeld is. Na hierdie tydperk het hierdie kunswerke in privaat versamelings begin opduik in lokale om die nuuskierigheid te bevredig (die Duitsers verwys daarna as *Wunderkammern,* Prinz 2013: 3). Hierdie versamelings van kunswerke het vermeng geraak met kunsvoorstellings en voorwerpe is beskou as wonderbaarlik en wonderlik: in die museums was voorbeelde van diere, fossiele, skulpe, vere, eksotiese wapens, dekoratiewe boeke. Kuns is gesien as aaneenlopend met die wetenskap – die produk van die kunste kon vergelyk word met die rariteite van die natuurlike wêreld (Prinz 2013: 3,4).

Teen die einde van die 18e eeu het kuns en wetenskap se paaie geskei. Vandag is daar museums wat toegewy is aan die kunste en mense kan dit bekyk sonder die afleiding van skoenlappervlerkies, bebaarde vroue en misvormde fetusse in bottels. Vandag word museums nie meer bloot gesien as huise van nuuskierigheid nie, maar beleef as plekke van verwondering. Museums is heiligdomme van kuns waar mense verstom kan raak (Prinz 2013: 4).

Prinz verwys na ‘n eksperiment wat gedoen is deur homself, Kendall Eskine en Natalie Kacinik[28], sielkundiges van die City College of New York, oor die moontlike verband tussen die estetiese en vrees. Hulle het bevind dat daar ‘n skakel is tussen kuns en vrees en dat dit verband hou met die spirituele dimensie van verwondering. Net soos wat mense ‘n vrese van God het (in hierdie konteks moet “vrese” gelees word as “eerbied”), kan goeie kuns oorweldigend wees. Dit stuit ons in ons spore en vereis aanbiddende aandag (Prinz 2013: 5).

Al hierdie ervaringe bring wetenskap, godsdiens en kuns bymekaar. Elkeen van hierdie kontekste wek nuuskierigheid en verering op en die gepaardgaande verwondering is onvermydelik en eintlik onontbeerlik. Prinz (2013: 5) verwys na Robert Fuller, professor in religieuse studies aan die Bradley Universiteit in Illinois,[29] wat hierdie verwondering beskou as een van die mees fundamentele menslike ervarings

---

[28] Eskine, Kacinik & Prinz 2012: 1071-1074.
[29] Fuller 2006.

wat lei tot geloof in die onsienlike orde. In die wetenskap kan dit mikro-organismes en die onsigbare wette van die natuur insluit; in godsdiens vind ons bonatuurlike magte en goddelike agente en kunstenaars vind nuwe maniere om hierdie dinge raak te sien en bied aan ons ‘n nuwe perspektief (Prinz 2013: 5).

Kuns, wetenskap en godsdiens blyk unieke menslike eienskappe te wees wat aandui dat die mens ‘n unieke wese is en dit laat vrae ontstaan oor die mens se oorspronge (Prinz 2013: 5). Het verwondering ook ontwikkel (*evolved*) soos organismes en is mense die enigste kreature wat dit ervaar? Daar is diegene wat van mening is dat die vermoë om te verwonder inherent en ingebore is aan die mens, maar Prinz sien ‘n ander moontlikheid: verwondering is die byproduk van meer basiese vermoëns soos sintuiglike waarnemings, nuuskierigheid en respek. Hierdie drie basiese vermoëns word ontwikkel deur buitengewone gebeure en waarnemings wat op hulle beurt ‘n ervaring oproep wat ons verwondering noem (Prinz 2013: 5).

Dit is wel waar dat ander diere ook ‘n mate van verwondering kan ervaar soos wat Jane Goodall se navorsing oor sjimpansees uitgewys het.[30] Sy vermeld hoedat ‘n sjimpansee met opgewondenheid na ‘n waterval beduie het en homself aan die skouspel vir 10 minute vergaap het. Soortgelyke reaksies is tydens verskeie ander geleenthede waargeneem. Dit het Goodall tot die gevolgtrekking laat kom dat sjimpansees wel ‘n gevoel vir verwondering het en gewonder het of hulle dalk ook ‘n vorm van spiritualiteit het (Prinz 2013: 5).

Die waarneming met die sjimpansees hierbo beskryf, laat ‘n mens met die vraag: waarom is wetenskap, kuns en godsdiens, wat die gevolge is van verwondering, eers so ‘n laat verskynsel in die ontwikkeling van die mens? Dis belangrik om in aanmerking te neem, meen Prinz, dat hierdie aktiwiteite nie essensieel is vir oorlewing nie en daarom nie direkte produkte is van natuurlike seleksie nie. Kuns, wetenskap en godsdiens is vorme van bykomstighede (Prinz gebruik die woord “excess” om aan te dui dat wetenskap, kuns en godsdiens dus nie essensiële funksies is nie, maar eerder ‘n ekstra en staan verhewe tot die praktiese doelwitte van die alledaagse lewe. Dalk is verwondering nie deur natuurlike seleksie teweeg gebring nie (Prinz 2013: 6).

---

[30] Goodall 1986.

As verwondering dan ook in ‘n mate by ander spesies soos ape voorkom, waarom is hulle dan nie godsdienstig nie?, vra Prinz. Hy antwoord dat emosie alleen nie voldoende is nie. Ons word deurdrenk met die gewaarwording van die buitengewone, maar dit verg beduidende intellektuele vaardigheid en kreatiwiteit om die buitengewone dinge te verstaan en dan uitdrukking te gee daaraan deur oorsprongmites, eksperimente en kunstige voorstellings. Dit is selde dat ape innoveer en daarom is hulle verwondering ‘n doodloopstraat – dit was ook so gesteld met ons voorsate. In hulle klein groepbestaan was hulle hoofsaaklik ingestel op die soeke na voedsel en daarom is min geleentheid gelaat vir kreatiewe werksaamheid en die ontwikkeling van teorieë. Mettertyd is meer beheer oor die omgewing verkry en meer bronne in die hande gekry. Dit het op sy beurt gelei tot groter groepe, permanente tuistes, ontspanningstyd en verdeling van arbeid. Eers toe kon verwondering sy vrug begin oplewer (Prinz 2013: 6).

Kuns, wetenskap en godsdiens reflekteer ‘n kulturele volwassewording van ons spesie. Met die volwasse geworde verstand kon verwonderingservaring uitdrukking gee aan kuns, mite en wetenskaplike hipotese en dit neem lank om te gebeur en vereis geduld. Ons moet ons omgewing voldoende bemeester om die basiese oorlewingsbehoeftes te oorskry voordat verwondering in werking gestel kan word (Prinz 2013: 6).

Indien hierdie verhaal van die mens reg is, meen Prinz, is daar geen besondere doel vir die ontwikkeling van verwondering nie. Dit is eerder die byproduk van natuurlike aanvoelings en dit wat voortgevloei het daaruit (wetenskap, kuns en godsdiens) is nie onvermydelik nie. Hierdie is bloot uitvindsels wat die aptyt vir verwondering voed en die vrugte van verwondering wat ge-oes word, het ons as eie spesie laat ontwikkel (Prinz 2013: 6).

**Opmerkings**

Die eerste kennismaking met iets besonders is ‘n spesiale ervaring. Dit is nie net in die psige en emosie wat die effek ervaar word nie, maar ook die liggaam reageer en weerspieël iets van die verwondering (Prinz 2013: 1-2). Voorbeelde hiervan is ingehoue asemhaling, oopgerekte oë, die saamslaan van die hande, betraande oë,

toetrek van die keel, en hoendervleis kry. Dikwels is die liggaamsreaksie onwillekeurig met die verwondering wat in die gemoed ervaar word. Met die eerste ervaring van verwondering oor die fenomeen is die emosionele en fisiese belewing miskien meer intens en latere reaksies op belewenisse minder hewig, maar my persoonlike ervaring van besonderse momente laat my dikwels dieselfde sensasie by herhaling beleef op emosionele en fisiese vlak soos met die eerste keer. Voorbeelde hiervan is by die aanhoor van pragtige musiek of by die aanskoue van aangrypende tonele soos die nagtelike sterrehemel.

Dit is duidelik dat die mens se hele wese betrek word by die emosie van verwondering: kognitief, sensories en ook spiritueel. Intellektueel kan ons iets erken as besonders of merkwaardig en dan willekeurig of onwillekeurig uitdrukking gee daaraan deur ons liggaam. Die spirituele reaksie is nog dieper en waarskynlik langer: ‘n opwelling van verering en ontsag. Dit kan wees dat die verering slegs vir die fenomeen self is, maar by baie mense is die reaksie ‘n konneksie met ‘n ander realiteit, naamlik die spirituele dimensie van die lewe.[31] Vir die teïstiese gelowige sal die verering gerig wees tot God.

Taal het die vermoë om die sensasie van verwondering op verskillende maniere uit te druk. Engels het verskeie woorde om uiting te gee daaraan soos deur Prinz voorgehou (Prinz 2013: 2): *marvellous, stunning, astonishing, awe, sublime*. Maar Afrikaans het sy eie gepaste beskrywende woorde: wonderbaarlik, wonderlik, verbasend, geweldig, ontsag, eerbied, vrees (in konteks van ontsag), verhewe, heerlik, groots. Dit is inderdaad wonderlik dat taal die vermoë het om uitdrukking te kan gee aan emosies van verwondering wat dan ook ‘n aanduiding is daarvan dat ‘n emosie soos verwondering ‘n realiteit is vir mense. Taal het die vermoë om verskillende terme te gebruik afhangende van die spesifieke konteks van belewing van ‘n fenomeen of gebeurlikheid. Die aanskoue van donderweer sal *ontsag en/of vrees* oproep as verwondering, maar die prag van ‘n blom wek *verrukking* op.

[31] Alan Lightman is ‘n fisikus en skrywer. Hy beskryf in sy boek, *The Accidental Universe: the world you thought you knew*, hoe hy ’n besondere oomblik beleef het van oogkontak met ‘n visvalk wat op hom afgeduik het. Alhoewel hy nie in God glo nie, was dit vir hom meer as net ‘n kognitiewe belewenis, maar wel ‘n spirituele ervaring deurdat daar ‘n grondige besef was van deel te wees van die voël en sy natuurlike wêreld. Lightman erken dat die realiteit ook ‘n sprituele dimensie het, maar koppel dit nie aan die goddelike nie. Daar is ander voorbeelde van soortgelyke belewenisse deur ander persone met dieselfde filosofiese en niereligieuse standpunte en oortuigings.

Verwondering motiveer om wetenskap te bedryf (Prinz 2013: 2). Teenoor diere wat slegs optree om te oorleef en voort te plant, tree mense op met denke en om begrip te vind. Die mens het die vermoë ontwikkel om te kan verwonder en wonder oor dit wat beleef word, en dit is moontlik die mees ingrypende en fundamentele verwikkeling by die mens omdat die mens dit op 'n vlak doen wat hom dan onderskei van diere. Daarom stel dit die mens instaat om op 'n baie hoër vlak te skep en te vervaardig.

Verwondering behoort nie as minderwaardig beskou te word soos wat Francis Bacon daaroor dink nie (Prinz 2013: 2). Bacon beskou verwondering as iets wat verdwyn wanneer vasgestel word wat die ware toedrag van sake is deur ondersoek en daarom is verwondering eintlik gebrekkige kennis oor dit wat aanvanklik misterieus is. Ware kennis neem die "wonder" weg en daar is dus geen rede meer om te verwonder nie, aldus Bacon. Maar, meen ek, ons hoef nie net te verwonder oor dit wat misterie of verborge is nie. Wanneer die ware aard van iets ontdek word deur wetenskaplike en akademiese ondersoek en nadenke, kan en behoort die verwondering selfs nog meer te word. Teenoor die son wat in antieke tye beskou is as 'n godheid en op dié wyse vereer is, word die son nou verstaan as 'n lig- en energiebron wat deur gekompliseerde chemiese en fisiese reaksies en prosesse veroorsaak word. Wanneer die omvang hiervan asook die grootte van die son teenoor ons planeet geken en begryp word, word die ontsag en respek daarvoor en gepaardgaande verwondering nog soveel meer.

Wetenskap en godsdiens het 'n gemeenskaplikheid deurdat albei verwondering ontlok (Prinz 2013: 3). Dit het die vermoë om 'n sensasie van ontsag (*awe*) te laat posvat wat 'n mens gering laat voel in die groter bestel van dinge. Maar die prestasie van ontdekking laat ook by die mens die gevoel dat iets noemenswaardig en besonders bereik is waarop trots gevoel kan word. Wanneer God bely word as die Skepper van die natuur en daar begryp word deur wetenskaplike ondersoek wat die natuur werklik behels, kry aanbidding in die godsdiens ook meer betekenis en inhoud. Dan word God nie slegs aanbid vir God se werksaamheid met mense nie (wat 'n geldige rede is), maar ook vir God se aandeel in die natuur. Dan word God aanbid as versorger, onderhouer, maar ook veral as Skepper. Dit is dan verstaanbaar dat God vereer word deur die oprig van indrukwekkende plekke van aanbidding en dat gepaste musiek, liturgieë, kunswerke en reukwerke gebruik word om op dié wyse uitdrukking te gee aan verwondering en bewondering. Al die sintuie word betrek in die proses.

Ook in die kunste word verwondering ontlok en in godsdiens en wetenskap het kuns die vermoë en begeerte om dit uit te druk (Prinz 2013: 3). Dit word gesien in die kerke en museums. Wetenskap en kuns het ook 'n konneksie gekry deurdat voorwerpe van wetenskap in kunsvorm deur illustrasies en beelde uitgebeeld kan word. Museums het meer geword as bloot net plekke waar die nuuskierigheid en behoefte aan kennis bevredig kan word. Om die besonderhede en feitlikhede van die materiële wêreld deur gepaste en kwaliteitvoorstellings uit te beeld, laat die aanskouer toe om in daardie wêreld te kom, wat vir die leek andersins ontoeganklik sou wees, en die geleentheid bied om deur verwondering meegevoer te word. Dit het plekke geword waar verwondering en verstomming beleef kon word. Dit is goed dat verwondering nie beperk word tot slegs die wetenskap en godsdiens nie, maar dat dit ook in en deur die estetiese (die kunste) ervaar kan word. Verwondering is iets wat in alle aspekte van die lewe beleef kan en behoort te word. As voorbeeld hiervan kan verwys word na die Maropeng-museum in die Wieg van die Mensdom, in Gauteng, Suid-Afrika. Hierdie museum beskryf die geskiedenis van ons planeet, plante, diere en die mens deur illustrasies van drie-dimensionele beelde, fossiel-replikasies en ander kunswerke wat die toeskouer met verstomming, eerbied en ontsag laat. 'n Mens verlaat die kompleks met diep begrip, respek en 'n vorm van verering vir die proses van wat die natuur moes deurloop om mens en omgewing voort te bring. Die kunswerke in die museum dra essensieel by tot hierdie ervaring van verwondering.

Daar moet egter onthou word dat museums nie net plekke van wetenskap en kuns is nie. Daar is ook museums ter wille van kuns self soos beelde en skilderkuns (vgl. Prinz 2013: 4). Hier kan kuns bewonder word en oor verwonder word ter wille van die kuns self sonder dat dit wetenskaplike kennis en insig wil oordra. Die skoonheid van die kuns en die boodskap van die kunswerk is op sigself rede tot en 'n ervaring van verwondering. Kunstenaars het 'n merkwaardige vermoë om die lewe te vertolk en daaraan uitdrukking te gee in hulle kuns wat die waarnemer daarvan in vervoering laat en help om sin van die lewe te maak. Afgesien van die betekenis van die kunswerk, laat die tegniese en kunstige kwaliteit die waarnemer ook in verwondering. Menige besoekers aan kunsmuseums soos die Louvre in Parys en die Rijksmuseum in Amsterdam sal getuig van die verwondering wat hulle ervaar het deur die belewing van die bekoring en geskiedenis van die kunswerke.

Kuns (die estetiese), wetenskap en godsdiens het die gemeenskaplike vermoë om eerbied – ‘n sagte vorm van vrees – te te ontlok (Prinz verwys na studies deur Kendal Eskine en Natalie Kacinik, Prinz 2013: 5). Dit is vir elke dissipline ‘n eiesoortige spirituele ervaring wat op elkeen se eie manier opgewek word. Die wetenskap bring begrip van die fenomeen; die godsdiens wek ontsag vir God; die kunste bring waardering vir, begrip van en verrukking oor die verskillende aspekte van die werklikheid. Die beeldende en uitvoerende kunste het die vermoë om verrukking en ontroering aan te wakker op niewoordelike maniere wat verwondering verder stimuleer.

Is die mens die enigste spesie wat kuns, wetenskap en godsdiens kan beoefen wat gemotiveer word deur verwondering? Ape (ons naaste verwante), byvoorbeeld, kan opgewonde raak oor sekere dinge (Prinz verwys na die navorsing deur Jane Goodall op sjimpansees, Prinz 2013: 5). Hierdie opgewondenheid bly egter maar net ‘n emosie. Die mens het beduidende intellektuele vaardigheid en kreatiwiteit ontwikkel om dinge te verstaan en te vertolk as buitengewoon en dan uitdrukking te gee daaraan in mites van oorsprong, eskperimente en kunstige voorstellings.

In die evolusie van die mens blyk dit dat kuns, wetenskap en godsdiens eintlik bykomstige ontwikkelinge is uit die mees basiese drange en doelwitte van oorlewing. Eers wanneer aan die mees fundamentele drange en behoeftes voldoen is, is daar ruimte vir wetenskap, kuns en godsdiens. Hierdie drie aktiwiteite het dus nie ontwikkel deur natuurlike seleksie nie. Die feit dat die mens die enigste spesie is waar die ervaring van verwondering so ver ontwikkel het dat dit wesenlik kon bydra tot verhoogde kwaliteit van lewe en herkenning van lewensin, is merkwaardig en is in sigself rede tot verwondering. Verwondering blyk ‘n hoër funksie te wees wat uniek is aan die mens wat bydra tot spirituele vorming en verhoogde lewenskwaliteit. Met reg kan gevra en behoort daaroor nagedink te word: wat is die betekenis hiervan dat Homo Sapiens so ontwikkel het?

Indien die verhaal van die mens dan wel so verloop het, soos wat Prinz beskryf, dat verwondering slegs ‘n byproduk is en nie van primêre belang vir oorlewing nie, kan die vraag gevra word of verwondering dan enige doel dien? Prinz is van mening dat verwondering nie ‘n besondere doel het nie - nie in die sin van materiële oorlewing

nie. Kuns, wetenskap en godsdiens is slegs nuttig om uitdrukking te gee aan verwondering.

Ek is egter van mening dat verwondering wel belangrik is en dus ‘n doel het om die mens meer volwaardig te maak as spirituele wese – of dit nou uitdrukking vind in godsdiens of andersins. Vir die Christen-gelowige vind dit uitdrukking in die konsep van Imago Dei en dit hou in dat die mens God kan ken en lojaal sal wees aan God en God se saak. Dit het ook implikasies vir die etiek, deernis en geregtigheid wat aspekte is wat wesenlik bydra tot die mens se oorlewing. Vir die gelowige mens is só ‘n verwikkeling essensieel om onderskei te word van die res van die diereryk.

---

#### 2.1.4 Bill Tammeus: *Religion and science share the same roots: awe and wonder* (2014)

Bill Tammeus is ‘n voormalige joernalis en rubriekskrywer verbonde aan die dagblad *The Kansas City Star* waarvoor hy gereeld artikels geskryf het oor godsdienssake. Hy was vir 27 jaar verbonde aan redaksionele verslaggewing van dié dagblad. Tammeus het talle toekennings ontvang en was ‘n voormalige president van die *National Society of Newspaper Columnists* in die VSA. Hy het tot 2018 nog gereeld geskryf vir die *National Catholic Reporter.*

In ‘n rubriek in die *National Catholic Reporter* verwys Tammeus na ‘n onderhoud wat John C. Mather gedoen het met NASA.[32] Mather is ‘n astrofisikus en Nobelprys-wenner in 2006, werksaam by NASA en doen navorsing oor die oorsprong en die toekoms van die heelal. In die onderhoud antwoord Mather op ‘n vraag oor watter soort vrae aan hom gestel word oor sy navorsing wanneer hy kerkgroepe toespreek en wat sy antwoord sal wees. Mather het soos volg geantwoord in die onderhoud (kursivering toegevoeg):

[32]Goldstein, s.a., https://www.nasa.gov/50th/50th_magazine/matherInterview.html

> We have our religious traditions coming from many thousands of years, and I think to myself, well, you know, if Moses had come down with tablets from the mountain that said, 'And guess what? There are protons and neutrons, and they are made out of quarks,' people wouldn't have understood what he said. So he didn't.
> "We are discovering what the universe is really like, *and it is totally magnificent, and one can only be inspired and awestruck by what we find. I think my proper response is complete amazement and awe at the universe that we are in, and how it works is just far more complicated than humans will ever properly understand.*

Hierdie opmerking van Mather, skryf Tammeus, lê aan die hart van godsdiens. Dit getuig van ‘n nederigheid wat anders is as die uitspraak van Stephen Hawking in sy bekende boek *A Brief History of Time* (1988) waarin Hawking sê (soos aangehaal deur Tammeus) "if we discover a complete theory…then we should know the mind of God." Tammeus beskou hierdie stelling van Hawking as ‘n uitdrukking van hubris, terwyl Mather se opmerking, “is just far more complicated than humans will ever properly understand”, presies die soort ingesteldheid is wat godsdiens en enige ander tradisie behoort voor te staan (Tammeus 2014: 3).

Tammeus bepleit dat goeie wetenskap ter wille van wetenskap bedryf moet word en nie met ‘n agenda om godsdienstige leringe te bewys of af te maak nie. Goeie wetenskap kyk eers na die bewyse en maak dan gevolgtrekkings en nie om eers ‘n gevolgtrekking te maak en dan dit te probeer bewys nie. Godsdiens kan ‘n bydrae maak deur ‘n ontvanklikheid vir ontsag en verwondering aan te moedig wanneer wetenskaplikes beskryf het hoe dinge werk (Tammeus 2014: 3).

**Opmerkings**

Tammeus beskou Mather se opmerking "We are discovering what the universe is really like, and it is totally magnificent, and one can only be inspired and awestruck by what we find. I think my proper response is complete amazement and awe at the universe that we are in, and how it works is just far more complicated than humans will ever properly understand." as ‘n uitdrukking van nederigheid wat die ware aard van geloof en godsdienstigheid weerspieël (Tammeus 2014: 3). Hierin is Tammeus

stellig reg – nederigheid behoort ‘n wesenskenmerk te wees van enige godsdienstige tradisie wanneer geglo word wat die aard van God is en die plek van sy skepping en skepsels behoort te wees. Verwondering is ‘n uitdrukking van nederigheid.

Anders as met Mather se uitspraak is Tammeus egter krities oor Hawking se stelling “if we discover a complete theory … then we should know the mind of God” en gaan so ver om dit as hubris te beskou (Tammeus 2014: 3). Dit is bekend dat Hawking die bestaan van God ontken het – hy het dit meermale op openbare platforms en in sy boeke so gestel. Oor dié opmerking het Hawking egter die konteks van sy opmerking verduidelik aan Pablo Jauregui van die Spaanse dagblad, *El Mundo*: "Before we understand science, it is natural to believe that God created the universe. But now science offers a more convincing explanation. What I meant by 'we would know the mind of God' is, we would know everything that God would know, if there were a God, which there isn't. I'm an atheist."[33] Ek dink nie hierdie is noodwendig ‘n stelling van hubris deur Hawking nie. Hawking het hierdie stelling gemaak as ‘n wetenskaplike en in dié hoedanigheid sien hy nie God in die wette van die natuur en die funksionering daarvan nie. Deur bloot empiriese waarneming is so-iets ook nie moontlik nie en omdat hy God nie sien nie, bestaan God vir hom nie. Maar as God wel sou bestaan het, sou mens iets weet van wat in God se denke aangaan deur te kyk na die natuur, sou Hawking waarskynlik geredeneer het.[34] Dit kan aangeneem word dat Hawking ook vanuit sy wetenskap as kosmoloog aangegryp sou gewees het oor die grootsheid van die heelal. Hy het dit inderdaad ook so verwoord in sy finale boek, *Brief Answers to Big Questions*: “We have this one life to appreciate the grand design of the universe, and for that I am extremely grateful." Hierdie is ‘n uitdrukking van verwondering, nederigheid en dankbaarheid.[35]

---

[33] Soos aangehaal uit ‘n artikel van die NBC News, https://www.nbcnews.com/science/space/im-atheist-stephen-hawking-god-space-travel-n210076).

[34] Interessant is dit om op te merk dat daar wetenskaplikes is wat tog die verband tussen wetenskap en God kan raaksien. Dit sal uiteraard ‘n geloofstandpunt wees en nie gebaseer op eksperimentele proefneming nie. Srinivasa Ramanujan was ‘n Indiese wiskundige wat belangrike bydraes gemaak het tot die wiskundige teorieë en ‘n diep gelowige man. Hy het die beroemde stelling gemaak: “Sir, an equation for me has no meaning unless it expresses a thought of God." (Ranganathan 1967: 88). Ramanujan suggereer hier op God se “mind” en dit verwoord iets van groot verering en nie hubris nie.

[35] Soos aangehaal op die webtuiste van Live Science, https://www.livescience.com/63854-stephen-hawking-says-no-god.html).

Wetenskap en godsdiens het ‘n gemenedeler in dié opsig dat ontsag en verwondering ‘n motivering is vir en die resultaat is van die ondersoek na verskynsels van die natuur. Ten minste op hierdie vlak kan godsdiens en wetenskap mekaar al vind. Die verwondering wat wetenskap en godsdiens onderskeidelik ontlok, sal moontlik van mekaar verskil. Wetenskap sal die wonder bevestig hoe dinge chemies, fisies en psigologies inmekaar steek, maar godsdiens sal, behalwe om ook die materiële wonder van die natuur te erken, ook bykomend die wonder van God se aandadigheid daaraan erken. Nie een van die twee dissiplines behoort die een of die ander af te maak nie, maar eerder aanvullend wees om groter en dieper betekenis te ontdek.

---

### 2.1.5 Jeff Forshaw: *Science and religion are united in a shared sense of wonder* (2012)

Jeff Forshaw is professor in deeltjie-fisika aan die Universiteit van Manchester en skryf gereeld wetenskaprubrieke in die Britse dagblad, *The Guardian.* In die dagblad se uitgawe gedateer 28 Oktober 2012 skryf hy onder die opskrif *“Science and religion are united in a shared sense of wonder”*, soos volg:

> As a scientist, I like to feel as if I am exploring a cosmic mystery of the greatest significance. *I am awestruck by the beauty that saturates the laws of physics and suppose that what I am doing is rather more than merely helping to solve an elaborate crossword puzzle*. (kursivering toegevoeg)

Die verwondering wat Forshaw hierbo uitdruk van wat hy beleef in sy wetenskap is onmiskenbaar. Forshaw skryf verder dat die studie van fundamentele fisika deesdae baie gewild is omdat dit die vermoë het om “deep questions”, die tipe vrae wat betekenis dra, aan te spreek, maar dat die soeke (“Quest” in Forshaw se woorde ) na die dieper betekenis liefs nie aan wetenskaplikes oorgelaat moet word nie. Aan die anderkant bepleit Forshaw dat teoloë op datum moet bly met die wetenskap en dat wetenskaplikes baat sal vind daarby om na te dink oor die wyer implikasies van hulle ontdekkings. Wetenskap se mag moenie oorskat word nie, want die gevaar bestaan

dat wetenskap godsdiens kan vervang en die wetenskaplikes die hoëpriesters kan word.
Wetenskaplikes is baie effektiek in hulle domein om te bepaal hoe dinge werk, skryf Forshaw, maar die wetenskap is beperk en bied geen antwoorde op die diep vrae wat die mens se lewe vorm nie, byvoorbeeld: wat is die punt of betekenis daarvan dat die heelal en ons daarin bestaan? Die wetenskap kan dit nie beantwoord nie. Sommige mense beskou wetenskap en godsdiens as in konflik met mekaar, maar, meen Forshaw, dit is nie regtig so nie. Kennis wat absoluut seker is, is ‘n rariteit en daarom is dit nie verbasend dat baie wetenskaplikes godsdienstige geloof so moeilik vind om te sluk nie. En tog lyk dit of wetenskaplikes dikwels ook met ‘n soort geloof werk:

> … a faith in scientific truths perhaps or in the humbling significance of nature's beauty. Perhaps "faith" is too strong – enthusiastic optimism might be better. Whatever the case, the importance of science lies not only in fighting ignorance and the building of better theories – it is important too because of the way it inspires glory and wonder. In that regard, at least, science and religion are united. (onderstreping toegevoeg).

**Opmerkings**

Die Bybel is ‘n geskrif uit ‘n voorwetenskaplike tyd en dit reflekteer die denke en verwysingsraamwerk van daardie tyd. Baie van die lewenswaarhede is verstaan en verwoord volgens die antieke tyd se mitologieë en metafore, maar ten spyte hiervan bly die dieper betekenis tydloos en relevant. Wetenskap het egter bygedra dat die Bybel met groter omsigtigheid gelees en vertolk moet word. Letterlike interpretasies en toepassings in ‘n hedendaagse wetenskapgedrewe samelewing lei tot wanopvattings en potensiële konflik. Wanneer die wetenskap vasstel dat die heelal 13,7 miljard oud is en evolusionêr ontwikkel het, vervul dit mens met verwondering en ontsag. Wanneer Genesis 1 betekenis daaraan vanuit teologiese perspektief gee en dit gelowig aanvaar word, is dit eweneens rede tot verwondering.

Forshaw moet gelyk gegee word dat die kerk en teoloë kennis moet neem en op datum moet bly van nuwe wetenskaplike bevindinge (Forshaw 2012). Vanuit materiële perspektief gesien kan ons nie meer in ‘n niewetenskaplike samelewing leef nie. Behalwe dat die materiële wêreld in ‘n groot mate deur die mikroskoop en teleskoop

verstaan kan word wat verwondering ontlok, is dit egter ook waar dat vir die gelowige die kennis en insig wat verkry word uit die wetenskap ‘n rede word om God te vereer en die verwondering op spirituele wyse te verdiep.

Forshaw wys daarop dat absolute kennis ‘n rariteit is. Wetenskaplikes verwys dikwels daarna dat selfs in die wetenskap absoluuthede dikwels nie absoluut is nie en later as ongeldig uitgewys word of aangepas en verfyn word en daarom sal wetenskaplikes dikwels met ‘n voorlopigheid praat oor aspekte van die natuur. Hierdie is ‘n ingesteldheid van beskeidenheid of nederigheid wat bewonderenswaardig is en waarvan die geloofsgemeenskap kennis behoort te neem. Dit sal die geloofswêreld baat om ook oor geloofswaarhede meer beskeie te wees, want ook deur wetenskap en teologie moes geloofstandpunte al gewysig word. Alhoewel die geloofsgemeenskap deur goeie teologie met weldeurdagte, goed beredeneerde idees en deur beproefde lewenservaring tot geloofsoortuigings kom, moet die geloofsgemeenskap waak teen arrogansie. Dit kan ook ‘n vorm van hubris wees.

Beide wetenskap en godsdiens het die geleentheid en vermoë om die wonder van die skepping waar te neem.  Die wetenskap sien en bepaal die fisiese aspekte van die werklikheid en die godsdiens en filosofie reflekteer oor die betekenis daarvan wat die verwondering daaroor verdiep. Beide insigte gee meer betekenis en ‘n vollediger prentjie van alles en daarom behoort beide by mekaar te leer. Die effek daarvan is dat die mens geïnspireer word tot verheerliking en verwondering met  ‘n nederige ingesteldheid as resultaat.

---

### 2.1.6 Ted Peters – *The war between faith and fact* (2016)

Ted Peters is emeritus professor in sistematiese teologie wat verbonde was aan die *Pacific Lutheran Theological Seminary* en mede-redakteur van die vaktydskrif *Theology and Science* en direkteur by die *Center for Theology and the Natural Sciences* (CTNS).

In bogenoemde vaktydskrif bespreek hy kortliks 'n nuwe boek wat verskyn het, *Faith vs. Fact. Why science and religion religion are incompatible* deur Jerry A. Coyne.[36] Volgens Peters (Peters 2016: 143-145) gaan Coyne in sy boek sterk te velde teen geloof en godsdiens deur onder andere te beweer dat hierdie twee verskynsels hoegenaamd nie 'n bydrae kan maak nie en dat die wetenskap al die antwoorde bied wat nodig is. Volgens Coyne is dit nie moontlik dat 'n gelowige ook tegelyk die wetenskap met sy bevindinge ten volle kan erken nie omdat die twee dissiplines glad nie versoenbaar is met mekaar nie. Sulke mense, beweer Coyne, maak hulle skuldig aan "accommodationism" en indien 'n gelowige die wetenskap sou erken, verraai hy die essensie van godsdiens. Coyne gaan verder deur alle mense wat in God glo as bygelowig af te maak.

Peters reageer op die aannames wat Coyne in sy boek maak deur daarop te wys dat gelowige wetenskaplikes by die CTNS moeite doen om 'n brug te slaan tussen wetenskap en geloof. Volgens wetenskaplikes wat geassosieer is met die CTNS is daar nie 'n oorlog wat woed tussen wetenskap en geloof nie. Hulle is gelowig en baie lief vir die wetenskap. Peters (2016: 143) skryf soos volg: "If CTNS were to hold a bridge-builders BBQ, the invitations we would send out might include something like this, written by Bob Russell and Kirk Wegter-McNelly:[37]

> Science at its best, and theology at its best, both pursue truth …. If it be true, as theologians claim, that the God of Israel is the creator of this magnificent universe, then every truth about this universe discovered by science only enhances appreciation for God's creative handiwork.[38]

**Opmerkings**

Oor "magnificent" is al baie geskryf en dit word deur beide die wetenskaplike en die teoloog (en leke-gelowiges) gesien en beleef – weliswaar vanuit verskillende gesigspunte. Die wetenskap is in vervoering oor die fisika en chemie van die materiële wêreld en die geloofsgemeenskap bewonder dit ook, nie net na sy wetenskaplike aard

[36] Coyne 2015.
[37] Robert Russell is stigter van die Center for Theology and the Natural Sciences. Kirk Wegter-McNelly is medewerker vir die CTNS.
[38] Russell & Wegter-Mcnelly, 2004: 49-68.

nie, maar ook oor die betekenis daarvan vir die mens en al die verhoudinge waarin die mens staan: met natuur, medemens en God. Wanneer begrip gekry word oor die grootsheid en skoonheid van die natuur kom daar meer ontsag vir God se skeppingswerk met die gevolgtrekking dat medemens en natuur respek, bedagsaamheid en sorg verdien wat allerlei etiese implikasies het.

"Science at its best, and theology at its best, both pursue truth…" soos deur Peters (Peters 2016: 143)) aangehaal verdien aandag. Daar is konflik tussen die wêreld van wetenskap en geloof, maar die konflik is eintlik tussen mense en nie tussen wetenskap en geloof nie. Dit word egter aangeblaas deur slegs 'n minderheid van mense aan beide kante van die spektrum omdat wetenskap en teologie misverstaan word aan beide kante. Die meeste wetenskaplikes wat ongelowig is, het gewoonlik nie veel erg aan geloofsaannames en -aansprake nie en fokus op hulle wetenskap sonder om geloof en godsdiens aan te val. Dikwels word die geloofswêreld deur hulle met respek bejeën. Wat hulle wel vra is dat die geloofsgemeenskap die werk en bevindinge van die wetenskap sal verstaan en met respek behandel. Daar is egter wetenskaplikes wat die wetenskap misbruik om geloof en godsdiens te diskrediteer omdat hulle gebrekkige kennis het van goeie teologie en dan ook 'n agenda het om geloof en godsdiens as onkundig, naïef en bygelowig af te maak. Dieselfde vooroordeel en gevolglike diskreditering en demonisering van die wetenskap word by sekere geloofskringe en tradisies aangetref omdat goed nagevorsde en weldeurdagte teologie nie beoefen word nie. Wanneer histories-kritiese en histories-metaforiese skrifondersoek nie gebruik word nie, is die risiko veral groot dat oppervlakkige teologie die wetenskap as verdag en vyandig kan etiketteer.

Die sleutel lê in die woord "best" soos hierbo gebruik. Wanneer wetenskap reg en goed gebruik en verstaan word deur beide kante hoef daar nie 'n vooroordeel te bestaan teenoor mekaar nie. Wanneer teologie goed gebruik word deur die geloofsgemeenskap en die wetenskapswêreld op hulle beurt dan ook kennis neem van goeie teologie hoef wetenskap en teologie nie teenstanders of selfs vyande van mekaar te wees nie.[39] Beide dissiplines soek na waarheid en hulle insigte kan en behoort mekaar aan te vul om die prentjie vollediger te maak. Die wetenskap leer ons

[39] Met "goeie teologie" word bedoel dat deeglike kritiese ondersoek gedoenen nagedink word met inagneming van byvoorbeeld die histories-kritiese, sosiale konteks van die antieke tyd, tekskritiek, oorspongtale, genre, ens. Minder goeie teologie kan hierdie aspekte vervlak of verwaarloos en die intensie en aard van die Bybel en wetenskap verwring en misbruik.

na die ware aard van die materiële wêreld en die teologie leer ons die betekenis daarvan en die mens se etiese verantwoordelikheid daarteenoor.[40]

Gekombineer skep beide insigte die geleentheid tot verwondering en nederigheid. As voorbeeld kan verwys word na die insig wat die wetenskap gebring het oor die ontstaan van die heelal en die evolusionêre ontwikkeling daarvan met alles daarin. Die natuurwette se fisiese en chemiese prosesse wat dit moontlik gemaak het en die tydsverloop wat dit behels het is grondige rede om enigiemand verstom te laat oor die proses en resultaat daarvan. Vir die gelowige kom nog 'n groter waardering en bewondering daarvoor wanneer in geloof aangeneem word dat God daarvoor verantwoordelik is, veral as die teleologie daarvan ook in aanmerking geneem word.

---

### 2.1.7 Alan Padgett : *Epiphany of a small planet: Christology, astronomy and mutuality* (2007)

Alan Padgett is verbonde aan die *Luther Seminary* (Minnesota), VSA, as professor in sistematiese teologie. Bogenoemde is 'n gepubliseerde artikel van 'n lesing wat aangebied is by 'n konferensie met die tema "*Redemption of Reason*". Die lesing maak die aanname dat teologie en wetenskap saam kan werk om 'n Christelike wêreldbeskouing te ontwikkel. Padgett se vertrekpunt is dat die heelal bio-vriendelik is en daarom kan aangeneem word dat daar op ander planete intelligente lewe kan voorkom en met hierdie aanname bespreek die skrywer die implikasies daarvan vir die Christologie (Padgett 2007: 110).

Onder die opskrif "*Redemption of Reason*" in sy lesing voer Padgett aan dat wetenskap en geloof moet saamwerk om die Christelike wêreldbeskouing te hervorm en ontwikkel wat spirituele diepgang het en wetenskaplik verantwoordbaar is. Padgett stel voor 'n gemeenskaplike of wedersydse model ("*mutuality model*") wat die middeleeuse idee sal vervang dat teologie die koningin van die wetenskappe beskou

[40] Jonathan Sacks, verwoord die verhouding tussen wetenskap en godsdiens in 'n TV-onderhoud: "Science takes things apart to see how they work. Religion puts things together to see what they mean.", https://www.youtube.com/watch?v=9jc4dmSo-ls

is en dat ander dissplines maar net die dienaresse is (Padgett 2007: 110). Padgett verwys na die groot opdrag van Jesus waar God liefgehê moet word met hele hart, siel en verstand (Mt. 22: 37; Mk. 12: 30; Lk. 10: 27, onderstreping toegevoeg) en dat veral die verstandelike liefde vir God iets is wat deur alle geleerdes gedoen kan word. Alle dissiplines, beroepe en vaardighede is ewe spiritueel en behoort in die regte gees gedoen te word te wete die Gees van God. Om wetenskap só te beoefen, is om ook liefde te betoon aan God (Padgett 2007:110).

Padgett bepleit die redding van die rede deur die verstand te heroriënteer na sy gepaste einddoel, naamlik om God te ken. Deel van hierdie gepaste einddoel van die rede is om die waarheid te ontdek, die werklikheid uit te pluis, die wêreld te ken en te wete te kom wat die werklikheid is. Die gelowige wetenskaplike wil, sonder om die wetenskaplike proses en metodologie te benadeel of te ondermyn, die finale grond van alle werklikheid in God sien en vind, en so ontdek dat daar meer waarheid is as wat bloot deur die empiriese ondersoek ontdek word. Vir die gelowige behels hierdie proses om dan ook God te ken asook die dinge wat God gemaak het, en daardeur 'n groter perspektief te kry (Padgett 2007: 111).

Terwyl Padgett die godsdienstige geloofsperspektief propageer in die beoefening van wetenskap rig hy ook 'n waarskuwing:

> There is an important caveat here: by beginning with Christian faith and then seeking understanding, which is one of the mottos of Saint Anselm, *fides quaerens intellectum*,[41] we are not going to be smarter than other people. We ought not to assume or imply that Christians are better musicians, scientists, authors, or computer programmers than non-Christians. That strikes me as intellectual arrogance. Instead, because we know the source of all truth, we understand and know some things beyond what our friends who are not religious or are not Christians can know. We

[41] Williams 2020, Fides quaerens intellectum = geloof soek begrip. Volgens Thomas Williams in die Stanford Encyclopedia of Philosophy wil Anselmus nie geloof vervang met begrip nie. Geloof is eerder 'n staat van wilsbesluit as wat dit epistemies is. Dit is 'n liefde vir God en die begeerte om God se wil te doen. Anselmus beskou die soort geloof wat bloot net glo wat dit veronderstel is om te glo as "dood". Geloof wat begrip soek, beteken "an active love of God seeking a deeper knowledge of God.", https://plato.stanford.edu/entries/anselm/#FaiSeeUndChaPurAnsThePro

> have truth that goes beyond their truth. We have greater access to the whole of reality, which they do not have" (Padgett 2007: 111).

In moderne Amerikaanse Engels, skryf Padgett, word wetenskap verstaan as empiriese wetenskap, natuurwetenskap en dus veral die fisiese wetenskappe. In dié sin word teologie nie as ‘n wetenskap beskou nie, volgens Padgett (2007: 113), maar dit is wel ‘n akademiese dissipline. Teologie word op drie vlakke beoefen: op die eerste vlak is almal wat gelowig is teoloë deurdat hulle teologie uitleef in die daaglikse lewe. Op die tweede vlak is die taal van die kerk dié van aanbidding, prediking, gebed en liturgie en dit is gelaai met teologie. Laastens, is daar die akademiese dissipline van die teologie wat soos ‘n wetenskap beoefen word met ondersoek, maar anders as die natuurwetenskappe, het teologie ‘n rasionaliteit wat aandring op ‘n geloof in God, Jesus Christus en die Bybel as woord van God. Sonder hierdie aspekte is daar nie Christelike teologie nie en dit beteken dat teologie ‘n vorm is van aanbidding en dit is die hart van Christelike teologie.

Met hierdie gedagtegang oor die Christelike teologie, skryf Padgett (2007: 113) verder:

> To praise or to worship someone is related to the English word, "worth," to tell the worth of somebody unlike flattery or marketing where you do not really need to speak the truth about the person. So worship, praying, and truth speaking are connected for Christian theology, understood as a spiritual discipline. This brings us back then to theology as praxis because this is lived out in all that we do, including our academic callings and vocations. Really all of you are already theologians in the way you live your lives, in the way you pray, in your spiritual practices, in your teaching, and in your Bible study.

Wetenskap en teologie het verskillende benaderings, metodes en verskillende fokusse, maar tog kan hulle saamwerk om die kerk by te staan in sy Christelike wêreldbeskouing, die kweek van ‘n liefde vir God en om God se boodskap te verkondig. Insigte in beide dissiplines vermeerder en verander gedurig en bring mee dat daar ‘n breër visie kom en dit moet noodwendig ‘n invloed hê daarop dat God met wysheid aanbid en geloof sal word (Padgett 2007: 113).

Die skrywer doen ‘n beroep dat daar Christen-wetenskaplikes sal wees wat hom as teoloog sal help om die natuur en sy wetenskap te verstaan en dit moet in maklike taal en idioom gebeur. As teoloog wil hy seker wees dat hy nie onsin praat oor die wetenskap nie en ook nie onsinnig sal wees wanneer hy dit in verband bring met teologie en geloof nie. Gevolglike leerstellings wat dan geformuleer word, moet sinvol en verantwoordelik wees binne die groter konteks van die natuur. Omdat wetenskap nie homself interpreteer nie, wil Padgett hê dat daar Christene sal wees wat nadenkende wetenskaplikes sal wees wat die bevindinge van die wetenskap sal interpreteer waarop teoloë kan staatmaak. Op dieselfde wyse het die teoloog ook kundiges nodig in die kunste en ander wetenskappe (Padgett 2007: 114). Dit impliseer dan, volgens Padgett, dat die teologie net soos die wetenskap nie gegiet is in onveranderlikheid nie. Oor tyd heen het sekere kerntradisies in die kerk ontstaan, maar dié moet ook met die nuwe insigte herinterpreteer en verstaan word. “The Gospel is not frozen in time. God’s Word is always moving forward and being developed, so theology is an ongoing discipline.” (Padgett 2007: 114).

Onder die sub-opskrif “Epiphany of a Small Planet” in sy lesing skryf Padgett dat daar diegene is wat sinies en skepties dink dat die heelal ‘n betekenislose chaos is – ons gaan dood en dis die einde. Omdat die kosmos baie groot en koud is, is alles betekenisloos volgens hulle. Padgett (2007: 115) is van mening dat Christen denkers hierop moet reageer en een manier om dit te doen, is om soos volg oor die uitgestrektheid van die heelal te dink en te vra:

> Could it be that the universe is bio-friendly, that there is a kind of purpose that you can detect here, not as a proof, of course, but as an interpretation of the data? Could part of the purpose of the universe be to bring forth life in vast array?’ That would be very different from thinking that the universe is this dark, cold material chaos that happened to burp up a few naked apes who are like digital watches, the way that Douglas Adams puts it. I use Stephen Weinberg, too, as an example. He writes: "The more the universe seems comprehensible, the more it seems pointless." This is the kind of worldview I am talking about. As Christians, as scholars and academics,

> we want to interpret the world in a different way. We cannot let this view of astronomy go without challenge.

Padgett haal Stephen Weinberg (Stephen Weinberg is ontvanger van die Nobel-prys in fisika in 1979) verder aan: "The more we refine our understanding of God to make the concept plausible, the more it seems pointless." Weer word Weinberg deur Padgett aangehaal: "if you're going to believe in a god, it seems like he doesn't do anything – it's all pointless." Hierteen wil Padgett as teoloog beswaar maak. Die heelal is nie net bio-vriendelik nie, maar ook Christen-vriendelik (die natuurwetenskaplike bestudering van die heelal en die Christelike vertolking daarvan is dus versoenbaar). Dit beteken nie dat daar 'n een-tot-een verhouding bestaan tussen Christen wees en die idee dat die heelal die doel het om lewe voort te bring nie, maar tog hou dit rekening met die oorhoofse Christelike perspektief (Padgett 2007: 115).

**Opmerkings**

Padgett se ideaal om 'n gemeenskaplike model voor te hou teenoor die Middeleeuse siening dat die teologie die koniningin van die wetenskappe is en ander wetenskappe ondergeskik, is prysenswaardig (Padgett 2007: 110). Dit getuig van erkenning van ander wetenskappe as gelykwaardig aan teologie en op sy beurt blyk dit iets van beskeidenheid en nederigheid wat pas by die Christelike etos. Wanneer Padgett sê dat alle dissiplines, beroepe en vaardighede ewe spiritueel is en dan in die regte gees gedoen behoort te word, moet hy heeltemal gelyk gegee word. As gelowiges erken ons dat die werklikheid in al sy manifestasies 'n openbaring van God is en daarom kan dit ook met spiritualiteit ondersoek word. Dit is sekerlik waar dat deur die Christen se besondere geloofstradisie iets van God herken kan word in wetenskaplike ondersoek nadat eers die wetenskaplike metodologie nougeset gevolg is, maar dit is ook belangrik om te erken dat wetenskaplikes wat hulle wetenskap beoefen vanuit 'n ander geloofstradisie met God ingedagte dit net so spiritueel kan doen. Daar is ook talle wetenskaplikes wat hulle wetenskap as spiritueel ervaar sonder om dit aan 'n godheid te koppel deurdat hulle aanvoel en oortuig is daarvan dat daar 'n spirituele verbondenheid is tussen mens en natuur op velerlei vlakke en verhoudings. Om erkenning te gee aan hierdie vorme van spiritualiteit buite die Christelike tradisie sal ook 'n uitdrukking van beskeidenheid wees en sal voorkom dat aansprake van alleenreg op God gemaak word.

Dit kan aanvaar word dat Padgett dit goed en reg bedoel met die stelling dat die gelowige wetenskaplike die finale grond van alle werklikheid in God wil sien en vind. Maar hy waarsku dan ook tereg dat die wetenskaplike proses en metodologie nie ondermyn moet word nie (Padgett 2007: 111). Laasgenoemde is belangrik, want wetenskap in sy wese en wanneer dit onbevoordeeld beoefen word, behoort neutraal te wees ten opsigte van aannames en aansprake oor God. Vir gelowige wetenskaplikes en leke kan hulle geloof deur ‘n *afsonderlike* ervaring betrek word om dieper betekenis te verleen aan die geskapenheid. Wanneer die wetenskap dan geken en beleef word met die addisionele ervaring van geloof in God, kan die verwondering ook ‘n dieper en intenser belewenis word.

Padgett rig ‘n belangrike waarskuwing aan die gelowige wetenskapsgemeenskap.Om navorsing te doen met die geleentheid om dit ook as ‘n gelowige te doen, mag die gelowige nie arrogant of meerderwaardig maak nie (Padgett 2007: 111). Ons bely dat geloof ‘n gawe van God is. Die ongelowige kunstenaar, wetenskaplike, tegnikus het eweneens dieselfde gawe, kennis en vaardigheid om die kuns, wetenskap of vak te bedryf wat ook ‘n gawe van God is (al word dit nie so deur die ongelowiges beleef en erken nie). Die gelowige se gepaste ingesteldheid is dus dié van nederigheid en dankbaarheid in die beoefening van die wetenskap of kuns. Die wetenskaplike het die voorreg om ‘n diep waarheid te sien, maar die gelowige wetenskaplike ervaar ‘n nog dieper betekenis deurdat God as die oorsprong daarvan erken word, maar dit sou onvanpas wees om te dink dat dié geloofsaanname die gelowige meer intelligent en bekwaam sou maak. Die waarde van samewerking en wedersydse respek tussen wetenskap en geloof is dat die groter en vollediger prentjie gesien word wat groter waardering, respek en verwondering daarvoor sal hê. Om samewerking tussen wetenskap en teologie te bepleit en bevorder is ‘n aanduiding van erkenning teenoor mekaar by die twee dissiplines. Beide het nie alleenaanspraak of volle greep op die waaheid nie.

Daar is ‘n verdere implikasie vir die teologie vanuit wetenskaplike insigte. Waar die wetenskap ook dikwels aanpassings moet maak as gevolg van nuwe ontdekkings en insigte en dus nie altyd onherroeplik is nie, kan dit ook teologiese insigte beïnvloed wat aanpassings in dogmas en belydenisse mag noodsaak. Om dít te kan erken en uit te voer, sal ‘n sterk uitdrukking van nederigheid wees.

Met betrekking tot Padgett se voorstel dat *Christen*-wetenskaplikes moet help met die verstaan en vertolking van wetenskaplike bevindinge (Padgett 2007: 114) bestaan egter die gevaar dat veronderstel word dat nie-Christen wetenskaplikes nie ‘n bydrae kan lewer nie en dit kan as aanmatigend en hooghartig ervaar word. Padgett wil hê dat daar Christene sal wees wat nadenkende wetenskaplikes sal wees wat die bevindinge van die wetenskap sal interpreteer waarop teoloë kan staatmaak. Dit is bedenklik dat die wetenskaplike (Christen of nie-Christen) die taak moet hê om die resultaat van wetenskaplike ondersoek te interpreteer op teologies-filosofiese vlak. Dit is nie die domein en taak van die natuurwetenskaplike nie *tensy die wetenskaplike dit buite daardie domein doen en doelbewus die terrein van die teologie of filosofie betree*. Padgett se voorstel kan die neutraliteit van wetenskap ten opsigte van geloof in gedrang bring en die wetenskap kan moontlik misbruik word om geloofaannames deur middel van wetenskap te wil bewys.

Teologie op al sy vlakke (die individuele gelowige, die kerk met sy handelinge en teologie as akademiese dissipline) is volgens Padgett (2007: 113) ‘n vorm van aanbidding. Waar verwondering ook ‘n resultaat behoort te wees van teologiese nadenke, kan verwondering ook as ‘n ervaring van aanbidding beskou word. Hoeveel ryker sal aanbidding dan nie wees wanneer verwondering ook in die ervaring gebring word nie?

Padgett sluit sy lesing af met die gedagte dat ons wêreld “an epiphany of a small planet” is Padgett 2007: 115). Die aanskoue van die heelal en alles daarin laat die gelowige met ‘n oorweldigende gevoel van bewondering en verwondering. Dit lei noodwendig tot die vraag van ‘waarom?’ Is daar ‘n doel met dit alles? Wanneer dan op gelowige manier tot ‘n oortuiging gekom word dat die doel/telos iets te doen het met die openbaarmaking van God en die verhouding wat moontlik gemaak word tussen skepping (veral die mens) en God, word verwondering, eerbied en dankbaarheid des te meer gekweek en gevoed.

### 2.1.8 Francis Collins: *The Language of God. A scientist presents evidence for belief* (2007)

Francis Collins is direkteur van die *National Institutes of Health* in die VSA sedert 2009 wat 'n presidensiële aanstelling is. Collins het vir etlike jare aan die hoof gestaan van die *Human Genome Project* waardeur 'n paar duisend wetenskaplikes van ses verskillende lande dit vermag het om die menslike genoom insluitende die DNS-molekuul te karteer en te beskryf. Collins word internasionaal gerespekteer as een van die wêreld se voorste genetici. Aanvanklik was hy 'n ateïs, maar het oorgegaan tot die Christelike geloof en CS Lewis was 'n groot invloed vir hom in hierdie skuif. In sy boek *The Language of God. A scientist presents evidence for belief* verwys hy dikwels na CS Lewis wanneer hy sy standpunte aanbied. Collins is 'n ywerige advokaat vir die Christelike geloof en om wetenskap en geloof met mekaar te versoen.

Sy boek word in drie hoofdele opgedeel:

*1. The Chasm between Science and Faith*
*2. The Great Questions of Human Existence*
*3. Faith in Science, Faith in God.*

Die boek sluit af met 'n *APPENDIX: The Moral Practice of Science and Medicine: Boiethics* waar gereflekteer word oor die etiese oorwegings en implikasies wat die kennis van genetika inhou vir die mediese wetenskap en praktyk.

In die bespreking van Collins se boek sal gekyk word na 'n aantal uitsprake deur die outeur en die implikasies daarvan ten opsigte van verwondering en nederigheid.

In die inleiding van die boek beskryf Collins kortliks hoe die resultaat en deurbraak van die projek om die menslike genoom te karteer amptelik aan die wêreld bekend gemaak is deur President Bill Clinton van die VSA en Eerste Minister Tony Blair van die Verenigde Koninkryk (Collins 2007: 2). Die gebeure het in die Withuis plaasgevind in 2000. Met dié geleentheid het President Clinton dié opmerking gemaak:

> Without a doubt, this is the most important, most wondrous map ever produced by humankind…. Today we are learning the language in which

> God created life. We are gaining ever more awe for the complexity, the beauty, and the wonder of God's most divine and sacred gift.

In reaksie hierop vra Collins in sy boek 'n paar vrae wat die gemeenskap moontik sou stel. Waarom maak die president 'n verbintenis met God wanneer 'n groot mylpaal bereik is in die wetenskap? Was dit poësie of skynheiligheid? 'n Siniese poging om die guns van gelowiges te wen, of om diegene wat krities staan teenoor hierdie tipe navorsing te ontwapen? Op hierdie vrae antwoord Collins self: "No. Not for me. Quite the contrary, for me the experience of sequencing the human genome, and uncovering this most remarkable of all texts, was both a stunning scientific achievement and an occasion of worship." (Collins 2007: 3).

In hoofstuk 3 van sy boek reflekteer Collins oor die oorsprong van die heelal en onvermydelik word oor die Oerknal nagedink. Die insigte van die Oerknal-teorie het vir die teologie diepgaande betekenis, skryf Collins, en dit laat 'n mens met die vraag: wat was voor die Oerknal, en wat of wie was daarvoor verantwoordelik? (Collins 2007: 66). Vir geloofstradisies wat bely dat God verantwoordelik is vir die skepping van die heelal *ex nihilo,* is hierdie teorie ingrypend. Pas hierdie verbysterende gebeurlikheid van die Oerknal in by die definisie van 'n wonderwerk? Die gevoel van ontsag wat opgeroep word, het menige agnostiese wetenskaplikes blatant teologies laat klink in hulle uitsprake oor die Oerknal. Collins haal Robert Jastrow, 'n astrofisikus, aan uit laasgenoemde se boek *God and the Astronomers*:

> At this moment it seems as though that science will never be able to raise the curtain on the mystery of creation. For the scientist who has lived by his faith in the power of reason, the story ends like a bad dream. He has scaled the mountains of ignorance; he is about to conquer the highest peak; as he pulls himself over the final rock, he is greeted by a band of theologians who have been sitting there for centuries.[42]

Elders in dieselfde boek skryf Jastrow: "Now we see how the astronomical evidence leads to a bibilical view of the origin of the world. The details differ, but the essential elements and the astronomical and biblical accounts of Genesis are the same; the

[42] Jastrow 1992: 107.

chain of events leading to man commenced suddenly and sharply at a definite moment in time, in a flash of light and energy."[43]

Collins reageer op bogenoemde stelling van Jastrow:

> I have to agree. The Big Bang cries out for a divine explanation. It forces the conclusion that nature had a defined beginning. I cannot see how nature could have created itself. Only a supernatural force that is outside of space and time could have done that.

Die ontstaan van lewe op aarde kom onder die loep in hoofstuk 4 (Collins 2007: 85-107). Hier word veral die werking en wonder van die DNS-molekuul breedweg verduidelik. Collins skryf dat die wetenskaplike ontdekkings en bevindings 'n ingrypende invloed gehad het op tradisionele Bybelse geloofsbeskouings oor die oorsprong en vorming van spesies van alle lewensvorme (Collins 2007: 85). Die hoofstuk word afgesluit met 'n paragraaf getiteld *Biological Truth and its Consequences* en die taal van verwondering en ontsag is duidelik (Collins 2007: 106, 107). Collins toon begrip vir gelowige lesers van sy boek dat hulle verontrus kan wees oor die wetenskaplike ontdekkings en die effek daarvan op hulle geloofservaring en stel hulle gerus:

> For the believer who has previously taken the argument from design as a compelling demonstration of God's role in creating life, the conclusions put forward in this chapter can be unsettling. No doubt many readers have reasoned for themselves, or been taught in various religious settings, that the *glorious beauty* of a flower or the flight of an eagle could come about only as the consequence of a supernatural intelligence that appreciated complexity, diversity, and beauty. But now that molecular mechanisms, genetic pathways, and natural selection are being put forward to explain all this, you might be tempted to cry out, 'Enough! Your naturalistic explanations are taking all the divine mystery out of the world!
>
> Do not fear, there is plenty of divine mystery left. Many people who have considered all the scientific and spiritual evidence still see God's creative and guiding hand at work. For me, there is not a shred of disappointment

[43] Jastrow 1992: 14

> or disillusionment in these discoveries about the nature of life – quite the contrary! How *marvellous and intricate* life turns out to be! How *deeply satisfying* is the digital elegance of DNA! How *aesthetically appealing and artistically sublime* are the components of living things, from the ribosome that translates RNA into protein, to the metamorphosis of the caterpillar into the butterfly, to the *fabulous* plumage of the peacock attracting his mate! Evolution, as a mechanism, can be and must be true. But that says nothing about the nature of its author. For those who believe in God, there are reasons now *to be more in awe, not less*. ' (kursivering toegevoeg).

Hoofstuk 5 van Collins se boek beskryf die uiters moeisame en ingewikkelde proses om die menlike genoom en meer spesifiek die DNS te ontrafel en karteer. In die navorsing het geblyk dat een van die gene wat in beide mens en meeste soogdiere voorkom opvallend stabiel gebly het oor die evolusionêre proses heen. Daar was egter wel twee veranderinge wat plaasgevind het in die kodering van die gene wat moontlik die gevolg gehad het dat taal ontwikkel het by die mens (Collins 2007: 140). Uit hierdie bevinding maak Collins (2007: 140) die volgende stellings:

> At this point, godless materialists might be cheering. If humans evolved strictly by mutation and natural selection, who needs God to explain us? To this, I reply: I do. The comparison of human and chimp sequences, interesting as it is, does not tell us what it means to be human. In my view, DNA sequence alone, even if accompanied by a vast trove of data on biological function, will never explain certain special human attributes, such as the knowledge of the Moral Law and the universal search for God. Freeing God from the burden of special acts of creation does not remove Him as the source of the things that make humanity special, and of the universe itself. It merely shows us something of how He operates.

Collins behandel die saak van die ateïsme en agnostisisme in hoofstuk 7 van sy boek. Hy is op die man af en lewer kommentaar en kritiek op die standpunte van hierdie wêreldbeskouings, maar deurgaans bly hy respekvol en dit weerspieël iets van die nederigheid in sy gesprekvoering met hierdie beskouings. Hy sluit die hoofstuk met 'n gevolgtrekking af (2007: 169):

> Science cannot be used to justify discounting the great monotheistic religions of the world, which rest upon centuries of history, moral philosophy, and the powerful evidence provided by human altruism. It is the height of scientific hubris to claim otherwise. But that leaves us with a challenge: if the existence of God is true (not just tradition, but actually true), and if certain scientific conclusions about the natural world are also true (not just in fashion, but objectively true, then they cannot contradict each other. A fully harmonious synthesis must be possible.
>
> Looking at our current world, however, it is hard to escape the sense that these two versions of truth are not seeking harmony, but are at war. That is nowhere more apparent than in the debates over Darwin's theory of evolution. Here is where the battles are currently most furiously raging; here is where the misunderstandings on both sides are most profound; here is where the stakes for our future world are the highest; and here is where harmony is most desperately needed. So here is where we had best turn our attention next.

In die derde hoofdeel van sy boek behandel Collins die verhouding tussen wetenskap en geloof en die verskillende beskouinge wat daar bestaan oor hierdie verhouding, naamlik ateïsme en agnostisisme, kreasionisme, Intelligente Ontwerp en laastens Biologos. Collins doen baie moeite om die gesprek tussen wetenskap en geloof te bevorder en versoening tussen die twee dissiplines te bewerkstellig. In hierdie poging het hy die *Biologos Foundation* begin en op hierdie platform het Collins en ander teoloë en wetenskaplikes die geleentheid om artikels en rubrieke te publiseer met die doel om gesprek en versoening te bewerkstellig in die twee velde. In sy poging tot versoening van geloof en wetenskap skryf Collins die volgende (2007:198, 199):

> The need to find my own harmony of the worldviews ultimately came as the study of genomes – our own and that of many other organisms on the planet – began to take off, providing an incredibly rich and detailed view of how descent by modification from a common ancestor has occurred. Rather than finding this unsettling, I found this elegant evidence of the relatedness of all living things an occasion of *awe*, and came to see this as the *master plan of the same Almighty* who caused the universe to come into being and

> *set its physical parameters just precisely right to allow* the creation of stars, planets, heavy elements, and life itself. Without knowing its name at the time, I settled comfortably into a synthesis generally referred to as "theistic evolution," *a position I find enormously satisfying to this day*. (kursivering toegevoeg).

Aan die einde van sy behandeling van die *Biologos*-opsie bepleit Collins dat daar 'n einde sal kom aan die stryd en antagonisme tussen die kampe van wetenskap en materialiste aan die een kant en diegene wat geloof in God het aan die ander kant (2007: 211):

> Will we turn our backs on science because it is perceived as a threat to God, abandoning all the promise of advancing our understanding of nature and applying that to the alleviation of suffering and the betterment of humankind? Alternatively, will we turn our backs on faith, concluding that science has rendered the spiritual life no longer necessary, and that the traditional religious symbols can now be replaced by engravings of the double helix on our altars?
>
> Both these choices are profoundly dangerous. Both deny truth. Both will diminish the nobility of humankind. Both will be devastating to our future. And both are unnecessary. The God of the Bible is also the God of the genome. He can be worshiped in the cathedral or in the laboratory. His creation is majestic, awesome, intricate, and beautiful – and it cannot be at war with itself. Only we imperfect humans can start such battles. And only we can end them.

Collins se nederigheid in sy behandeling van kwessies oor wetenskap en diegene wat enersyds slegs materialistiese en reduksionistiese lewensbeskouinge het en diegene wat andersyds gelowig na die lewe kyk, blyk telkens in sy boek. Hy wys daarop dat baie gelowiges aangetrokke voel tot die Jong Aarde Kreasionisme (Young Earth Creationism) omdat hulle die vooruitgang in die wetenskap as 'n bedreiging vir God sien. Maar, vra Collins, is dit nodig dat God verdedig moet word? Is God dan nie die outeur van die kosmiese wette nie? Is God nie die grootste wetenskaplike, fisikus en bioloog nie? Baie belangrik, vir Collins, is die vraag of God geëer of onteer word deur diegene wat eis dat wetenskaplike bevindinge deur nougesette wetenskapbeoefening

geïgnoreer moet word deur God se mense. Geloof in ‘n liefdevolle God kan tog nie gebaseer word op ‘n fondament van leuens oor die natuur nie?, vra Collins (2007: 176).

Dit is opvallend hoedat Collins ander beskouinge waarvan hy verskil met eerlikheid, maar ook met deernis en respek hanteer. Aan die einde van hoofstuk 8 waarin hy die kreasionisme bespreek, sluit hy af met ‘n versoek: “Let me conclude this brief chapter, therefore, with a loving entreaty to the evangelical Christian church, a body that I consider myself part of ….” Hy gaan verder deur erkenning te gee aan die goeie werk wat dié kerkgroeperinge doen en hulle strewe om God as Skepper te bely en om aan die waarhede van die Bybel vas te hou. Voorts erken hy dat die kreasioniste korrek is deur te sê dat die wetenskap alleen nie al die antwoorde kan bied op die kwelvrae van die menslike bestaan nie en dat hulle ferm wil staan om die ateïstiese materialisme teen te staan. Maar dan volg Collins (2007: 178) se pleidooi: “But those battles cannot be won by attaching your position to a flawed position. To continue to do so offers the opportunity for the opponents of faith (and there are many) to win a long series of easy victories”. Collins (2007: 179) haal Benjamin Warfield, ‘n konserwatiewe Protestantse teoloog aan om sy punt verder te versterk:

> We must not, then, as Christians, assume an attitude of antagonism toward the truths of reason, or the truths of philosophy, or the truths of science, or the truths of history, or the truths of criticism. As children of the light, we must be careful to keep ourselves open to every ray of light. Let us, then, cultivate an attitude of courage as over against the investigations of the day. None should be more zealous in them than we. None should be more quick to discern truth in every field, more hospitable to receive it, more loyal to follow it, withersoever it leads.[44]

Collins bespreek sy eie reis van soeke na die waarheid en hoe hy daarby uitgekom het in die laaste hoofstuk getiteld *Truth Seekers*. Hy doen ‘n beroep op beide die gelowiges en niegelowige wetenskapsgemeenskap om die ander kamp nie as ’n bedreiging te sien nie, maar eerder die waarhede van beide die wetenskap en die

[44] Warfield 1970.

geloof raak te sien en te omhels. Aan die gelowiges rig hy hierdie dringende oproep (2007: 225):

> I do not mean by telling this story to evangelize or proselytize. Each person must carry out his or her own search for spiritual truth. If God is real he will assist. Far too much has been said by Christians about the exclusive club they inhabit. Tolerance is a virtue; intolerance is a vice. I find it deeply disturbing when believers in one faith tradition dismiss the spiritual experiences of others. Regrettably, Christians seem particularly prone to this. Personally, I have found much to learn from and admire in other spiritual traditions, though I have found the special revelation of God's nature in Jesus Christ to be an essential component of my own faith.

Hierdie selfde hoofstuk word afgesluit met vermanings aan die gelowige gemeenskap en ook aan wetenskaplikes onder die titels *An Exhortation to Believers* en *An Exhortation to Scientists.*

Aan die gelowiges (Collins 2007: 230):

> If God is the Creator of all the universe, if God had a specific plan for the arrival of humankind on the scene, and if He had a desire for personal fellowship with humans, into whom He had instilled the Moral Law as a signpost toward Himself, then He can hardly be threatened by the efforts of our puny minds to understand the grandeur of His creation.
>
> In that context, science can be a form of worship…. Yet all too often today scientists are uneasy about admitting their spiritual views. To add to the problem, church leaders often seem to be out of step with new scientific findings, and run the risk of attacking scientific perspectives without fully understanding the facts. The consequences can bring ridicule on the church, driving sincere seekers away from God instead of into His arms.

Aan wetenskaplikes vra Collins of daar hindernisse is wat hulle keer om nie skepties oor geloof te wees nie en om harmonie tussen die twee wêreldbeskouings op te soek (2007: 231, 232):

> Have you been concerned that belief in God requires a descent into irrationality, a compromise of logic, or even intellectual suicide? It is hoped that the arguments presented within this book will provide at least a partial antidote to that view, and will convince you that of all the possible worldviews, atheism is the least rational.
>
> Have you been turned off by the hypocritical behavior of those who profess belief? Again, keep in mind that the pure water of spiritual truth is carried in those rusty containers called human beings, so there should be no surprise that at times those beliefs can be severely distorted. Do not rest your evaluation of faith, therefore, on what you see in the behavior of individual humans or organized religion. Rest it instead on the timeless spiritual truths that faith presents.
>
> Are you distressed by some specific philosophical problem with faith, such as why a loving God would allow suffering? Recognize that a great deal of suffering is brought upon us by our own actions or those of others, and that in a world where humans practice free will, it is inevitable. Understand, also, that if God is real, His purposes will often not be the same as ours. Hard though it is to accept, a complete absence of suffering may not be in the best interest of our spiritual growth.
>
> Does this discussion of spirituality simply make you uncomfortable, because of a sense that recognizing the possibility of God might place new requirements on your own life plans and actions?.... I can testify that coming to a knowledge of God's love and grace is empowering, not constraining. God is in the business of release, not incarceration.

Die laaste deel van Collins se boek is 'n bylae met die titel *The Moral Practice of Science and Medicine: Biotethics.* In hierdie deel bespreek hy die etiese implikasies van navorsing ten opsigte van die DNS, stamsel en kloning, genetiese manipulasie en gevolglike menslike verbetering en watter rol geloof en die beginsels daarvan in die gesprek behoort te speel. Collins sluit hierdie bylae af met samevattende gedagtes oor die gesprek wat gevoer moet word oor die toepassing en etiek van hierdie deel van die wetenskap.

Die besluite wat geneem moet word, moet nie net by wetenskaplikes berus nie, skryf hy. Wetenskaplikes het ‘n honger daarna om die onbekende te verken en hulle morele sin is oor die algemeen nie minder of meer ontwikkel as dié van ander groepe nie, maar dit is onvermydelik dat daar ‘n botsing van belange mag ontstaan wanneer grense gestel word aan hulle navorsing deur niewetenskaplikes en daarom mag wetenskaplikes moontlik gegrief raak daardeur (Collins 2007: 270, 271). Dit is belangrik dat ander groepe en perspektiewe sal deelneem aan die debat oor hierdie soort navorsing en toepassing en dat dit met genuanseerdheid en ingeligtheid oor wetenskaplike feite sal geskied. Professionele bio-etici sal van mening wees dat gespreksgenote uit die groot wêreldgelowe nie ‘n deurslaggewende bydrae sal maak om die morele en etiese dilemmas van hierdie wetenskap op te los nie, volgens Collins, want etiese beginsels van outonomie, weldadigheid, nieskadelikheid en geregtigheid is belangrik vir beide gelowiges en niegelowiges. Maar Collins voeg ‘n ander perspektief by (2007: 271):

> On the other hand, given the uncertain ethical grounding of the postmodernist era, which discounts the existence of absolute truth, ethics grounded on specific principles of faith can provide a certain foundational strength that may otherwise be lacking. I hesitate, however, to advocate very strongly for faith-based bioethics. The obvious danger is the historical record that believers can and will sometimes utilize their faith in a way never intended by God, and to move from loving concern to self-righteousness, demagoguery, and extremism.

Collins vervolg ‘n entjie verder aan in sy boek (2007: 272):

> Difficult decisions arise when a conflict appears between the mandate to heal and the moral obligation to do no harm. But we have no alternative but to face those dilemmas head-on, attempt to understand all of the nuances, include the perspectives of all the stakeholders, and try to reach a concensus. The need to succeed at these endeavors is just one more compelling reason why the current battles between the scientific and spiritual worldviews need to be resolved – we desperately need both voices to be at the table, and not to be shouting at each other.

**Opmerkings**

Collins beskou die prestasie wat behaal is met die kartering van die menslike genoom as "both a stunning scientific achievement and an occasion of worship" (Collins 2007: 3). Wanneer die omvang en grootsheid van wat vermag is en begryp word, is dit rede vir ontsag en verwondering. Ook die menslike prestasie in die wetenskap ontlok hierdie emosie. Dit kan met reg vanuit gelowige perspektief beskou word as 'n vorm van aanbidding aangesien ons glo dat God ook betrokke is by die wetenskap van die wêreld.

Op Robert Jastrow se stelling dat die oorsprong van die heelal en die skeppingsverhaal van Genesis in breë ooreenstem, reageer Collins soos volg (Collins 2007: "I have to agree. The Big Bang cries out for a divine explanation" (Collins 2007: 67). Die Oerknal-teorie is al talle kere bevestig deur wetenskaplike waarnemings en metings van die kosmiese mikrogolfagtergrondstraling. Vanuit suiwer natuurwetenskaplike perspektief kan dit met reg as 'n wonder beskou word. Nie in die konteks van bonatuurlikheid nie, maar dat dit 'n verbysterende verwikkeling is wat 'n mens verstom laat en 'n gevoel van ontsag laat – die fenomeen kan wetenskaplik en wiskundig beskryf word en dit laat die waarnemer met verwondering. Daar moet egter gewaak word daarteen om te beweer dat die Oerknal 'n bewys van God se bestaan is en die Bybel legitimeer.

Vir die gelowige mag die Oerknal beskou word as 'n aanduider (Engels = *pointer*) van God se betrokkenheid en dat dit ooreenstem met die gelowige belydenis dat God die skepper is van die heelal, maar dit bly uiteraard net 'n geloofsbelydenis, hoe grondig dit ook mag wees vir die gelowige. Gekombineer met die wetenskaplike waarneming en die geloofsbelydenis van 'n Goddelike oorsprong, bly die Oerknal en die verloop van die res van die kosmiese evolusie 'n onderwerp van verwondering en ontsag.

Collins raak duidelik in vervoering as hy die omvang en implikasie van evolusionêre ontwikkeling en die DNS se rol daarin verduidelik (Collins 2007: 85-107). Verwondering en ontsag neem toe wanneer die onderliggende wetenskap van natuurverskynsels verstaan word. Dan kan maklik daaraan uitdrukking gegee word word met beskrywende selfstandige en byvoeglike naamwoorde soos *glorious beauty, marvellous, deeply satisfying, aesthetically appealing, artistically sublime* soos

Collins dit verwoord. Afrikaanse ekwivalente sal wees glansryke/heerlike skoonheid, wonderbaarlik, diep bevredigend, esteties aantreklik, kunstig verhewe.

Ten opsigte van die rol van die DNS in die evolusionêre ontwikkeling van die mens en dat die mens teenoor ander gekompliseerde lewensvorme nog soveel verder ontwikkel het, merk Collins (2007: 140) die volgende op:

> At this point, godless materialists might be cheering. If humans evolved strictly by mutation and natural selection, who needs God to explain us? To this, I reply: I do…. Freeing God from the burden of special acts of creation does not remove Him as the source of the things that make humanity special, and of the universe itself. It merely shows us something of how He operates.

Collins se erkenning van die evolusionêre proses van lewe en veral dié van menslike lewe blyk uit hierdie stelling. Die verwondering kry nog meer diepte en rykdom deur dit met God as oorsaak te verbind en die onderskeidende kenmerk van moraliteit wat aan die mens verbind word.

Wanneer Collins verskillende standpunte ten opsigte van wetenskap en geloof bespreek, draai hy nie doekies om met kritiek op ander wêreldbeskouings se argumente vir die afwysing van God se bestaan nie, maar tog wil hy versoenend wees en wil sy gehoor oortuig om ruimte te maak vir beide wetenskaplike en spirituele beskouinge

in dieselfde lewensbestaan van die mens. Sy hantering van die gesprek verloop sonder beledigings of om bespotlik te maak, terwyl hy eerlik is en op die man af. Sy optrede getuig van nederigheid wat gepas is by ‘n Christelike lewenshouding en in sy geval getuig dit ook van ‘n waardigheid.

Die feit dat Collins uit sy weg gaan om ‘n versoening te bewerkstellig tussen die nie-gelowige gemeenskap aan die een kant en die gelowige gemeenskap aan die ander kant, getuig iets van die nederigheid waarmee hy sy wetenskap en ook die breër gemeenskap benader. Hy wil nie ‘n heethoof wees met die ingesteldheid van “ons alleen is reg en julle is verkeerd” nie. In beide kampe is daar waarheid. Iets van sy verwondering skemer ook deur te bely dat die God van die Bybel is ook die God van die genoom. Die ontsag vir die skepping blyk weer eens uit sy beskrywende woorde

soos “majestic”, “awesome”, “intricate”,”beautiful”. Sy pleidooi “only we can end them” (die “battles” tussen godsdiens en wetenskap) het ‘n weerklank van innigheid, opregtheid en dringendheid. Dit is duidelik dat die versoening tussen en bevordering van wetenskap en geloof swaar op Collins se hart lê.

Die deernis en respek deur Collins blyk duidelik in sy pleidooi met woorde soos “*loving entreaty”* (Collins 2007: 178). Sy erkenning van die “evangelicals” se goeie werk en geloofstrou getuig van ‘n nederigheid by hom wat pas by ‘n gelowige. Die oproep om verskille met ander nie met veglustigheid uitdrukking aan te gee nie, is ‘n beroep op hulle nederigheid om die verskille te bespreek en oordink. Warfield se oproep (Collins 2007: 179) dat gelowiges nie antagonisties moet wees nie en ontvanklik moet wees vir waarhede wat in ander wetenskaplike velde bewys word, toon duidelik die ingesteldheid van nederigheid en respek wat eie behoort te wees aan die gelowige.

Collins doen ‘n dringende beroep op die geloofsgemeenskap om meer verdraagsaam te wees teenoor die wetenskap en hulle bevindinge en om meer akkommoderend te wees teenoor ander geloofstradisies. Sy ontsteltenis blyk duidelik oor die onverdraagsaamheid wat gelowiges demonstreer wanneer hy skryf (2007: 225):

> I find it deeply disturbing when believers in one faith tradition dismiss the spiritual experiences of others. Regrettably, Christians seem particularly prone to this. Personally, I have found much to learn from and admire in other spiritual traditions, though I have found the special revelation of God’s nature in Jesus Christ to be an essential component of my own faith.

Hy erken die waarde van ander geloofstradisies, maar erken sy lojaliteit aan sy Christelike tradisie. Ook bepleit Collins dat die kerk op hoogte sal wees van wat die wetenskap leer en so voorkom dat die kerk bespotlik sal wees deur haar onkunde. Uit hierdie pleidooi en vermaning aan gelowiges blyk Collins se nederigheid, versoenende ingesteldheid en dat hy dit kan doen met waardigheid sonder aggressie en belediging. Die saak van God en ‘n lewe toegewy aan God word nie gedien en bevorder deur hardvogtigheid, kortsigtigheid en kleinlikheid nie.

Collins benader wetenskaplikes se skeptisisme, huiwering, vooroordele en aversie teenoor geloof met begrip (Collins 2007: 231, 232). Sy woordgebruik is respekvol en vertoon deernis met hulle posisie en beskouing ten opsigte van materiële en spirituele gesigspunte. Daar is geen sprake van belediging nie. Oor sy eie geloofsbeskouing bly

hy nederig en ook erkentlik oor die tekortkominge van sy geloofstradisie en geloofsgenote.

Ten opsigte van die debat en gesprek tussen wetenskap en godsdiens oor die toepassing en etiese implikasies van wetenskap, bepleit Collins ‘n kalm, genuanseerde en weldeurdagte gesprek van beide kante. Collins betoon respek en begrip vir beide kampe se kennis, ervaring en sentimente en wêreldbeskouinge. Alle perspektiewe en insigte is noodsaaklik – met ander woorde inklusiwiteit is belangrik. Die versoenende benadering van Collins bly steeds duidelik. Ook die erkenning dat daar uit die kring van die gelowiges dikwels heethoofde is wat met arrogansie en eiegeregtigheid optree, en die gevolglike huiwering wat hy het om gelowige mense te betrek in die gesprek getuig van Collins se beskeidenheid en realisme. Aan die anderkant word erkenning gegee aan die feit dat die niegelowige gemeenskap ook moreel dink en optree.

Die respek, erkentlikheid en begrip waarmee Collins die gesprek hanteer en bemiddel getuig van ‘n nederige lewensingesteldheid.[45]

---

### 2.1.9 Marcus J. Borg: *Days of Awe and Wonder. How to be a Christian in the 21st Century* (2017)

Marcus Borg was ‘n Episkopaalse teoloog in die VSA en ‘n Hundere buitengewone professor in Nuwe Testament verbonde aan die *Oregon State University* en het veral gespesialiseer in die navorsing oor die historiese Jesus. Hy het ook meegewerk aan die Jesus-Seminaarprojek en talle boeke as skrywer en mede-skrywer het uit sy pen verskyn asook enkele hoofstukke in ander publikasies. Sy laaste boek, *Days of Awe and Wonder. How to be a Christian in the 21st Century*, het eers twee jaar na sy dood

[45] Die respek vir ander standpunte en kalmte waarmee Collins gesprekke en debatte hanteer blyk ook in talle televisie-opnames met bekende teenstanders van geloof en godsdiens soos byvoorbeeld met Richard Dawkins.

verskyn. Dit is ‘n bundel van vorige geskrifte wat in vorige boeke deur hom geskryf is asook ongepubliseerde werke deur hom.

In die tweede hoofstuk van sy boek gee hy ‘n preek weer wat hy per geleentheid gelewer het en dit het gehandel oor die geloofsreis wat Abraham uit Haran na Kanaän aangepak het en pas dit toe op die Christelike lewe van vandag*:* “the Christian life as a journey and the role of faith in that life” (Borg 2017: 18). Borg verduidelik verder hoedat die begrip “geloof” in die afgelope paar eeue verwring geraak het en beskryf verder wat die begrip in die Bybelse tyd werklik ingehou het. Hy maak Abraham se geloofsreis ‘n realiteit vir gelowiges vandag (Borg 2017: 26):

> Faith is thus about setting out on a journey like Abraham’s in a posture of trust, seeking to be faithful to the relationship we are called into. We are invited to make that journey, that journey of faith, in which we learn to trust our relationship to God, learn to be faithful to that relationship, and learn to see in a new way. *We will be led in that journey into an ever more wondrous and compassionate understanding of our lives with God. Indeed, if this is not what life is about, namely, growth and wonder and compassion, then I don’t know what it is about.* (kursivering toegevoeg).

In die voorwoord van hierdie boek bring Marianne Borg, die eggenote van Marcus Borg, hulde aan die skrywer en bied ook ‘n oorsig van die inhoud en intensie van die boek. Sy skryf dat gegewe die dubbelsinnighede, tydelikheid en lyding van die lewe, is ons bestaan tog wonderbaarlik en merkwaardig. Dit ontlok ontsag en verbasing. “We need to pay attention. Really pay attention. Lest we become blind to the awe and wonder that fills our days” (Borg 2017: xi, xii).

Sy verwys na ‘n belangrike tema wat Marcus Borg behandel in sy boek, naamlik ‘n lewenswyse ("way of life”) wat volhoubaar is in die moderne tyd met sy wetenskaplike deurbrake en insigte. Dit is ‘n weg van deernis. Sy skryf (Borg 2017: xiii):

> We have unprecedented realms of knowledge and information at our disposal, medical advances, scientific discoveries, including the ubiquitous neutrino, the superhero of the subatomic particle world that prefers matter over antimatter. This is hopeful. *Ours is a time of awe and wonder of a magnitude not known before”* (kursivering toegevoeg).

Marianne Borg rig ook ‘n waarskuwing dat die mens ongekende vermoë het om selfvernietigend te wees vir die mensdom en die planeet. Wat ons nou doen, maak saak. In hierdie konteks is Christen-wees in die 21e eeu belangrik omdat dit ‘n visie, hoop en ‘n weg bied. In Nuwe Testamentiese taal word dit die “koninkryk van God” genoem en dit is in hierdie konteks wat hierdie boek van Marcus Borg se geskrifte saamgestel is.

In hoofstuk 7 van sy boek behandel Borg die vraag van ‘n e-posskrywer of Jesus God is al dan nie. Hy antwoord onomwonde: nee, en nie eers die Nuwe Testament sê dit nie (Borg 2017: 113). Daar is uitdrukkings soos Woord van God, Seun van God, die Messias en so meer, maar nooit word Jesus geïdentifiseer of gelykgestel met God nie. Om te sê dat Jesus God is, gaan verder as wat die Nuwe Testament oor Jesus verklaar en dus is dit meer as Bybels. Jesus is die geïnkarneerde Woord, maar nie die onliggaamlike Woord (“disembodied”) nie. Borg beskou Jesus as een van die mees merkwaardige (“most remarkable”) mense wat ooit geleef het (2017: 114, 115):

> …what we see in Jesus is a human possibility. That’s what makes him so remarkable. If he was also divine, then he’s not all that remarkable. If he had the knowledge and power of God, he could have done so much more. Christian language about the exalted status of Jesus – as the Word of God, the Son of God, the Messiah, and so forth – is testimony, witness: this is who Jesus became and who he is in Christian experience, life, and thought. This is who he is for those of us who are Christians.

Borg deel verdere gedagtes met die skrywer van die e-posbrief (2017: 119):

> A final reflection question: What is added to the story of Jesus by thinking that he was God and therefore could do spectacular deeds that no one else could or can? Does his story gain meaning? Or is something lost? Was Jesus extraordinary because he was God? Or was he extraordinary because he was an utterly remarkable human being, one of us?
>
> Rather, in John’s language, he was the ‘Word become flesh’. He revealed what can be seen of God in a human life – and that means within the limitations of human life…. he is the ‘image (*ikon*) of the invisible God’ (Col. 1:15). He shows us what God is like – reveals God’s character and passion.

Elders skryf Borg in die hoofstuk getiteld *Taking Jesus Seriously* dat Jesus is vir ons as Christene “the decisive revelation of what a life full of God is like…. The human Jesus is the Spirit of God embodied in human life. In short, the meaning of all the statements about Jesus shows us what a life full of God is like” (Borg 2017: 122). Borg (2017: 122) verwys na Albert Nolan, Suid-Afrikaanse Jesus-geleerde wat per geleentheid gesê het: “Jesus is a much underrated man. When we deprive him of his humanity, we deprive him of his greatness”[46]

Hoofstuk 11 het die titel *Healing Our Image of God* en Borg begin met die vraag “What is the character of your God?” (Borg 2017: 149). Hy skryf dat die karakter van God te doen het met die aard van God (“the nature of God”) en dat dit dieper gaan as bloot die wil van God, want wil spruit voort uit karakter. Hy vra: Wat is God se karakter? Waaroor is God begaan? Wat is God se passie? Ons persepsie van God word dan weergegee deur ons beelde van of metafore oor God. Hierdie beelde van God maak saak, want hulle beïnvloed hoe ons die karakter van God beskou en beleef. Borg bespreek dan twee primêre beelde van God wat deurgaans in die Christen-wêreld figureer sedert die begin van die Christelike geskiedenis en beide is aktief in die kontemporêre kerk (Borg 2017: 149, 150).

Die eerste beeld of model is dié van God as die wetgewer en regter en wat ons ook liefhet. As regter is God die een wat die wet afdwing en daar sal eendag oordeel wees. Selfs al het God ons lief, is daar wel voorwaardes: was ons goed genoeg gewees?, was ons berou opreg genoeg?, het ons in Jesus geglo? Dus, al het God ons lief bly die stelsel van vereistes in plek. Borg noem hierdie model die “monarchical model of God” omdat dit afgelei is van die Bybelse metafoor wat God as heer en koning voorstel. Hierdie beelde van God as wetgewer en regter het sekere uitwerkings op die Christelike lewe: 1) Die monargale God is ‘n God van vereistes en die Christelike lewe is een wat opgewasse moet wees. 2) ‘n Onderskeid word gemaak tussen die in-groep en die uit-groep – hulle wat opgewasse is en diegene wat nie is nie. Dié wat gered is en dié wat nie is nie. 3) Hierdie God is ‘n God van wraak wat diegene wat nie opgewasse is nie, gaan bykom. 4) Hierdie God fokus ons aandag op ons eie

[46] Nolan 1976.

persoonlike redding eerder as om ons te bevry van ons selfbeheptheid deur seker te maak dat ons gedoen en geglo het wat ons veronderstel is om te doen.

Daar is ‘n tweede model wat Borg voorhou (2017: 154-157). Hy noem dit die “divine-lover” model (wat hier vertaal word as die “liefhebber-God”) en hierdie model is diep gewortel in die Bybelse tradisie – beide die Ou en Nuwe Testament. In Jesus sien ons die beliggaming van God, die liefhebber en wanneer God só gesien word, verander dit die dinamiek van die Christelike lewe dramaties. Ons is kosbaar en geëerd vir God en God hunker na ons; ons is God se geliefdes. Borg haal Roberta Bondi, teoloog van Candler School of Theology, Emory Universiteit, aan uit een van haar boeke: “God is besotted with us.”[47] Borg reageer soos volg hierop:

> For just a moment think how your life would be different if you knew, at the deepest level of your being, that God is besotted with you, yearns for you, yearns that you turn and be in relationship with God as the beloved of God (Borg 2017: 155).

Borg waarsku dat daar ‘n gevaar bestaan in die liefhebber-God model deurdat dit te individualisties en sentimenteel kan raak waar die fokus te veel geplaas word op die self. Die beeld van God as liefhebber hou God voor as een wat almal liefhet en nie net ‘n besondere individu nie. God die liefhebber gee om vir die konkrete wêreld en die besonderhede van die lewe. Borg (2017: 156) skryf:

> As lover, God is liberating. This is the central theme of the most important story that ancient Israel new, the story of the exodus from Egypt, which meant liberation from an oppression that was simultaneously economic, political, and religious. Images of God as liberator continue through Israel’s history and into the New Testament. It is not God’s will that we be slaves in bondage, whether internally or externally.

Verdere karaktertrekke van God wat deur Borg belig word uit die Bybelse tradisie is dat God as liefhebber deernisvol is en ook passievol oor sosiale geregtigheid. Deur sosiale geregtigheid word die mens en die niemenslike deel van die wêreld se welwese bereik (Borg 2017: 156, 157).

---

[47] Bondi 1996.

Afhangende van watter model beklemtoon word om God se karakter uit te beeld, sal die Christelike lewe ook verskillend beleef word (Borg, 2017: 157). Dan kom die appèl deur Borg op die Christen se etiek:

> Is it about meeting requirements so that we might be saved someday, or is it about a relationship in the here and now with God as lover? The ethical imperative that goes with each is quite different. For the monarchical model the ethical imperative is, 'Be good, because you will be called to account. There will be judgement.' For the divine-lover model the ethical imperative is, 'Love what God loves.' So what is the character of your God?

In Borg se teologie is die saak van transformasie van groot belang. Dit word telkens aangeroer vanuit verskillende gesigspunte wanneer hy sy verstaan van die Joods-Christelike tradisie en die sentralisering van God in die mens se lewe belig en beklemtoon. "The Christian life is about centering in God, *and* it is about social transformation." (Borg 2017: 162). Hy wy 'n hoofstuk aan die onderwerp *Living God's Passion* (Borg 2017: 161-176) en dan verduidelik hy wat God se passie is en dat dit ook die mens se passie moet wees.[48] God se passie word van kennis geneem in die Bybel en deur – om Borg se woorde te gebruik – "Jesus, the decisive disclosure of God." Hy beskryf die sosio-politiese wêreld van die Bybel: polities onderdrukkend; ekonomiese uitbuiting; mag wat deur godsdiens gelegitimeer word, en kroniese geweld as gevolg van oorlog. Hierdie toestand kan in een term uitgedruk word, naamlik 'n *oorheersingsisteem* ("domination system").

Die uittog-verhaal is Israel se grondnarratief en as oorsprongsverhaal beskryf dit hoedat Israel bevry is van ekonomiese en politieke knegskap en die verwesenliking van 'n alternatiewe gemeenskap sonder monargie en 'n passie vir ekonomiese geregtigheid soos wat dit in hulle wette verwoord is. Die profete wat die tweede hoofdeel van die Ou Testament uitmaak, was ook die woordvoerders van God se passie en droom vir die wêreld, naamlik geregtigheid en vrede en daarom lewer hulle kritiek en kommentaar op die oorheersende en uitbuitende stelsel. Die sentrale saak

[48] Borg verduidelik dat "passie" in hierdie konteks nie verstaan moet word as lyding nie (in Engels word gepraat van die "passion of Christ" verwysend na die lydenstyd van Jesus). Borg gebruik die woord "passie" in die konteks van "waaroor is jy passievol?" of "wat is jou passie in die lewe?" Op God toegepas kan gevra word "Wat is God se passie? Wat is God se droom vir die aarde?" (Borg 2017: 164)

waaroor dit gaan, skryf Borg, is ekonomiese geregtigheid – veral uitdelende geregtigheid ("distributive justice") waar almal genoeg sal hê. In Borg se woorde (2017: 167, 168):

> My point is, God's dream for a world of peace is a world in which everybody has what they want for a good life…. So what's the dream of God according to the Jewish Bible? Very simply, a world of compassion, justice, and peace. Compassion and justice, I want to underline, are intrinsically related. Justice is the social form of compassion, and compassion is the heart of justice. This is a political vison. More precisely, it's a theopolitical vision – not theocratic, but theopolitical. It's about politics in the most important sense of the word, about shaping of society, the shaping of the social world in which we live. This theopolitical vision continues in Jesus in early Christianity.

Jesus as beslissende openbaring van God vir Christene het hierdie passie van God kom demonstreer en verkondig. Jesus se passie was tweërlei: God (omdat Jesus in 'n God-deurdrenkte tradisie opgegroei het) en die koninkryk van God. Jesus se boodskap was tegelyk 'n uitnodiging en imperatief om 'n lewe te voer wat radikaal in God gesentreer is. "The kingdom of God is for the earth; the idea that the kingdom of God is about an afterlife is a very unfortunate notion…. Put very simply, the kingdom of God is what life would be like on earth if God were king and the rulers of the domination systems of this world were not." (Borg 2017: 168, 169)

Borg som die essensie van hierdie hoofstuk op (2017: 172):

> A simple summary: for Christians, God's passion is that we center in God as known in the Bible and Jesus, that we be compassionate, and that we seek justice."

Borg skryf verder (2017: 175, 176):

> To bring this to a close, ultimately it seems to me the Christian message is simple. We have sometimes made it so complex with our tendency toward overprecision in matters of doctrine, attempts at great clarity, and all of that. It's so simple. Ground yourself in God, center in God. It is the way of life. It

> is the way of empowerment. Participate in God's passion, participate in God's dream. Love the world as God loves the world, and change the world.

Hoofstuk 16 van sy boek is 'n preek wat hy gelewer het by die Calvary Episcopal Church in Memphis in die Verenigde State. Die preek het die opskrif *Listening for the Voice of God* (Borg 2017: 227). Borg merk op dat aan die begin van Jesus se openbare optrede met sy doop is die stem van God deur Jesus gehoor by sy doop: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek my." (Markus 1: 11). Naby aan die einde van Jesus se lewe, aan die begin van sy lydensweg vind die verheerliking op die berg plaas en die dissipels hoor God se stem: "Dit is my geliefde Seun. Luister na Hom." (Markus 9: 7).[49] Borg verduidelik dat die verskynsel van die Goddelike stem in die Joodse tradisie is die בַת קוֹל, wat hy letterlik vertaal as "the daughter of a sound". Ook in 1 Konings 19: 12 hoor Elia God se stem: קוֹל דְמָמָה דַקָּה wat weer eens deur Borg letterlik vertaal word as "sound of thinnest silence" (Borg 2017: 228). Hiermee wys Borg op die bykans onhoorbare fluistering van God se stem wat buite die grense van spraak beleef word. Dit kan dalk gehoor word in ons drome of in die minder dramatiese gebeurlikhede van ons lewe. Borg verwys na 'n kontemporêre Christen-skrywer, Frederick Buechner wat skryf (2017: 229):

> Listen to your life. Listen to what happens to you, because it is through what happens to you that God speaks. It's in language that's not always easy to decipher, but it's there, powerfully, memorably, unforgettably.[50]

Borg is nugter oor God se stem in die alledaagse en dink nie dat alles wat met ons gebeur God se manier is om ons aandag te trek nie. "It's more sacramental than that. Rather, in, with, and through the events of our lives, we are being addressed by God." God praat soms met ons deur die Bybel en deur die liturgiese seisoene van die kerklike jaar. "Indeed that's one of their central purposes", skryf hy (Borg 2017: 230).

Met verwysing na Jesus na wie geluister moet word (Markus 9:7) meen Borg dit beteken onder meer om hom te volg op die weg wat lei na Jerusalem wat vir Borg 'n

---

[49] Die Bybel Nuwe Vertaling, Derde druk, 1984

[50] Buechner 1992.

belangrike metafoor is as ‘n weg van transformasie: ‘n plek van afsterwe, maar ook ‘n plek van opstanding in ‘n nuwe lewe (Borg 2017: 230).

> Listen to Jesus. Listen to the way that he teaches, and follow him on this journey of Lent, with its climax in our participation in Good Friday and Easter, with its climax in our dying with Christ and being born again into life in God (Borg 2017: 236).[51]

**Opmerkings**

Borg sê na aanleiding van Abraham se geloofsreis: “We will be led in that journey into an ever more wondrous and compassionate understanding of our lives with God. Indeed, if this is not what life is about, namely, growth and wonder and compassion, then I don’t know what it is about” (Borg 2017: 26). Die moontlikheid om ‘n lewensreis met God te kan onderneem is iets om oor verwonderd te wees. Dit is ‘n wonder dat ons bewus wees kan wees van God en dat deur die lewensreis met God ons God beter kan leer ken en wat God se wil vir die mens is.

Sy eggenote, Marianne Borg, skryf in die voorwoord: “We need to pay attention. Really pay attention. Lest we become blind to the awe and wonder that fills our days…. Ours is a time of awe and wonder of a magnitude not known before” (Borg 2017:xi, xii) na aanleiding van wetenskaplike prestasie in ons tyd. Ons bestaan is ‘n wonder en rede tot verwondering en daarom moet ons nie blind wees vir die wonder van alles wat bestaan nie. Hierdie openheid vir verwondering in ‘n tydvak van wetenskaplike en tegnologiese prestasie (en die menslike aktiwiteit van wetenskapbeoefening is opsigself ‘n rede tot verwondering) behoort ons ook tot ‘n ingesteldheid van deernis te bring. Met die aanskoue van die wonder van die wêreld (in sy breedste en engste sin) behoort die mens tot ‘n nederigheid te bring – ook hoe gering die mens is in die groter bestel van dinge. Só ‘n nederigheid is goeie teelaarde vir ‘n ingesteldheid van deernis teenoor medemens en omgewing. Hierdie is tipiese koninkrykstaal van die Bybel en veral van Jesus.

Borg ontken die godheid van Jesus en beklemtoon sy menswees en dit maak sy boodskap en optrede as deernisvolle mens iets wat God weerspieël en dit maak Jesus

[51] Wanneer Borg die begrip “born again” gebruik, gaan dit veral by hom oor die proses van transformasie in denke en lewenswyse.

en sy boodskap meer geloofwaardig. Om Jesus te sien as as die menslike moontlikheid (human possibility) en die beslissende openbaring van God (vir Christene) maak hom ‘n uitsonderlik merkwaardige mens waaroor jy jou kan verwonder en vir wie jy en waarvoor hy staan kan bewonder (vgl. Borg 2017: 113-119). Dit maak hom selfs navolgenswaardig. In ‘n sekulêre en materialistiese wêreld wat baie gefokus is op wetenskaplike en tegnologiese verstaan van die lewe, kan hierdie soort herkenning en erkenning van Jesus as geloofwaardig en relevant wees, die gevolg hê dat die Christelike etiek meer relevant en geloofwaardig kan wees.

In die konteks van die evolusionêre ontwikkeling van die mens, resoneer die merkwaardigheid van Jesus soos ons hom leer ken in die Evangelies met hierdie wetenskaplike gegewendheid van die evolusie. Die ontwikkeling van die mens op fisiologiese, emosionele, spirituele en morele vlak is ‘n sterk motivering tot verwondering en dit word deur baie aanvaar dat hierdie verwikkeling teleologies vertolk kan word. Ek is van mening dat Jesus, in die Christelike tradisie en in die woorde van Borg as “decisive revelation of God” vir Christene, ‘n merkwaardige en navolgenswaardige mens was wat kom demonstreer het hoe ‘n mens van God, *Homo Sapiens Imago Dei*, kan wees. As dit vir Jesus, die volledig, volwaardige mens, moontlik kan wees, kan dit vir die 21e eeuse mens ook moontlik wees. Dit is ‘n rede tot verdieping en verwondering!

In hoofstuk 11, “Healing our Image of God”, bespreek Borg die beelde wat die kerk van God het (Borg 2017:149-159). Die bedoeling van sy boek is (net soos al sy boeke, navorsing en bediening) om ‘n meer geloofwaardige en skrif- en tradisiegetroue geloofsbelewing van God en gevolglike lewenstyl en ingesteldheid te kweek en bevorder.[52] Só ‘n lewe word grootliks beïnvloed deur die Godsbegrip wat die gelowige het. Die liefhebber-God model (*divine lover* in Borg se woorde, Borg 2017: 154-157), glo hy, is ‘n verkieslike model en sal by implikasie meer toeganklik wees vir die tyd waarin ons leef. Om God só te sien en beleef, is iets om oor verheug en dankbaar te

---

[52] Marcus Borg hanteer die Bybel vanuit, wat hy beskryf as ‘n “historical-metaphorical” metode soos blyk uit sy boek *Reading the Bible Again for the First Time. Taking the Bible Seriously but not Literally*, 2001. In ‘n hedendaagse wêreld waar wetenskap, tegnologie en ekonomie so prominent is, het ‘n histories-metaforiese skrifuitleg groot waarde om teologie en betekenis steeds relevant te maak. Die boodskap en diep waarhede oor God en die menslike toestand wat in die Bybel lê, het steeds geldigheid vir die wêreld vandag, maar dan moet die Bybel reg gebruik word. Wanneer die diep waarhede deur histories-metaforiese skrifgebruik blootgelê word, kan die hoorder en leser ook deur ‘n diepe verwondering daaroor geraak word.

wees en wat ‘n mens met verwondering kan vervul. Die betekenis van só ‘n Godsbegrip is veel ryker en dieper en meer relevant vir die menslike toestand (*human condition*) en sal ‘n meer geloofwaardige en relevante Christelike lewe teweeg bring vir die 21e eeu. Om met die liefhebber-model te werk, het die potensiaal om groter verantwoordelikheid, sensitiwiteit en verwondering te kweek by die mens ten opsigte van medemens en omgewing. Oor só ‘n Godsbegrip kan mens verwonderd wees en aangespoor word tot deernis, geregtigheid en nederigheid teenoor die wêreld. In ons onmiddellike kosmiese omgewing is die aarde ‘n unieke plek wat lewe en intelligente lewe toelaat. Dat dit gebeur het en steeds gebeur, verstom ons. Daar is tot dusver geen ander planeet bekend aan ons wat soortgelyk is nie. Vanuit ‘n geloofsblik erken ons God se welwillendheid daarin en dit moet ons dankbaar, sensitief en verantwoordelik laat om met mens en omgewing met sorg en bedagsaamheid om te gaan.

Vir Borg is dit belangrik dat die Christelike boodskap in die 21e eeu relevant en geloofwaardig sal wees en daarom is dit belangrik dat die tekste van die Bybel reg verstaan sal word. Hy wil waarsku teen ‘n verskraling van die Bybelse boodskap en bepleit ‘n dieper en ryker verstaan en uitlewing van die oproep van die Bybel. Relevansie en geloofwaardigheid van die Christelike boodskap lê in deernisvolle en geregtigheidsoekende uitlewing en dit is essensieel God se aard en droom/passie vir die wêreld.

Eintlik is die Christelike boodskap eenvoudig. Dit gaan nie net oor eie welsyn en saligheid nie, maar wel oor die welsyn van die gemeenskap waar almal met welwese kan leef en waar almal genoeg sal hê om met kwaliteit te kan leef, skryf Borg (2017: 167, 168). Dit is ook waar van die welsyn van die omgewing. Die eenvoud hiervan is treffend en gryp mens aan die hart en laat mens verwonderd. Kompleksiteit in die materiële wêreld kan ‘n mens inderdaad met verwondering vervul, maar eenvoud kan dieselfde effek hê omdat dit ‘n eenvoudige en diepliggende waarheid en wysheid bevat wat oor millenia heen al beproef is en as waar bevind is. ‘n Mens kan, diep onder die indruk van hierdie eenvoud en wysheid, tereg vra “Is dit hoe God eintlik is?” Is dit waaroor dit eintlik gaan?” en dan hernude waardering en ontsag vir God ervaar en wat God wil vir hierdie wêreld.

Die preek, *Listening for the Voice of God* deur Borg vir die gemeente Calvary Episcopal Church, Memphis (Borg 2017: 227), het ‘n opvallende woordjie, naamlik “*for* the voice” en nie “*to* the voice” nie. Om te luister “vir” hou in dat daar ‘n verwagting is dat iets later gehoor sal word, met ander woorde die waarnemer is attent daarop en ontvanklik daarvoor. Wanneer dit, wat later waargeneem moet word, dan uiteindelik waargeneem word, word daar “na” geluister – dit word in die aksie beleef.[53] Wat hier ter sake is, is dat daar ‘n ‘n ontvanklikheid sal wees om God se stem te hoor of bewus te wees van God se teenwoordigheid in die alledaagse verloop van die lewe. ‘n Mens sou tereg kan sê dat vir die gelowige die ervaring van verwondering ‘n “luister” en “sien” is van God se stem en daad in soveel verskillende manifestasies: die kunste, musiek, tegnologie, die natuur en medemenslikheid.

In ‘n tyd van wetenskaplike prestasie en fokus op die materiële kan dit vir mense oorweldigend wees met die gevolg dat die spirituele werklikheid verdof kan raak omdat alles empiries verklaar kan word. Maar dit is steeds moontlik en noodsaaklik om bewus te wees van God se teenwoordigheid. Dit kan in baie aspekte van die wêreld en die lewe ervaar word en ‘n mens moet daarvoor sensitief wees. Net soos wat dit beleef kan word deur die lees van die Bybel, die liturgie, gebed en nadenke, kan ook deur die wêreld se fenomene God se stem gehoor word. Vir die Christen is Jesus en dit wat Jesus geleer het, waarvoor hy gestaan en gedemonstreer het, die duidelikste stem van God waarna geluister moet word. Hierdie luister na God se stem deur verskillende kanale behoort transformasie op persoonlike en sosiale vlak teweeg te bring wat die Christen, sy geloof en sy lewenswyse geloofwaardig sal maak. Indien gefokus word op Jesus se lewe van deernis en geregtigheid (wat ook God se fokus is) eerder as om klem te lê op sy wonderwerke, word sy lewe en boodskap meer relevant en geloofwaardig in ‘n wêreld waar soveel verklaar kan word deur die wetenskap. Só ‘n begrip van God se teenwoordigheid en betrokkenheid in die wêreld kan en behoort verwondering, ontsag en gepaardgaande nederigheid in die hand te werk. Dan kom wetenskap en spiritualiteit in ‘n sinvolle geheel bymekaar uit.

---

[53] Die onderskeid tussen “listen for” en “listen to” word verduidelik op die webtuiste Wordreference.com, https://forum.wordreference.com/threads/listen-to-or-for.54741/#:~:text=Listen%20to%3A%20to%20pay%20attention,will%20notice%20a%20particular%20sound.

### 2.1.10 Barbara Fiand: *Awe-filled Wonder. The Interface of Science and Spirituality* (2008)

Barbara Fiand is ‘n Rooms-Katolieke Suster verbonde aan die *Sisters of Notre Dame de Namur* wat ‘n welsynsorganisasie is in die VSA en verskeie gemeenskapsdienste lewer soos onderwys, pastorale sorg, hulpverlening aan immigrante en vlugtelinge en betrokkenheid by geregtigheid- en vredesinisiatiewe. Fiand is ‘n *retreat*-leier, skrywer en dosent. Hierdie boekie is die inhoud van ‘n lesing wat sy gelewer het in 2008 vir die jaarlikse Madeleva-lesing by die St. Mary’s College in Notre Dame, VSA. Die onderwerp van die lesing het gehandel oor die toenemende belangrikheid van die konneksie tussen wetenskap en spiritualiteit.

Sy begin deur die leser te wys op die positiewe implikasies van hedendaagse ontdekkings op wetenskaplike terrein deurdat dit hoop skep en met vreugde aanvaar kan word. Dit bied geleenthede om versoeners en genesers te word van die mensheid wat verdeeld geraak het teen homself en sy omgewing en die omgewing word ernstig bedreig deur hierdie verdeeldheid (Fiand 2008: 4). Hierdie verdeeldheid word volgens Fiand teweeggebring deur die dualistiese denke wat ontwikkel het in die mens se geskiedenis. Sy wys daarop dat dualisme die realiteit definieer in terme van “natuurlike” en waarneembare dualiteite met hulle verskille. Wat dualisme doen is om te fokus op die dualiteite en verskille en dit dan te verabsoluteer. Die klem word geplaas op geskeidenheid (“separation”) en teenoor-mekaar-plasing (“over-against-ness”) van die dualiteite (Fiand 2008: 6). In ons bewussyn is al hoe meer kategorieë ingeprent van permanensie en verandering, meerderwaardigheid en minderwaardigheid, insluiting en uitsluiting, gees en materie, die gewyde en die profane, die heilige en die onheilige, en gou het hierdie verdelings ontwikkel tot die beskouing dat die een goed is en die ander boos. Dualisme in sy uiterste vorme het meegebring dat godsdiens in konflik gestel is met die wêreld van wetenskap, modernisme, post-modernisme en enigiets wat nie langer verklaar kan word deur antieke denke nie (2008: 6). Ons wêreldbeskouings word gekonfronteer en uitgedaag

deur hedendaagse wetenskaplike ontdekkings en die ervaring daarvan word vererger deur die volgehoue verstaan van die werklikheid op dualistiese wyse (Fiand 2008: 7).

Net soos godsdiens het die wetenskap ook sy “dogmas”, skryf Fiand, en dit is gebaseer op die materiële en meganistiese beskouing van die werklikheid wat in skelle kontras staan met godsdiens waar die spirituele die botoon voer. Vir beide hierdie dissiplines staan die dogmas stewig gewortel in die dualistiese verdeeldheid en dit sal moed, passie en volharding verg om die grense te oorskry. In hierdie konteks skryf sy (2008: 9):

> [this] lecture invites us to join these pioneers and visionaries, to experience with them the *awe-filled wonder* of the new that is unfolding in our time, and to seek the interface of science and spirituality. *We will try to do so with simplicity, integrity, and honesty* …. It would be nice, of course, if we could start our reflections on this topic with a generally accepted premise that there is indeed a connection, an interface, between science and spirituality. (kursivering toegevoeg)

Sy vervolg verder (2008: 10):

> Our integrity, however, mandates that we face life courageously come what may; that we do so with *open eyes and open hearts out of reverence for the ultimate mystery unfolding there*.” Revelation, I suggest, did not end with the last writings of the Christian Scriptures in the first century. It has been an ongoing process throughout the centuries of human longing for the Holy. Today, perhaps more than any other time in history, we know that no discipline is exempt from this deep quest; that all authentic knowing enriches us, empowers us as a human family, and is meant for us all. Nothing is too secular or too sacred for our sojourn on this earth, given to us for safekeeping. (kursivering toegevoeg).

Vir baie gelowiges is die ontdekkings van die wetenskap ‘n oorweldigende en verontrustende ervaring wat ons lei na ‘n wêreld buite die grense van ons aanvaarde tradisie en nadenke oor die Misterie, skryf sy (Fiand 2008: 17). Maar, vervolg sy verder (2008: 18):

> Once, however, we overcome our fear of stepping beyond the established boundaries of traditional science – as well as beyond those set up by organised religion and based, often unconsciously, on ancient scientific worldviews – *the sense of mystery and awe inspired by these insights and discoveries can be most rewarding.* (kursivering toegevoeg).

Fiand herinner die lesers daaraan – veral diegene wat meen dat *hulle* beskouing oor God die enigste geldige een is – dat alles wat ooit tevore oor God in enige godsdiens gesê is, is metaforiese taal – selfs nog voordat godsdiens geformuleer is. Alle gesprekke oor God is kontekstueel en soos wat konteks verander, sal en behoort taal oor God te verander om dit relevant te hou en dit op sy beurt sal die konneksie met die Heilige bevorder word. Die probleem, skryf sy, van die Christendom, en veral die Katolisisme, is in sy Grieks-Romeinse erfenis en sy aandrang op eienaarskap van onveranderlike en ewige waarhede. Dit word verder moeilik gemaak vir ernstige en volwasse gelowiges wat waarhede wil herbedink en herevalueer, deur die kerk se uitsprake van "onfeilbaarheid" (dus, ewige waarhede) en die kerk se ernstige waarskuwing teen diegene wat moontlik anders sou dink (Fiand 2008: 17-19).

Die gelowige kan 'n keuse maak ten opsigte van nuwe insigte en die ervaring van God in daardie keuse. In Fiand se woorde (2008: 19, 20):

> Yet the God who emerges when we give ourselves to a serious consideration of the findings of science (physics, biology, cosmology, human developmental, experimental psychology, and so on) no longer comfortably fits many of the models or our tradition. We can, of course, choose a kind of intellectual and religious dissonance – that is, study the new revelations of science but refuse to apply any of these to our spiritual quest. Much of that has happened in the past in the name of "faithfulness" to the literal teachings of Holy Scripture. Alternatively we can choose the less traveled road, take the risk, and allow ourselves to *embrace the awe and wonder* that surely will gift us when we honestly face what is offering itself to us in our day. We can *then venture forth with authentic respect for*,

> *and loyalty to, our tradition, while at the same time look for what may graciously surprise us with newness and life"* (kursivering toegevoeg).

**Opmerkings**

Die wêreld word erg verdeel deur dualisme (Fiand 2008: 4) wat lei tot kampe wat in spanning staan met mekaar en die gevolg hiervan is dikwels arrogansie: "Ons is reg en julle nie"; "Ons is beter as julle." Dit word veral gesien by die ekstremes in beide die wetenskaplike en godsdienstige kringe. Dikwels word dan die geheelbeeld wat verskillende waarhede insluit nie raak gesien nie of ontken. 'n Openheid en toeganklikheid is nodig is om hierdie spanning en konflik te oorbrug en bemiddel. Die wetenskap se onthullings is iets om oor te verwonder, maar verwondering kan ook 'n spirituele dimensie hê en daarom word mense van alle dissiplines uitgenooi om deel te neem aan die gesprek om by die raakvlak van wetenskap en spiritualiteit uit te kom. Fiand (2008: 9,10) bepleit dat hierdie soeke met eenvoud, integriteit en eerlikheid plaasvind. Hierdie is wesenskenmerke van 'n nederige ingesteldheid. So 'n nederigheid vra dat daar met openheid en gesindhede van verering na die misterie van die lewe gekyk sal word. Die kennisname en insig van wat in die werklikheid aangaan, behoort by te dra tot 'n verdiepte en verrykte spirituele groei.

Wetenskaplike ontdekkings vandag daag ons uit in ons tradisionele geloofsparadigmas en dogmas, maar dit verg waagmoed om buite hierdie grense van tradisie te gaan. Die positiewe effek daarvan sal wees om verwonderd te raak oor die ontsagwekkendheid van die materiële werklikheid. As ons onthou dat nadenke en spreke oor God altyd metafories en kontekstueel is, het ons die vryheid om meer ontvanklik vir die wonder van die werklikheid te wees en die betekenis daarvan. Ons kennis en ervaring vandag van die werklikheid om ons hoef nie en behoort nie geïnhibeer te word deur wat beskryf is in antieke en voorwetenskaplike denke nie. Sogenaamde demoniese besetting soos beskryf in die antieke tyd kan vandag verklaar word in die wetenskaplike verskynsel van epilepsie. Ons hoef nie bedreig te voel as ons die nuwe ontdek en God herbedink word nie. Nuwe kennis van die wêreld en kosmos verryk ons geloof en so 'n ingesteldheid maak ons beskeie met God en die uitlewing van ons geloof. Dit sal nodig wees dat in huidige nuwe kontekste met nuwe metafore oor God gedink en gepraat moet word.

Om te beweer dat alle aspekte van geloof ewige waarhede is, maak ons sterk geneig om arrogant en ongenaakbaar te wees in ons hantering van lewensvrae en probleme.

In hierdie dae staan die gelowige voor ‘n keuse: weerstaan die nuwe insigte en weerstaan dit om dit te verwerke en versoen met die spirituele en skep dan sodoende spanning tussen wetenskap en geloof. Maar dan bestaan die risiko om arrogant, kortsigtig en harteloos te wees. Daar is selfs die moontlikheid dat godsdiens ongeloofwaardig en irrelevant sal raak.

Die alternatief:

Omhels die nuwe en word vervul met ontsag en verwondering. Kry ‘n herwaardering van ons geloofstradisie deur dit te verstaan vir waarvoor dit werklik staan en hoe dit relevant bly in nuwe kontekste. Wees tegelyk oop vir die verrassende nuutheid. Dit sal geloof vandag geloofwaardig maak en vervlakking van die geloofstradisie teenwerk. Dit is outentieke geloof.

---

## 2.2 Verwondering en nederigheid vanuit wetenskaplike oorwegings.

### 2.2.1 Ted Peters: *Does God have a Plan for the Big History of the Cosmos?* (2014)

Ted Peters is emeritus professor in sistematiese teologie wat verbonde was aan die *Pacific Lutheran Theological Seminary* en mede-redakteur van die vaktydskrif *Theology and Science* en direkteur by die *Center for Theology and the Natural Sciences* (CTNS).

In sy artikel in die vakjoernaal *Theology and Science* (2014: 12(3) bespreek Peters die vraag/stelling van wetenskaplikes dat die kosmos geen betekenis of *telos* het nie. Hierdie aannames word veral gemaak uit die waarnemings wat gemaak word in die studie van die kwantum-fisika waar dit blyk dat die aktiwiteit en interaksie van sub-atomiese deeltjies wisselvallig en onvoorspelbaar is en daaruit afgelei word dat daar nie ‘n goddelike plan vir die kosmos is nie. Volgens Peters kan wetenskaplikes nie die vraag beantwoord bloot op grond van waarnemings deur ‘n mikroskoop of teleskoop

nie. So-iets is nie waarneembaar deur lense nie. Peters vra verder of ‘n natuurwetenskaplike gekwalifiseer is om ‘n betekenisvolle storie te vertel oor die geskiedenis van die heelal aangesien die wetenskaplike, deur suiwer die natuurwetenskaplike metodologie toe te pas, nie data kan voorsien vir die intrige vir ‘n betekenisvolle storie nie.

Peters skryf dat ons persoonlike betekenis afhang van die betekenis van die groter geheel en as daar geen betekenis is aan die geskiedenis van die heelal nie, dan raak die betekenis van die indiwidu ook betekenisloos (Peters 2014: 197):

> This is what I mean by *telos.* The Greek word, *telos,* translates into English ‘end’. By *end*, we intend two overlapping connotations: purpose and conclusion. The conclusion or *finis* of the cosmoc story will determine the meaning of every purposeful event within that story. The single cosmic story provides the comprehensive context within which you and I discern the *telos* of our lives.
>
> *So, if the scientist’s gaze misses seeing telos, and if the scientist gets tapped for the job of telling our universe’s story, then that story will turn out meaningless*. (kursivering toegevoeg)

Moet teoloë afstand doen van die tradisionele geloofaanname dat die natuur ‘n *telos* het?, vra Peters (2014:198). Daar is teoloë wat wel hierdie mening toegedaan is soos Kenan Osborne en Ki Wook Min in hulle boek *Science and Religion: Fifty Years After Vatican II.* [54] Hulle is van mening dat direkte studie van die fundamentele fisiese vlak geen aanduiding gee dat die natuur ‘n *telos* het nie en daarom is daar geen goddelike plan vir die kosmos nie. Tog, skryf hy , wil Osborne en Min toegee: “Perhaps, the religious issue of a divine plan should not begin today with the origin of the universe but only with the origin of human life.”[55] Hier lê ‘n hermeneuties probleem, skryf Peters: die betekenis van lewe word bepaal in sy eie groter konteks, naamlik dié van die omvattende lewelose geskiedenis van die heelal (Peters 2014: 198).

[54] Osborne & Min Ki Wook 2014.
[55] Ibid, 177.

Peters erken dat om rigting en doel te herken in die natuur ‘n subjektiewe ervaring is en dat dit nie die oogmerk van die wetenskap is wat slegs met ‘n “scientific gaze” na die kosmologie en die evolusie kyk nie. Wetenskaplike ondersoek beperk sigself tot die versameling van objektiewe feite, tasbare inligting en spekulatiewe hipoteses en daarom kan natuurlike verskynsels bestudeer word sonder om te verwys na menslike subjektiwiteit wat teleologie veronderstel. Dit is dan ook geen verrassing dat wetenskaplike navorsing oor die evolusionêre geskiedenis enige aansprake van teleologie as ‘n subjektiwistiese lastigheid sal misken nie (Peters 2014: 199). Peters, saam met medeskrywer van vorige boeke oor evolusie, Martinez Hewlett, aanvaar die realiteit van teleologie as subjektiewe beskouing, maar verduidelik dit soos volg (2014: 199):

> We accepted the assumption that teleology depends on subjectivity. But, rather than appeal to human subjectivity we appealed to divine subjectivity. The purpose of the universe’s story lies within the subjectivity of God. ‘We will not attempt to locate purpose or direction or even value *within* nature. Instead, as Christians, we affirm a divine purpose *for* nature.’ Rather than ask a scientist to look through a microscope or telescope and see the purpose within the objects of inquiry, we turn to God’s promise of a *telos*, a *finis* and meaning of all things. <u>Without the gaze of faith, the subjectivity of God might not become a factor in our interpretation of nature’s past and future</u> . (onderstreping toegevoeg).

**Opmerkings**

Wanneer daar besin word oor die “waarom” van die bestaan van alles word gevra na die betekenis van die heelal en alles daarin. Betekenis kry inhoud as dit gevul word met die idee van rigting en doel of anders gestel: die *telos*. Om teleologies na die werklikheid te kyk, gee aan die mens se storie ‘n dieptedimensie en betekenis wat nog meer verryk word deur die groter konteks van die evolusie van die kosmos en lewe. Die gedagte dat ‘n goddelike plan eers in werking getree het toe die mens op die toneel verskyn het, is te skraal as in ag geneem word dat die heelal deur die fyninstelling van sy chemiese en fisiese samestelling ‘n baie lang proses moes ondergaan om uiteindelik “die tuin gereed te kry vir die mens om in te woon” (in die konteks van die

skeppingsverhaal van Genesis). Die feit dat daar uit lewelose materie tot uiteindelik komplekse lewe en verder ook die mens kon ontwikkel is vir die gelowige maklik om as teleologies te vertolk en dit word dan ook vir die gelowige ‘n inspirasie tot verwondering. Peters se uitdrukking om daarna te kyk met ‘n “gaze of faith” (Peters 2014: 199) is ‘n gepaste verwoording van verwondering oor die wetenskap van die proses. Om te staar na iets, veral as dit intensioneel is, is ’n uitdrukking van verwondering.

---

### 2.2.2 Maria Popova: *Richard Feynman on the Role of Scientific Culture in Modern Society* (2012)

Maria Popova is ‘n aanbieder en skrywer op haar webtuiste en *blog, Brainpickings*, sedert 2006. Op die webtuiste lewer sy kommentaar op boeke en menings wat gebied word in die kunste, filosofie, kultuur en ander onderwerpe. Sy het ook gedien as ‘n *Massachusetts Institute of Technology Futures of Entertainment Fellow*.

In *Brainpickings* se uitgawe gedateer 27 Augustus 2012 verwys Popova na enkele aanhalings uit Richard Feynman[56] se boek *The Pleasure of FindingThings Out. The Best Short Works of Richard P. Feynman* (1999).[57] Die bespreking in haar rubriek handel oor die verskynsel dat wetenskap deur soveel lede van die publiek geïgnoreer word en hulle in onkunde laat oor die realiteit van die wêreld en gevolglik ook ‘n eensydige beskouing het van die lewe. Sy verwys na Feynman oor die rol wat wetenskap in die moderne gemeenskap behoort te hê. Feynman (Popova 2012) skryf hieroor:

> Incidentally, about knowledge and wonder, Mr. Bernardini said we shouldn’t teach wonders but knowledge.

[56] Richard Feynman was ‘n Amerikaanse teoretiese fisikus en mede-ontvanger van die 1965 Nobel-prys vir fisika.
[57] Feynman, R.P., 1999. Die boek is ‘n versameling van lesings wat Feynman aangebied het.

> It may be a difference in the meaning of the words. I think we should teach them wonders and that the purpose of knowledge is to appreciate wonders even more. And that the knowledge is just to put into correct framework the wonder that nature is.

Feynman (Popova 2012) betreur dit dat 'n groot deel van die gemeenskap nog so wetenskaplik oningelig is :

> … as I'd like to show Galileo our world, I must show him something with a great deal of shame. If we look away from the science and look at the world around us, we find out something rather pitiful: that the environment that we live in is so actively, intensely unscientific. Galileo could say: 'I noticed that Jupiter was a ball with moons and not a god in the sky. Tell me, what happened to the astrologers?' Well, they print their results in the newspapers, in the United States at least, in every daily paper every day. Why do we still have astrologers?

Feynman lewer 'n pleidooi dat die onwetenskaplike gemeenskap moet kennis neem van die wetenskap en moet luister na wat die wetenskap aan te bied het en word deur Popova aangehaal (2012):

> The person who believes in astrology will have to learn some astronomy. The person who believes in faith healing might have to learn some medicine, because of the arguments going back and forth; and some biology. In other words, it will be necessary that science becomes relevant….
>
> And then we have this terrible struggle to try to explain things to people who have no reason to want to know. But if they want to defend their own point of view, they will have to learn what yours is a little bit.

'n Blyke van beskeidenheid word weerspieël wanneer Feynman skryf oor die onsekerheid waarmee hy leef in sy werk as wetenskaplike. Hy verteenwoordig 'n breë

ingesteldheid van die wetenskapsgemeenskap met hierdie gedagtes. Popova (2012) haal Feynman aan:

> A scientist is never certain. We all know that. We know that all our statements are approximate statements with different degrees of certainty; that when a statement is made, the question is not whether it is true or false but rather how likely it is to be true or false. 'Does God exist?' When put in the questional form, 'how likely is it?' It makes such a terrifying transformation of the religious point of view, and that is why the religious point of view is unscientific. We must discuss each question within the uncertainties that are allowed.
>
> We absolutely must leave room for doubt or there is no progress and there is no learning. There is no learning without having to pose a question. And a question requires doubt. People search for certainty. But there is no certainty. People are terrified — how can you live and not know? It is not odd at all. You only think you know, as a matter of fact. And most of your actions are based on incomplete knowledge and you really don't know what it is all about, or what the purpose of the world is, or know a great deal of other things. It is possible to live and not know ….
> What then is the meaning of the whole world? We do not know what the meaning of existence is. We say, as the result of studying all of the views that we have had before, we find that we do not know the meaning of existence; but in saying that we do not know the meaning of existence, we have probably found the open channel — if we will allow only that, as we progress, we leave open opportunities for alternatives, that we do not become enthusiastic for the fact, the knowledge, the absolute truth, but remain always uncertain — [that we] 'hazard it.' …. To decide upon the answer is not scientific. In order to make progress, one must leave the door to the unknown ajar — ajar only. We are only at the beginning of the development of the human race; of the development of the human mind, of intelligent life — we have years and years in the future. It is our responsibility not to give the answer today as to what it is all about, to drive everybody down in that direction and to say: 'This is a solution to it all'.

**Opmerkings**

Feynman wys tereg daarop dat die natuur en alles wat dit omvat ‘n wonder is. Wanneer ‘n mens sensitief is daarvoor, verdiep die verwondering daaroor. Wetenskaplike studie en die insig wat dit meebring, maak die wonder van die natuur duideliker en grootser. Dit is belangrik dat die gelowige hiervan kennis sal neem en dit sal verwerk in sy belewing van die wêreld en van God. Grondige en diep wetenskaplike kennis van die materiële wêreld is nie vir almal beskore nie, maar sonder hierdie diep kennis kan tog ook iets van die materiële wëreld waardeer word en respek voor gekry word. Wanneer die leek egter wel kennis neem van wat die wetenskap bevind het, is dit waardevol vir die mens om begrip en respek daarvoor te kry. Feynman is tereg skepties oor die eensydige wêreldbeskouing van diegene wat onwetenskaplik oor die realiteit dink. In sy oproep dat sulke mense sal kennis neem van en luister na die wetenskap is daar eintlik ‘n oproep na ‘n stuk nederigheid aan die kant van diegene wat afsydig en apaties staan teenoor die wetenskap met gevolglike arrogante aansprake. Kennisname en aanvaarding van wetenskaplike insigte behoort ‘n meer gebalanseerde, insluitende en genuanseerde verstaan van wêreld en lewe teweeg te bring. Dit behoort ‘n groter verdraagsaamheid te bring in die gesprek tussen geloof en wetenskap en behoort ook mee te werk aan ‘n meer geloofwaardige en relevante geloofsbelewing vir ons tyd.

Feynman se stelling dat daar geen absolute sekerheid is oor dinge in die lewe nie, getuig iets van ‘n beskeidenheid wat algemeen voorkom in die wetenskapswêreld. Hy moedig aan dat daar voortdurend vrae gevra sal word en nie vasgehaak sal word by sogenaamde waarhede wat blyk tydelik te wees nie. Om te wil leer, getuig van ‘n nederige ingesteldheid en leer spruit voort uit vraagstelling wat op sy beurt blyk uit onsekerheid of onkundigheid. Om dit te kan herken en erken is nederig.[58]

[58] George Ellis, ‘n Suid-Afrikaanse kosmoloog en wiskundige en ontvanger van die 2004 Templeton-prys, het in ‘n radio-onderhoud met Krista Tippett op die program *Speaking of Faith* die nederige aard van om te leer soos volg verwoord: “For instance, it's actually central — this emptying oneself — it's actually central to education and learning, because if you go into learning any subject with a preconceived notion, you can't learn. You have to empty your mind of your preconceived notion that you can see something new.” Ellis maak hierdie toepassing na aanleiding van Filippense 2:7 wat stel dat Jesus homself ontledig het (κενόω) in sy bediening. Die lewensingesteldheid van ontlediging en terugstaan ter wille van ‘n groter en goeie saak staan sentraal in baie godsdienste se etos. Ellis noem dit *kenotiese etiek*. Sien https://onbeing.org/programs/george-f-r-ellis-science-and-hope/

Feynman is reg as hy sê dat alles voorlopig is. Dit is ook waar van ons geloofaannames en begrip oor God. Nooit mag ons sê ons het nou die finale antwoord op alles nie. Altyd moet ons soek en aanpas waar nuwe insigte kom. In antieke tye is geglo dat donderweer die stem en pyle van God is, maar vandag weet ons wat weerlig is en waar dit vandaan kom en met dié insig het ons begrip van God ook verander. Maar soos die wetenskap ook finale antwoorde het op sekere dinge (bv. die stelling van Pythagoras) het die gelowige ook 'n antwoord aan te bied oor die betekenis van die lewe waarvan die gelowige diep oortuig is: God bestaan en het sy hele skepping lief en vir gelowiges bring dit betekenis in die lewe en wil hulle lewe daarvolgens inrig. Die kombinasie van wetenskaplike kennis en diep oortuiging oor die betekenis daarvan bied aan die gelowige ‘n ryke verwonderingservaring.

---

### 2.2.3 Ruth M. Bancewicz: *The Fascination of Science* (2012)

Dr Ruth Bancewicz is verbonde aan *The Faraday Institute for Science and Religion* in Cambridge, Engeland, en as direkteur is sy verantwoordelik daarvoor om die gesprek te bevorder tussen die kerk in die Verenigde Koninkryk en wetenskap. Bancewicz het gedoktoreer in genetika aan die Edinburgh Universiteit waar sy ook twee jaar navorsingsgenoot was by die *Wellcome Trust Centre for Cell Biology*. Sy is ‘n lid van die *Christians in Science* en genoot van die Amerikaanse eweknie, die *American Scientific Affiliation*. Sy skryf gereeld rubrieke vir verskillende instansies wat die gesprek tussen wetenskap en godsdiens wil bevorder.

In ‘n rubriek op die webtuiste van *The Faraday Institute for Religion and Science* skryf Bancewicz oor die sensasie van opwinding by die ontdekking van nuwe dinge. Sy verwys na Ernst Mach, ‘n Oostenrykse fisikus en filosoof, wat verwondering verwerp het en van mening was dit hoort by kinders en oningeligtes. Mach se mening was dat egte wetenskaplike ontdekking die ware aard van alle verrassende fenomene sal blootlê. Mach het aanvaar dat verstommende aspekte van die natuur gereduseer sal word tot blote berekeninge, maar dit is ‘n gegewe en ‘n noodsaaklike deel van wetenskap. Albert Einstein, daarenteen, het verskil hiervan. Vir Einstein was die mees verrassende en fassinerende aspek van die natuurlike wêreld dat ons *sin kan maak*

daarvan (Bancewicz 2012). Om die patrone en skakels van die gegewens, wat aanvanklik na ‘n warboel lyk, uiteindelik raak te sien en te beskryf, is opsigself ‘n opwindende ervaring, veral omdat dit nog die heeltyd daar was, skryf Bancewicz.

Bancewicz beskryf hoedat Olaf Pedersen, ‘n Deense wetenskaponderwyser en later ‘n historikus van wetenskap, elfjarige leerders wou leer hoe om die swaartekrag van lood te meet. Hy het dit gedoen deur hulle terug te neem na die eerste basiese stappe en noterings van metings en berekeninge. Geleidelik het die prentjie begin ontvou om by die gewenste resultaat te kom. Die leerders was eindeloos *gefassineer* met die proses en die uiteindelike resultaat.[59] Hieruit, skryf sy:

> …. the *fascination of science* is in finding a simplicity or harmony that was ‘out there’ but unknowable without a certain sort of investigation. And the idea of discovering something that was already there seems not to be depressing, but *a source of delight*. (kursivering toegevoeg)

Verder in hierdie verband haal Bancewicz Werner Heisenberg, Nobel-prysontvanger 1932 vir fisika, aan:

> *one is almost scared* by the simplicity and harmony of those connections which nature suddenly spreads out in front of you and for which you were not really prepared. At such a moment *one is possessed by a feeling* which is completely different from the pleasure one feels when one believes that a piece of physical or intellectual handicraft has been successfully achieved. (kursivering toegevoeg).[60]

Bancewicz wys daarop dat dit vir die wetenskaplike ‘n aangrypende belewenis is om kontak te maak met ‘n realiteit wat voorheen ontoeganklik was. Sy haal Edwin Hubble, die sterrekundige wat ontdek het dat die heelal uitdy, aan:

---

[59] Pedersen 1988.
[60] Aangehaal uit Cantore 1977.

> Sometimes, through a strong, *compelling experience of mystical insight*, a man knows beyond the shadow of doubt that he has been in touch with a reality that lies behind mere phenomena. He himself is completely convinced, but he cannot communicate the certainty. It is a private revelation. He may be right, but unless we share his ecstasy we cannot know. (kursivering toegevoeg)[61]

‘n Mens kan die byna spirituele verwondering in Hubble se stelling hoor, skryf Bancewicz.

**Opmerkings**

Vyf maal word die woord “fascination” gebruik in Bancewicz se artikel. Sinonieme wat in verband met “fassinasie” gebruik kan word is “betowering”, “bekoring”, “geboeidheid”.[62] Hierdie is verskillende uitdrukkings wat met verwondering geassosieer kan word en dit is wat die proses van wetenskaplike ondersoek teweeg bring. Hierdie ervaringe word nie net by die finale slotsom beleef nie, maar ook tydens die stelselmatige proses van die inwinning, ontleding en organisering van inligting – om die prentjie geleidelik te sien ontvou. Dit, sê baie wetenskaplikes, is net so , indien nie meer nie, bevredigend en opwindend as om die eindresultaat self te sien.

Heisenberg[63], fisikus, is verstom oor wat hy beleef wanneer die gegewens geleidelik bymekaar uitkom en beskou dit hy “*almost scared*” is wat ‘n gevoel van ontsag veronderstel (Bancewicz 2012). Om uiteindelik die eenvoud en harmonie te sien, laat mens verstom en die navorser word aangegryp daardeur. Die proses van geleidelike ontdekking en onbloting is opsigself al ‘n prestasie en tydens die prosesse self is daar al ‘n aanduiding dat iets groots bereik gaan word.

Edwin Hubble, sterrekundige, raak in vervoering wanneer hy besef dat dit wat hy aanskou deur ‘n teleskoop ‘n ervaring van “compelling experience of mystical insight” is (Bancewicz 2012). Hierdie is taal wat sinspeel op ekstase en verwondering wat ontsag weerspieël en op ‘n sekere manier is dit spiritueel. Daar word besef dat dit wat

[61] Ibid.
[62] Sien Labuschagne & Eksteen 1993.
[63] Werner Heisenberg was ‘n Duitse teoretiese fisikus en ontvanger van die 1932 Nobel-prys vir fisika.

waargeneem word iets groots is en bewondering en verering verdien. Die verwondering is ‘n baie intense en persoonlike ervaring wat moeilik is om te verwoord, maar dit moet gekommunikeer word om dit bekend te maak en die sensasie daarvan te deel met die breër gemeenskap sodat gedeel kan word in die wonderlike van die materiële werklikheid.

Hierdie prosesse en belewenisse maak wetenskaplike studie fassinerend en dra by tot die betowering wat die realiteit van die natuur bied. Dit wat Bancewicz hier beskryf is die ervaring van die navorsers, maar wanneer die toeskouer of waarnemer hiervan kennis kry deur watter medium ookal, kan die lekepubliek op soortgelyke wyse meegevoer word.

---

### 2.2.4 Enrico Cantore: *The Scientific Experience of Ultimates : Wonder* (1977)[64]

Vader Enrico Cantore was ‘n Jesuïte priester, fisikus en filosoof en ‘n voormalige professor aan die *Gregorian University* en *Fordham University*. Hy het hom beywer daarvoor dat die kerk en teologie sensitief sal wees vir die probleme van die wetenskap en die taal daarvan en die intellektuele konsep van “scientific humanism” geïnisieer.[65]

Cantore (1977) begin sy hoofstuk deur te skryf:

> When we inquire of the thoughtful scientist about his first motivation for doing science, we practically always hear him speak of *a sense of wonder*. …. *But wonder is formally defined in a threefold way: as something that surprises and attracts, something that causes admiration and delight, and something that leaves one astonished and with a sense of questioning*. (kursivering toegevoeg).

---

[64] Hierdie artikel is ‘n hoofstuk uit Enrico Cantore se boek *Scientific Man*. *The Humanistic Significance of Science* (1977), pp 95-106, https://inters.org/Cantore-Wonder-Awe .

[65] Uit ‘n huldeblyk aan Enrico Cantore na sy afsterwe Maart 2014 deur Giuseppi Tanzella-Nitti, http://disf.org/enrico-cantore-necrologio .

Wetenskap is die soeke na nuwe kennis, skryf Cantore, en dit begin met die verwagting dat jy *verras* (verbaas) gaan word deur waar te neem hoe dinge werklik is en nie deur hulle as vanselfsprekend te aanvaar nie. Die verrassing is kognitief van aard: daar kom die besef dat, ten spyte daarvan dat die wêreld kenbaar is, is daar nog so baie onbekend. Dit beweeg die wetenskaplike dan om die bevatlikheid daarvan wat tot dusver oorgesien of geïgnoreer is, te gaan verken en ondersoek.

Cantore verwys na Niels Bohr en Werner Heisenberg, albei kwantumfisici, dat wanneer hulle gevra word waarom hulle hierdie wetenskapsveld gekies het, hulle antwoord rondborstig was: die gevoel van verwondering. Hulle was albei *verbaas* om te sien hoe die *aspekte van die alledaagse ervaring* eintlik daar uitsien en hulle was verder verbaas dat ander mense dit nie as so treffend ervaar het nie en daarom het hulle beide hulle lewens daaraan toegewy om te ontdek. Beide Bohr en Heisenberg was verwonderd oor die stabiliteit van materie – dat dit altyd dieselfde bly en dat niemand tot dusver (destyds) kon verstaan waarom materie stabiel is nie. Bohr het teenoor Heisenberg laat blyk: "But for me the starting point was the stability of matter which from the standpoint of traditional physics is pure wonder.[66]

Cantore som dit op dat dit nie skeptisisme of rebellie teenoor aanvaarde beskouings is wat die wetenskaplike motiveer nie. Dit sou negatief wees en nie die vermoë hê om nuwe kennis teweeg te bring nie. Die motivering vir die wetenskaplike is eintlik meer positief: die *verbasing* om te weet dat die natuur geken kan word. Die wetenskaplike neem hierdie wete ernstig op en word daarom in beslag geneem in die soeke na kennis (Cantore 1977). Max Planck word aangehaal deur Cantore (kursivering toegevoeg): "… compared with the immeasurable rich, ever young nature, advanced as man may be in scientific knowledge and insight, he must *forever remain the wondering child* and must constantly *be prepared for new surprises*."[67]

Vir baie wetenskaplikes lê die bevrediging ten diepste daarin om te kan verstaan. Om bloot net iets te kan ontdek is nie genoeg nie, en wat dan ervaar word is nie slegs maar 'n psigologiese reaksie wat subjektief is nie. Die vreugde en jubeling word

[66] Soos vertaal uit Heisenberg 1969: 60f.
[67] Soos aangehaal uit Planck 1949: 117.

opgewek deur die *ontdekking van waarheid* en dit is objektief (Cantore, 1977). Max Born, fisikus en Nobel-pryswenner, voeg nog ‘n perspektief by met betrekking tot die vreugde wat wetenskaplikes ervaar in hulle soektog na die waarheid soos aangehaal deur Cantore (1977):

> This pleasure is a little like that known to anyone who solves crossword puzzles. Yet it is much more than that, perhaps even more than the joy of doing creative work in other professions except art. It consists in the feeling of *penetrating the mystery of nature*, *discovering a secret of creation*, and bringing some sense and order into a part of the chaotic world. It is a *philosophical satisfaction.* (kursivering toegevoeg)[68]

Cantore bespreek die vraag wat deur sommige wetenskaplikes gestel word: het verwondering ‘n plek in die wetenskap? Hy verwys na Ernst Mach, ook ‘n fisikus, wat sterk van mening was dat verwondering nie in die wetenskap tuis hoort nie, want dit is ‘n subjektiewe gevoel, terwyl die wetenskap streef na objektiewe waarneming. En daarom is wetenskap en verwondering onversoenbaar. Deur navorsing, volgens Mach se standpunt, word dit wat lankal reeds vermoed word, presies voorgestel deur berekeninge en wat dan vasgestel word, laat mens ontnugter en die misterie en raaisel is daarmee heen. Die menslike verstand raak gewoond aan die nuwe kennis en insig en daarom word die nuwe feite vanselfsprekend en onbenullig. In Mach se eie woorde aangehaal deur Cantore (1977):

> As a fact, every enlightening progress made in science is accompanied with a certain feeling of disillusionment. We discover that that which appeared wonderful to us is no more wonderful than other things which we know instinctively and regard as self-evident; nay, that the contrary would be much more wonderful; that everywhere the same fact expresses itself. Our puzzle turns out then to be a puzzle no more; it vanishes into nothingness, and takes its place among the shadows of history.[69]

[68] Soos aangehaal uit Born 1968: 47f.
[69] Soos aangehaal uit Mach 1960: 41, vertaal deur T.J. McCormack.

Albert Einstein het presies die teenoorgestelde beskouing gehad as Mach (Cantore, 1977). Einstein sê dat wetenskap nie verwondering kan vernietig nie, inteendeel, dit dra by tot verwondering – hoe meer die verwondering, hoe meer word daar gevorder in die wetenskap. Vir Einstein is die vermoë en die belewenis om die geheime van die wêreld bloot te lê en waar te neem, hoeveel onderliggende orde daar in die skepping is, rede tot verwondering. En dan gemik teen Mach en sy denkgenote, skryf Einstein:

> Even though the axioms of the theory are set down by man, the success of such an enterprise presupposes a high level of order in the objective world which we have no a priori right to expect. There lies the 'Wonder' which increases steadily with the development of our knowledge. Here lies the weak point of the positivists and professional atheists who feel happy in the consciousness that they have not only successfully dedivinized (*entgöttert*) but even dewonderized (*entwundert*) the world.[70]

Max Planck het in dieselfde trant geskryf. Cantore (1977) haal Planck aan:

> Rightly viewed, the *real marvel is that we encounter natural laws at all* which are the same for men of all races and nations. *This is a fact which is by no means a matter of course*. *And the subsequent marvel is that for the most part these laws have a scope which could not have been anticipated in advance*. Thus the *element of the wondrous* in the structure of the world picture increases with the discovery of every new law. (kursivering toegevoeg)[71]

Cantore sluit sy hoofstuk af: verwondering en wetenskap is ten diepste aan mekaar verbonde. Verwondering is die *vertrekpunt* op beide sielkundige en intellektuele vlak en tegelyk *tree ook verwondering in, in die proses van ondersoek*. Verwondering bly nie in die slag as gevolg van wetenskap nie.  In teendeel - natuur en wêreld is nou nog meer wonderlik en dis 'n gevolg van die sukses van wetenskap (Cantore 1977).

---

[70] Soos aangehaal en vertaal uit Einstein 1956: 114.

[71] Soos aangehaal uit Planck 1949: 93.

**Opmerkings**

Vir wetenskaplikes is die element van *verbasing en verrassing* as deel van die groter verwonderingservaring ‘n sterk motivering in hulle ondersoek na die feite en waarheid. Verrassing is ‘n prominente element van verwondering – die ervaring waarin jy byna snak na jou asem as gevolg van die nuwe wat beleef word. Verwondering kan en behoort ook in die alledaagse beleef te word (soos bevestig deur Niels Bohr en Werner Heisenberg; Cantore 1977) en nie slegs in die “groot” ontdekkings en die “groot” verskynsels nie. Eintlik kan alles in die wêreld sensasioneel wees.

Wanneer insig en begrip verkry word in verskillende aspekte van die lewe kan ‘n mens oorval word met ‘n emosie van vreugde en ekstase, respek en ontsag wat sensasies van verwondering kan wees. Om die *geheime* van die lewe en die natuur binne te dring en dit te onthul as ‘n ontdekking van iets wat voorheen onbekend was, lei tot ‘n intense bevrediging van iets wat vermag is. Dit sal ‘n tragiese toedrag van sake wees van geestelike en emosionele armoede as nuwe kennis nie meer as iets besonders en verwonderend beleef word nie.

Alhoewel die ervarings hier beskryf, geassosieer word met dié van professionele wetenskaplikes, kan dit ook die ervaring wees van die leek. Ook die leek kan gemotiveer word deur verwondering, nuuskierigheid, die begeerte om verras te word deur iets nuuts te verneem wat deur die wetenskap bekend gestel word. Deur eie persoonlike waarneming van die wêreld kan kleinigheidjies verrassend word en die waarnemer met ontsag en verwondering vervul. Met verdere oplees oor die verskynsel word die kennis en insig meer wat meewerk tot die verrassing en verwondering. Dit kan en behoort ‘n blywende indruk te laat op die waarnemer.

Sisteme soos El Niño en La Niña in die Stille Oseaan beïnvloed die hoë en laagdrukstelsels en klimaat oor die hele planeet. Die pole en strome van die oseane reguleer wêreldwye temperature. Die atmosfeer van die aarde se chemiese samestelling is sodanig dat dit lewe op aarde moontlik maak en beskerm teen nadelige bestraling vanuit die buitenste ruim. Hierdie kennis lei tot verbasing (verrassing) en verwondering oor groot en klein gebeure en verskynsels in die lewe en behoort by te dra tot vreugde en dankbaarheid oor hoe wonderlik die werklikheid inmekaar steek en funksioneer. Só ‘n ingesteldheid dui op nederigheid.

### 2.2.5 Lorraine Daston: *Wonder and the Ends of Inquiry* (2014)

Lorraine Daston is ‘n Amerikaanse wetenskaphistorikus en afgetrede direkteur van die *Max Planck Institute for the History of Science* in Berlyn. Hierdie artikel deur haar het verskyn in *The Point*, ‘n gedrukte en ook ‘n digitale tydskrif met die oogmerk om bydraes te plaas deur skrywers wat filosofies nadink oor die lewe vanuit humanistiese en relevante perspektiewe.

Daston bespreek in hierdie artikel die teenstrydigheid wat daar bestaan in wetenskaplike kringe ten opsigte van die plek en waarde van verwondering in die wetenskap: “Science and wonder have a long and ambivalent relationship. Wonder is a spur to scientific inquiry but also a reproach and even an inhibition to inquiry.” Wanneer die wetenskaplike objek van ondersoek verstaan word, verdwyn die verwondering soos byvoorbeeld met ‘n sonsverduistering: die oningeligte beleef dit moontlik as vreesaanjaend, maar die sterrekundige kan dit verduidelik. Digters van die romantiek beskuldig die wetenskap daarvan dat hulle verwondering doodmaak, maar moderne popularisering van die wetenskap daarenteen wil verwondering weer terugbring, terwyl verwondering in die akademiese wetenskap opvallend afwesig is (Daston 2014). Sy haal Aristoteles aan: “For it is owing to their wonder that men both now begin and at first began to philosophize,” en Descartes wat verwondering as “the first of the passions” beskou.[72] Hierdie en vele ander menings oor verwondering dui daarop dat beide die siel en die sintuie deur ‘n raaisel of verrassing oorval word en wat die mens onverhoeds en onvoorbereid vang. Verwondering maak die oë en die mond oop, stol die hart en bevries die gedagtes. Verwondering diagnoseer en genees onkunde; dit stel bloot dat daar meer is in die hemel en op aarde as waaroor gedroom en gefilosofeer kon word en dit spoor ons aan om die wonder te verstaan (Daston 2014).

Maar daar is ‘n paradoks in verwondering, skryf Daston. Dit is die begin van ondersoek (Descartes merk op oor mense wat gebrekkig is in verwondering: “[they] are ordinarily

---

[72] Aristoteles, 350 vC, vertaal deur W.D. Ross, http://www.documentacatholicaomnia.eu/ .

quite ignorant"[73]), maar aan die einde van ondersoek kom ook ‘n einde aan verwondering. Die wonder wat ons aanvanklik in ons spore gestuit het soos die noorderlig in die Arktiese gebied of ‘n pou se stertvere, word dan net ‘n oënskynlike wonder nadat die verklaring daarvoor aangebied is. In die wetenskap is die negatiewe korrelasie tussen wonder en verklaring iets wat lank en hardnekkig reeds voortduur. Die verklaring lê aan die hart van die onderskeid tussen wonders en wonderwerke (Daston 2014). Wat is die verskil?, vra Daston.

Daston skryf dat Thomas Aquinas die verskil soos volg verduidelik het: *wonders* (*mirabilia*) is onverklaarbaar vir die meeste mense, maar nie vir die kundiges nie (byvoorbeeld ‘n sonsverduistering). *Wonderwerke* (*miracula*), daarenteen, is vir almal onverklaarbaar.[74] Verwondering is ‘n barometer van onkundigheid: vir geleerdes is dit ‘n seldsame ervaring wat hulle liefs wil vermy en tog is verwondering ‘n unieke menslike ervaring. Maar op ‘n vreemde manier beklemtoon verwondering ook die ironie van menslike kennis. Hoe meer ons weet, hoe minder verwonder ons.

Verwondering is vir ‘n lang tyd beskou as ‘n noodsaaklike passie, maar later is dit as onvanpas beskou deur mense wat kennis opgesoek het. Soos in die geval van vrees (verwondering kan ook ‘n element van vrees inhou) is verwondering beskou as ‘n etiket van oneer (Daston 2014). Descartes het erken dat verwondering die aanvanklike stimulus is vir ondersoek, maar was bekommerd dat dit ‘n verslawing kan word deurdat oormatige verwondering kan oorgaan in verstomming (*astonishment*) wat ‘n persoon kan laat stol in plaas daarvan om aangespoor te word tot verdere ondersoek. Descartes het geskryf: “[Astonishment] makes the whole body stay immobile like a statue, so that one is unable to perceive any more of the object than the first face presented, nor can one consequently acquire further knowledge of it.”[75] Daston merk op: “A little wonder worked like caffeine upon the mind; too much, more like morphine.”

By baie humaniste bestaan vandag steeds die agterdog dat wetenskaplikes verwondering wil doodmaak. Alhoewel daar by sommige wetenskaplikes weerstand is

[73] Descartes 1649.
[74] Hierdie onderskeid word deur Thomas Aquinas gemaak in sy *Questiones Disputatae de Potentia Dei (On the power of God, Question VI: Miracles)* soos vertaal deur die English Dominican Fathers.
[75] Descartes, R., 1649, *Les passions de l'âme* (Passions of the Soul), vertaal deur Jonathan Bennett, 2010, Parys.

teen verwondering omdat dit in sekere gevalle grens aan godsdienstige ontsag[76], floreer verwondering in die populêre wetenskap. In die professionele wetenskap word die begrip van verwondering liefs vermy, maar dit blyk duidelik dat daar ‘n behoefte is aan verwondering en die populêre wetenskap bied dit aan. Dus is die humaniste se agterdog jeens die wetenskaplikes nie heeltemal geregverdig nie. Hoe is dit dan gesteld met verwondering in die werklike beoefening van wetenskap? In hierdie konteks, skryf sy, het verwondering drie groot veranderinge ondergaan (Daston 2014).

Eerstens: verwondering word in die publikasies sterk geassosieer met die massas, die gepeupel. In die 18e en 19e eeu was die begrip verwondering algemeen in die werke van die astronomie en natuurgeskiedenis, maar dit het al skaarser geword. Dit is te wyte aan die professionalisering van die wetenskap as beroep en daarteenoor die assosiëring van verwondering met onkunde en veral die onkunde van kinders. Dit het die verhouding tussen wetenskap en verwondering vertroebel. Tog gedy verwondering steeds in die wetenskap, naamlik in die populêre werke soos in die memoirs en outobiografieë van wetenskaplikes en ander publikasies. Om ‘n voorbeeld te noem: Einstein skryf dat twee *wonders* van sy kinderdae, die magneet en Euklides se geometrie, hom na die wetenskap gelok het.

Tweedens: die aard van wat as wonderbaarlik beskou word, het verander. Die verrassende gevolgtrekkings waartoe gekom is, is dat dit nie meer net dit wat waargeneem word wonderbaarlik is nie, maar die *verklaring* is die wonderlike – dit kan nou verstaan word.

Laastens: die karakter van verwondering het verander deurdat die vrees uit verwondering gehaal is. Daar is wel uitsonderings soos natuurrampe, maar meestal het die hedendaagse verwondering sy mag verloor om te verskrik.

[76] In die pre-moderne verlede was verwondering as ‘n gevaarlike passie beskou omdat daar ook assosiasies was met afgryse en vrees. Hierdie drie ervarings bevat ‘n kognitiewe komponent: jy neem iets waar wat ongewoon of buitengewoon is. Aldrie ervarings het ‘n element van “ek kan my oë nie glo nie!” en ‘n intense gevoel van “iets is nie reg nie”. Later, in moderne tye het verwondering dikwels ‘n meer kinderlike en onvolwasse geur gekry deur dinge te verfraai, bv. in sprokies of museumuitstallings (Daston, 2014).

Daston sluit haar artikel af deur te wys op drie gevolge van bogenoemde veranderinge wat verwondering ondergaan het:

- Beide die natuurwetenskaplikes en humaniste is huiwerig om hulle verwondering uit te druk in hulle akademiese publikasies omdat dit naby aan oppervlakkigheid lê.

- Al kan verwondering wetenskaplike ondersoek inisieer, verkies wetenskaplikes om dit eerder te reserveer vir die uitkoms van die ondersoek, dit wil sê aan die einde van die proses.

- In teenstelling met die oorvloedige en veelvuldige bekendstellings wat aangebied word in die populêre voorstellings van wetenskap, word verwondering nou beleef in die eenheid wat diep onderliggend is aan die oënskynlike verskeidenheid. Verwondering word nou die *doel* van ondersoek. (nie die oorsaak of motivering nie [my vertolking]). “The end of inquiry is no longer to make wonder stop, but to let it begin” (Daston 2014).

**Opmerkings**

Dat in sommige wetenskaplike kringe die aanvanklike verwondering en ekstase van die waargenome mettertyd afkoel of heeltemal verdwyn, is betreurenswaardig en onnodig as in aanmerking geneem word dat alles wat waargeneem word inherente waarde het (vgl.  Attfield hierbo). Gerespekteerde en wyd erkende wetenskaplikes het geen moeite daarmee dat verwondering die begin en die resultaat kan wees van wetenskaplike ondersoek nie (vgl. Albert Einstein en Max Planck soos verwys deur Cantore 1977 en ook Francis Collins 2007).

Thomas Aquinas maak die opmerking dat hoe meer kennis ons het hoe minder is daar om oor te verwonder (Daston 2014). Is die teenoorgestelde nie juis meer waar nie? Verwondering is inderdaad vir baie wetenskaplikes die motivering om te ondersoek, maar hoe meer kennis en begrip verkry word, hoe meer kan verwondering toeneem en verdiep.

Om vrae te stel en uiteindelik antwoorde te kry; om die waarheid onderliggend aan die oënskynlike te kry, met ander woorde om insig en begrip te kry, is inderdaad rede tot

bevrediging en verwondering, maar verwondering hoef nie beperk te word tot die resultaat van die ondersoek nie - dit kan ook insluit die aanvanklike belewenis en waarneming van die oënskynlike. Verwondering kan die aansporing tot, die proses van en die resultaat van ondersoek wees. Wanneer ek ‘n naaldekoker in my tuin waarneem en dophou wat besig is om jag te maak op klein vlieënde insekkies, verwonder ek my oor die naaldekoker se bewegings en akkuraatheid waarmee die prooi in die hande gekry word. In die proses van verder oplees en studie van die naaldekoker se liggaamsbou en die gepaardgaande vermoë om só effektief te vlieg en jag, word my verwondering oor die insek nog verder verhoog en verdiep. Wanneer uiteindelik terug gestaan word en die uiteindelike geheelbeeld van hierdie insek aanskou word, staan ek in verwondering oor die omvang van hierdie kreatuurtjie. Verwondering het plaasgevind aan die begin met die aanvanklike waarneming, tydens die ondersoek en toe die slotsom bereik is.

Ten opsigte van wetenskaplikes se afkeer en skeptisisme oor verwondering is daar begrip daarvoor dat wetenskapbeoefening sover moontlik objektief moet gebeur. Hier teenoor is verwondering ‘n subjektiewe belewenis, hetsy godsdienstig, emosioneel, filosofies of op ander spirituele vlakke. Na die objektiewe funksionering van die wetenskap is dit tog ook belangrik om oor die *betekenis* van die wetenskaplike bevinding te kan reflekteer buite die wetenskaplike dissipline. “Betekenis” kan verskillende dinge beteken: die skoonheid of estetiese waarde van die verskynsel; die kompleksiteit van die voorwerp; die uniekheid of skaarsheid van die voorwerp; die waarde wat dit toevoeg tot die groter geheel en moontlike onontbeerlikheid. Dit is hier waar verwondering ‘n belangrike rol het om te speel deurdat dit kan en behoort by te dra tot ‘n vollediger, dieper en verrykende ervaring van wêreld en menswees.

## 2.3 Verwondering en nederigheid vanuit spirituele en psigologiese perspektiewe.

### 2.3.1 Fritjof Capra: "On Science and Spirituality" (2015)

Fritjof Capra is 'n Oostenryksgebore fisikus, sisteemteoretikus en doen ook navorsing oor diep-ekologie. Hy het gedoktoreer aan die Universiteit van Wenen in teorietiese fisika en is verbonde aan die Schumacher College in Devon, Engeland. Capra het verskeie populêre wetenskapboeke geskryf waaronder die bekende *The Tao of Physics* (1982). Hierin voer hy aan dat fisika en metafisika uiteindelik tot dieselfde kennis lei. Bogenoemde artikel deur Capra is gepubliseer in die *Sutra Journal*.

Hy skryf dat daar 'n diepliggende verandering plaasgevind het ten opsigte van wêreldbeskouing en paradigmas (Capra 2015: 1), naamlik van 'n meganistiese wêreldbeskouing soos deur Descartes en Newton voorgehou, na 'n holisties en ekologiese wêreldbeeld. In die wetenskap is ontdek dat alles wat bestaan in sisteme georganiseer is wat in verhouding met mekaar funksioneer. Daar is patrone, verhoudings, kontekste en sisteme binne sisteme en dit alles word gekenmerk deur kompleksiteit, non-lineariteit en patrone van organisering. Capra noem die volgende as voorbeelde as lewende kognitiewe sisteme: die brein, die immuunstelsel, organe in die liggaam en selfs die indiwiduele sel. Hy noem hierdie nuwe wetenskap "the systems view of life".

Die sistemiese beskouing van lewe bring ook mee dat evolusie sistemies verstaan word en wat veral opval is dat hierdie proses skeppend van aard is. Evolusie het al begin nog voordat eensellige lewe bestaan het. Die elemente van lewe het al bestaan in prebiotiese vorme in molekulêre staat en uiteindelik het hierdie "sop" oor die hele aarde versprei en verder ontwikkel in DNA, proteïne en die genetiese kode. Soos wat lewenstrukture in kompleksiteit toegeneem het, het hulle ook kognitiewe prosesse ontwikkel wat uiteindelik bewussyn, taal en konseptuele denke tot gevolg gehad het (Capra 2015: 2).

Uiteindelik het die spirituele dimensie van die mens ontwikkel en hierdie bewustheid (mindfulness) is diep gesetel in die liggaam van die mens. Spiritualiteit kan verstaan

word as ‘n manier van wees/bestaan wat voortkom uit ‘n diepgaande ervaring van die realiteit en dit staan bekend as mistiek, godsdiens of spirituele belewing. Hierdie spirituele belewing betrek beide liggaam en verstand as ‘n eenheid en dit is ‘n ervaring van lewend wees – ‘n diepliggende bewus wees van een wees met alles, ‘n gevoel van behoort aan die heelal as ‘n geheel (Capra, 2015: 3).

Gedagtig daaraan dat die kennismaking met natuurlike fenomene dikwels ‘n spirituele belewenis is wat dan ook as ‘n belewing van die misterie ervaar word en dikwels dan onverwoordbaar is, skryf Capra oor die spirituele betekenis en meegaande belewing van ontsag en verwondering soos volg (2015: 4):

> This encounter with *mystery*, so the mystics tell us, is *often accompanied by a deep sense of awe and wonder together with a feeling of great humility*. Scientists, in their systematic observations of natural phenomena, do not consider their experience of reality as ineffable. On the contrary, we attempt to express it in technical language, including mathematics, as precisely as possible. However, the fundamental interconnectedness of all phenomena is a dominant theme also in modern science, *and many of our great scientists have expressed their sense of awe and wonder when faced with the mystery that lies beyond the limits of their theories*. Albert Einstein, for one, repeatedly expressed these feelings, as in the following celebrated passage:
>
>> ‘The fairest thing we can experience is the *mysterious*. It is the fundamental emotion which stands at the cradle of true art and true science...*the mystery of the eternity of life*, and the *inkling* of the marvellous structure of reality, together with the single-hearted endeavor to comprehend a portion, be it ever so tiny, of the reason that manifests itself in nature’ (kursivering toegevoeg).[77]

Capra beklemtoon die belangrikheid om te onderskei tussen spiritualiteit en godsdiens. Spiritualiteit is om begrond te wees in ‘n sekere verstaan van die realiteit en dit is onafhanklik van kulturele en historiese kontekste. Godsdiens is die

[77] Soos aangehaal uit Einstein 1949.

gestruktureerde manier om uitdrukking te gee aan die spirituele ervaring deur woorde en begrippe en dit word dan ‘n bron van morele riglyne.

Godsdiens het drie basiese aspekte, naamlik teologie, morele waardes en rituele. In teïstiese godsdienste is teologie die intellektuele interpretasie van die spirituele ervaring: die gevoel van “behoort aan” met God as die verwysingspunt. Morele waardes is die gedragskode wat voortvloei uit die gevoel van “behoort aan” en rituele is die viering van die “behoort aan” (Capra 2015: 4).

Die vroeë kerkvaders van die eerste 1000 jaar was feitlik almal mistici, skryf Capra, en hulle het hulle teologie op dié wyse verwoord, maar met die skolastiek en intellektuele teologie het die bewoording ‘n verharding ondergaan en begrippe is verabsoluteer tot ‘n fundamentalisme. Gelowiges moes hierdie uitsprake en leerstellinge as letterlike waarhede aanvaar en outentieke spiritualiteit het skade gely. Dit is belangrik dat ons bewus sal wees van die subtiele verhoudings tussen godsdiens en spiritualiteit wanneer vergelykings gemaak word met die wetenskap. Wetenskaplikes beskryf die natuurlike wêreld, maar dit is nie die doel van ‘n spirituele dissipline nie. Laasgenoemde se doel is eerder om ervarings te fasiliteer wat transformasie teweeg sal bring in ‘n persoon en sy lewenswyse. Mistici sal egter ook dikwels uitsprake maak oor die aard van die realiteit, oorsaaklike verhoudings, die aard van menslike bewussyn en dergelike sake en in hierdie proses kan die beskrywings deur geestelikes en wetenskaplikes met mekaar vergelyk word (Capra 2015: 5).

In die Boeddhisme, byvoorbeeld, is die spirituele ervaring belangriker, terwyl die beskrywing en interpretasie van die natuurlike fenomeen as sekondêr en voorlopig beskou word. Dit is soortgelyk aan wat in die wetenskap gebeur: modelle is altyd onderhewig aan veranderings en verbeterings. In die Christendom is dit dikwels anders gesteld. Teologiese uitsprake oor die natuur en mens word as letterlike waarhede voorgehou en diegene wat dit bevraagteken het of daarmee verskil, is as ketters afgemaak en hierdie rigiede standpunt van die kerk lei tot konflik tussen wetenskap en die fundamentalistiese Christendom. Aan beide kante word daar deur die fundamentaliste vergeet dat wetenskaplike teorieë altyd beperk en geskat is en dat die taal van godsdiens metafories en simbolies van aard is. Fundamentalistiese

debatte het veral problematies geword oor die begrip van ‘n skeppergod (Capra 2015: 5).

In teïstiese godsdienste lê die aanvoeling van die misterie aan die hart van die spirituele ervaring en dit word met die goddelike geassosieer. In die Christelike tradisie is die ontmoeting met die misterie ‘n ontmoeting met God en Christen mistici het dit altyd beklemtoon dat die ervaring van God woorde en konsepte te bowe gaan. Christen teoloë wil hulle ervarings met God verwoord en hiervoor het die kerkvaders poëtiese taal, simbole en metafore gebruik. Fundamentalistiese teoloë maak egter die wesenlike fout om hierdie metaforiese taal letterlik te vertolk en dit bemoeilik dialoog tussen wetenskap en godsdiens (Capra 2015: 5).

Capra bespreek kortliks dat daar parallelle bestaan tussen die wetenskap en mistisisme. Alhoewel die wetenskap en godsdiens verskillende oogmerke het ten opsigte van die lewe en menslike verstaan, behoort die stellings wat hulle maak tog met mekaar vergelyk te word. Leidende fisici in die kwantumfisika van die 20e eeu het al daarop gewys dat dit wat ontdek word in die kwantumfisika opvallende parallelle vertoon met Oosterse spirituele en filosofiese tradisies. Daar is parallelle eienskappe in die benaderings van fisici en mistici (2015: 6):

> To begin with, their method is thoroughly empirical. Physicists derive their knowledge from experiments; mystics from meditative insights. Both are observations, and in both fields these observations are acknowledged as the only source of knowledge. The objects of observation are of course very different in the two cases. Mystics look within and explore their consciousness at various levels, including the physical phenomena associated with the mind's embodiment. Physicists, by contrast, begin their inquiry into the essential nature of things by studying the material world. Exploring ever deeper realms of matter, they become aware of the essential unity of all natural phenomena. More than that, they also realize that they themselves and their consciousness are an integral part of this unity. Thus mystics and physicists arrive at the same conclusion; one discipline starting from the inner realm, the other from the outer world. The harmony between

> their views confirms the ancient Indian wisdom that brahman, the ultimate reality without, is identical to atman, the reality within.

Beide fisici en mistici ervaar dat die waarnemings wat hulle maak op hulle onderskeie terreine nie deur die gewone sintuie gedoen kan word nie. Vir die fisikus is dit die wêreld van die atoom en die sub-atoom; vir die mistikus is dit die ongewone staat van bewussyn waar die gewone sintuig nie betrokke is nie. In albei se geval kom sulke insigte en waarnemings na lang jare se opleiding deur streng dissipiline en dat vir albei gewone taal onvoldoende is om dit te beskryf (Capra 2015: 7).

**Opmerkings**

Die kennis en insig wat die moderne wetenskap gebring het dat daar ‘n verweefdheid en interafhanklikheid bestaan deur middel van sisteme, lei ‘n mens tot groter waardering en respek vir die geskape realiteit. Net so verstommend is dit hoedat van die eenvoudigste materie ontwikkeling plaasgevind tot die kompleksiteit van lewe. Hieroor kan ‘n mens verwonderd wees.[78] Ook die hoë mate van selfbewussyn en spirituele ontwikkeling by die mens is rede tot diepe verwondering.

Wanneer die wonder van die besonderhede van die natuurlike wêreld deur die wetenskap ontdek word, beleef baie wetenskaplikes ook iets van die misterie van die natuurlike wêreld. Dit is wat Einstein ook bepleit in sy beroemde uitspraak dat wetenskaplikes oop en ontvanklik sal wees vir die misterie in wetenskap (soos aangehaal deur Capra 2015: 4 uit Einstein 1949). Die wêreld bestaan uit materie wat op ‘n wonderlike wyse op mekaar reageer en dit laat baie wonder en verwonder oor die skoonheid en logika daarvan en die betekenis daarvan.

Dit word weer eens benadruk, ook deur Capra, dat bevindinge in die wetenskap ook voorlopig is en dikwels in die toekoms sal verander of selfs as ongeldig bewys sal word deur nuwe kennis. Hierdie is ‘n nederige ingesteldheid wat bewonder kan word by die wetenskap en waarvan kennis geneem moet word deur die godsdienstige

---

[78] In dié verband het Jonathan Sacks, na die toekenning van die 2016 Templeton-prys in ‘n televisie-onderhoud sy verwondering oor evolusie só verwoord: “Darwin unintentionally and perhaps unwittingly hit on one of the most beautiful religious truths ever discovered which is that the Creator made creation creative. That is what Darwinism is.” https://www.youtube.com/watch?v=9jc4dmSo-ls&t=25s

wêreld. Te dikwels maak die geloofsgemeenskap hom skuldig aan harde en fundamentalistiese uitsprake wat as arrogant beleef word, terwyl daar by die wetenskap dikwels ‘n voorlopigheid en beskeidenheid te bespeur is in die aannames wat gemaak word. Dit geld natuurlik ook vir die wetenskapsgemeenskap wat soms ook skuldig is aan fundamentalisme en reduksionisme.

Die parallelle wat daar bestaan in die ondersoek en nadenke-proses deur mistici en wetenskaplikes is iets om van kennis te neem (Capra 2015: 6). Al word dit vanuit verskillende invalshoeke gedoen en met verskillende oogmerke (wetenskaplikes van buite af deur die omgewing waar te neem en mistici van binne af deur na te dink oor die effek van die materiële wêreld op die mens se gees), kom beide kampe tot dieselfde gevolgtrekking dat daar onderliggend ‘n eenheid en verband bestaan tussen omgewing en gees. Daarom is dit sterk aan te beveel dat insigte en kennis deur beide wetenskap en die spirituele domein met mekaar gedeel sal word om begrip en waardering te kry vir die samehang van alles. Dit moet uiteraard die ervaring van verwondering bevorder en ‘n verryking van spiritualiteit.

Capra het in die voorwoord van sy welbekende boek *The Tao of Physics* ‘n belewenis beskryf wat hy gehad het om te illustreer hoedat wetenskap en spiritualiteit ‘n gedeelde ervaring kan wees:

> I was sitting by the ocean one late afternoon, watching the waves rolling in and feeling the rhythm of my breathing, when I suddenly became aware of my whole environment as being engaged in a gigantic cosmic dance. Being a physicist I knew that the sand, rock, water, and air around me were made of vibrating molecules and atoms, and that these consisted of particles which interacted with one another…. I knew also that the earth’s atmosphere was continuously bombarded by showers of ‘cosmic rays’, particles of high energy undergoing multiple collisions as they penetrated the air. All this was familiar to me from my research in high-energy physics, but until that moment I had experienced it through graphs, diagrams, and mathematical theories. As I sat on that beach, my former experiences came to life; I ‘saw’ cascades of energy coming down from outer space, in which particles were created and destroyed in in rhythmic pulses; I ‘saw’ the

> atoms of the elements and those of my body participating in this cosmic dance of energy; I felt its rhythm and I 'heard' its sound, and at that moment I *knew* that this was the dance of Shiva, the Lord of the Dancers worshipped by the Hindus. (Capra, 1982: 7)

Capra het intense verwondering beleef van sy omgewing – in so 'n mate dat dit vir hom 'n spirituele ervaring geword het. As fisikus verstaan hy volledig die fisiese prosesse van wat aan die gebeur is in die materiële wêreld, maar die betekenis daarvan het hom spiritueel diep ontroer deur die omvang daarvan te besef.

---

### 2.3.2 Marcus R. Berquist: *Wonder and Skepticism* (1985)

Marcus R. Berquist was een van die stigters van die *Thomas Aquinas College* in Santa Paula, Kalifornië. Hy was dosent in filosofie en het gespesialiseer in Aristoteles en Thomas Aquinas. Bogenoemde artikel, *Wonder and Skepticism*, is 'n lesing deur Berquist aangebied by die *Thomas Aquinas College*, 1985. In die lesing het hy begrippe van verwondering en skeptisisme verduidelik en met mekaar vergelyk en gekontrasteer.

Berquist voer aan dat verwondering 'n wesenlike invloed het op liberale onderrig. Liberale onderrig, verduidelik hy, is die onderrig aan die vrye mens wat om twee redes vry is: 1) die mens kan homself goed bestuur *(govern)* op 'n onselfsugtige wyse en wat die lewe die moeite werd maak; 2) die vrye mens leef nie net as 'n instrument van ander mense nie – so 'n mens is 'n slaaf. Verder: die vrye mens herken in homself die goedheid van die menslike bestaan (Berquist 1985)

Liberale onderrig is ten nouste verbonde aan die filosofie. Met "filosofie" bedoel Berquist soos wat dit in sy oorspronklike etimologie beteken het, naamlik "liefde vir die wysheid", maar vandag word filosofie gekontrasteer met filosofie en teologie aan die een kant en natuurwetenskappe en wiskunde aan die ander kant. Filosofie het egter 'n meer omvattende reikwydte wat ook ander wetenskappe insluit en hierdie ander wetenskappe dra by as voorbereiding om wysheid te bekom. Iemand wat dan 'n liefde

vir die wysheid het, maak ook erns met wat God van Homself openbaar, want dit is die ware wysheid – meer as wat enige menslike wetenskap kan wees. So beskou, meen hy, sal ‘n filosofiese lewe nie teenoor teologiese studie staan nie, maar dit sal wel teologie as hoofdoel hê (Berquist 1985). Liberale onderrig het dus te doen met die soort kennis wat vir die vrye mens van belang is en wat hom instaat sal stel om homself goed te bestuur en wat aan die lewe inherente waarde sal toevoeg. Die implikasie hiervan is dat die vrye mens ‘n liefde sal hê vir wysheid en in hierdie verband beteken wysheid “perfection of knowledge” (Berquist 1985) en, voeg Berquist by, alhoewel wysheid kennis behels, is kennis op sigself nie wysheid nie.

Berquist som die inleiding van sy lesing oor die verband tussen wysheid en liberale onderrig soos volg op:

> With that in mind, perhaps the proposition I started out with is now more intelligible — that liberal education, the education of a free man, will be concerned principally with the pursuit of wisdom, because wisdom is that knowledge that is most intrinsically valuable, and that is the kind of knowledge that makes life worth living.

Met die begrip van wysheid as inleiding en agtergond tot Berquist se betoog, gaan hy nou verder deur te sê dat verwondering die begin is van filosofie en hy verwys na Aristoteles wat dié gedagte neergelê het.[79] Om die ingesteldheid van verwondering by ‘n persoon te illustreer, verwys hy na ‘n inskrywing op die ingangshek van die *Pomona College* wat hy raakgelees het: “Let only the eager, the thoughtful, and the attentive enter here.”[80] Dit, volgens hom, vat die passie van verwondering akkuraat saam: gretigheid, nadenkendheid en aandagtigheid. En dit is nie die resultaat van ondersoek nie, maar dit is vooropgestelde ingesteldhede vir ondersoek wat verwondering veronderstel.

---

[79] Soos verwys deur Berquist na Aristotle, *Metaphysics*, 982b 13.

[80] Die inskrywing op die ingangsmuur lees eintlik “Let only the eager, the thoughtful and the reverent enter here”. Dit is nie duidelik waarom Berquist se lesing “attentive” lees nie, maar Berquist gebruik “attentive” om sy punt te maak. Die begrip “reverent” is ewe geldig as fundamentele ingesteldheid vir verwondering.

Nog ‘n kenmerk van persone wat wonder en verwonder, is dat hulle weet dat hulle onkundig is oor die saak en Berquist sluit aan by Thomas Aquinas wat skryf dat 1) Die persone wat wonder/verwonder weet nie waarom nie, maar weet wel dat hulle dit doen. 2) Wanneer die persone dan uitvind waarom hulle verwonder, blyk dit dat die antwoord dikwels heel anders is as wat verwag is. Dit mag dalk selfs kom as ‘n verrassing of ‘n skok.[81] Filosofie as lewenswyse het dus sy oorsprong in verwondering en om te wonder. Dit is nie altyd bekend waarheen dit sal lei nie, maar ten minste is die passie daar om te ondersoek en dit is ‘n begin en ‘n deurgang na filosofie.

In sy lesing vergelyk en kontrasteer Berquist verwondering/wonder en skeptisisme met mekaar. Aanvanklik lyk dit asof daar ooreenkomste bestaan tussen verwondering/wonder en skeptisisme, maar ten diepste is die twee ervarings teenoorgesteld van mekaar.

Die mens wat wonder/verwonder is bewus daarvan dat hy onkundig is oor dit waaroor hy verwonder; oor dit wat waargeneem of beleef word en oor die moontlike oorsaak van die verskynsel. Dit is egter nie totale onkunde nie, want die persoon is bewus van die onkunde. Daar kan verskillende reaksies wees wanneer daar ‘n bewussyn kom van die onkunde: woede of skaamte oor die onkunde, geamuseerd wees daaroor, ‘n wantroue in die vorige kennis wat bestaan het oor die verskynsel of ‘n gevoel van “dit is hopeloos om meer daaroor uit te vind”. Daar kan gevra word oor die rede waarom gewonder/verwonder word. Daar word nie slegs gevra “waarom is dit so?” nie, maar ook “ek *wonder* hoekom is dit so?” Met al die vrae rondom die ervaring van verwonder/wonder bly een aspek egter van belang: die een wat wonder het ‘n begeerte om te weet. Iemand vra nie maar net “hoekom is dit so?” nie, maar “ek *wonder* hoekom dit so is.” Die werkwoord “wonder” dui op ‘n verlange na die antwoord, om meer te weet. Daar is ‘n passie vir kennis en dit is kennis ter wille van kennis en nie omdat dit noodwendig nuttig moet wees nie. Hierdie soort kennis is nie dieselfde as om bloot nuuskierig te wees nie. Soms word “om te wonder” en “om nuuskierig te wees” sinoniem gebruik, maar tog is dit twee verskillende aktiwiteite. Wonder/verwondering sinspeel op iets wat wonderbaarlik, buitengewoon, mooi en goed is, maar nuuskierigheid dui egter op iets wat ongewoon, vreemd en selfs grotesk

[81] Soos verwys deur Berquist na St. Thomas Aquinas, *Summa Theologiae*, Ia-IIae, Q. 32, a. 8.

is. Verwondering het te make met dinge wat in hulleself die moeite werd is om te weet en wat wesenlike waarde het, maar nuuskierigheid daarteenoor is net gemik op dinge wat interessant is as gevolg van ‘n sekere eienaardigheid daaraan gekoppel (Berquist 1985).

Verwondering/wonder behels ook ‘n mate van vrees alhoewel dit ‘n aangename vrees kan wees. Iemand wat verwonder/wonder, ontdek dat daar ‘n oneweredigheid bestaan tussen wat sy waarneem en wat werklik is. Die waargenome is nie heeltemal wat die persoon verwag het nie en die oorsake van die fenomeen is verborge. Wat die vrese onaangenaam kan maak, is dat die werklikheid bedreigend kan wees vir die persoon en dan tekort sal skiet om dit te bowe te kom of te hanteer. Aan die ander kant het verwondering ‘n definitiewe element van vreugde en genot – daar is nie net ontnugtering of vrees nie. Die vreugde van verwondering behels die ontdekking dat die lewe veel meer inhou as as wat op die oogaf lyk – dit is meer interessant en uitnemend. ‘n Onverwagse skoonheid word ontdek. Oor hierdie vreugde verwys Berquist na G.K. Chesterton wat sou gesê het: “it is better to be a small man in a big world than a big man in a small world”.[82] Berquist beskryf self die vreugde van verwondering soos volg:

> Like all discovery, wonder is delightful, but more delightful than other discoveries because of what has been discovered. One discovers that the world is a better place, a richer place, than one had supposed beforehand.

Nog ‘n element van vreugde in verwondering is die hoop om meer te wete te kom en dit motiveer die persoon om meer uit te vind en daarom word die persoon nie van stryk gebring deur enigiets om uit te vind nie. Daarteenoor sal die persoon wat bloot nuuskierig is, nie die moeite aan die dag lê nie en gou die soektog laat vaar (Berquist 1985).

Berquist bespreek vervolgens die verskynsel van skeptisisme. Skeptisisme is moeilik om te ontleed, want dit is nie soseer ‘n leerstelling nie[83], maar eerder ‘n gesindheid of

---

[82] Soos aangehaal uit Chesterton 1919, hfst. 3, *Heretics*, “On Mr. Rudyard Kipling and making the world small.”
[83] Berquist beskryf skeptisisme as “not so much a doctrine”.

‘n geneigdheid. Net soos verwondering is skeptisisme min of meer ‘n spontane ingesteldheid by beide die ingeligte en ongeligte mens. Dit is byna so oud soos die filosofie, want dit is ‘n reaksie op filosofie. Die skeptikus is iemand wat hom nie wil verbind tot ‘n standpunt nie en liefs besluitloos wil bly en daarin vind hy gerusstelling. Wat is die verskil tussen ‘n ondersoeker as gevolg van verwonder/wonder aan die een kant en ‘n skeptikus aan die ander kant? Die ondersoeker sal hulp soek in sy ondersoek of, as dit sou blyk nodig te wees, dalk ophou met die ondersoek. Die skeptikus daarenteen gaan verbete voort: lees, praat en stry en gaan deur die aksies van ondersoek, maar op so ‘n manier om te voorkom dat dit by ‘n natuurlike afloop kom. Hy moet ten alle koste die argument wen of ontwrig. Met ander woorde dit is ‘n gepratery sonder om by ‘n bevredigende antwoord te kom. Berquist beskryf dit op ‘n spitsvondige manier: “skepticism is the contraception of the intelligence…. He works and works to make everything inconclusive.”

Berquist sluit sy lesing af deur die onderskeid tussen die verwonderaar en die skeptikus op te som:

- Albei is bewus van hulle onkunde, maar dit is hoe ver die ooreenkoms strek.
- Die persoon wat verwonder/wonder wil nie die mensdom as onkundig (oningelig) verdoem nie. Hy veronderstel dat ander ookal die vrae gevra het en by ‘n antwoord gekom het. Die verwonderaar is dikwels self opsoek na ‘n kundige met die antwoorde.
- Die skeptikus wil slegs die onkunde en valsheid uitwys van ander wat meen dat hulle betroubare antwoorde het. Hy sal selfvoldaan voel deur diegene te verhinder wat wil begin met ‘n lewe van filosofie en wat by gewisse antwoorde wil uit kom.
- Die skeptikus het geen begeerte vir kennis nie en wil dit soveel as moontlik onderdruk en dit bied aan die skeptikus stilte en bevrediging.
- Persone wat verwonder/wonder is versigtig om die huidige te beoordeel, want hulle kan dalk verkeerd wees. Daar is eerbied vir dit wat waargeneem word. Die persoon is bedwelmd met wat op die oomblik beleef word en wil daarom in die toekoms in ondersoek. Vir die verwonderaar is verwondering/wonder daarom die begin van filosofie.

- Eintlik is die sogenaamde ondersoek wat die skeptikus doen, niks van die aard nie, want só ‘n persoon het geen eerbied vir die oogmerke van kennis nie, want hy weier om homself te onderwerp aan die omvang daarvan. Dit ontbreek hom ook aan eerbied vir enige persoon wat wel waardevolle kennis het en beskou diesulkes as bedrieërs (impostors).
- Die mens wat verwonder is gretig, hoopvol en oplettend, maar die skeptikus leef in wanhoop en streef nie regtig na waardevolle kennis nie. Die skeptikus is tevrede met ‘n negatiewe toedrag van die lewe en word gekenmerk deur liefs nie versteur te word deur ‘n strewe na waardevolle kennis nie.

**Opmerkings**

Berquist se gebruik van die Engelse woord “*wonder*” in sy lesing laat die hoorder/leser met die vraag of hy bedoel “om te vra”, met ander woorde “ek wonder hieroor/daaroor” of “om oor iets verwonderd te wees.” “*Wonder*” het in Engels beide die betekenisse van om “te vra” en “om verwonderd te wees” en dit wil voorkom dat beide betekenisse geïmpliseer word afhangende van die sinsverband waarin dit gebruik word.[84] Om te wonder oor iets, met ander woorde om vrae te stel oor die saak, loop hand aan hand daarmee om daaroor te verwonder. Wanneer vrae gestel word oor iets wat waargeneem word omdat dit merkwaardig of interessant is, kan die verwondering daaroor geïnisieer en selfs geïntensiveer word. Die omgekeerde kan ook waar wees. Wanneer aanvanklik oor iets verwonder word, kan dit lei tot verdere wonder (vrae vra) daaroor. Byvoorbeeld: in my tuin in Pretoria sien ek ‘n klip en met die wete dat die aarde ‘n evolusionêre geskiedenis het van 4.5 miljard jaar wonder ek oor die betrokke

[84] Aanlynwoordeboeke op die internet bied die volgende betekenisse van *“wonder*”:

Collinsdictionary.com vir “wonder” as werkwoord: “ 1) If you wonder about something, you think about it, either because it interests you and you want to know more about it, or because you are worried or suspicious about it. 2) If you wonder at something, you are very surprised about it or think about it in a very surprised way.”

As selfstandige naamwoord: “3) If you say that it is a wonder that something happened, you mean that it is very surprising and unexpected. 4) Wonder is a feeling of great surprise and pleasure that you have, for example when you see something that is very beautiful, or when something happens that you thought was impossible.”

Dictionary.com verduidelik “wonder” soos volg: werkwoord: “1) to think or speculate curiously; 2) to be filled with admiration, amazement, or awe; marvel (often followed by at).

As selfstandige naamwoord: “3) something strange and surprising; a cause of surprise, astonishment, or admiration; 4) the emotion excited by what is strange and surprising; a feeling of surprised or puzzled interest, sometimes tinged with admiration.

klip se ouderdom. Wanneer ek verder nalees en vrae vra oor die streek waarin Pretoria geleë is, kom ek agter dat die rotsformasies in die streek, die sogenaamde Transvaal Supergroep, ongeveer 2.5 miljard jaar oud is.[85] Dan kyk ek met agting na die gewoonlik onopvallende klip wat in my tuin lê en verwonder my oor die eintlik onvoorstelbare lang geskiedenis wat in hierdie klip lê: die herkoms, die proses wat dit deurloop het om hier uiteindelik deur my raak gesien te word en oor te wonder. As gelowige het hierdie insigte vir my diepe spirituele betekenis en waarde: deur die meganisme van die evolusie en deur die verloop van eons het God toegelaat dat hierdie planeet vorm kry om uiteindelik ‘n bewoonbare plek te word vir lewende organismes en uiteindelik Homo Sapiens.

Die insig van Aristoteles dat wonder/verwonder lei tot filosofie – liefde vir die wysheid (soos Berquist dit beskryf deur die oorspronklike betekenis van die term; Berquist 1985) – veronderstel dat daarmee gepaard ‘n ingesteldheid van nederigheid en beskeidenheid sal ontwikkel. Wysheid impliseer dat goeie oordeel aan die dag gelê word deur ondervinding en kennis wat opgedoen word. Dit sou verwag kon word dat wysheid en wonder/verwondering soos ‘n kringloop sou funksioneer: hoe meer wysheid hoe meer verwondering/wonder, hoe meer wysheid by herhaling. Wysheid en verwondering sal mekaar as ’t ware aanspoor. Die vermeerdering van kennis deur te wonder en ondersoek, sal bydra tot verryking en verdieping van die self en ander.

Om te kan wonder en verwonder en om te kan wonder oor die betekenis van iets is ‘n eg menslike eienskap wat die meeste ontwikkel het by die mens. Dat ons die vermoë ontwikkel het om dit te kan doen, is op sigself iets om oor verwonderd te wees (sien ook kommentaar by Jesse Prinz hierbo). Om oor die lewe en die verskynsels daarvan te kan verwonder, het die potensiaal om die mens diepe vreugde en dankbaarheid te laat ervaar. Ten spyte van die lelike wat in die lewe beleef word, kan die lewe in sy geheel as mooi, interessant en heilsaam beleef word. Hierdie is die “liefde vir wysheid” waarna Berquist verwys. Indien die persoon ‘n gelowige is, kan sodanige wysheid ‘n mens op God afstem wat die persoon se lewe ‘n teologiese inhoud gee. Dit is teologie in sy breedste sin waar dit die lewenswyse en wêreldbeskouing in totaliteit omvat. Ons praat hier dus nie van filosofie en teologie as akademiese dissiplines nie.

[85] Moore, Tsikos, Polteau 2001: 437-444.

Om te *besef* dat jy onkundig is oor iets dui op 'n beskeidenheid. Om te weet dat ek niks weet of min daarvan, of "ek mag verkeerd wees", en bewus te wees daarvan dat daar ander is wat meer weet as ek, is 'n ingesteldheid van nederigheid. Dit is alreeds wysheid. Wanneer meer kennis verkry word, maak dit mens nie noodwendig wys nie, maar wanneer die element van verwondering en opregte wonder na antwoorde oor die intrinsieke waarde van dinge in die lewe, bykom, het die meerdere kennis die potensiaal om die mens meer wys te maak.

Gretigheid, nadenkendheid en aandagtigheid (Berquist 1985) is toepaslike beskrywings van aspekte van verwondering. Dit veronderstel dat daar 'n openheid en ontvanklikheid vir die wonderlike van die lewe sal wees – klein of groots. 'n Mens se radar behoort met sensitiwiteit ingestel te wees vir wat om jou aangaan en dan kan dit met bewondering aanskou word en oor nagedink word om die inherente waarde en wonderbaarlikheid te besef en waardeer.

Om te wonder of verwonder het 'n dieper en ryker dimensie as om bloot nuuskierig te wees. Wonder/verwonder doen dit ter wille van kennis al is dit nie noodwendig nuttig of onmiddelik toepaslik nie. Tog is daar nut in omdat dit die kwaliteit van lewensbeskouing en lewensingesteldheid kan verhoog wat die betekenis van die lewe en alles daarin beter perspektief gee. Nuuskierigheid het nie noodwendig daardie oogmerk nie. Dit soek net na oppervlakkige kennis, maar nie die betekenis van waarde nie.

Wanneer twee teenoorstaande sake met mekaar vergelyk en gekontrasteer word, word die betekenisse van die verskillende sake dikwels duideliker gemaak. Dit is ook die geval met wonder/verwonder aan die een kant en skeptisisme aan die ander kant. Berquist kontrasteer die twee begrippe met mekaar. Skeptisisme het 'n negatiewe uitkyk op die lewe wat alles bevraagteken bloot uit gewoonte en om geen positiewe waarde toe te voeg in die verkryging van kennis nie. Genot en tevredenheid word geput daarin om die poging van diegene wat met goeie bedoelinge verwonder/wonder te ondermyn. Dit illustreer presies wat verwonderaars nie is en doen nie.

Dit behoort 'n bevredigende en vervullende ondervinding te wees om iets te wete te kom nadat gewonder is en die gevolglike verwondering wat daaruit voortspruit. Dit vervul mens met ontsag en bewondering – 'n sagte vorm van vrees. Dit laat mens

inderdaad nederig voel as die omvang, betekenis en impak van die fenomeen waargeneem en begryp word en dit laat mens letterlik of figuurlik na asem snak.

---

### 2.3.3 Alan Lightman: *The Accidental Universe. The World you thought you knew* (2014)

Alan Lightman is ‘n astrofisikus en skrywer en was verbonde aan die Harvard Universiteit en die *Massachusetts Institute of Technology* (MIT), VSA. Hy was die eerste persoon aan MIT wat ‘n dubbele leerstoel beklee het, naamlik in die natuurwetenskappe asook in die geesteswetenskappe waar hy skryfkuns gedoseer het. Verskeie boeke het uit sy pen verskyn in die wetenskappe, fiksie en essays. Bogenoemde boek is ‘n versameling essays wat die eienskappe van die heelal beskryf en met nadenke daaroor.

Een van die hoofstukke van sy boek dra die titel *The Spiritual Universe* (Lightman 2014: 37) waarin hy beskryf hoe hy die heelal as spiritueel ervaar en beskou. Lightman erken ronduit dat hy ongelowig is (2014: 44):

> I will put my cards on the table. I am an atheist myself . I completely endorse the central doctrine of science. And I do not believe in the existence of a Being who lives beyond matter and energy, even if that Being refrains from entering the fray of the physical world. However, I certainly agree with Collins and Hutchinson and Gingerich that science is not the only avenue for arriving at knowledge, that there are interesting and vital questions beyond the reach of test tubes and equations.[86] Obviously, vast territories of the arts corncern inner experiences that cannot be analyzed by science.

[86] Francis Collins is die biogenetikus vroeër behandel in hierdie studie. Ian Hutchinson is ‘n kernwetenskaplike en professor aan Massachusetts Institute for Technology. Owen Gingerich is ‘n professor emeritus in astronomie en wetenskapgeskiedenis verbonde aan die Harvard Universiteit. Aldrie hierdie persone is deurleefde Christene.

> The humanities, such as history and philosophy, raise questions that do not have definite or unanimously accepted answers.

In die debat oor die versoenbaarheid van geloof en wetenskap verwys Lightman na wetenskaplikes wat fel te velde trek teen godsdiens en geloof en hulle argumente baseer op wetenskaplike bevindinge (Lightman 2014: 47, 48). Met verwysing na Richard Dawkins wat die argumente van Intelligente Ontwerp en moraliteit verwerp as bewys van God se bestaan, vind Lightman Dawkins se beredenering oortuigend (Lightman 2014: 49), maar, skryf Lightman, "What troubles me about Dawkins' pronouncements is his wholesale dismissal of religion and religious sensibility." (Lightman 2014: 50). In 'n toespraak wat Dawkins gelewer het in 1992 by die Edinburgh International Science Festival stel Dawkins dat "Faith is the great cop-out, the great excuse to evade the need to think and evaluate evidence. Faith is belief in spite of, even perhaps because of, the lack of evidence." (Lightman 2014: 50). Op hierdie en soortgelyke opmerkings by ander geleenthede, reageer Lightman soos volg: "In such condescending comments such as these, Dawkins seems to label people of faith as nonthinkers. In my opinion, Dawkins has a narrow view of faith, and of people…. Can we not accept their value as powerful thinkers and doers even if we do not agree with all of their beliefs?" (Lightman 2014: 51).

Lightman verwoord sy begrip van geloof in breë terme en treffend soos volg (2014: 51, 52):

> Faith, in its broadest sense, is about far more than belief in the existence of God or the disregard of scientific evidence. Faith is the willingness to give ourselves over, at times, to things we do not understand. Faith is the believe in things larger than ourselves. Faith is the ability to honor stillness at some moments and at others to ride the passion and exuberance that is the artistic impulse, the flight of the imagination, the full engagement with this strange and shimmering world.

Daar is volgens Lightman twee soorte kennis in godsdiens: die transendente ervaring en die kennis wat verkry word uit die heilige geskrifte van die onderskeie godsdienste (Lightman 2014: 58). As voorbeeld van transendente ervaring verwys hy na 'n

"beautifully described" ervaring van 'n geestelike soos beskryf in die invloedryke boek van William James, *Varieties of Religious Experience* (1902). Die geestelike het op 'n heuwel gestaan en het 'n belewenis gehad waar die innerlike en uiterlike wêrelde mekaar ontmoet het. Hy het dit as 'n ontmoeting met God beleef waarvoor hy nie gevra het nie, maar die ervaring was vir hom 'n werklikheid wat 'n blywende indruk op hom gelaat het (Lightman 2014: 58, 59). Oor hierdie transendente ervaring van die geestelike skryf Lightman (2014: 59

> The extremely personal and immediate nature of the transcendent experience described here is what gives it power and force. The clergyman who underwent the moment on the hilltop has no doubt of what he felt, and that remembered feeling represents a kind of truth, a knowledge of his own being and his felt connection to the cosmos. *No other person can negate that personal experience.* (kursivering toegevoeg).

Vir Lightman is die bestaan van 'n spirituele en fisiese universum 'n realiteit en dit is soms nodig om onderskeid te maak tussen die twee. Die fisiese kan deur metings bepaal word, maar die spirituele universum se bewyse is grootliks 'n persoonlike ervaring. Elkeen van hierdie universums het hulle eie domeine en beperkings met elkeen wat hulle eie vrae en antwoorde het (Lightman 2014: 63, 64). Teenoor diegene wat nie dink daar is 'n onderskeid tussen die spirituele en fisiese universums nie, skryf hy (2014: 64, 65):

> Some people believe that there is no distinction between the spiritual and physical universes, no distinction between the inner and the outer, between the subjective and the objective, between the miraculous and the rational. I need such distinctions to make sense of my spiritual and scientific lives. For me, there is room for both a spiritual and a physical universe, just as there is room for both religion and science. Each universe has its own power. Each has its own beauty, and mystery. A Presbyterian minister recently said to me that science and religion share a sense of wonder. I agree.

In nog 'n hoofstuk van sy boek, *The Gargantuan Universe* (Lightman 2014: 85), reflekteer hy oor die enormiteit van die heelal en die mens se plek daarin.

Natuurwetenskaplikes, filosowe en kunstenaars het op allerlei maniere uitdrukking probeer gee daaraan hoe alles wat bestaan daar uitsien, maar veral hoe groot of klein dinge is. Bewustelik of onbewustelik meet ons ons eie grootte aan dié van ander mense, diere, bome, oseane en berge. Hy brei verder hierop uit (2014: 86):

> As brainy as we think ourselves, our bodily size, our bigness, our simple volume and bulk are the first carrying cards we present to the world. I would hazard a guess that somewhere in our fathoming of the cosmos, we must keep a mental inventory of plain size and scale, going from atoms to microbes to us humans to oceans to planets to stars. And some of the most impressive additions to that inventory have occurred at the high end. Simply put, the cosmos has gotten larger and larger. At each new level of distance and scale, we have had to contend with a different conception of the world we live in.

In die hoofstuk word verder beskryf hoedat in die geskiedenis die mens aanvanklik berekeninge gemaak het van hoe groot en ver die planete en ander hemelliggame van mekaar is en hoedat deur wetenskap en tegnologie dit uiteindelik verfyn is tot baie presiese akkuraatheid. Een ding het duidelik geword: die heelal in al sy vorme is enorm. Lightman verwys na biskop Berkeley, ‘n 18e eeuse Ierse filosoof, wat van mening was dat die hele kosmos ‘n konstruk is van ons verstand en dat daar geen materiële werklikheid buite ons gedagtes bestaan nie. As wetenskaplike, sê Lightman, dat hy nie daarmee kan saamstem nie, maar op emosionele en psiglogiese vlak het hy wel simpatie met Berkeley se siening. Lightman: “Modern science has revealed a world as far removed from our bodies as colors are from the blind.” (Lightman 2014: 99, 100).

Hierdie hoofstuk word deur Lightman afgesluit waarin hy reflekteer oor die moontlike bestaan van lewe en intelligente lewe op ander planete in die heelal en die betekenis en belang van die mens daarin. Daar kan rofweg geskat word dat ongeveer 3 persent van alle sterre lewensonderhoudende planete by hulle sal hê.[87] Op aarde beslaan

[87] Gebaseer op die *Ultra Deep Field* en *eXtreme Deep Field* waarnemings deur die Hubble Ruimteteleskoop word bereken dat daar 100 tot 200 miljard galaksies in die heelal is, volgens Elizabeth Howell en Ailsa Harvey, skrywers op die gesaghebbende webtuiste, Space.com,

alle lewende materie – mense, diere, plante, bakterieë, skuim in ‘n dammetjie – slegs 0.00000001 persent van die massa van ons planeet. Indien aangeneem word dat die hoeveelheid moontlike lewensonderhoudende planete wel lewe het, kan afgelei word dat lewe slegs 0.000000000000001 persent van die heelal se massa uit lewe bestaan; anders gestel: een miljoenste van een miljardste van 1 persent (Lightman 2014: 100, 101). Op grond hiervan sê hy:

> If some cosmic intelligence created the universe, life would seem to be only an afterthought. And if life emerged by random processes, vast amounts of lifeless material were needed for each particle of life. Such findings cannot help bear upon the question of our significance in the universe.

**Opmerkings**

Lightman se boek deel interessante en insiggewende gegewens oor die heelal mee, maar wat veral opval vir die doel van hierdie studie is die nederigheid waarmee hy dit beskryf en dit vloei voort uit die verwondering en bewondering wat hy ervaar van die heelal en die wetenskap wat aan die grond daarvan lê. Hy erken sy ateïsme op ‘n waardige wyse sonder om dié wat wel glo te beledig of aan te val. Hy gee erkenning aan diegene wat van mening is dat die wetenskap alleen nie al die antwoorde bied op lewensvrae en -kwessies nie. Dit dui op ‘n beskeidenheid en waardigheid by hom.

Na aanleiding van die geestelike se ervaring op die heuweltop in William James se boek (Lightman 2014: 58), kan Lightman se erkenning en respek aan die geestelike se baie persoonlike ervaring waardeer word. Ten spyte van Lightman se ontkenning van God het hy tog die hoogste respek vir ‘n ander se oortuiging en belewenis. Dit is nederigheid.

Deurgaans gee hy erkenning aan die spirituele al het hy ‘n ander vertolking daarvan as wat gelowiges doen. Sy toon bly steeds respekvol. Dit is asof hy sê: “Ek neem kennis van jou ervaring en eerbiedig dit, maar dit is nie my ervaring nie. Daar is ruimte vir jou godsdienstige ervaring, maar daar is ook ruimte vir my soort ervaring op spirituele en fisiese vlak.” Lightman se nederigheid is onmiskenbaar in die respek wat

---

https://www.space.com/25303-how-many-galaxies-are-in-the-universe.html . Meeste galaksies is ongeveer die grootte van ons eie galaksie, die Mekweg, wat uit 100 miljard sterre bestaan : https://www.space.com/25959-how-many-stars-are-in-the-milky-way.html

hy betoon ten spyte van verskillende oortuiging soos dit blyk uit sy saamstem met die Presbiteriaanse predikant oor gedeelde verwondering oor beide spirituele en fisiese universums (Lightman 2014: 64,65).

Lightman (2014: 101) se opmerking "If some cosmic intelligence created the universe, life would seem to be only an afterthought" hoef nie as oneerbiedig of sarkasties beskou te word nie. Dit is duidelik uit die res van sy boek dat, alhoewel hy self nie 'n gelowige is nie, hy tog groot waardering en respek het vir goeie en diep denke in godsdienstige kringe al kan hy nie daarmee saamstem nie. Vir die ongelowige mag die verskyning van lewe en intelligente lewe as 'n blote nagedagte voorkom, maar vir die gelowige is dit tog betekenisvol dat dit gebeur het en waarmee God in verband gebring kan word en waarmee God iets in gedagte gehad het. Die feit dat deur die natuurwette geleentheid en ruimte geskep is om uiteindelik deur 'n lang en ingewikkelde proses lewe te laat voortkom, is vir die gelowige nie maar net lukraak nie. Die niegelowige beskou dit as "random processes" (Lightman 2014: 101), maar dat dit gebeur het, is merkwaardig en laat tog genoeg grond om intuïtief aan te voel dat hier iets meer agter steek. Hoe ookal dit beskou word, dit bly iets om oor verwonderd te wees – vir die gelowige en niegelowige.

Met die perspektief van die grootte van die heelal en hoe klein die voorkoms van intelligente lewe daarin is, wys Lightman tereg daarop: "Such findings cannot help bear upon the question of our significance in the universe" (Lightman 2014: 101). Die opmerking kan na twee kante toe vertolk word. Aan die een kant is ons bestaan so nietig dat ons byna as onbenullig beskou word in die groter bestel van dinge. As ons waarde bloot net op die materiële (reduksionistiese) vlak gemeet word, is dit inderdaad onbenullig. Aan die ander kant kan ook ingesien word dat die mens as denkende, bewustelike en spirituele wese tog iets besonders is: deur 'n lang en ingewikkelde proses het iets soos Homo Sapiens te voorskyn gekom. Die feit dat lewe so uiters skaars is in vergelyking met die res van die hoeveelheid materie in die heelal, maak die teenwoordigheid van lewe soveel meer merkwaardig. Dit was nog altyd die mens se ervaring dat wanneer iets skaars is, is dit baie waardevol. Die statistiek van die skaarsheid van lewe en soveel te meer intelligente lewe, is tegelyk rede tot verwondering en ook nederigheid. Homo Sapiens is klein en skaars in die groter bestel, maar tegelyk ook iets merkwaardigs. Dit sal egter die mensdom en ook die

geloofsgemeenskap betaam om nederig te wees wees oor sy belang in die groter bestel van dinge.

Die afgelope hoofstuk het die saak van verwondering en nederigheid belig soos wat verskeie skrywers dit verwoord het – direk in soveel woord of by implikasie. Dit is belig van uit verskillende dissiplines, naamlik die teologie, filosofie, natuurwetenskap en die psigologie/spiritualiteit om sodoende ‘n breër verteenwoordiging aan te bied waarin hierdie denke en ingesteldheid weerspieël word. In die volgende hoofstuk sal gepoog word om ‘n sintese aan te bied deur aspekte te formuleer wat uit bogenoemde waarnemings geïdentifiseer is.

# Hoofstuk 3

## Sintese – Nadenke oor verwondering en nederigheid.

Die literatuur wat onder oë geneem is in hoofstuk 2 het verskeie aspekte van die ervaring van verwondering aan die lig gebring. Die doel van die studie in hoofstuk 3 is om hierdie aspekte voor te hou wat bydraend sal wees om 'n ingesteldheid van verwondering oor ons omgewing en wêreld te kweek en voortdurend te koester. Op sy beurt behoort dit ook by te dra tot 'n nederige gesindheid wanneer onder die indruk gekom word van die wonderlikheid en grootsheid van die makro- en mikrokosmos waarin ons leef. Die skrywer is van mening dat hierdie ingesteldhede – verwondering en nederigheid – 'n verryking en verdieping van die spiritualiteit van die gelowige (en niegelowige) teweeg behoort te bring. Die volgende aspekte sal belig en bespreek word:

3.1 Die aard van verwondering.

3.2 Waarom verwonder?

3.3 Waaroor kan verwonder word?

3.4 Wie kan verwonder?

3.5 Verwondering is deurlopend.

3.6 Op watter manier word verwondering ervaar?

3.7 Ingesteldheid van verwondering.

3.8 Die effek van verwondering.

3.9 Teologiese betekenis.

--------------------------------

## 3.1 Die aard van verwondering

### 3.1.1 Uniekheid

In die evolusie van lewe is die mens die spesie wat die meeste ontwikkeld is ten opsigte van die vermoë om te verwonder. Jane Goodall (Prinz 2013) se navorsing oor sjimpansees het uitgewys dat hulle ook tot 'n mate verwonderd kan wees, maar dit is beperk tot 'n opgewondenheid wat slegs 'n emosie is. Die mens daarenteen het beduidende intellektuele vaardigheid en kreatiwiteit ontwikkel om dinge te verstaan en as buitengewoon te vertolk en betekenis daaraan te gee. Voortvloeiend daaruit word uitdrukking daaraan gegee in mites van oorsprong, eksperimentele verifiëring en kunstige voorstellings. Hierdie verwikkeling maak van die mens 'n merkwaardige spesie wat opsigself rede tot verwondering is. Verwondering is 'n hoër funksie wat uniek is aan die mens en dra by tot die mens se spirituele vorming en verhoogde lewenskwaliteit.

### 3.1.2 Taal

Tale is ryk aan woordeskat om die sensasie van verwondering te verwoord. Enkele voorbeelde van tipiese woorde wat gebruik sou kon word om uitdrukking te gee aan die ervaring van verwondering in Engels is *marvellous, stunning, astonishing, awe, awestruck, sublime, glorious beauty, deeply satisfying, aesthetically appealing, mystical, revelation, ecstasy, magnificent, amazement, .* Wat opval is dat hierdie nie uitdrukkings is wat slegs deur leke gebruik word nie, maar ook deur geleerdes in die natuurwetenskap en filosofie waar sobere en objektiewe taalgebruik gewoonlik voorkeur geniet. Voorbeelde hiervan vind ons by Francis Collins, biogenetikus; Jesse Prinz, filosoof; die sterrekundiges, Edwin Hubble en John C. Mather. In Afrikaans word woorde gebruik soos *wonderbaarlik, wonderlik, verbasingwekkend, aangrypend, verstommend, ontsagwekkend, subliem, geweldig, eerbied, vrees (in konteks van ontsag), verhewe, heerlik, groots* en ander. Ruth Bancewicz, Britse genetikus, gebruik die woord *fascination* om die ervaring van wetenskaplike ondersoek en bevindinge te beskryf. In Afrikaans sou dit met verskillende sinonieme vertaal kan word*: betowering, bekoring, geboeidheid.* Dit gebeur egter soms dat in die geval van intense belewenisse dat die waarnemer nie instaat is om die sensasie te verwoord nie en dit moeilik vind om dit wat waargeneem word te beskryf omdat dit te oorweldigend en emosioneel is.

### 3.1.3 Verbasing en verrassing

Verrassing of verbasing is eweneens ‘n belangrike aspek van verwondering. Dit wat waargeneem word, laat ‘n groot indruk op die waarnemer en dit word beleef met verskillende emosies soos verrukking, verstomming, bekoring en vreugde. Die verrassingselement van verwondering is, volgens Enrico Cantore (1977), ‘n groot motiveerder vir wetenskaplike ondersoek. Om iets nuuts waar te neem aan die begin; die proses tydens die verloop van ondersoek en om die uiteindelike resultaat of bevinding te bereik, is opwindend en bied groot vreugde en selfs ekstase (vergelyk Edwin Hubble se reaksie met sy ontdekking dat die heelal uitdy dat hy dit bykans as mistieke ervaring beleef het). Verrassing en opwinding kan en behoort ook in die alledaagse verskynsels en ervarings beleef te word en nie beperk te wees tot dit wat aanskoulik of sensasioneel is nie. Net soos wat die opstyg van ‘n passasiersvliegtuig die toeskouer kan verruk, kan ‘n alledaagse verskynsel soos ‘n naaldekoker in die tuin ‘n waarnemer bekoor en die sensasie daarvan kan motivering wees tot verdere ondersoek, hetsy op diep akademiese vlak of bloot ter wille van interessantheid in populêre literatuur. Die verrassing en verbasing kan dus beide deur die wetenskaplike en die leek beleef word. Daar sou bespiegel kon word of indien ‘n persoon geen erg het aan verwondering nie, daar ‘n emosionele en geestelike armoede by so-iemand bestaan.

Wanneer iets waargeneem of beleef word, kan die persoon dit ervaar met verbasing, verstomming of bewondering. Die waarneming of belewenis kan onverwags wees of voorheen as onmoontlik of onwaarskynlik beskou gewees het en dan word dit ‘n aangename verrassing en kan agterna steeds oor die verskynsel nagedink word met verbasing. Dikwels is die logiese uitvloeisel van die sensasie van verwondering dié van ontsag hê vir dit wat waargeneem of beleef word en vir dit wat aan die grond daarvan lê. ‘n Voorbeeld: wanneer die Victoria-watervalle gesien en beleef word, word die waarnemer verras oor die skouspel, maar kan ook verwonderd wees oor die natuur se kragte wat onderliggend daaraan lê.

Die Engelse woord ‘*wonder’* kan twee betekenisse hê, naamlik “om te wonder” of “om te verwonder”. In Afrikaans is dit duideliker onderskeibaar. Om te *wonder oor* iets is om vrae te vra daaroor: “Ek wonder waarom die kameelperd ‘n lang nek gekry het.”

Om jou oor iets te *verwonder*,  hou in dat jy verbaas is daaroor (of ander emosies soos hierbo genoem). Beide aktiwiteite is verwant aanmekaar omdat die een aanleiding kan gee tot die ander en dit kan selfs ‘n kringloop veroorsaak. Wanneer gewonder word waarom ‘n kameelperd se nek lank is omdat dit merkwaardig of interessant is, kan dit tot dieper verwondering lei omdat begrip en insig verkry word oor die evolusionêre proses wat daartoe aanleiding gegee het. Hierdie begrip kan weer lei tot verdere aspekte van die onderwerp waaroor vrae gevra word en verdere verwondering teweeg bring.

### 3.1.4 Filosofiese ingesteldheid

‘n Ingesteldheid van verwondering impliseer ‘n filosofiese lewenshouding. Filosofie in dié verband beteken om ‘n liefde vir die wysheid te hê (Berquist 1985) en moet onderskei word van die akademiese dissiplines van filosofie en teologie. Ook hier kan ‘n kringloop ontstaan: hoe meer gewonder en verwonder word oor ‘n saak, hoe meer kan wysheid ontwikkel en weer aanleiding gee tot meer verwondring. Gepaardgaande met die wese van verwondering of om te wonder oor iets, is die gewaarwording dat die waarnemer se eie kennis beperk is; dat ander mense meer kundigheid het oor die saak, of dat eie bestaande aannames verkeerd kan wees. Wat egter ook waar is, is dat baie kennis nie noodwendig verwondering en wysheid meebring nie, maar kennis het wel die potensiaal om wysheid en verwondering te kweek. Hierdie wysheid impliseer goeie oordeel, sensitiwiteit, respek en verantwoordelikheid teenoor ander en die omgewing en ‘n gepaardgaande lewenshouding van nederigheid.

Wat sou aan die hart lê van die ingesteldheid van verwondering? Berquist verwys daarna in wat hy gelees het by die ingang van die *Pomona College*: “Let only the eager, the thoughtful, and the attentive enter here.” Gretigheid, nadenkendheid en aandagtigheid is fundamentele ingesteldhede van verwondering en veronderstel dat daar ‘n openheid en ontvanklikheid sal wees om die wonderlike van die lewe en wêreld waar te neem en te waardeer – of dit klein of groots is. Om dit anders te stel: ‘n mens se radar (by wyse van spreke) behoort met sensitiwiteit ingestel te wees vir wat om jou aangaan en dan kan dit met bewondering aanskou word en oor nagedink word om die inherente waarde en wonderbaarlikheid te besef en erkenning daaraan te gee.

### 3.1.5 Verwondering vs. nuuskierigheid

Gesonde nuuskierigheid is ‘n belangrike element van verwondering, maar verwondering het ‘n dieper kwaliteit as net blote nuuskierigheid. Dit dra by tot die ervaring van verwondering, maar verwondering neem die nuuskierigheid verder. Verwondering het ‘n dieper en ryker dimensie as om net nuuskierig te wees. Nuuskierigheid kan oppervlakkig bly, maar verwondering doen dit ter wille van kennis en die bepaling van die betekenis en waarde van dit wat waargeneem en beleef word. Alhoewel kennis deur verwondering nie noodwendig nuttig is vir die onmiddelike praktiese waarde nie, dra dit tog wesenlik by tot die verhoging en verdieping van lewensbeskouing en lewensingsteldheid. As voorbeeld: nuuskierigheid wil verstaan hoedat klimaatverandering koraalriwwe se voortbestaan en die samehangende ekologiese stelsels daarvan beïnvloed. Wanneer begrip en insig daaroor verkry word, gaan dit oor in verwondering oor die ekostelsels se interafhanklikheid en die belang daarvan vir ‘n gesonde omgewing. Hierdie nuuskierigheid en gevolglike verwondering lei tot morele en etiese optrede, respek en waardering om met verantwoordelikheid teenoor die omgewing op te tree (Kelsey 2009: 346-348).

Dit is dikwels effektief om verskillende sake met mekaar te kontrasteer of om iets te beskryf wat in werklikheid nie so is nie om die aard of betekenis van die konsep duideliker te maak. Dit is ook waar in die geval van verwondering teenoor skeptisisme. Pessimistiese of siniese skeptisisme is negatief ingestel op baie aspekte van die lewe en bevraagteken alles bloot uit gewoonte en om dan ook geen positiewe waarde toe te voeg tot die verkryging van kennis nie. Sulke skeptici put genot en tevredenheid daaruit om die pogings van diegene wat met goeie bedoelinge en met geldigheid wil verwonder of wonder, te ondermyn of te saboteer deur die positiewe ervaring van die verwonderaar af te maak as onsin of onbenullig. Reaksies soos “wie sê?”, “wat daarvan?” (asof dit van geen belang is nie) of “ja, maar” is tipies wat gehoor sal word by die siniese skeptikus. Dit illustreer presies wat verwonderaars nie is of doen nie (vgl. Berquist 1985)

### 3.1.6 Nie minderwaardig nie

Daar is diegene soos Francis Bacon (Prinz 2013), Thomas Aquinas (Daston 2014), Ernst Mach (Cantore 1977) wat van mening is dat verwondering ‘n minderwaardige aktiwiteit is omdat dit subjektief en tydelik van aard is. Mach voel dat die subjektiwiteit van verwondering die rede is hoekom dit nie by die wetenskap hoort nie. Bacon maak die aanspraak dat verwondering net tydelik is omdat dit ervaar word aan die begin van ‘n waarneming, maar uiteindelik behoort te verdwyn wanneer die ondersoek afgehandel is. Aquinas is die mening toegedaan dat hoe meer kennis ingewin word hoe minder word die verwondering.

Verwondering is nie ‘n minderwaardige ervaring nie en dit word aangemoedig deur selfs gerespekteerde figure in die wetenskap soos Albert Einstein, Max Planck, Francis Collins en ander. Verwondering is inderdaad ‘n subjektiewe ervaring, maar dit hoef nie gekleur te wees slegs deur die misterie van die onderwerp nie. Die objektiewe kennis wat bekom word deur te kyk na die objektiewe gegewens en die gevolglike begrip en insig wat daaruit voortvloei, is eweneens ‘n rede tot verbasing, vreugde en verrukking. Die subjektiewe ervaring van verwondering, naamlik die emosies wat daarmee gepaard gaan, is net so belangrik vir die mens om ‘n dieper, wyer en vollediger ervaring van die wêreld en menswees te hê.

### 3.1.7 ‘n Spirituele ervaring

Om die misterie van die materiële werklikheid te ervaar is by uitnemendheid ‘n subjektiewe ervaring. Hier word geraak aan die spirituele. Spiritualiteit kan wissel van ‘n psigologiese tot ‘n godsdienstige ervaring, maar in beide gevalle word iets van die misterie beleef in dit wat waargeneem word. Selfs in die wetenskap waar aangedring word op objektiwiteit en soberheid, word soms iets van die onverklaarbare en betowering van die werklikheid ervaar waarvoor soms geen woordeskat bestaan om uitdrukking te gee daaraan nie. Sommige wetenskaplikes skram nie weg daarvan om dit te beleef nie en wil dit selfs aanmoedig. Die grootsheid van die heelal en die wêreld van die kwantum word besing soos byvoorbeeld deur sterrekundiges en fisici (Bancewicz 2012):

> “sometimes, through a strong, *compelling experience of mystical insight*, a man knows beyond the shadow of doubt that he has been in touch with a

reality that lies behind mere phenomena. He himself is completely convinced, but he cannot communicate the certainty. It is a private revelation. He may be right, but unless we share this ecstasy we cannot know.” (Edwin Hubble)[88]

“The fairest thing we can experience is the *mysterious*. It is the fundamental emotion which stands at the cradle of true art and true science...*the mystery of the eternity of life*, and the *inkling* of the marvellous structure of reality, together with the single-hearted endeavor to comprehend a portion, be it ever so tiny, of the reason that manifests itself in nature” (Albert Einstein).[89]

Fritjof Capra beskryf die spirituele ervaring wat hy beleef wanneer hy na die golwe van die see kyk en luister. Alan Lightman voel die spirituele dimensie en konneksie aan wanneer hy oogkontak maak met ‘n visvalk wat op hom afduik. Die wêreld bestaan uit materie wat op wonderbaarlike wyse op mekaar reageer en ‘n verbintenis met mekaar het en ook met die mens wat deel is van die omgewing. Wanneer waarnemers daaroor verwonderd staan, laat dit hulle nadink oor die diep onderliggende skoonheid, waarheid en betekenis daarvan.

Ten opsigte van die spirituele aard van verwondering kan dit vir die teïstiese gelowige ‘n meer gefokusde inhoud hê, naamlik dat God betrek word en erkenning aan gegee word in die waardering van dit wat waargeneem word. Dit word ‘n vorm van aanbidding. Vir Francis Collins (Collins 2007: 3) was voortvloeiend uit die kartering van die menslike genoom die gewaarwording hoe wonderbaarlik die DNS funksioneer en beskryf dit as “an occasion of worship”. Hierdie gelowige verwondering is nie beperk tot die Christelike geloofstradisie nie, maar word deur alle groot godsdienste beleef. Wanneer die wonder van die wêreld besef word, kry die gelowige waarnemer ‘n perspektief op die majestueusheid van die skepping en sy/haar eie plek daarin. In die Christelike geloof loop die verwondering en nadenke oor die bestaan van alles (die kosmologiese argument) dikwels op die oortuiging uit dat daar wel ‘n doel met dit alles is en dat die materiële werklikheid ‘n epifanie van God is. Verwondering het gewoonlik

[88] Soos aangehaal deur Ruth Bancewicz (2012) uit Pedersen, O., 1988, Christian belief and the fascination of science in *Physics, philosophy, and theology: A common quest for understanding*, Vatican Observatory.
[89] Soos aangehaal deur Fritjof Capra (2015) uit Einstein, A., 1949, *The world as I see it*, Philosophical Library, New York.

die uitwerking dat die waarnemer ‘n nederige ingesteldheid ontwikkel en dit behoort ‘n wesenskenmerk van godsdienstigheid te wees.

### 3.1.8 Verwondering in wetenskap en geloof

Daar word baie geskryf en gedebatteer oor die verhouding tussen wetenskap en geloof en die konflik wat daar sou bestaan. Wetenskap en geloof/godsdiens het hulle onderskeie domeine en hulle onderskeie navorsingsmetodologieë en het verskillende oogmerke voor oë in hulle ondersoek, vertolking en nadenke oor die gegewens. Die konflik is onnodig – dit is ‘n konflik tussen mense en nie in die wese van wetenskap en geloof nie. Maar dan behoort beide dissiplines mekaar te respekteer en hulle onderskeie grense van ondersoek en interpretasie te eerbiedig en die veronderstelling is dat beide dissiplines met diepgang en integriteit beoefen sal word. Daar is egter wel ‘n gemeenskaplikheid tussen wetenskap en geloof en dit is die sensasie van verwondering. By beide is die reaksie van ontsag en verbasing dikwels aanwesig, maar die aard daarvan kan verskil. Die wetenskap se verwondering sal lê daarin dat die chemie, fisika, biologie en psigologie verder blootgelê word en groter insig verkry word. Die navorser kan daaroor verruk wees en bevrediging ervaar oor dit wat bereik en te wete gekom is. Die geloofsgemeenskap sal oor dieselfde bevindinge verwonderd wees, maar dan verder vanuit geloofsperspektief betekenis daarin vind deur God se betrokkenheid daarin te herken. Die verwonderingservaring kry dan ‘n dieper en vervullende waarde op ander wyse. As voorbeeld kan verwys word na die insig wat die wetenskap gebring het oor die ontstaan van die heelal en die evolusionêre ontwikkeling daarvan met alles daarin. Die natuurwette se fisiese en chemiese prosesse wat dit moontlik gemaak het en die tydsverloop wat dit behels het, is grondige rede om enigiemand verstom te laat oor die proses en resultaat daarvan. Vir die gelowige kom nog ‘n groter waardering en bewondering daarvoor wanneer die geloofsoortuiging bestaan dat God daarvoor verantwoordelik is, veral as die teleologie daarvan ook in aanmerking geneem word. Dit is egter ook waar dat sommige wetenskaplikes wat nie gelowig is nie, ook ‘n dieper spirituele ervaring beleef al het dit nie ‘n geloofsinhoud nie. Ongeag van die inhoud van die verwondering, bly dit ‘n belangrike gemenedeler tussen wetenskap en die wêreld van godsdienstige geloof. Daarom hoef wetenskap en godsdiens mekaar nie af te maak nie, maar eerder mekaar aanvul en by mekaar leer om groter en dieper betekenis te ontdek.

## 3.2 Waarom sal ons ons verwonder?

### 3.2.1 Waarde

Robin Attfied (Attfield 2017: 1) wys daarop dat baie dinge wat waargeneem word in mindere of meerdere mate waarde het en sodanig waardeer kan word. Om die waarde van dinge in die lewe (hoe gering ookal) raak te sien, veronderstel bewondering. Daar sou 'n kwalifikasie toegevoeg kan word aan hierdie insig, want daar is aspekte van die lewe wat destruktief en nadelig is vir die omgewing en die mens en daarom met goeie oordeel bestry moet word, byvoorbeeld insekplae. Maar Attfield se aanname oor die waarde van alles het die bedoeling dat die mens sensitief sal wees op alles in die lewe en wêreld om dit raak te sien, te waardeer en na waarde te ag. Dit geld nie net vir dit wat aanskoulik of sensasioneel is nie, maar ook die doodgewone en alledaagse. 'n Alledaagse diertjie soos 'n akkedis is indrukwekkend as insae verkry word oor iets van sy fisiologie. Die diertjie het dieselfde organe as wat 'n mens het, maar het slegs 0.0279% van die gewig van 'n gemiddelde grootte mens van 70kg en 1.72m. Met hierdie statistiek kan bereken word dat die akkedis uit ongeveer 10 miljard selle bestaan. Dit is iets om oor verstom te wees.[90]

### 3.2.2 Waardering en lojaliteit

Wanneer iets beleef en waargeneem word met verwondering kom daar ook waardering. Waardering veronderstel dankbaarheid oor die skoonheid en wonder van die wêreld en dat 'n mens deel kan wees daarvan. Om dankbaar te wees gee erkenning aan dit wat ervaar word as iets wonderlik en dan is dit onvermydelik dat die *oorsprong* daarvan in aanmerking geneem sal word en erkenning voor gegee word.

---

[90] Hierdie syfers is gebaseer op die feit dat die gemiddelde grootte volwasse mens van 70kg en 1.72m uit ongeveer 37.2 triljoen selle bestaan volgens Barth, U., 2017, *How many cells are in your body? Probably more than you think!*, https://handling-solutions.eppendorf.com/cell-handling/about-cells-and-culture/detailview/news/how-many-cells-are-in-your-body-probably-more-than-you-think/ . Die syfers ten opsigte van die tuinakkedis, *Trachylepis striata* wat gemiddeld 19.9g weeg, is afgerond in ag genome dat die anatomie van die mens en die akkedis verskil ten opsigte van kompleksiteit. Indien die totale aantal selle in die akkedis met 'n miljard boontoe of ondertoe sou verander, sal dit steeds nie afbreuk doen aan die grootsheid van die samestelling van 'n natuurverskynsel soos 'n akkedis nie.

Vir die gelowige sal God as gewer en skepper die een wees op wie die dankbaarheid gerig sal wees. Alhoewel baie mense nie noodwendig God raaksien in die dinge waaroor verwonder word nie, kan dit vir die gelowige wel, wanneer die inherente waarde van dinge in die lewe herken word, ‘n motivering word om God daarvoor te eer. David Kelsey (Kelsey 2009: 337) beskryf die mens se verhouding met God onder andere as *lojaliteit* teenoor God. In hierdie konteks kan lojaliteit vertolk word om God en sy saak te ondersteun deur respek, erkenning en waardering vir God se skepping.

Verwondering is ‘n belangrike motiveerder vir die skepping van kultuur in die vorm van godsdiens, kuns en wetenskap. Die mens het veel verder ontwikkel as die res van die diereryk ten opsigte van breinvermoë en het daarom die vermoë om bewus te wees van medemens en omgewing. Daarom het die mens ook die vermoë ontwikkel om te verwonder, daaroor na te dink en uitdrukking te gee daaraan in godsdiens, kuns en wetenskap en homself verder te laat ontwikkel op spirituele en materiële vlakke. Alhoewel die vermoë van verwondering nie essensieel is ter wille van fisiese oorlewing nie en eers ‘n latere ontwikkeling is by die mens, is dit ter wille van volledig mens wees ook belangrik. Vir die gelowige in besonder dra dit by tot herkenning en erkenning van God; vir die Christen dra dit ook die inhoud van beeld van God, *imago Dei*, te wees deur hom/haarself te kan onderskei van die res van die skepping. Hierdie vermoë en uitvoering daarvan dra by tot ‘n verhoogde kwaliteit van lewe en herkenning van lewensin. Verwondering kan gesien word as ‘n vorm van lojaliteit ook aan homself, die medemens en die omgewing: die mens is ook geroep as skepsel van God om na homself, medemens en omgewing om te sien. Dit het wesenlike implikasies vir etiek, deernis en geregtigheid. Oor hierdie verwikkeling by die mens kan verwonder word omdat dit betekenisvol is en dit laat die mens homself afvra: waarom het Homo Sapiens so ontwikkel?

Richard Feynman, fisikus, wys tereg daarop dat die natuur en alles wat dit insluit ‘n wonder is.[91] Wanneer die mens sensitief is daarvoor, verdiep die verwondering daaroor. Wetenskaplike studie en die insig wat hieruit verkry word, maak die wonder

[91] In ‘n televisie-onderhoud met die BBC in 1983 verduidelik Feynman met aansteeklike entoesiasme en treffende, verstaanbare beelde die kompleksiteite van die kwantummeganika. Op ‘n gegewe moment verwoord hy in onmiskenbare ekstase sy verwondering: “…. But you got to stop and think about it to really get the pleasure about the complexity, the inconceivable nature of nature!” https://youtu.be/P1ww1IXRfTA , 43:26.

van die natuur duideliker en grootser. Grondige en diep wetenskaplike kennis van die natuur is nie vir almal beskore nie en dit is nie nodig vir die leek om dit te hê om iets van die natuurlike verskynsels te begryp nie. Die leek kan egter kennis neem – selfs op elementêre vlak – van wat die wetenskap bevind het, en dit is waardevol om begrip en respek daarvoor te kry. Selfs al word diep wetenskaplike literatuur nie gelees deur die leek nie, kan verwondering deur eie persoonlike waarneming van die wêreld se alledaagse kleinigheidjies verrassende onthullings oplewer wat die waarnemer met ontsag en bewondering vervul. Dit is belangrik en waardevol dat ook die gelowige sal kennis neem van die wetenskap en dit sal verwerk in sy belewing van God en die wêreld. Kennisname van wetenskaplike insigte behoort ‘n meer gebalanseerde, insluitende en genuanseerde verstaan van die wêreld en lewe teweeg te bring met hopelik ‘n sagter hantering van die wêreld. Die aangeleentheid oor sake van homoseksualiteit en evolusie kan hier as voorbeeld dien wat vir ‘n groot deel van die geloofsgemeenskap problematies is.

### 3.3 Waaroor kan verwonder word?

Wanneer die waarnemer die wonders van sy omgewing raaksien, mag dit wees dat sekere verskynsels waargeneem word sonder dat daar noodwendig met verwondering op gereageer word, maar tog word die skoonheid daarvan raakgesien en waardeer. Hier sou iets van ‘n kunstige aard as voorbeeld gebruik kon word soos ‘n skildery waar die reaksie sou wees: “Dis mooi!” en soortgelyke reaksies, maar dit beteken nie noodwendig verwondering nie. Die estetiese waarde word erken, maar dit ontlok nie noodwendig diepgaande verwondering en nadenke nie. Daar is wel in sekere gevalle ‘n oorvleueling tussen estetiese waardering en verwondering omdat die skoonheid van die waargenome so diepliggend van aard is dat verrukking en verbasing ‘n waarskynlike gevolg is.

#### 3.3.1 Wetenskap en kuns

Die bestek van hierdie studie fokus meer op die verwondering wat beleef word oor verskynsels wat in die natuur voorkom, maar dit kan nie ontken word nie dat verwondering ook ervaar word en verbeeld kan word in die kunste. Daar is inderdaad ‘n verbintenis te sien tussen die wetenskap enersyds en godsdiens en die kunste andersyds. Dit kan gesien en beleef word in kerke en museums waar onderwerpe van wetenskaplike aard in verskillende mediums uitgebeeld word. Museums is nie beperk

tot slegs plekke om blote nuuskierigheid te bevredig nie. Die toeskouer, wat dikwels ‘n leek is, het die geleentheid om die wonder van die wetenskap te beleef deur kwaliteitvoorstellings en dit met verstomming te aanskou en meegevoer te word. Hier kan die estetiese waardering van die kunswerk oorgaan in verwondering. Die Maropeng-museum geleë in die Wieg van die Mensom in Gauteng, Suid-Afrika dien as voorbeeld. Hier word die geskiedenis van die Aarde met sy plante, diere en hominiedes beskryf deur middel van illustrasies in drie-dimensionele beeld, fossiel-replikasies en ander kunswerke wat die toeskouer laat met verstomming en ontsag. Wanneer die besoeker die kompleks verlaat word ‘n diep begrip, respek en selfs ‘n mate van verering beleef vir die proses wat die skepping moes deurloop om mens en omgewing voort te bring. Die ervaring van verwondering word wesenlik versterk deur die kunswerk van hierdie museum.

Dit is egter ook waar dat museums nie net plekke van wetenskap en kuns is nie. Museums kan ook ervaar word bloot ter wille van kuns self waar skilderkuns en beelde ten toongestel word en dan bewonder en oor verwonder word sonder die bedoeling dat dit wetenskaplike kennis wil oordra. Kunstenaars het die besondere vermoë om die lewe te vertolk en uitdrukking daaraan te gee wat die waarnemer daarvan in vervoering laat en help om sin van die lewe te maak. Menige besoekers aan kunsmuseums soos die Louvre in Parys, die *Museum of Modern Art* in New York, die *Acropolis Museum* in Atene en die *Rijksmuseum* in Amsterdam sal getuig van die verwondering wat hulle ervaar het deur die belewing van die bekoring en geskiedenis van die kunswerke.

### 3.3.2 Natuurverskynsels

Oor alles in die natuurlike wêreld kan verbasing en verrassing ervaar word. Dit hoef nie net ‘n skouspelagtige waterval of sonsondergang te wees nie, maar ook die alledaagse en onopsienbare verskynsel soos ‘n mier wat ‘n blaar karwei na sy nes. Dit is bekend dat die mier 10 – 50 keer sy eie gewig kan dra.[92] Dit is duidelik dat verwondering ook in die alle alledaagse beleef word – eintlik kan alles in die wêreld ‘n mate van opsienbarendheid hê. Afgesien van individuele verskynsels in die natuur, groot of klein, het die wetenskap ook die kennis en insig gebring dat daar ‘n

[92] Holbrook 2009, Ant factoids, *Ask a biologist*, Arizona State University School of Life Sciences Ask a Biologist, gelees 04 April 2021 op https://askabiologist.asu.edu/content/ant-factoids

verweefdheid en interafhanklikheid bestaan deur middel van sisteme wat op mekaar inwerk. Die hele aarde bestaan uit ekosisteme soos groot landstreke, see en atmosfeer en hierdie sisteme is weer onderverdeel in kleiner biome soos woude, kleiner watermassas, bergstreke en vlaktes wat afhanklik is van mekaar en mekaar beïnloed. Die mens is deel van hierdie ekosisteme en die welstand van die sisteme word wesenlik beïnvloed deur die aktwiteite van die mens wat weer 'n wedersydse invloed het op die mens se welstand. Hierdie toedrag van sake is om oor verwonderd te wees. Teenoor die groter natuursisteme bellef ons 'n alledaagse aktiwiteit en verskynsel in die materiële wêreld soos ons asemteue en die lug wat ons inasem. By standaard kamertemperatuur en -druk asem ons in met elke asemteug ongeveer 25 sekstiljoen molekule in. Dit is 25 met 21 nulle agterna! [93] Die kleinheid en hoeveelheid van molekule wat hieruit blyk is verbysterend en laat ons diep onder die indruk van die omvang van die natuurlike wêreld waarmee ons elke dag en elke oomblik in aanraking is.

## 3.4 Wie kan verwonder?

### 3.4.1 Die wetenskaplikes

Wanneer daar oor die ervaring van verwondering in die literatuur geskryf word, word daar dikwels na wetenskaplikes verwys om te illustreer hoe hulle dit beleef en watter effek dit op hulle laat. Niels Bohr en Werner Heisenberg verduidelik dat verwondering en die verrassing/verbasing wat die onthulling van die geheime van die materiële wêreld oplewer, hulle motiveer om verder te ondersoek (Cantore 1977). Edwin Hubble beskryf die blootlê van die heelal as 'n "*compelling experience of mystical insight"* (Bancewizc 2012). Fritjof Capra (Capra 1982) raak in vervoering wanneer hy die branders van die see materieel in die werklikhede van die fisika ervaar, maar tegelyk beskryf hy dit ook metafories as die dans van Shiva. Daar is talle ander wetenskaplikes wat ook in verwondering is oor dit wat hulle uitdelf in hulle ondersoeke: Albert Einstein, Max Planck, Francis Collins, Alan Lightman, om nog enkele te noem.

---

[93] Worrall 2017, Uit 'n gesprek deur National Geographic met Sam Kean, oor sy boek *Caeser's last breath. Decoding the secrets of the air around us*.
https://www.nationalgeographic.com/science/article/air-gas-caesar-last-breath-sam-kean

### 3.4.2 Die leke

Maar is bekoring, verrassing, verbasing, verstomming slegs beperk tot die diegene wat met diep wetenskap besig is en die geheime van die natuurlike wêreld blootlê? Sekerlik nie. Die leek wat net waarneem en beleef op oppervlakkige manier kan eweneens verwonderd staan oor die wonderlike van die verskynsels in die omgewing. ‘n Akkedis of mier in die tuin, ‘n klip in die tuinpaadjie met sy lang geskiedenis, ‘n vliegtuig hoog in die lug met sy meganika kan die waarnemer met diep verwondering laat. Net om daaroor te wonder: hoe?, hoeveel?, wanneer?, hoekom?, kan die leek laat nadink en verder navraag doen oor die aard daarvan en die inligting hoef nie in hoogwetenskaplike bronne gesoek te word nie. Deur goeie populêre wetenskaplike bronne en goedingeligte persone kan kennis en insig vermeerder word. Selfs die blote waarneming van die uiterlike skoonheid en rol van die voorwerp se plek in die groter konteks van die omgewing sonder dat verdere navraag of ondersoek gedoen word, kan bewondering teweegbring. Al wat dit vereis, is sensitiwiteit en gretigheid, nadenkendheid en aandagtigheid (*eager, thoughtful, attentive* soos aangedui op die hekke van die Pomona College (Berquist 1985).

## 3.5 Verwondering is deurlopend

Henry David Thoreau sê “we need the tonic of wildness” (Attfield 2017: 3) met die moontlike veronderstelling dat die tonikum nie iets is wat gereeld gebeur nie, maar Attfield bepleit dat dit nie ‘n eenmalige tonikum moet wees nie. Hieruit volg dat verwondering nie iets is wat eenmalig of seldsaam moet plaasvind nie, maar ‘n deurlopende leefstyl waardeur ons sensitief sal wees vir die insig dat die mens ‘n spesifieke en betekenisvolle plek het in die groter bestel van dinge.

Wanneer die skeppingsverhaal van Genesis die opdrag gee om oor die skepping te heers, is dit ‘n voortdurende proses waarin verwondering en waardering ‘n wesenlike motiveerder sal wees en moet daarteen gewaak word dat dit geyk raak. Ons instandhouding, deel wees en ervaring van die skepping kan so roetine raak dat die wonder daarvan nie meer opgemerk word nie. Verwondering kan en behoort ‘n integrale deel van lewensingesteldheid te wees, vergelykbaar met die beoefening van goeie maniere en beskaafdheid.

Die eerste kennismaking met iets besonders is ‘n spesiale ervaring. Dit word emosioneel en fisies ervaar deurdat die waarnemer ontroer, oorstelp, verbaas kan

wees – om maar ‘n enkele voorbeelde van emosie op te noem. Die liggaam kan willekeurig of onwillekeurig reageer met ingehoue asem, oopgerekte oë, saamgeslane hande, betraande oë, toetrek van die keel en hoendervleis. Die eerste ervaring van verwondering is miskien meer intens en latere reaksies minder hewig, maar persoonlike ervaring het gewys dat dieselfde sensasies by herhaling beleef kan word soos met die eerste keer. Pragtige musiek en die aanskoue van die nagtelike sterrehemel is voorbeelde hiervan.

Wanneer iets waargeneem word, hoef verwondering nie beperk te word tot die aanvanklike moment van waarneming en belewing nie. Die proses van verdere ondersoek daarvan en die geleidelike blootlegging van die verskynsel lewer steeds verrassing en verbasing op. Die harmonie wat uiteindelik waargeneem word en dikwels die eenvoud wat onderliggend daaraan is, laat die ondersoeker verstom. Verwondering is iets wat ervaar kan word aan die begin, tydens die proses van meer te wete kom en ook uiteindelik by die antwoord en resultaat van ondersoek. Soos reeds hierbo genoem, is dit die ervaring van professionele wetenskaplikes, maar ook die leek kan dit beleef deur sy alledaagse belewing van die omgewing en wêreld en verdere nalees oor die verskynsel.

## 3.6 Op watter manier word verwondering ervaar?

### 3.6.1 Die hele mens ervaar dit

Wanneer die noorderligte in die Skandinawise lande of die krag van ‘n luiperd wat ‘n bok in ‘n boom indra of die aanhoor van ‘n besonderse musiekstuk beleef word, kan die gemoed van die waarnemer ontroer word of verrukking ervaar word. Daar kan na asem gesnak word; die hande kan saamgeslaan word; die oë kan rek of betraand raak; die mond kan onwillekeurig oophang van verstomming; die persoon kan ‘n uitroep van ekstase maak of selfs sprakeloos word. Dit is duidelik dat die mens se hele wese betrek word by die emosie van verwondering. Kognitief: die besef en erkenning dat die waargenome iets besonders of betekenisvol is; sensories: die sintuie wat die verskynsel waarneem; spiritueel: die verwondering strek dieper deurdat die verwondering ontwikkel in verering en ontsag. Afgesien daarvan dat die verskynsel self vereer en met ontsag bejeën word en die waarnemer op spirituele wyse daardeur verryk word, sal die spirituele ervaring vir die gelowige ook gerig wees op die verering van God.

### 3.6.2 Verwoording

Jesse Prinz (Prinz 2013) verwys daarna dat taal ryk is aan woordeskat om aan verwondering verbaal uitdrukking te gee. Enkele voorbeelde in Engels*: marvellous, stunning, astonishing, awe, sublime.* Wanneer Francis Collins (2007), die wêreldbekende genetikus, die omvang en implikasies van evolusionêre ontwikkeling en die DNS se rol daarin verduidelik, raak hy in vervoering met selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde wat sy ekstase weerspieël: *glorious beauty, marvellous, deeply satisfying, aesthetically appealing, artistically sublime*. Dit ontbreek Afrikaans ook nie aan gepaste beskrywende taal nie: wonderbaarlik, wonderlik, verbasend, geweldig, ontsag, eerbied, vrees (in konteks van ontsag), verhewe, heerlik, groots, glansryk, skoonheid, diep bevredigend, esteties aantreklik, kunstig verhewe. Dit is opsigself ‘n wonderlike verskynsel dat die mens die sensasie van verwondering kan uitdruk in beskrywende woorde op soveel verskillende maniere wat bepaal word deur die konteks van die verwondering. Die aanskoue van donderweer sal *ontsag (dalk vrees)* oproep; die skoonheid van ‘n blom wek *verrukking* op; ‘n mooi stuk musiek *ontroer* die gemoed.

### 3.6.3 Spirituele ervaring

Wanneer iets besonders, hetsy buitengewoon/uitsonderlik of alledaags, beleef word, vind baie waarnemers dit ‘n spirituele ervaring. Die wetenskap ontsluit die geheime van die onderliggende wette en prosesse wat begrip tot gevolg het; die godsdiens wek ontsag vir God; die kunste bring refleksie, waardering, ontroering, begrip en verrukking oor die verskillende aspekte van die lewe. Met ander woorde, in elkeen van hierdie terreine – wetenskap, kuns en godsdiens – bestaan die moontlikheid dat ‘n dieper nadenke en eerbied (‘n sagte vorm van vrees) ontlok kan word. Die ongelowige kan dit ook as spiritueel beleef, maar nie in godsdienstige sin nie – daar is ‘n diepe bewuswording van ‘n betekenis wat die mens se gees aanspreek en verryk. Vir die gelowige is daar die addisionele dimensie dat God ervaar word as deel van hierdie fenomeen wat waargeneem word en dat God daarvoor geëer kan word.

In gelowige en niegelowige ervaring van die spirituele gebeur dit soms, in teenstelling met die vorige paragraaf, dat wanneer die verwondering ‘n baie diep en intense ervaring is, dit nie verwoord kan word nie. Dit word onsegbaar.  Dan is verwondering ‘n baie persoonlike ervaring wat moeilik gekommunikeer kan word, maar die

waarnemer is absoluut seker van wat hy/sy ervaar. Soos reeds beskryf vantevore het Edwin Hubble, die sterrekundige, byvoorbeeld sy waarnemings deur die teleskoop beskryf as "compelling experience of mystical insight." (Bancewicz 2012). Alan Lightman (2014: 52-54) ervaar onmiskenbaar 'n konneksie met 'n visvalk waarmee hy oogkontak maak en wat 'n kreatuur van die materiële wêreld is en waarvan hy ook deel is en voel. Hulle het iets in gemeen: hulle is albei deel van die materiële wêreld en het gedeelde belange, naamlik om te leef en oorleef. Daar is respek vir mekaar. Dit het vir hom 'n reële spirituele belewenis geword. Hierdie is taal van ekstase en ontsag wat moeilik in woorde omgesit kan word en aanduidend is van 'n spirituele ervaring. Hoe moeilik ookal om te verwoord, moet dit gedeel word met ander om die sensasie en majestueusheid van die waargenome bekend te maak, want dit is waardevol en die moeite werd om te deel.

Vir die gelowige is daar gronde om na die wêreld en die kosmos te kyk met die oortuiging dat dit 'n epifanie van God is. Wanneer dit aanskou en beleef word, word die gelowige gelaat met 'n diep gevoel van bewondering en verwondering. Die vrae "waarom?" en "is daar 'n doel met dit alles?" is feitlik onvermydelik en wanneer daar tot die oortuiging gekom word dat die doel/*telos* van die skepping iets te doen het met die openbaarmaking van God en dat God 'n verhouding met sy skepping wil hê (en op besondere wyse met die mens), word verwondering, eerbied en dankbaarheid nog meer gekweek en gevoed.

Daar is egter 'n woord van waarskuwing wat gerig moet word in die spirituele ervaring van verwondering, veral met betrekking tot wetenskapbeoefening. Alan Padgett (Padgett 2007) doen 'n beroep dat Christen-wetenskaplikes ook 'n mate van teologiese kennis moet besit waarmee teoloë gehelp kan word met die vertolking en verstaan van wetenskaplike bevindinge en ook die teologie self. Hierdie wetenskaplikes moet met hulle nadenke oor die wetenskap se resultate die teoloë help om die wetenskap te vertolk en dit te akkommodeer in die teologie. Dat Christen-wetenskaplikes vanuit hulle geloof die bevindinge van die wetenskap teologies of spiritueel wil verstaan, is lofwaardig, maar hier bestaan 'n moontlikheid dat wetenskapbeoefening se neutraliteit in gedrang kan kom. Daar kan 'n agenda ontstaan dat die wetenskap gebruik of misbruik kan word om Skrif en geloof reg te probeer bewys wat kan lei tot verwringing van Skrifuitleg en geloofinsig en die wetenskap self. Dit is nie die domein en taak van die natuurwetenskaplike om

teologiese interpretasie aan die wetenskap te koppel nie, *tensy die wetenskaplike dit buite daardie domein doen en doelbewus die terrein van die teologie of filosofie betree.* Die wetenskaplike doen dan spirituele, of meer spesifiek godsdienstige, *nabetragting*. Dit sal inderdaad van groot waarde wees wanneer die wetenskaplikes die bevindinge van hulle navorsing op bevatlike manier kan deel met die kerk wat op haar beurt die spirituele ervaring van verwondering kan kweek en die boodskap van die Bybel hermeneuties korrek sal vertolk en relevant maak vir die huidige tyd.

Ten slotte oor die spirituele aard van verwondering nog 'n paar opmerkings. Marcus Borg se preek, *Listening <u>for</u> the Voice of God* (2017: 227, onderstreping toegevoeg) gebruik die opvallende woordjie "for" in die titel van sy preek. Wanneer "vir" iets te geluister word, is daar 'n verwagting dat iets later gehoor sal word – die waarnemer is dus bedag daarop en ontvanklik daarvoor. Dit wat dan uiteindelik gehoor word, word "na" geluister – dit word in die aksie beleef.[94] Wat hier ter sake is, is dat daar 'n ontvanklikheid sal wees om God se stem te "hoor" of bewus te wees van God se teenwoordigheid in die alledaagse verloop van die lewe. Daar sou tereg gesê kan word dat vir die gelowige die ervaring van verwondering 'n "luister" en "sien" is van God se stem en aksie in soveel verskillende manifestasies: die kunste, musiek, tegnologie, die natuur en medemenslikheid.

Vandag word die wêreld deur die prestasie van die wetenskap duidelik en akkuraat verklaar en dit kan vir mense oorweldigend wees. Vir baie sal dit ook deurslaggewend wees hoe om die werklikheid te verstaan en daarin te leef. Die risiko bestaan dat die spirituele werklikheid verdof raak en as uitgedien beskou word. Vir die gelowige egter is God se teenwoordigheid steeds waar, waarvan die mens bewus kan wees en beleef kan word indien die mens sensitief daarvoor sal wees. Soos wat God se teenwoordigheid beleef kan word deur die lees van die Bybel, die liturgie, gebed en nadenke, kan ook deur die fenomene van die wêreld God se stem gehoor word. Uit die gesigspunt van verhoudings, deernis en geregtigheid is Jesus vir die Christen die duidelikste stem van God deur dit wat Jesus geleer, gedemonstreer en waarvoor hy gestaan het. Deur te luister na hierdie stem van God soos deur Jesus hoorbaar

---

[94] Die onderskeid tussen "listen for" en "listen to" word verduidelik op die webtuiste Wordreference.com, Language Forum, https://forum.wordreference.com/threads/listen-to-or-for.54741/#:~:text=Listen%20to%3A%20to%20pay%20attention,will%20notice%20a%20particular%20sound

gemaak en ook wat “gehoor” en “gesien” word deur die ander kanale van die wêreld bring dit transformasie mee op persoonlike en sosiale vlak wat die Christen, sy geloof en sy lewenswyse geloofwaardig maak. ‘n Geloofwaardige spirituele lewe kan gevorm en gevoed word indien daar meer gefokus word op Jesus se lewe van deernis en geregtigheid (wat ook God se fokus is) en minder klem gelê word op die bonatuurlikheid van sy wonderwerke en op ‘n lewe hierna. Dan word Jesus se lewe en boodskap meer relevant en geloofwaardig in ‘n wêreld waar soveel verklaar word deur die wetenskap. Só ‘n begrip van God se teenwoordigheid en betrokkenheid in die wêreld soos deur Jesus gedemonstreer, kan en behoort verwondering, ontsag en gepaardgaande nederigheid in die hand te werk. Dan kom wetenskap en spiritualiteit in ‘n sinvolle geheel bymekaar uit.

## 3.7 Die ingesteldheid van verwondering

Uit die literatuur wat behandel is in die vorige hoofstuk van hierdie studie het dit duidelik geblyk dat daar by die outeurs sekere ingesteldhede aanwesig is wanneer hulle besig is met hulle dissipline en hulle daaroor verwonderd is of andersins met hulle nadenke oor die ervaring van verwondering. In die hierdie afdeling sal meer spesifiek op die effek van verwondering op die individu gefokus word – ek is van mening dat die effek die uitvloeisels is van hierdie onderliggende ingesteldhede.

### 3.7.1 Respek

Robin Attfield (Attfield 2017: 3) verwys in sy boek na Kathleen Moore[95] wat daarop wys dat antroposentrisme in die materiële wêreld misplaas is. Die mens is van die laaste kreature wat op die toneel verskyn het in die evolusionêre ontwikkeling en is deel van ‘n baie groter geheel. Die waarheid is dat die skepping nie die mens nodig het om voort te bestaan nie, maar die mens kan nie sonder die skepping leef nie. Ons is deel van ‘n groter biologiese en ekologiese sisteem waar interafhanklikheid ‘n fundamentele waarheid is. Alles het in mindere of meerdere mate waarde en wanneer daaroor nagedink en die fundamentele waarheid daarvan besef word, word respek ontwikkel by die mens – respek vir die omgewing en respek vir die medemens.

[95] Moore 2005: 63-77.

Richard Feynman, wys tereg daarop dat die natuur en alles wat dit omvat ‘n wonder is (Maria Popova, 2012) en dat grondige en deeglike studie daaroor die wonder van die natuur nog grootser en duideliker maak en daaruit vloei groter begrip en respek. Soos reeds genoem is dit nie nodig vir die leek om dieselfde diepgaande kennis te hê soos wat die geval is by die professionele wetenskaplike nie, maar daar kan kennis geneem word van wat die wetenskap bevind waaruit respek vir die wonders van die wêreld en natuur kan ontwikkel. Begrip en respek vir alle aspekte van die wêreld bevorder gesprekke, uitsprake en denke oor die lewe wat gebalanseerd, insluitend en genuanseerd is. Die oorsaak en rol van natuurverskynsels en -rampe in die groter ekologiese sisteem dien as voorbeeld. In die huidige konteks van die Covid 19 pandemie is dit veral relevant, waar wel oorwoë besluite geneem moet word, veral om die vooroordele en vrese te besweer van diegene wat besware het teen inenting en samesweringsteorieë versprei en glo.

Vanuit die begrip van die groter konteks van die materiële werklikheid en die respek wat daaruit voortvloei, ontwikkel ook ander gesindhede soos respek en dit blyk duidelik by soveel kundiges wat hulle besig hou met diepgaande studie van die natuurlike en filosofies/teologiese wêreld. Dit is opvallend dat by baie van hulle ook respek betoon word teenoor diegene wat ‘n ander wêreld- en geloofbeskouing huldig. Alan Lightman (Lightman 2012: 44) bely dat hy ‘n ateïs is, maar hy eerbiedig ook krities denkende gelowiges se standpunte, veral waar dit gaan om die gemeenskaplikheid van verwondering. Dit is asof Lightman aan die gelowige meedeel: “ Ek neem kennis van jou ervaring en eerbiedig dit, maar dit is nie my ervaring nie. Daar is ruimte vir jou godsdienstige ervaring, maar daar is ook ruimte vir my soort ervaring op spirituele en fisiese vlak.” Francis Collins (Collins 2007), ‘n aktiewe advokaat vir die geloof, hanteer niegelowiges en diegene met ander geloofsoortuigings met deernis, begrip en respek. In beide hierdie voorbeelde word beledigende en neerhalende taalgebruik nooit gebruik nie. Dit kom voor dat hulle diep begrip van en gepaardgaande verwondering oor die ware aard van die materiële werklikheid hulle met ‘n besondere nederigheid en respek laat vir mens en wêreld. Hulle dien as waardige voorbeelde hoe om die gesprek tussen verskillende en soms direk teenoorstaande standpunte te voer en te bemiddel.

Wetenskap en teologie (of godsdiens/geloof in die breër verband) moet en kan saamwerk in die soeke na doeltreffende funksionering en betekenis. Die een hoef die

ander nie as minderwaardig of meerderwaardig te beskou nie deur respek te betoon aanmekaar met dien verstande dat elkeen se terrein van ondersoek en die metodologie daarvan sal verskil na die aard van dit wat ondersoek word. Materie vereis eksperimentele verifiëring; die spirituele vereis filosofiese nadenke gegrond op intuïsie en ervaring. Die waarde van samewerking en wedersydse respek tussen wetenskap en godsdiens is dat die groter en vollediger prentjie gesien word wat groter waardering, respek en verwondering daarvoor sal hê. Om samewerking tussen wetenskap en teologie te bepleit en bevorder is ‘n aanduiding van erkenning teenoor mekaar by die twee dissiplines. Nie wetenskap of teologie/filosofie het alleenaanspraak of volle greep op die waarheid nie. ‘n Erkenning van mekaar sal voorkom dat daar ‘n arrogansie ontwikkel in beide kringe wat teenproduktief en destruktief is in die gesprek met mekaar oor die betekenis van die kosmos met alles daarin.

Deur verwondering ontwikkel respek en deur respek behoort voorkom te word dat arrogansie sal ontstaan by die mens en dit is waar ten opsigte van sogenaamde gevestigde geloofsaannames. Nie alle aspekte van geloof is ewige waarhede nie. Selfs in die materiële werklikheid word deur die wetenskap erken dat wat voorheen as vasstaande waarheid beskou is, met nuwe kennis as ongeldig uitgewys word of aangepas moet word (Popova 2012 verwysend na Richard Feynman; Fritjof Capra 2015). Maar wetenskaplike bevindinge daag ons uit in ons tradisionele geloofparadigmas en dogmas en soms verg dit waagmoed om buite of verder as die grense van die tradisie te gaan. Die sogenaamde demoniese besettings soos beskryf in die antieke tyd kan vandag wetenskaplik verklaar word onder andere in die toestand van epilepsie. Wanneer begryp word dat die hele sonnestelsel uiteindelik tot niet sal gaan wanneer die son oor 5000 miljoen jaar tot ‘n einde kom, moet herbesin word oor begrippe soos die nuwe aarde en God se rol in die gebeure van die lewe en kosmos. Om dan te beweer dat alle aspekte van geloof ewige waarhede is, maak ons sterk geneig om arrogant en selfs ondeernisvol te wees in ons hantering van lewensvrae en probleme. Baie van ons tradisionele geloofsgoed is geformuleer vanuit ‘n voorwetenskaplike geskrif soos die Bybel, maar nuwe insigte vanuit die wetenskap noop ons om oor God en die wêreld te herbesin. Cornel du Toit (2013: 4) skryf in dié verband ook:

> As culture changes, so does religion. The question is whether cultural change, secularisation, globalisation, electronic media and technoscience will lead to the decline and possibly demise of religion. Does modern scientific knowledge necessarily imply abjuring religion? Statistics on religiosity indicate the reverse… Although many leaders of mainstream churches are in touch with scientific developments and accept the sentiments consonant with modern ideas, it is extremely difficult to change the church 'from within'. Mainstream churches should ask themselves how much traditional dogma can be forfeited without forfeiting their distinctive identity. Should their age-old creeds be modified to accommodate present-day thinking? To many, it would imply loss of ecclesiatic identity.
>
> The tacit assumption is often that the faith need not be sacrificed because not all of it is literally true. Many believers continue to belong to mainline churches though they no longer accept traditional doctrines that conflict a modern worldviewe.

Ons hoef nie bedreig te voel as ons die nuwe ontdek en God herbedink nie. Nuwe kennis van die wêreld en kosmos verryk ons geloof en so 'n ingesteldheid maak ons beskeie in ons uitsprake oor God en oor die praksis van ons geloof. Dit sal nodig wees dat in die huidige nuwe kontekste met nuwe metafore oor God gedink en gepraat moet word. In hierdie dae staan die gelowige voor 'n keuse: enersyds kan nuwe insigte weerstaan word en om dit gevolglik ook nie te inkorporeer in spiritualiteit nie. Die gevolg is onnodige spanning tussen wetenskap en geloof. Die risiko bestaan dan om kortsigtig, arrogant en harteloos te wees. Die groter risiko is die moontlikheid dat godsdiens ongeloofwaardig en irrelevant raak vir 'n groot deel van die gemeenskap. Andersyds kan die nuwe kennis omhels word met ontsag en verwondering en beleef word as openbaring van God. Wees oop vir die verrassende nuutheid en kry 'n herwaardering van ons geloofstradisie deur dit te verstaan vir waarvoor dit werklik staan en hoe dit relevant bly in nuwe kontekste. Dit sal geloof vandag geloofwaardig laat bly en vervlakking van die geloofstradisie teenwerk. Om Skriftuur se geloofsgoedere en Natuur se kennisgoedere te eerbiedig en omhels na hulle ware aard, bevorder outentieke geloof wat voortvloei uit respek en verwondering oor die wêreld. Uit verwondering kom respek en beskeidenheid.

### 3.7.2 Nederigheid

Deur verwondering word respek ontwikkel vir mens en omgewing, maar respek het 'n dieper ingesteldheid, naamlik 'n lewenshouding van nederigheid. Respek en nederigheid werk wederkerig op mekaar in. Dit is opvallend vanuit die voorbeelde van outeurs van die behandelde literatuur in hierdie studie hoedat hulle, wat kundiges is in hulle onderskeie terreine, deur verwondering oorval word deur wat hulle waarneem, dit evalueer en dit met nederigheid, waardigheid en respekvol deel met ander wat die gegewens anders evalueer en ander betekenis daaraan heg. Francis Collins (Collins 2007) is reeds na verwys oor die verwoording van sy verwondering wat volg uit die navorsing oor die menslike genoom. Dit volg dat hy dit noodsaaklik ag om perspektief te bring in die gesprek tussen wetenskap en geloof. Collins is 'n Christen-gelowige, maar ook gesteld op deeglike en geloofwaardige wetenskapsbeoefening (hy noem dit *rigorous science*). Hy is eerlik in sy kritiek oor swak wetenskap en swak teologiese interpretasie waarmee hy verskil, maar deurgaans is hy respekvol, nederig en waardig in die hantering van die gesprek. Van beledigings en bespotlikmaking is geen sprake nie. Collins poog om versoenend te wees in sy gesprek met groepe van ander oortuigings. Sy pleidooi "only we can end them" (die "battles" tussen godsdiens en wetenskap) het 'n weerklank van opregtheid en dringendheid. Vanuit die geloofskring sal dit gepas wees om respekvol te wees teenoor die niegelowige gemeenskap en ook erkentlik te wees oor die tekortkominge in eie geloofsgeledere ten opsigte van wetenskaplike kennis en dikwels in die praktyk van geloofsoortuigings waarteen die niegelowige gemeenskap dikwels fel kritiek het. Collins doen 'n beroep dat daar by gelowiges 'n groter verdraagsaamheid sal wees teenoor die wetenskap en hulle bevindinge en om meer akkommoderend te wees teenoor ander gelooftradisies. Sy ontsteltenis is duidelik oor die onverdraagsaamheid by gelowiges wanneer hy skryf (2007: 225):

> I find it deeply disturbing when believers in one faith tradition dismiss the spiritual experiences of others. Regrettably, Christians seem particularly prone to this. Personally, I have found much to learn from and admire in other spiritual traditions, though I have found the special revelation of God's nature in Jesus Christ to be an essential component of my own faith.

Hy erken die waarde van ander geloofstradisies, maar aan sy eie Christelike tradisie bly hy lojaal. Dit is nodig, volgens Collins, dat die kerk op hoogte sal bly van die wetenskap – dit sal voorkom dat die kerk bespotlik en ongeloofwaardig sal wees deur haar onkunde.

Alan Lightman dien ook as voorbeeld van nederigheid en respek wat voortvloei uit verwondering. Hy staan aan die teenoorgestelde kant van die geloofspektrum deurdat hy erken dat hy ateïsties is (Lightman 2014: 44), maar hy bly waardig daaroor sonder om uitdagend of afbrekend te wees teenoor die geloofgemeenskap. Ten spyte van sy ontkenning van God betoon hy respek teenoor diegene wat ‘n ander oortuiging en ervaring het. Hy gee erkenning aan goeie en diep denke in godsdienstige kringe al kan hy nie daarmee saamstem nie. Lightman (2014: 64, 65) erken saam met ‘n Presbiteriaanse geestelike dat verwondering ‘n gedeelde ervaring is tussen wetenskap en geloof.

### 3.7.3 Groter perspektief

Verwondering oor die wêreld en die lewe het die potensiaal om ‘n groter perspektief teweeg te bring. Barbara Fiand (Fiand 2008: 4-7) wys daarop dat die gemeenskap dikwels erg verdeel word deur dualisme. Dit is ‘n gegewe dat daar *dualiteite* bestaan in die lewe: lig en donker, mooi en lelik, vrede en oorlog, liefde en haat en nog vele meer, maar wanneer *dualisties* oor aspekte van die lewe gedink word, lei dit tot onverdraagsaamheid en arrogansie: “Ons alleen is reg en julle nie…” word verabsoluteer. Dit word dikwels aangetref by ekstreme standpunte in wetenskaplike en godsdienstige kringe wanneer die geheelbeeld wat verskillende waarhede insluit, nie raakgesien word nie of ontken word. ‘n Openheid en toeganklikheid is nodig om die spanning wat deur dualisme veroorsaak word, te bemiddel en oorbrug. Wanneer Francis Collins (2007: 178, 179, 225) ‘n beroep doen op die geloofsgemeenskap om meer verdraagsaam te wees, vra hy ook dat die kerk op hoogte sal bly van die wetenskap. Hierdie is ‘n beroep op die kerk om groter perspektief te behou op dit wat werklik aangaan.

Uiteindelik blyk dit dat kennis, respek en nederigheid nodig is vir kalm, gebalanseerde en genuanseerde gesprekke tussen groepe van verskillende oortuigings. Die saak van God en ‘n lewe toegewy aan God word nie gedien en bevorder deur hardvogtigheid, kortsigtigheid en kleinlikheid nie.

### 3.8 Die effek van verwondering

Wanneer ‘n persoon sensitief is daarvoor om verwonderd te wees oor dit wat waargeneem of beleef word, het dit velerlei uitwerkings op die gees en gemoed van die waarnemer. Deurgaans blyk dit verrykend te wees en kan dit ‘n verdieping meebring in die spiritualiteit van die waarnemer.

#### 3.8.1 Ontsag

Die woord “verwondering” impliseer al klaar dat dit wat beleef word ‘n groot indruk maak op die persoon en gewoonlik is die eerste sensasie dié van ontsag. David Kelsey (Kelsey 2009: 340) beskou verwondering as ‘n gepaste respons op God se betrokkenheid by die skepping. Met “betrokkenheid” word hier bedoel dat die gelowige bely dat die proses van die skepping begin is deur God en nog steeds besig is daarmee.[96] Majestueuse berge of pragtige valleie vervul die persoon wat dit aanskou met ‘n ontsag vir die prosesse wat dit tot stand gebring het, maar ook vir God wat hierdie meganismes gebruik om die skoonheid van die skepping totstand te laat kom. Soos reeds vantevore genoem word die hele wese van die mens betrek by die ervaring van ontsag: *liggaamlik* deur sintuie en liggaamsdele; *kognitief* deur te erken dat die verskynsel iets merkwaardig is na sy fisiese aard; bo en behalwe die materiële merkwaardigheid van die waargenome kan dit vir die gelowige ook ‘n *spirituele* belewing wees deurdat God vereer word. John C. Mather, astrofisikus by NASA, verwoord ontsag treffend (aangehaal deur Tammeus 2014: 3):

> We are discovering what the universe is really like, and it is totally magnificent, and one can only be inspired and awestruck by what we find. I think my proper response is complete amazement and awe at the universe that we are in, and how it works is just far more complicated than humans will ever properly understand.

---

[96] In dié verband het Jonathan Sacks, ontvanger van die 2016 Templeton-prys, na die toekenning in ‘n televisie-onderhoud sy verwondering oor evolusie só verwoord: “Darwin unintentionally and perhaps unwittingly hit on one of the most beautiful religious truths ever discovered which is that the Creator made creation creative. That is what Darwinism is.”, https://www.youtube.com/watch?v=9jc4dmSo-ls

Hier word nie direk verwys na godsdienstige spiritualiteit en ontsag nie, maar dit is eweseer van toepassing op die gelowige se ervaring van die wêreld en die kosmos waarin dit bestaan.

Francis Collins (Collins 2007: 3) beskou die prestasie wat behaal is met die kartering van die DNS as "both a stunning scientific achievement and occasion of worship." Wanneer die omvang en grootsheid van wat vermag is, begryp word, is dit rede vir ontsag en verwondering. Wanneer die materiële wêreld aanskou word, het dit vir die gelowige teologiese betekenis, maar ook die proses van wetenskaplike ondersoek en tegnologiese aktiwiteit, die prestasie wat daarop volg en om die kennis en insig van die wêreld bloot te lê, ontlok die emosie van verwondering en ontsag. Dit is verstommend dat reusagtige konstruksies soos die damwal van die Yangtse dam in China en die Bloukransbrug in die Wes-Kaap deur wetenskap en tegnologie vorm kan kry. Die proses kan met reg ook as 'n vorm van aanbidding beskou word. Oor die Oerknal skryf Collins (2007: 66): "The Big Bang cries out for divine explanation." Vanuit suiwer natuurwetenskaplike oogpunt kan dit met reg beskou word as 'n wonder – nie in die konteks van bonatuurlikheid nie, maar dat dit 'n verbysterende verwikkeling is wat 'n mens verstom laat met 'n gevoel van verering.

### 3.8.2 Nederigheid

Uit die gevoel van ontsag behoort dit 'n natuurlike uitvloeisel te wees dat nederigheid by die mens sal ontwikkel. Kennis wat bekom word oor die grootsheid van die omvang van die materiële werklikheid; die gekompliseerdheid van die samestellling van die wêreld; die verweefdheid en interafhanklikheid van ekologiese en biologiese sisteme; die skoonheid en estetika van fenomene (in die natuur, maar ook in kuns en kultuur) laat waarnemers met die insig dat hulle 'n baie klein deel uitmaak van die groter bestel - nie onbenullig nie, maar wel 'n klein deeltjie van iets veel groter. Vir die gelowige is daar die oortuiging dat God daarvoor verantwoordelik is en dat die "vingerafdrukke" van God, soos dit in die skepping gesien en verstaan word, iets vertel van God se grootsheid. Dit sal rede wees tot nederigheid.

Marcus Berquist (Berquist 1985) wys op die insig van Aristoteles dat om te verwonder en wonder oor die dinge van die wêreld lei tot filosofie – nie as akademiese dissipline nie, maar as 'n lewensingesteldheid van liefde vir die wysheid. Hieruit sou redelikerwys afgelei kan word dat hierdie wysheid nederigheid en goeie oordeel veronderstel. Dit

kan ook aanvaar word dat wysheid en verwondering soos'n kringloop sal funksioneer: hoe meer verwondering hoe meer wysheid; hoe meer wysheid hoe meer verwondering. Wysheid en verwondering sal mekaar eintlik aanspoor.

Ontsag en nederigheid kom deur kennis en ter harte te neem van wat gebeur in die wêreld. Daar is egter die risiko – en gebeur dit ook daadwerklik – dat kennis (veral wanneer dit gebrekkig of gedeeltelik is) lei tot vooroordeel en hooghartigheid. Vroeër is verwys na die gevaar van dualisme deurdat een aspek van die lewe verabsoluteer word ten koste van ander waarhede en insigte. Hierdie is dikwels die geval in die gesprek en konflik tussen wetenskap en geloof/godsdiens. Die konflik tussen wetenskap en geloof is 'n werklikheid, maar dit is 'n konflik tussen mense en nie in die wese van wetenskap en geloof nie. Gebrekkige kennis by die twee kampe van die ander se dissipline lei dikwels tot arrogansie en vooroordeel wat die ander party wil diskrediteer en demoniseer. Ted Peters (2006: 143) verwys na Russell (2004: 49-68) wat die volgende stelling maak: "Science at its best, and theology at its best, both pursue truth…." en die sleutelwoord hier is "best". Wanneer wetenskap en teologie goed en reg gebruik word en reg verstaan word, is konflik onnodig. Beide kan mekaar aanvul om by waarheid en betekenis uit te kom. Om so volledig moontlik kennis te bekom met die gepaardgaande verwondering, behoort nederigheid en wedersydse respek vir wetenskap en teologie voort te vloei uit hierdie sinergie. As voorbeeld kan voorgehou word die ontstaan van die heelal en die evolusionêre ontwikkeling daarvan met alles wat daarin is. Die prosesse van die natuurwette in die chemie en fisika en die lang tydsverloop wat dit geduur het, laat die gemeenskap van die wetenskap verstom en word met respek vervul. Dit moet ook waar wees vir die geloofsgemeenskap en die waardering word nog groter wanneer God se betrokkenheid en die teleologie in die betekenis daarvan erken word.

Alan Padgett (Padgett 2007: 110) bepleit 'n gemeenskaplike model waar verskillende wetenskappe en dissiplines saam sal werk om waarheid en betekenis te vind in teenstelling met die Middeleeuse siening dat die teologie die koningin van die wetenskappe geag is. Dit getuig van beskeidenheid by Padgett. Wetenskappe, net soos die teologie, is ook besig met verskillende manifestasies van God se skepping; die teologie en die Christelike geloof het nie alleenreg op God nie.

Die *gemeenskaplike* ervaring wat wetenskap en geloof het, word veral duidelik wanneer die verwondering oor die wêreld ervaar word. Jeff Forshaw (Forshaw 2012) skryf: "…. the importance of science lies not only in fighting ignorance and the building of better theories – it is important too because of the way it inspires glory and wonder. In that regard, at least, science and religion are united." Dit is hier waar wetenskap en geloof gemenegrond betree deurdat die verstommende feite van die wêreld gesien en bewonder kan word. Uit bloot materiële oogpunt gesien is die DNS-molekule verstommend as in ag geneem word dat in elke selkern van die mens se liggaam 'n 2.5 meter lange DNS-molekule geleë is met 3 miljard basispare van genetiese kode in elke DNS-molekule.[97] Vir die gelowige – wetenskaplike of leek – kan 'n spirituele dimensie van verwondering bykom deur erkenning te gee daaraan dat God lewe iets baie besonder laat word het deur die fynste samestellings. Ook vir die nie-godsdienstige persoon kan hierdie kennis en ervaring 'n spirituele inhoud hê deur onder andere te erken dat die samestelling en funksionering van die materiële wêreld iets aangrypends is wat die mens se gees en gemoed aanraak. Die gemeenskaplikheid van verwondering maak wetenskap en godsdiens nederig en respekvol vir mekaar. Jeff Forshaw (2012) waarsku egter dat selfs by die wetenskap absolute sekerheid 'n rariteit is en van tyd tot tyd moet wetenskaplike feite en teorieë gewysig word soos wat kennis vermeerder en hierdie wete hou wetenskaplikes beskeie.

Ook die kerk sal soms haar oortuigings en selfs dogmas moet wysig omdat meer kennis en begrip van die materiële wêreld bekom word. Ons kennis oor die ontwikkeling van die mens het ons geleer dat die verhaal van Adam en Eva nie 'n historiese geleentheid was wat letterlik verstaan moet word nie. Dit is ook waar met betrekking tot die vermeerdering van kennis ten opsigte van taalkundige, historiese, kulturele en sosiologiese omstandighede van die antieke wêreld. Al hierdie insigte beïnvloed op wesenlike wyse die hermeneutiek en toepassing van die Bybelse boodskap. Wanneer sommige stellings in 'n voorwetenskaplike Bybel, wat betrekking het op natuur, nie erken word as histories-metaforiese beskrywings nie en die kerk verabsoluteer dit as onwankelbare feit en dit word onveranderlike dogma, loop die kerk gevaar om as arrogant en irrelevant ervaar te word deur die wetenskaplike en

---

[97] Burnie 2012: 410.

niegelowige wêreld indien die kerk nie kennis neem van die realiteite van die materiële wêreld nie. Die saak van selfdegeslagverhoudings dien hier ook as voorbeeld.

Vroeër is genoem dat ons deur verworwe kennis die begrip kry van hoe omvangryk die materiële wêreld is – van makrokosmos tot mikrokosmos – en hoe klein die mens is in die groter bestel. Met die wete hoe groot die heelal is in terme van hoeveel sterre en galaksies daar is, skryf Alan Lightman (Lightman 2014: 100, 101): "Such findings cannot help bear upon the question of our significance in the universe." Lightman wil hê dat die mens perspektief sal behou oor sy belangrikheid in die skepping. Is ons werklik so belangrik? Sy opmerking kan na twee kante toe vertolk word: bloot uit materiële (reduksionistiese) oogpunt beskou, is die mens nietig en byna onbenullig in die groter bestel en dit is rede om nederig te bly. Daar is egter 'n ander kant van die saak: statisties is lewe skaars in die heelal in vergelyking met die hoeveelheid materie in die heelal en dit maak die voorkoms van lewe des te meer merkwaardig. Uit die materie wat lewe tot stand gebring het, het deur 'n lang en ingewikkelde proses Homo Sapiens te voorskyn gekom wat 'n denkende, bewustelike en spirituele wese is en dit maak die mens nóg meer merkwaardig. In die menslike ervaring was dit nogal altyd so dat dit wat skaars is, kosbaar en waardevol is. Die mensdom is klein en nietig in die groter bestel, maar tegelyk ook iets besonders waaroor verwonder kan word en nederig gebly moet word.

### 3.9 Teologiese betekenis

Die materiële werklikheid – hoe dit daar uitsien in die fynste besonderhede en hoe dit funksioneer – kan oor verwonder word, maar filosofiese en teologiese nadenke daaroor laat waarnemers op 'n ander vlak verwonderd wees. Baie sal wonder oor die *betekenis* daarvan en kom tot die gevolgtrekking of geloofsoortuiging dat daar 'n *telos*, 'n doel met dit alles is. Hierdie oortuiging op sigself is rede tot verwondering vir diegene wat die materiële werklikheid so beskou. Die kosmologiese argument, die vraag oor waarom daar iets (die skepping) is in plaas van niks, bring vir die gelowige in besonder tot die geloofsoortuiging dat God daaragter sit. Die vraag word verder gevoer: waarom het God dit laat gebeur?

Wanneer waargeneem word dat kompleksiteit uit eenvoud ontwikkel het en dat die mens ook op intellektuele en spirituele wyse nog verder ontwikkel het, is dit nie moeilik en ongegrond om hiermee 'n bepaalde rigting en doel af te lei nie. Ted Peters (2016:

197-200) vra die vraag of God ‘n plan het met die groot geskiedenis van die kosmos. Betekenis van die materiële werklikheid veronderstel dat hier ‘n storie aan die ontvou is en die mens staan midde-in hierdie storie as ‘n prominente en betekenisvolle karakter en deelnemer aan hierdie verhaal. Die aarde, die enigste bewoonbare planeet vir lewe en intelligente lewe waarvan ons tot dusver weet, het ontwikkel uit die fyninstelling van die fisiese en chemiese samestelling van die heelal (die natuurwette geld vir die hele kosmos en daarom is die moontlikheid vir ander soortgelyke wêrelde baie waarskynlik). Dat uit hierdie proses kompleksiteit ontwikkel het om uiteindelik selfbewuste, denkende wesens met intellek, skeppingskrag, spiritualiteit en moraliteit te voorskyn te laat kom, is werklik rede tot verwondering en vir die gelowige rede om God as Skepper daarvoor te eer.

Richard Feynman (Maria Popova 2012) is reg as hy sê dat alles voorlopig is in die wetenskap – bevindinge en teorieë word voortdurend herevalueer en herformuleer en selfs as ongeldig uitgewys. Dit is ook waar van ons geloofaannames en begrip oor God. Nooit mag ons sê ons het nou die finale antwoord op alles nie. Met nuwe insigte moet aangepas word. Die antieke mens het geglo dat donderweer die stem en pyle van God is, maar die wetenskap het ons geleer wat dit inderdaad is en gevolglik moet ons begrip van God ook verander. Tradisionele geloofparadigmas en dogmas word uitgedaag deur die wetenskap en dit sal waagmoed verg om buite die grense van die tradisie te beweeg. Enersyds kan ons verwonderd wees oor die ontsagwekkendheid en kompleksiteit van die materiële werklikheid, maar andersyds moet onthou word dat ons spreke en nadenke oor God altyd metafories, kontekstueel en voorlopig is. Dit bied aan die gelowige die vryheid om meer ontvanklik te wees vir die wonder van die werklikheid en die betekenis daarvan en hoedat ons begrip van God verryk en verdiep word. Ons kennis en ervaring vandag van die werklikheid om ons hoef nie en behoort nie geïnhibeer te word deur wat beskryf is in antieke denke nie. Ons hoef nie bedreig te voel as ons die nuwe ontdek en God herbedink moet word nie.

Maar soos die wetenskap ook finale antwoorde het op sekere aspekte van die materiële wêreld (bv. die stelling van Pythagoras) het die gelowige ook 'n antwoord aan te bied oor die betekenis van die lewe waarvan die gelowige diep oortuig is: God bestaan en wil in ‘n liefdevolle verhouding tree met sy skepping en vir gelowiges gee dit betekenis aan die lewe en wil hulle lewe daarvolgens inrig. Die kombinasie van

wetenskaplike kennis en diep oortuiging oor die betekenis daarvan bied aan die gelowige ‘n ryke verwonderingservaring.

Aangesien die Bybel as prominente geloofsbron vir die Christengemeenskap ‘n voorwetenskaplike geskrif is, kan tereg gevra word na die waarde, geldigheid en relevansie daarvan in ‘n wêreld waar wetenskap so ‘n deurslaggewende rol speel in die verklaring van alles. Die bestaan van God self is in gedrang in die denke van baie mense en selfs gevolglike algehele verwerping van die bestaan van God. Het God en ‘n lewe met God nog plek in ‘n wetenskaplike wêreld? Marcus Borg wil in sy boek, *Days of Awe and Wonder. How to be a Christian in the 21st Century* (2017), God, Bybel en Jesus aan die wetenskaplike wêreld voorhou as geloofwaardig en relevant, maar dan behoort die Bybel reg vertolk te word na sy aard as histories-metaforiese geskrif. Vergelyk ook Fritjof Capra (hoofstuk 2, p. 101) wat daarop wys dat baie van die kerkvaders mistici was wat begryp het dat die Bybel vertolk moet word deur poësie, simbole en metafore teenoor fundamentaliste se letterlike verstaan. Wanneer ingedagte gehou word dat die Bybel se nadenke en spreke oor God metafories is en insgelyks deur gelowiges gedoen behoort te word, sal geloof in God en die praktiese implikasies vir ‘n lewe met God steeds relevant wees in ‘n wêreld wat wetenskaplik bedryf word. Jesus as beslissende openbaring van God vir die Christen (Borg 2017: 222, *decisive disclosure*); as mees merkwaardige mens (Borg 2017: 114, *most remarkable human being*) en die vertoon van die menslike moontlikheid (Borg 2017: 115, *the human possibility*) – met ander woorde Jesus se niegoddelikheid en volwaardige menswees – maak hom meer geloofwaardig, navolgenswaardig en relevant in ‘n wêreld van wetenskap.[98] God is deur Jesus, die volledige en ware mens wat totaal God-gesentreerd geleef het, duideliker en geloofwaardig gemaak en het getoon hoe ‘n mens kan wees wat God-gesentreerd leef.

[98] Albert Nolan 1976: 117, skryf: “Jesus is a much underrated man - underrated not only by those who think of him as nothing more than a teacher of religious truth, but also by those who go to the opposite extreme of emphasising his divinity in such a way that he ceases to be fully human. When one allows Jesus to speak for himself and when one tries to understand him without any preconceived ideas and within the context of his own times, what begins to emerge is a man of extraordinary independence, immense courage and unparalleled authenticity - a man whose insight defies explanation. To deprive this man of his humanity is to deprive him of his greatness.”

Jesus as *merkwaardige mens* en *menslike moontlikheid* resoneer gepas by die wetenskaplike gegewendheid van die evolusie-teorie. Die ontwikkeling van die mens op fisiologiese, emosionele, spirituele en morele vlak is ‘n sterk motivering tot verwondering en dit word deur baie aanvaar dat hierdie verwikkelinge teleologies vertolk kan word. Ek is van mening dat Jesus – in die Christelike tradisie en in die woorde van Borg as “decisive revelation of God” (vir Christene) – ‘n merkwaardige mens was wat kom demonstreer het hoe die mens ‘n *mens-van-God*, *Homo Sapiens Imago Dei*, kan wees. Die vraag sou kon gevra word: wat is die kuns daaraan om te kon wees en leef soos Jesus gedoen het indien hy God sou wees? Sy lewe was soveel meer merkwaardig en geloofwaardig omdat hy bloot net mens was. Dit is geloofwaardig en relevant in ‘n wêreld van wetenskap. Dit is inspirerend en navolgenswaardig. As dit vir Jesus, die volledig, volwaardige mens, moontlik kon wees, kan dit vir die 21e eeuse mens ook moontlik wees. Dit maak Jesus en die Christelike geloof geloofwaardig en relevant. Dit is ‘n rede tot verdieping en verwondering!

Marcus Borg (2017: 154-157) hou ‘n ander model of beeld voor oor hoe daar oor God gedink moet word wat Bybels gefundeer is. Hy noem dit die *divine-lover* model wat in hierdie studie vertaal word as “liefhebber-God”.[99] Dit word gekontrasteer met die monargiale model waar God die wetgewer en regter is met eise, voorwaardes en of die mens opgewasse is daarvoor. Die liefhebber-God, glo Borg, is ‘n verkieslike model en sal by implikasie meer toeganklik wees vir die tyd waarin ons leef. God se toeganklikheid en deernisvolheid en om God só te sien en beleef, is iets om oor verheug en dankbaar te wees en wat ‘n mens met verwondering kan vervul. Die betekenis van só ‘n Godsbegrip is veel ryker en dieper en meer relevant vir die

[99] Hierdie begrip oor God se liefde vir die mens en die hele geskapenheid word ook weerspieël in Pous Benediktus XVI se pouslike brief, dd. 25 Desember 2005, *Deus Caritas Est*: “God is the absolute and ultimate source of all being; but this universal principle of creation —the Logos, primordial reason—is at the same time a lover with all the passion of a true love. Eros is thus supremely ennobled, yet at the same time it is so purified as to become one with agape. We can thus see how the reception of the Song of Songs in the canon of sacred Scripture was soon explained by the idea that these love songs ultimately describe God's relation to man and man's relation to God. Thus the Song of Songs became, both in Christian and Jewish literature, a source of mystical knowledge and experience, an expression of the essence of biblical faith: that man can indeed enter into union with God—his primordial aspiration. But this union is no mere fusion, a sinking in the nameless ocean of the Divine; it is a unity which creates love, a unity in which both God and man remain themselves and yet become fully one. As Saint Paul says: ‘He who is united to the Lord becomes one spirit with him’ (1 Cor 6:17).”, http://www.vatican.va/content/benedict-xvi/en/encyclicals/documents/hf_ben-xvi_enc_20051225_deus-caritas-est.html

menslike toestand (*human condition*) en sal 'n meer geloofwaardige en relevante Christelike lewe teweeg bring vir die 21e eeu. Om met die liefhebber-model te werk, is die potensiaal groter om meer verantwoordelikheid, sensitiwiteit en verwondering te kweek ten opsigte van medemens en omgewing. Oor só 'n Godsbegrip kan mens verwonderd wees en aangespoor word tot deernis, geregtigheid en nederigheid teenoor die wêreld. In ons onmiddellike kosmiese omgewing is die Aarde 'n unieke plek wat lewe en intelligente lewe toelaat en dat dit gebeur het en steeds gebeur, verstom ons. Daar is tot dusver geen ander planeet bekend aan ons wat soortgelyk is nie. Vanuit 'n geloofsblik erken ons God se welwillendheid daarin en dit behoort ons dankbaar, sensitief en verantwoordelik te laat om dan met mens en ongewing met sorg en bedagsaamheid om te gaan. God se welwillendheid word ons welwillendheid met die geskapenheid. Dit is nie in konflik met die bevindinge van die wetenskap nie. Inteendeel, dit is wedersyds aanvullend en verrykend tot mekaar. Hieroor kan verwonder word.

Die wêreld waarin ons vandag leef, ken en bereik ongekende hoogtepunte en deurbrake deur die wetenskap en wanneer konstruktief aangewend, hou dit groot voordele in vir die ontwikkeling van mens en omgewing. Die prestasie en fokus op die materiële kan vir mense (gelowig en niegelowig) oorweldigend wees wat die spirituele werklikheid kan verdof omdat alles empiries verklaar word, maar dit is steeds moontlik en noodsaaklik om bewus te wees van God se teenwoordigheid. Daar kan "vir" en "na" God se stem geluister word (vgl. Borg se preek, 2017: 227) en dit kan beleef word in baie aspekte van die wêreld en lewe indien ons sensitief daarvoor sal wees. In die godsdienstige ruimte kan die Christen-gelowige God se stem hoor in die Bybel, die liturgie, gebed en nadenke, maar dit kan ook beleef word in die waarneming van die fenomene in die materiële wêreld. Jesus is vir die Christen die duidelikste stem van God deur wat hy geleer het, waarvoor hy gestaan het en gedemonstreer het. Om God se stem te hoor deur verskillende kanale – die spirituele en materiële – behoort die mens te beweeg tot transformasie op persoonlike en sosiale vlakke wat geloof en die saak van God relevant en geloofwaardig sal maak. Só 'n begrip van God se teenwoordigheid en betrokkenheid in die wêreld is rede tot ontsag en verwondering.

Na aanleiding van die wetenskaplike prestasie in ons tyd skryf Marianne Borg, die eggenote van Marcus Borg, in die voorwoord van sy boek: "We need to pay attention. Really pay attention. Lest we become blind to the awe and wonder that fills our days.

…. Ours is a time of awe and wonder of a magnitude not known before” (Borg 2017: xi, xii). In dieselfde verband skryf Barbara Fiand (Fiand 2008: 19, 20):

> Yet the God who emerges when we give ourselves to a serious consideration of the findings of science (physics, biology, cosmology, human developmental, experimental psychology, and so on) no longer comfortably fits many of the models of our tradition. We can, of course, choose a kind of intellectual and religious dissonance – that is, study the new revelations from science but refuse to apply any of these to our spiritual quest. Much of that has happened in the past in the name of “faithfulness” to the literal teachings of Holy Scripture. Alternatively, we can choose the less-travelled road, take the risk, and allow ourselves to embrace the awe and wonder that surely will gift us when we honestly face what is offering itself to us in our day. We can then venture forth with authentic respect for, and loyalty to our tradition, while at the same time look for what may graciously surprise us with newness and life.

Die begrippe wat ons oor God gevorm het oor millenia heen kom vanuit ‘n voorwetenskaplike bron, naamlik die Bybel, maar nuwe insigte oor  en verstaan van die materiële wêreld noop ons om anders te dink oor die geskapenheid en oor God. Nuwe insigte hoef geen bedreiging in te hou vir die gelowige nie – God se bestaan is nie in gedrang nie. Hierdie simbiose tussen wetenskap en geloof kan met groot eerbied, verwondering en nederigheid ervaar word. Die woorde van die voormalige direkteur van  die Vatikaanse Sterrewag en priester, George Coyne verwoord dit treffend: "Nothing we learn about the universe threatens our faith. It only enriches it."[100]

Die Christelike boodskap is nie ingewikkeld nie. Dit gaan nie net oor eie welsyn en saligheid nie, maar wel oor die welsyn van die *gemeenskap en omgewing* waar almal genoeg sal hê om met kwaliteit te leef. Die eenvoud hiervan gryp ‘n mens aan die hart

---

[100] Wertheim, M., 2002, The Pope’s astrophysicist, *Wired*, https://www.wired.com/2002/12/pope-astro/ . Uit ‘n onderhoud gevoer met George Coyne in die digitale koerant *Wired.*

en is rede om te inspireer en ontroer. Die kompleksiteit in die materiële wêreld laat ‘n mens verstom, maar die eenvoud van diepliggende waarheid en wysheid oor die mens se rol daarin wat oor millenia heen beproef en as waarheid bevestig is, kan eweneens verwondering ontlok. Tereg kan dan gevra en besef word: “Is dit hoe God eintlik is? Is dit waaroor dit werklik gaan?” Dan word hernude ontsag en waardering vir God ervaar en wat God beoog met die wêreld.

Ons bestaan is ‘n wonder en rede tot verwondering en daarom moet ons nie blind wees vir die wonder van alles wat bestaan nie. Jesus het op eg menslike en materële wyse kom demonstreer hoe die hart van God klop en hoe die mens-van-God daar uitsien en leef en dit is steeds relevant en geloofwaardig. Hierdie openheid vir verwondering in ‘n tydvak van wetenskaplike en tegnologiese prestasie en die menslike aktiwiteit van wetenskapbeoefening, bevorder groter bewussyn van die wonder van materiële en die spirituele werklikheid. Groter en vollediger betekenis word verleen aan die bestaan van alles.

Aan die begin van sy boek verwys Borg (2017: 17) na ‘n preek wat hy gelewer het oor die geloofsreis van Abraham na Kanaän en hy skryf: “We will be led in that journey into an ever more wondrous and compassionate understanding of our lives with God. Indeed, if this is not what life is about, namely, growth and wonder and compassion, then I don’t know what it is about.” Die moontlikheid om ‘n lewensreis met God te kan onderneem is iets om oor verwonderd te wees. Dit sluit ‘n lewe in van die materiële en spirituele.[101] Dit is ‘n wonder dat ons bewus wees kan wees van God en dat deur die lewensreis met God, God beter kan geken word en wat God se wil is vir die mens in die materiële en die spirituele.

### 3.10 Konklusie

Die mens het deur sy fisiese en geestelike ontwikkeling die vermoë verkry om verwonderd te kan wees oor dit wat beleef word in die omgewing. Die mate waartoe die mens instaat is om dit te kan doen, blyk uniek te wees aan die mens. Om te kan

[101] Hier word nie ‘n dualisme veronderstel nie. Die dualiteit van die materiële en die spirituele word erken, maar staan nie in alle gevalle in konflik met mekaar soos dualisme geneig is om te doen nie. Wanneer na die materiële en spirituele verwys word, word bedoel dat die werklikheid van die lewe uit materiële en spirituele dimensies bestaan wat elk sy eie metodologie van ondersoek vereis. Uiteindelik behoort insigte uit beide domeine bymekaar uit te kom om ‘n vollediger beeld en betekenis te vind.

verwonder, betrek die mens se hele wese: fisies, emosioneel, intellektueel/kognitief en spiritueel/filosofies en daar kan uitdrukking aan gegee word in ‘n wye en kleurryke woordeskat.

Alles het in minder of meerdere mate waarde wat dienooreenkomstig ook met waardering bejeën kan word en op sy beurt word dit ‘n uitdrukking van dankbaarheid. Deur die gelowige sal hierdie dankbaarheid spesifiek gerig wees op God wie erken en geëer sal word as gewer van die skepping. Oor bykans alles kan verwonder word: die natuurlike wêreld, die wetenskap self wat dit verklaar, die tegnologie en kultuur wat uit die natuur en die wetenskap totstand kom.

Alle mense wat in gesonde geestelike toestand verkeer, is instaat om te kan verwonder – die professionele ondersoeker en die leek. Dit behoort deurlopend gedoen te word en nie beperk te wees tot ‘n eenmalige gebeurtenis nie. Verwondering is nie ‘n minderwaardige aktiwiteit wat net sogenaamd tuis hoort by die naïewe en ongeligte persoon nie. Verwondering word erken as ‘n subjektiewe ervaring, maar behoort aanvaar te word as essensieel vir die vorming en ontwikkeling van die mens na liggaam en gees.

Onderliggend aan verwondering is ‘n ingesteldheid van gretigheid, aandagtigheid en nadenkendheid wat respek en nederigheid weerspieël – laasgenoemde is die effek wat verwondering op die mens kan en behoort te hê. Die omgekeerde is ook waar dat die effek sopas genoem, die geneentheid om te verwonder sal bevorder en aanspoor.

Vir die gelowige in besonder sal die ervaring van verwondering ‘n teologiese inhoud en betekenis hê. Die gelowige erken en bely God as die skepper en gewer van die kosmos en alles daarin en vir baie het dit ook ‘n teleologiese betekenis. Met die korrekte hermeneutiek van ‘n bron soos die Bybel waardeur ons geloof verwoord en gevorm word en met die regte verstaan van Jesus as merkwaardige mens en sy rol en boodskap as beslissende openbaring van God vir die Christen, kan die Christelike geloofstradisie steeds relevant en geloofwaardig wees in ‘n wêreld van wetenskaplike prestasie en verklaring. Oor beide die materiële werklikheid soos verklaar deur die wetenskap en die spirituele werklikheid soos ervaar word deur Skrif en gelooftradisie kan aanvullend verwonder word sonder konflik. Dit sal wesenlik bydra tot die verruiming en verdieping in die soeke na betekenis in die lewe.

# Hoofstuk 4

## Verkenning van Genesis 1: aspekte om oor verwonderd te wees

Hierdie studie onderneem om na te dink oor verwondering uit verskillende literatuur soos wat dit ervaar kan word in die natuur en Skriftuur. Wanneer oor die natuur gedink word vanuit die Bybel is dit eintlik vanselfsprekend om heel eerste na die skeppingsverhaal in Genesis te gaan en daaroor te reflekteer. Dit is per slot van sake waar Natuur begin het volgens die Bybelse narratief. In wat volg sal daar slegs op Genesis 1 gefokus word omdat hierdie verhaal meer beskrywend is van gebeure in die totstandkoming van die natuurlike aspekte van die kosmos en wêreld, terwyl Genesis 2 meer klem lê op die verhoudinge waarin die mens sy verskyning gemaak het. Die werkswyse wat gevolg word, is om kortliks na Claus Westermann en Gerhard von Rad se kommentaar en besprekings te verwys oor die teksgedeeltes en aspekte relevant tot hierdie studie en dan eie opmerkings en nadenke daaroor te gee. Die bespreking hieronder begin met Westermann se diepgaande behandeling asook enkele aspekte van die vorm en literêre styl daarvan en waarom aspekte daarvan relevant is in die ervaring van verwondering. Teksverse wat na die oordeel van hierdie studie relevant is, word dan bekyk na aanleiding van Westermann en Von Rad se kommentaar en dan word eie insigte onder die hoof "Opmerkings" aangebied. In die volgende hoofstuk sal 'n sintese by wyse van temas wat uit hierdie besprekings en opmerkings geïdentifiseer is, aangebied word.

### 4.1 Genesis 1 – Kommentaar deur Claus Westermann en Gerhard von Rad

Dit is alom bekend dat Claus Westermann en Gerhard von Rad Bybelwetenskaplikes is van statuur en wyd erken word vir hulle invloed in die Ou Testamentiese wetenskap. Westermann staan uit as 'n deeglike navorser wat wyd ondersoek doen en goed kennis neem van bestaande navorsing en dit inkorporeer in sy werk. Sy kommentaar op Genesis word hoog aangeslaan vanuit die geledere van die Ou Testamentiese wetenskap. Von Rad het vir 40 jaar die wêreld van Ou Testamentiese navorsing gedomineer en word beskou as die vader van die studie van die tradisiegeskiedenis-benadering van die Ou Testament. 'n Seminale werk deur hom is sy Old Testament Theology waarmee deurgaans groot nadruk gelê het die teologie van die tekste.

Claus Westerman, in sy kommentaar op Genesis 1-11, illustreer dat die skeppingsverhaal van Genesis 1-2:4a beïnvloed is deur skeppingsverhale van ander volke in die antieke tyd, byvoorbeeld Sumerië (die Gilgamesh epos), Babilonië (die Enuma Elish), Egipte en ook ander skeppingsmitologieë uit Afrika (Westerman 1984: 22-24). Hierdie skeppingsverhale blyk veel ouer te wees as die Genesis-verhaal. Die Bybelse skeppingsverhale bevat twee tipes beskrywings van die totstandkoming van die skepping, naamlik 'n universele skepping soos weergegee in Genesis 1 en 'n meer besondere beskrywing van die mens in Genesis 2. Dit blyk dan ook dat daar aanduidings is in Genesis 1-3 dat die skepping van die die mens in besonder, 'n effek op die universele skepping het (Westermann 1984: 24). Hierdie onderskeie beskrywings van die skepping (die wêreld en die mens) word onder andere ook aangetref in die skeppingspsalms, byvoorbeeld Psalm 104 wat handel oor die skepping van die wêreld, en Psalm 8 wat dit het oor die skepping van die mens (Westerman 1984: 24, 25).

In die skeppingsverhale buite Israel kan vier hooftipes skeppingsaksies onderskei word waarvan sommige ook in die Genesis-weergawe herken kan word. Westermann tipeer hulle soos volg: (1) skepping deur geboorte of deur opeenvolgende geboortes; (2) skepping deur konflik of stryd; (3) die skepping word gevorm deur skeppingsaksies en in besonder deur skeiding van elemente en ook uiteindelik die vorming van die mens uit die grond; (4) skepping deur die woord. Westermann meen dat hierdie vier skeppingstipes verdeel kan word in twee hoofgroepe naamlik (1) hierbo genoem as die totstandkoming deur geboorte of 'n reeks geboortes en (2) die laaste drie resorteer onder die skepping deur skeppingsdade. Met uitsondering van die skepping deur stryd word die oorblywende hooftipes ook aangetref in die Genesis-skeppingsverhale (Westermann 1984: 26-41).

**Opmerkings**

Uit die geloofsbelewing deur antieke volke en kulture blyk dit duidelik dat die skepping van groot belang was en dat dit in groot mate as misterie beleef is wat die volke met groot ontsag vervul het. In die religieuse wêreld word God deurgaans as die oorsprong van die werklikheid bely en daarom van groot belang is in die waardering en agting van die totale werklikheid waarin die mens leef. Vir die gelowige lê die antwoord in die kosmologiese argument daarin dat God, die Skepper, dit gewil het dat daar iets sal

wees en nie niks nie. Oor die betekenis daarvan – dat iets van God daardeur uitgedruk word en dat God ‘n verhouding met die geskapenheid en veral die mens wil hê – kan nabetrag word met verwondering en ontsag.

------------------------

Ten opsigte van die skepping as geboorteverhaal word al die skeppingsaksies in Genesis 2: 4a opgesom met die woord תּוֹלְדוֹת – geskiedenis. Westermann (1984: 26) skryf oor hierdie woord:

> This transferred meaning of the word is evidence of the recollection of a time when all origins were understood as birth. There are many examples in many languages of words meaning “birth” or “begetting”, used in different contexts and combinations, all of which indicate how deeply embedded in the human spirit is the basic mystery of origin.

Die verskillende aspekte van die skepping het deur ‘n daad of aktiwiteit tot stand gekom en wel deur skeiding of verdeling van elemente (lig en donker; waters bo en onder gewelf; see en droë grond; hemelliggame; visse en voëls; soorte diere) en die vorming van die mens uit die grond. Dit val op dat die skepping van die mens die resultaat was van ‘n baie spesifieke besluit en dat daarmee aangedui word dat die mens apart gestel word van die res van die skepping en ook deurdat die mens die beeld van God is en daarmee die onderskeid het dat die mens kan nadink en reflekteer (Westerman 1984: 33-37).

**Opmerkings**

Die werkwoordstam van תּוֹלְדוֹת is יָלַד wat “geboorte gee” beteken en wat dui op die begin van ‘n familiegeskiedenis. Die metaforiese assosiasie/beskrywing van die skepping se begin as geboorte versterk die gevoel van die misterie en wonder. Die moderne wetenskap wys inderdaad daarop dat alles ‘n “geboorte” beleef: van sterre tot in die mikrobiologie. Die verskyning en die ontwikkeling van die mens in al sy manifestasies as biologiese, intellektuele, psigologies/emosionele en spirituele wese is ‘n wonder waaroor verwonder kan word en dan kom onwillekeurig die woorde van Psalm 8: 6 in herinnering op waar die mens besing word as skaars minder as goddelik.

------------------------

Westermann wys daarop dat die formule “when there was not yet…” wydverspreid voorkom in die skeppingsverhale van die antieke volke en dit vertel iets van die belangrikheid oor die idee van die skepping. Wat met die skepping gebeur het, moet verstaan word as transformasie – chaos of niksheid het verander na ‘n wêreld waarin die mens kan leef. Hierdie besef van wat gebeur het met die skeppingsdade moet voorkom dat die wêreld as vanselfsprekend geag word. Iets besonders en doelbewus het gebeur aan die begin, naamlik dat daar verandering teweeg gebring is. Westermann waarsku egter dat “when this and that was not yet” nie bloot vervang kan word met “ when as yet there was nothing” nie, want dit sal die doel van die narratief verander. Hy benadruk dit dat die skeppingsverhale nooit die sprong maak van “when this and that was not yet” na “when there was nothing.” Hier is dus nie sprake van *ex nihilo* nie (Westermann 1984: 44).

**Opmerkings**

Genesis 1 se skeppingsverhaal moet nie verkeerd verstaan word deur te dink dat alles uit niks tot stand gekom het nie. Wat belangrik is, is dat daar wel iets was, maar chaoties en onleefbaar. Deur God se toedoen is die chaos getransformeer en die wêreld het leefbaar geword vir plant, dier en mens. Dit is aangrypend en vir die gelowige nog meer van betekenis omdat geglo word dat God daarvoor verantwoordelik is. Die mens het deur die wetenskap geleer dat hierdie ‘n voortdurende proses is wat oor miljoene jare heen gebeur en steeds voortgaan.

**4.2 Die literêre vorm van Genesis 1-2:4a**

In die bespreking van die literêre vorm van Genesis 1 noem Westermann dat ander skeppingsverhale die geboortes en genealogieë van die gode beskryf, maar die Priester doen dit nie. P se genealogie is dié van die skepping, naamlik die geskiedenis van die hemel en die aarde, תוֹלְדוֹת הַשָּׁמַיִם וְהָאָרֶץ. Dit wat P geërf het van ouer en jonger tradisies, het hy saamgevoeg om na te dink oor God se boodskap wat toevertrou is aan Israel. Met die gebruik van werkwoorde soos בָּרָא en עָשָׂה (skep en maak) van al die aspekte van die skepping – en nie die daarstelling van ‘n godedom nie – beklemtoon P God se betrokkenheid by die skeppingselemente (Westermann 1984: 81).

Westermann toon die struktuur van Genesis 1 aan deur frases wat by herhaling voorkom:

| | | | |
|---|---|---|---|
| I. | וַיֹּאמֶר אֱלֹהִים | Inleiding | En God het gesê |
| II. | יְהִי of יִקָּווּ | Opdrag | Laat dit wees, of, laat bymekaar kom |
| III. | יְהִי־כֵן | Voltooiing | En dit was so |
| IV. | יַּרְא אֱלֹהִים כִּי־טוֹב | Beoordeling | En God het gesien dit was goed |
| V. | וַיְהִי־עֶרֶב | Tydvolgorde | En dit was aand …. |

Die herhalende frases dui aan dat daar 'n proses aan die gang is en dat die opdrag elke keer vervul word. Dit blyk ook dat die objek en die vervulling van die opdragte die oogmerk het om iets goeds in te hou vir iets of iemand. Van groot belang is dat die goddelike goedkeuring, "en God het gesien dit is goed", 'n respons van lof is – lof kan nie geskei word van God se werke nie. Sy skeppingswerk vereis 'n respons van lof (Westermann 1984: 84, 85).

**Opmerkings**

Selfs God is in sy skik met wat tot stand gebring is in hierdie verhaal. Om aan te dui dat die skepping goed is, dui op die waarde wat dit het. Alles wat tot stand gekom het voordat die mens op die toneel verskyn het, word reeds bestempel as goed – dit het waarde en 'n funksionele doel. Die herhalende frases van God se skeppingsaksies soos uitgewys deur Westermann (God het gesê; laat dit so wees; en dit was so; gesien dit was goed; en dit was aand….) beskryf die geleidelike totstandkoming van die skepping en die voorafstadiums om die wêreld uiteindelik 'n leefbare plek te maak. Hierdie ontwikkeling van die skepping laat iets blyk daarvan dat P die skeppingsproses nie as lukrake gebeure beskou nie, maar dat daar deurdagtheid in die proses was wat dit in 'n bepaalde rigting gestuur het, naamlik die koms van die mens.

-------------------------

Die Priester gebruik die werkwoorde "maak"en "skep" nie vir alle skeppingsaktiwiteite nie, maar wel vir die gewelf, die hemelliggame, die diere en uiteindelik die mens. 'n Wêreld word tot stand gebring wat onderworpe is aan ruimte en tyd en lewende

wesens wat dit bewoon. Die wêreld is bestem om ‘n lewensruimte te word vir die mensdom (Westermann 1984: 87).

In sy inleidende opmerkings oor Genesis 1 skryf Von Rad (1972: 49) oor die werkwoord בָּרָא – om te skep:

> It means a creative activity, which on principle is without analogy. It is correct to say the verb *bārā’,* “create”, contains the idea both of complete effortlessness and *creatio ex nihilo*,[102] since it is never connected with any statement of the material. *The hidden grandeur of this statement is that God is the Lord of the world*…. It is amazing to see how sharply little Israel demarcated herself from an apparently overpowering environment of cosmological and theogonic myths. Here the subject is not a primeval mystery of procreation from which divinity arose, nor of a “creative” struggle of myhtically personified powers from which the cosmos arose, but rather the one who is neither warrior nor procreator, who alone is worthy of the predicate, Creator. (kursivering toegevoeg).

**Opmerkings**

Ten spyte van die feit dat die Bybel en spesifiek die Genesis-skeppingsverhaal ‘n nie-wetenskaplike vertelling is, is die orde en die sinvolle rangskikking  waarmee die totstandkoming van die skepping beskryf word aangrypend. Die Priester en die lesers van sy tyd het nie die wetenskaplike insig gehad wat vandag bestaan nie, maar tog getuig die destydse begrip van die materiële werklikheid iets van die wonder van die ordelikheid en doel van die skepping. In sy destyds onontwikkelde begrip van die wetenskap van die wêreld het P tog iets gesnap van die funksie en waarde van die struktuur van die wêreld om uiteindelik lewensvorme te kan huisves. Lewe was georden na soorte in die plant- en diereryk en nie maar ‘n lukrake bymekaargooi van lewensvorme nie. Uiteindelik het dit ten doel gehad om die bestaan van lewensvorme moontlik te maak  met die hoogtepunt, die mens, as God se ewebeeld. Die teologiese

[102] In teenstelling met Claus Westermann (1984: 44) wat aanvoer dat die verhaal nie dui op *creatio ex nihilo* nie.

betekenis hiervan is dat die skepping as ‘n wonder beskou kan word waaroor met eerbied en ontsag nagedink en beleef kan word.

Die ontmitologisering van die skepping soos deur die Priester voorgehou, laat die leser met die gevolgtrekking dat die materiële wêreld inderdaad slegs materie is en inherent geen goddelike natuur besit nie. Die Priester plaas die skepping in die korrekte perspektief: dit is materie wat die handewerk van God is en die grootsheid, skoonheid en kompliksiteit van alles – van die mikrokosmos tot die makrokosmos en alles tussenin – getuig van die heerskap van God, die Skepper. Vir die moderne mens maak hierdie skeppingsverhaal, indien dit met geloof en as loflied gelees word, volledig sin. Alister McGrath, Britse teoloog, verwoord dit soos volg in sy lesing “Why faith makes sense: developing a Christian mind”:

> And that is what Christianity does. It gives us a way of seeing things as they really are …. We see this world as God’s creation entrusted to us and that in effect gives you a foundation for Christian ethics.[103]

Dit sal sinvol wees om “Christianity” hier te verbreed deur te verwys na “Judeo-Christianity”. McGrath sal by herhaling in sy lesings en boeke dit stel dat geloof in God as Skepper en betrokkene by die wêreld die meeste sin bied aan die lewe. McGrath stel dit so in ‘n lesing wat hy aangebied het (kursivering toegevoeg):

> Individual observations of nature do not “prove” Christianity to be true; rather, Christianity validates itself by *its ability to make sense of those observations.* Listen to one of Chesterton's statements, which seems to me to be both beautifully phrased and fully of inductive insight: “The phenomenon does not prove religion, but religion explains the phenomenon.”[104]

Genesis 1 is uiteraard ‘n nie-wetenskaplike belydenis oor die oorspronge van die kosmos, maar dit bly verrassend opvallend hoedat die beskrywing daarvan met diepgang en nugterheid oordink is wat nie totaal vreemd hoef te staan aan die

---

**103** McGrath, 2014, tydens ‘n lesing aangebied by die Park Street Church Apologetics Conference, Boston, https://youtu.be/mIEKVDjlfJA, 22:19.

104 McGrath 2015, https://www.gresham.ac.uk/lectures-and-events/faith-proof-and-evidence-whats-right-to-think

bevindinge van die wetenskap nie. Al word die skepping in nie-wetenskaplike terme beskryf, laat die verhaal van ordeskepping en struktuurgewing tog die indruk van ‘n mate van logika en dit op sigself is al ‘n kenmerk waaroor verwonder kan word.

--------------------

Die Priester se skeppingsverhaal word beskryf met die volgende werkswyse en patroon (Westerman 1984: 87, 88):

1. God *skei* die elemente in die eerste drie skeppingsaksies: lig en duisternis, waters bo en onder die gewelf, land en see en dit is hoe die wêreld georden word in dimensies van ruimte en tyd.
2. Dit wat geskei word, word deur God *benoem*: dag en nag (vers 5), hemel (vers 8), land en see (vers 10). Slegs aan hierdie elemente word name gegee deur God wat bevestig dat God heerskap en eienaarskap oor die wêreld het met die doel om definiërend te wees van hierdie elemente in ‘n konteks waar die wêreld ‘n plek moet wees waar die mens tuis sal wees.
3. Nou is die basiese strukture in plek gestel en kan *die aarde lewe laat voortbring* in die vorm van plantegroei.
4. ‘n Reeks van werke volg nou waarin *God skep of maak*. Die Priester verskaf twee belangrike toevoegings aan hierdie skeppinge. (a) Die skeppinge wat nou gemaak gaan word, het ‘n bestemming of doel wat betekenis gee daaraan. (b) God skep lewende dinge na hulle aard of spesies, לְמִינֵהוּ .

   Wat hier opval, skryf Westermann, is nie soseer ‘n teologiese betekenis nie, maar wel dat P hier in natuurwetenskaplike terme dink oor die skepping. Met hierdie toevoegings wou P seker maak dat die skeppingsverhaal nie bloot die stelling wil maak dat God die wêreld geskep het nie, maar dat God die wêreld ook toeganklik en verstaanbaar gemaak het vir die lesers van sy tyd.
5. *God seën* en hierdie seën word beperk tot die lewende wesens, naamlik diere en die mens. In die konteks van die skeppingsverhaal beteken seën die vermoë om te kan vermeerder of voortplant.

Westermann sluit sy kommentaar oor die literêre vorm van Genesis 1 af. Die skeppingsverhaal het ‘n lang aanloop van ouer en nuwer mondelinge tradisies wat ook beïnvloed is deur skeppingsverhale van ander kulture buite Israel en die Priester

gebruik dit om die anatomie van die wêreld te beskryf. Die totstandkoming van die wêreld gebeur geleidelik en nie deur ‘n eenmalige daad nie. Daar word onderskeid getref tussen die wêreld as ruimte (die eerste drie werke) en wat in hierdie ruimte voorkom (werke drie tot agt), asook tussen lewende en nielewende skeppinge. Daar is ‘n geleidelike progressie in hierdie ordening van dinge wat uiteindelik uitloop op die bestemming waar die mens op die toneel verskyn om God se ewebeeld te wees en met die mens op die toneel het ons die rigtingwyser in die geskiedenis in (Westermann 1984: 88).

Ten opsigte van die verteltrant van die skeppingsverhaal in die patroon van sewe dae of “skeppingsweek”, skryf Westermann (1984: 89-90) soos volg: die Genesis 1-verhaal is uniek in sy aanbieding van ‘n skeppingsweek – geen ander skeppingsverhaal doen dit nie. Die Priester het dit so voorgestel omdat dit sy begrip was van die skepping. Die Priester gebruik ‘n tydsverloop om aan te dui dat die skepping geleidelik ontvou na ‘n doel: ‘n veilige en voorspoedige mensdom – in die geval van die Ou Testamentiese konteks, God se volk.[105] Dit word gesuggereer in die sewende dag van rus en wat voorafgegaan word deur versigtig gereguleerde tydvakke met die doel om die heilige te vier en wat sodoende ‘n eenheid aan die geheel van die skeppingsverhaal verleen.

**Opmerkings**

Genesis 1 beskryf op merkwaardige wyse die totstandkoming van die skepping met struktuur en ‘n mate van logika soos dit deur antieke Israel verstaan is. Wat chaoties was, word onder beheer gebring en verstaanbaar gemaak deurdat ‘n bewoonbare leefruimte daargestel word waarin uiteindelik plant, dier en mens kan gedy. Die wonder van die skeppingsproses is dat dit geleidelik gebeur – daar is nie ‘n plotselinge verskyning van alles op een slag nie. As laasgenoemde die geval sou wees, sou dit die indruk geskep het dat hier ‘n towertruuk plaasgevind het. Die geleidelikheid kan vergelyk word met die totstandkoming van ‘n kunswerk, gebou of motor – die proses

[105] Westermann verwys hier na Gerhard von Rad, *Die Priesterschrift im Hexateuch*, 1934: 188. Geen verdere besonderhede oor die bron bekend nie.

van vorming tot 'n finale gestalte dwing soveel meer respek en agting af van wat bereik is.

Die Priester en sy tydgenote was nie wetenskaplikes nie, maar tog blyk uit die styl van die verhaal 'n struktuur en logiese progressie (volgens destydse denke en begrip) wat geloofwaardigheid aan die verhaal verleen. Die oogmerk van die verhaal is konteksplasing (dit wil sê om aan te dui waar die geskiedenis van die mensdom en later meer in besonder dié van Israel begin het), geloofbelydenis en lof, maar in die poging van ontmitologisering, die geleidelike ontvouing en uiteindelike hoogtepunt van *imago Dei,* lê die geloofwaardigheid wat dit vir die moderne leser moontlik om met ontsag en verwondering die antieke verhaal te lees en die teologiese betekenis en waarheid daarvan te omhels. Die omvang van die verhaal word nog soveel ryker wanneer die hedendaagse wetenskaplike insigte in gedagte gehou word.

### 4.3 'n Selektiewe verkenning van Genesis 1 met betrekking tot verwondering

Wat hierop volg is 'n selektiewe verkenning van teksverse uit Genesis 1 waaroor hierdie skrywer van mening is wat betrekking het op die nadenke van verwondering. Dit word gedoen na aanleiding van kommentare geskryf deur Claus Westermann (1984) en Gerhard von Rad (1972). Die bedoeling is nie om 'n indiepte eksegese te bied oor die betrokke tekste nie, maar om uiteindelike nadenke aan te moedig oor die implikasie daarvan wat verwondering sal aanmoedig en dus relevant is tot die skopus van hierdie studie.

**Genesis 1: 1**. Hierdie enkele sin is meer as net 'n opskrif van die skeppingsverhaal – dit vat die hele verhaal in een sin saam en is soortgelyk aan wat lofgesange tot eer van God doen. Westermann skryf (1984: 94):

> One could say that the formula which is predicated to God, 'Creator of heaven and earth', has been reshaped into a verbal sentence. It has often been said that Gen 1 has echoes of a hymn or that as a whole it is very likely the praise of God. The reason for this is that the sentence itself is really a cry of praise.

Westermann (1984: 97) skryf verder:

> The creation of the world by God is expressed in one sentence as in the praise of God. And because this sentence is prefixed to the actual account of creation it acquires monumental importance which distinguishes it from other creation stories. There is nothing in the cosmogenies of other peoples which can compare with the first sentence of the Bible (H. Gunkel)…. The narrative unfolds everything it contains; when one has said that the creation is the work of God, then one has said everything there is to say about it. One can unfold what the verse contains, but one can say nothing further about creation.

Vir die skrywer van Genesis 1 is God ‘n gegewe, want God is die Een wat spreek en handel en omdat die realiteit daar is, is God ‘n realiteit. Vir die mense van die Ou Testament is die bestaan van אֱלֹהִים 'n gegewe en het nie dieselfde filosofering en beredenering ontlok as by Westerse moderne denke nie (Westermann 1984:100).

אֵת הַשָּׁמַיִם וְאֵת הָאָרֶץ – die hemel en die aarde – verteenwoordig die heelal, skryf Westermann en so ook vandag wanneer gepraat word van “hemel en aarde” word die ganse heelal bedoel.

**Opmerkings**

In een kort sin word saamgevat wie God is en dit word met eenvoud gestel dat God die begin is van alles en daarom behoort die mens lof en eerbied aan God te bring. Hierdie lof stem die verhaal in tot ‘n doksologie en lof is in sy wese ‘n uitdrukking van verwondering. Ons neem kennis van die grootsheid en skoonheid van die wêreld en as gelowige kan ek God herken, erken en eer as die Een wat dit gewil het en aan die gang gesit het.

Alhoewel “hemel en aarde” vir die Ou Testamentiese gemeenskap ‘n baie meer beperkte begrip was, het die uitdrukking vir hulle die ganse materiële werklikheid ingesluit. Ons kennis en begrip van “hemel en aarde” is vandag soveel meer uitgebreid en die wetenskap daarvan is op hoë vlak verfyn en tog bly die uitdrukking “hemel en aarde” vir ons steeds verteenwoordigend van die ganse materiële werklikheid. Niks is uitgesluit van die skeppingswerk van God nie. Dit omvat alles, van die makrokosmos tot die mikrokosmos; God het die natuurwette daargestel wat geld van atomiese strukture tot die grootste sterrestelsels. Die gelowige bely saam met Genesis 1:1 dat

God daarvoor verantwoordelik was ten spyte van die intense gesprekke oor die bestaan van God al dan nie. Om dus die materiële werklikheid waar te neem deur die geloofsblik dat God dit gewil en begin het, laat die gelowige met 'n ervaring van verwondering wat die waarnemer met eer en lof aan God vervul.

----------------------------------

**Genesis 1:2.** By talle van die buite-Bybelse skeppingsverhale kom die aanvangsformule voor wat neerkom op "When There Was Not Yet…." (Westermann 1984: 43, 44). Vers 2 moet in hierdie selfde tendens verstaan word, maar nie in die sin dat alles uit niks tot stand gekom het nie. Daar was wel iets: daar was 'n aarde en waters waaroor die Gees van God gesweef het. Ons het nie hier te doen met *ex nihilo* nie, aldus Westermann. Wat wel volg in die res van die Genesis-skeppingsverhaal is dat daar 'n transformasie plaasgevind het van chaos na orde. Die Priester is nie geïnteresseerd daarin om Chaos voor te stel nie, maar dat daar 'n kontras is tussen Chaos en die teenoorsgestelde, die Orde, wat sal volg (Westerman 1984: 102). Dit gaan by P daaroor dat die chaos onder beheer gekry is deur skeidingsaksies (soos later beskryf in Genesis 1) en dat dit *God* is wat dit gedoen het.

Von Rad (1972: 51) wys daarop dat vers 2 die wonder van die skepping beklemtoon: eers was daar chaos wat die aarde onleefbaar gemaak het, maar deur die toedoen van God het verandering begin intree en die onleefbare toestand is negeer deur die skeppingsaksies wat sal volg.

**Opmerkings**

Die algehele chaotiese en onleefbare toestand van die priomordiale kosmos lewer 'n skerp teenstelling van wat dit uiteindelik geword het. Vanuit wetenskaplike perspektief is die evolusionêre ontwikkeling van die kosmos en ons wêreld 'n verstommende verwikkeling, maar wanneer die gelowige betekenis daaraan gee deur die poëtiese en misterieuse beskrywing van die וְרוּחַ אֱלֹהִים מְרַחֶפֶת – God se Gees wat oor die water sweef – kry die kontras van wat in die res van die verhaal gaan volg 'n verdere diepte wat die leser met verwondering en ontsag vervul. Dinge gebeur met die vormloosheid en vreesaanjaende wanneer dit deur God besoek word! Saam met P bely ons dat God die skepping gemaak het deur onder andere die werkswyse van skeiding. Evolusie leer ons dat die wêreld inderdaad deur 'n voortdurende proses steeds gevorm word.

In hoofstuk 2 is verwys na Jonathan Sacks wat uitgewys het dat Charles Darwin die mooi religieuse waarheid onthul het dat die Skepper die skepping gemaak het om skeppend te wees. In dieselfde gesprek gaan Sacks voort:

> We have science allowing us to see that God isn't quite as simple as we thought he was. In fact it turns out to be much more like a gardener and a teacher than what 18th century thinkers thought he was, namely a mechanic, a clockmaker. So, science does cause us to adjust and refine our religious beliefs and make them much more interesting, I think.[106]

--------------------

**Genesis 1: 3.** Hier het ons die eerste woordopdrag van God – om lig daar te stel – en hier is nie sprake van towerkuns nie soos wat deur baie kommentators by wyse van analogie beskryf word as "magical word". Die stelling van vers 3 kan nie verwar word met 'n toweraksie soos wat die geval is met sommige van die beskrywings in die Enuma Elish van Mesopotamië nie[107], want met God se gesproke woord in Genesis 1 word lig geskep om die geskiedenis te begin. Towerkuns en geskiedenis het niks met mekaar te doen nie (Westermann 1984: 111).

Von Rad (1972: 51) verduidelik die belang van lig as eerste skeppingswerk:

> Light, as the "sublimest element" (Jac.), "the finest of all elementary powers" (Di.), is the first-born of creation. Without light there is no creation; only light reveals the contours of the creature blurred in darkness.

---

[106] Sacks, 2016, Aangehaal uit 'n onderhoud wat met Jonathan Sacks gevoer is nadat hy die Templeton-prys in 2016 ontvang het. Hy bespreek die verhouding tussen geloof en wetenskap, https://youtu.be/9jc4dmSo-ls .

[107] As voorbeeld van denke van towerkuns in die skeppingsverhaal, Enuma Elish (Westermann 1984:111):

> Say but to wreck or create; it shall be.
> Open thy mouth: the cloth will vanish!
> Speak again, and the cloth will be whole!
> At the word of his mouth the cloth vanished.
> He spoke again, and the cloth was restored.
> (Tablet 4, 22-26, ANET 66)

Hier blyk die skeppingsaksies towerkunsies te wees wat items laat verskyn en verdwyn deur die gesproke woord, maar dit is nie wat gebeur in Genesis 1:3 nie. Deur God se opdrag verskyn lig met die oogmerk om die begin van die geskiedenis in te lui.

Von Rad benadruk dit dat skepping deur die gesproke word - וַיֹּאמֶר אֱלֹהִים – ‘n uitdrukking is om aan te dui dat die materiële wêreld die resultaat is van God se wil en dat die materiële buite God staan en nie ‘n voortsetting van God is nie. Von Rad skryf:

> The idea of creation by the word preserves first of all the most radical essential distinction between Creator and creature. Creation cannot be even remotely considered an emanation of God; it is not somehow an overflow or reflection of his being, i.e., of his divine nature, but is rather a product of his personal will.

Die materiële is wat dit is – slegs materieel en nie goddelik nie. Om te sê “toe het God gesê”, is ‘n metafoor om aan te dui dat dit God se wil is, dat daar iets sal wees en wanneer God spreek, gebeur dit. Dit impliseer dat die skepping God se eiendom is (Von Rad 1972: 51, 52).

**Opmerkings**

Met vers 3 word deur die skepping van lig die begin van die geskiedenis van die heelal en uiteindelik die mensdom ingelui en dit is ‘n gebeurlikheid van omvangryke belang wat nie gering geskat moet word nie. Lig moes eerste daar wees om die res van die skepping moontlik te maak – tyd moes in plek gestel word om die res van die univers se strukture met skeidings te vestig wat ook in Genesis 1 ‘n geleidelike proses was.

Dit is merkwaardig dat die mens van die antieke tyd in sy voor-wetenskaplike denke reeds die primêre belang van lig raakgesien het. Lig stel mens en dier instaat om waar te neem, dit het ‘n impak op die fisiologie en psige van die mens. Op die terrein van die biologie is lig onontbeerlik vir metabolisme, bloedsirkulasie, hormoonbalans. Lig sinkroniseer ons interne klok waarvolgens ons liggaam in ritme kan funksioneer. Die onontbeerlikheid van lig vir die bestaan en funksionering van plant en dierelewe is alombekend. Die wetenskap van die belangrikheid van lig het die Priester en sy tydgenote nie geken nie, maar tog het hulle grondig en deur lewenservaring geweet dat lig fundamenteel is vir die daarstelling van ‘n leefbare wêreld. Dit is dan met reg dat die Priester sy doksologie kan begin met: “die eerste ding wat God gedoen het, was om lig te maak!” Hier was die eerste ingreep tot ordening in die chaos.

Vir die gelowige het die skepping betekenis: God wil dit so hê sodat daar geleef kan word en iets van God ervaar kan word. Die besondere is dat die ervaring van God nie nie esoteries is nie, maar wel in die belewing van die alledaagse materiële en daarom kan en behoort die materiële bewaar en eerbiedig te word as aanduider ("pointer") van God se teenwoordigheid en grootsheid. God het gesê: "laat daar wees…"  Waarom? " 'Sien' iets van My; beleef iets van My!", kan as antwoord aangebied word. En omdat dit God s'n is, moet dit opgepas en eerbiedig word.

Daar moet begrip wees vir Von Rad se opmerking "Creation cannot be even remotely considered an emanation of God; it is not somehow an overflow or reflection of his being, i.e., of his divine nature, but is rather a product of his personal will." Von Rad wil waarsku dat die geskapenheid nie vergoddelik moet word nie soos die Priester tereg ook op aandring. Die verwondering en eerbied wat die skepping ontlok beteken nie dat dit as goddelik in sy aard beskou word nie, maar dat God se teenwoordigheid en grootsheid ook beleef kan word op panenteïstiese wyse. Deur middel van metafoor en antropomorfiese taal word dikwels na die wonders van die natuur verwys as die "vingerafdrukke van God". Deur die bril van geloof kan iets van God se majesteit en sorg vir die skepping beleef word. In dié verband bied Sallie McFague se opmerking ook waarheid: "creation is God's self-expression".[108]

------------------------

**Genesis 1: 4.** Westermann (1984: 112,113) haal aan en vertaal uit *Melangues bibliques, en l'honneur de André Robert,* (1955: 22-66), "and God saw, how good it was":

> The procedure in itself is quite clear: a craftsman has completed a work, he looks at it and finds that it is a success or judges that it is good. The Hebrew sentence includes the "finding" or "judging" in the act of looking. He regards the work as good. The work was "good in the eyes of God," it exists as good in God's regard of acceptance.

[108] McFague 1987: 184.

Dit wat geskep word, is afhanklik van God se goedkeuring, maar wanneer dit voltooi word, word dit die lof van God wat uiteindelik deur alle kreature ge-eggo word (Job 38:7).

‘n Ander dimensie van טֹוב, - goed – word belig deur Von Rad: die bedoeling van die woord in hierdie konteks dui op minder as die estetiese beoordeling deur God, maar wel eerder op die doel van die betrokke skeppingswerk. Dit stem ooreen met die gees van Ps. 104:31 wat nie die skoonheid van die skeppingswerk in gedagte het nie, maar dat dit vreugde aan God verskaf (Von Rad 1972: 52).

**Opmerkings**

Vers 4 bied die eerste van ses herhalende frases כִּי־טֹוב, - dit is goed – aan. God is tevrede met sy handewerk en dit dra sy goedkeuring weg. Aan die einde van die skeppingsverhaal (vers 31) word dit beskryf dat God na die voltooide werk gekyk het en gesien het dat dit alles “*baie* goed” was, וְהִנֵּה־טֹוב מְאֹד . God is vergenoegd en in sy skik. Sou hier gesê kon word dat God self verwonderd is oor dit wat hier vermag is? Om te dink daaraan dat die skeppingswerk *plesier verskaf aan God*, bied ‘n verfrissende perspektief wat die gelowige kan inspireer om ook genot daaruit te put. Sodanige genot is ‘n ervaring van verwondering en lof. As God dan so ingenome is met dit wat tot stand gekom deur sy toedoen, is dit dan nie ‘n dwingende rede vir die mens om daaroor verwonderd te wees nie? Daar sou ‘n saak voor uitgemaak kan word dat om ongeërg te wees oor die materiële werklikheid eintlik neerkom op geringskatting van God se handewerk. As God so in sy skik kan wees met sy skeppingswerk hoe kan die mens dit dan nie wees nie? Hierdie frases “goed” en “baie goed” is aanduidend daarvan dat Genesis 1 ‘n doksologie is – ‘n loflied aan God en daarom sal ons verwondering ook lof en eer aan God wees.

-------------------------

**Genesis 1: 6-8.** Die gewelf word in plek gestel om die waters wat bo en onder dit is te skei. Geen besonderhede word verstrek ten opsigte van waaruit dit gemaak is nie asook die vorm daarvan nie; net die funksie, om te skei, word genoem. Die Priester is slegs begaan oor die wonder van die skeppingsdaad – die res is misterie. Vir P blyk

dit belangrik te wees dat iets van die misterie behoue moet bly (Westermann 1984: 118).

Die gewelf – רָקִיעַ – word herlei van die werkwoordstam רָקַע wat beteken om iets uit te slaan of te smee. In Fenisies is ‘n woord met ‘n soortgelyke woordstam wat “metaal skottel” beteken. Hierdie is ‘n treffende beeld om aan te dui dat die hemel soos ‘n koepel in onwankelbaarheid gesmee is met die doel om die waters van die aarde en die gewelf te skei (Westermann 1984: 117).

**Opmerkings**

In die vorige hoofstuk is uitgewys dat misterie en verwondering hand aan hand gaan en dat die aanvanklike verwondering ‘n sterk motiveerder is vir vir verdere ondersoek, maar ook wanneer die geheime deur die wetenskap onthul word, word die verwondering steeds ervaar. Die Priester het geen kennis daarvan gehad dat die gewelf totaal iets anders is as wat ons vandag weet nie. Vir hom bly dit ‘n wonderlike fenomeen dat dit daar is en die doel het om die waters te skei deur dit daarbo en daaronder te plaas op hulle plek.

Met die voorstelling van die gewelf as ‘n onwrikbare koepel word op ‘n treffende wyse iets uitgebeeld van die mag van God. Die Engelse vertaling van רָקִיעַ as “firmament” laat eintlik meer reg geskied deurdat dit iets laat blyk van die ferm konstruksie daarvan. In die moderne argitektuur laat die dakkoepel van ‘n groot gebou die toeskouer daarvan met groot ontsag en sekerlik moes die Priester en sy tydgenote ‘n soortgelyke bewondering en verwondering beleef het oor die omvang en funksie van die gewelf. Ons begrip vandag van wat die kosmos behels en die omvang daarvan het baie van die misterie laat wegval en tog weet die sterrekunde dat daar nog talle onbeantwoorde vrae en onbekendhede is. Dit lei egter geen twyfel nie dat die omvang van hierdie “koepel” ons as toeskouers nietig laat voel en tegelyk vervul dit ons ook met ontsag en sprakeloosheid.

------------------------

**Genesis 1: 9-10.** Die derde en laaste skeidingsaksie is dié van land en see en plaas die ander skeidingsaksies in perspektief. Deur hierdie skeidings word die basiese strukture in plek gestel waarin alle kreature moet en kan leef: die kategorieë van tyd

en ruimte. Die afwisseling van dag en nag vorm die basis van tyd; die gewelf is die basis van vertikale ruimte en die skeiding van land en see vorm die basis van horisontale ruimte (Westermann 1984: 119). Die Priester gee nie ‘n beskrywing van presies hoe dit gebeur het en gedoen is nie, maar slegs dat dit bestaan en ‘n realiteit is.

Die Priester is bekend met die skeppingstradisies van die ander kulture van sy tyd wat ook skeidingsaksies beskryf, byvoorbeeld die oereier wat verdeel is[109] en die opsny van ‘n oerwese[110]. Vir P is dit egter nie die skeiding van mitologiese figure of voorwerpe nie, maar die skeiding van elemente in die wêreld om uit die chaos orde te bring om strukture daar te stel wat die wêreld ‘n leefruimte sal maak (Westerman 1984: 121). Met die skeidingsaksies soos beskryf in P se verhaal, is daar ‘n begrip van die wêreld wat begaan is oor die mens se bestaan. Westermann gaan verder en vra die vraag (1984: 122):

> Is this closer to the modern scientific understanding of the world than that which takes as its starting point the existence of matter, rendering intelligible its absolute and objective reality?

Om sy vraag en suggestie verder te versterk word verwys na D. Sternberger wat die volgende skryf:

> Critical thought is as old as the creation. Creation reaches its fulfilment in critical thought and is not to be separated from it …. Genesis is witness of this. Separation and distinction were as such the work of God in creation, p.5. In the whole of the creation story of Genesis, I can find nothing whatsoever of the *creatio ex nihilo* of speculative and dogmatic thought, p. 6f. In any case there can be no question of a ‘creation’ in the traditional dogmatic sense. Or, to speak in the categories of Kantian logic, God’s action here would be basically analytical, and in no wise synthetic, p. 10.[111]

Von Rad (1972: 54) skryf dat daar nog steeds ‘n bedreiging van chaos in die wêreld is soos blyk uit die feit dat die waters die kosmos omring en vyandig staan teenoor

---

[109] Indiese kosmogonie, Westermann 1984: 34.
[110] Enuma Elish van Babilonië; Egiptiese skeppingsverhaal, Westermann 1984: 33, 34,
[111] Soos aangehaal deur Westermann uit ‘n artikel van D. Sternberger, 1965: 5-15, *Schöpfung und Scheidung*.

God en die skepping. God het egter het deur sy wil om orde te bring, grense aan die waters gestel deur die skeiding van land en see.

**Opmerkings**

Uit die skeidingsaksies van die eerste drie skeppingsdade blyk dit dat P die skepping se totstandkoming ontmitologiseer in die konteks van ander skeppingsverhale van sy tyd. Aspekte van die materiële wêreld (lig/donker, waters bo en onder die gewelf, see en land) is nie goddelik nie, maar materie wat bestaan het en in hulle plek gestel is om 'n bewoonbare leefwêreld tot stand te laat kom. Hier het ons die indruk van analitiese denke deur P wat die wêreld se ontstaan op 'n logiese manier probeer verstaan deur onderskeiding: die basis moet gelê word om die res van die skepping moontlik te maak. Sternberger se opmerking "Critical thought is as old as the creation" moet uiteraard as hiperbolies vertolk word omdat menslike en kritiese denke eers baie laat in die evolusionêre geskiedenis ontwikkel het. Sy opmerking behoort in die konteks van Genesis 1 se verhaal verstaan te word waar dit ook dien as 'n polemiek teenoor ander skeppingsverhale van die antieke tyd. Dat die Priester en die gehoor van sy tyd reeds op hierdie analitiese wyse kon nadink oor die vorming van die wêreld, is merkwaardig.

Westermann se vraag of die skeppingsverhaal naby aan die moderne wetenskap staan, herinner aan sommige wetenskaplikes se aanspraak dat die wetenskaplike bewyse van die materiële die enigste en absolute waarheid is. Dit moet weer eens benadruk word dat Genesis 1 nie in die eerste plek wetenskap is nie, maar wel teologie. Dit wil betekenis gee aan wat ons vandag wetenskaplik kan verklaar, maar tog kan aanklank en waardering gevind word by Genesis 1 se kritiese denke van logika en onderskeid, ten spyte daarvan dat P se wetenskaplike insig primitief en beperk is. Die nadenke in hierdie studie moet geensins gesien word as 'n poging om die Bybel en geloof aan die een kant en wetenskap aan die anderkant teenoor mekaar as geldige dissiplines te bewys nie. Tog blyk dit dat Genesis 1 se vertolking van die skepping 'n geloofwaardige en waardevolle aanvulling is tot die wetenskap en met vertroue aanvaar kan word en waaroor verwonder kan word. Die verhaal hoef nie as só wêreldvreemd beskou te word dat dit geen bydrae kan maak tot 'n vollediger begrip van die betekenis van die geskape werklikheid nie. In dié verband stel Alister McGrath dit ook:

> I want to make the point that what we think today resonates much more strongly with the Christian understanding of creation.[112]

Genesis 1 se skeppingsverhaal word deur die Priester deurgaans saaklik gestel: God praat, dit gebeur, dit was goed. Tog kan die verbeelding van die leser nie daaraan ontkom dat die ingrype van God om vorm te gee aan ‘n bewoonbare planeet iets groots, magtig en majestueus is nie. Alhoewel die Priester nie die “hoe” van die skeppingswerk beskryf nie, laat ons moderne kennis en goeie begrip van wat gebeur het met die vorming van oseane en kontinente dit toe om P se saaklike voorstelling met perspektief te vul waaroor die leser van die verhaal met groter verwondering kan nadink.

-------------------------

**Genesis 1: 11, 12.** Alhoewel daar by die skepping van die planteryk ook skeiding plaasvind, gebeur dit anders. Dit is nie God wat die skeiding doen nie, maar die aarde wat die plante voortbring en die aarde doen dit na hulle aard. “Laat uitspruit” - תּוֹצֵא - (vers 12) beteken essensieel “laat iets wat binne-in is, uitkom”, met ander woorde die plante is in die aarde en die aarde laat dit voortkom. Onderliggend aan hierdie woordkeuse is die beeld van “Moederaarde” wat die draer van alle lewe en vegetasie is, maar dit bly steeds God se inisiatief om dit te laat gebeur (Westerman 1984: 125). Die Moederaardebeeld is ‘n denke uit die breër antieke wêreld wat ook hier inspeel waar die aarde die vermoë het om plantlewe voort te bring, maar die Priester benadruk dit dat die aarde se vermoë om lewe te baar steeds die resultaat is van God se skeppende en gesproke opdrag (Von Rad 1972: 55).

Die woord לְמִינֵהוּ – na sy aard – met die stam מִין , is dieselfde woord wat in wetenskapstaal gebruik word as ”soort” of “spesie”. Die woord kom tien maal voor in Genesis 1 en word net gebruik vir plante en diere. Met die voortbring/skeiding kom ‘n wye verskeidenheid van plantsoorte – van die onopvallende gras: דֶּשֶׁא, kruie: עֵשֶׂב , tot vrugdraende bome: עֵץ. Dit is hoe God die planteryk laat voortkom – na verskillende

---

[112] McGrath, 2014, in ‘n lesing aangebied tydens die Park Street Church Apologetics Conference, Boston, https://youtu.be/mIEKVDjlfJA , 22:19

aard en spesies. Hier het ons nog ‘n aanduiding dat P ‘n wetenskaplike belangstelling het in die verskynsel van die natuur. Die opvallende is dat, alhoewel die uitdrukking “laat die aarde voortbring” die konsep van Moederaarde as onderliggende konsep het, daar tog by die Priester die ontwikkeling van wetenskaplike nadenke oor die natuur te bespeur is, maar uiteraard is dit nog nie moderne wetenskaplike insigte nie (Westermann 1984: 126). Die klassifikasie van die plante het te doen met die belang wat dit het vir mense soos later aangedui word in vers 29, naamlik as bron van voedsel. Dit is duidelik dat P, in sy formulering en onderskeid van verskillende plantsoorte, omsigtige nadenke aan die dag gelê het en op dié manier begin om iets van teoretiese besinning te laat blyk oor die aard van verskillende plantsoorte .

**Opmerkings**

Die Priester bely in sy verhaal dat God die aarde instaat stel om plante te kan voortbring. Diep wetenskap is nie hier ter sprake nie, maar ons weet nou hoe die grond, klimaat en water en biochemie ‘n rol speel in die aarde se vermoë om plantlewe te laat groei en gedy. Die Priester se belydenis dat God die aarde daartoe bemagtig, saam met ons wetenskaplike insig en tegniek om dit verder te ontgin, laat die leser met verwondering. Wat opval is die verskeidenheid van plantlewe waarna P verwys. Dit is nie net die indrukwekkende bome met vrugte nie, maar ook die onopvallende kruie en grasse verdien P se aandag as die vrug van God se skeppingsaksie. Die Priester moes sekerlik die waarde van gras en kruie geken het vir die gebruik deur mens en dier en daarom wil P dat die leser sal onthou en erken van wie die geringe, maar noodsaaklike, plantgewasse af kom. Dit is deel van God se skepping en moet daarom ook na waarde geag word.

Westermann verwys na P se teoretiese refleksie oor die verskeidenheid van plantsoorte (later ook die diere). In P se beperkte en basiese “wetenskaplike” beskouing van die planteryk gee hy betekenis en waarde aan die verskeidenheid – dit dien as voedsel vir mens en dier (vers 29). Die herhaaldelike gebruik van die woord מִין beklemtoon die belangrikheid van die verskeidenheid van die plantelewe. God het nie sommer net lukraak geskep nie – sy skepping het ‘n doel: om ‘n leefbare ruimte daar te stel vir mens en dier. Die natuur is nie doelloos nie – dit is daar vir die instandhouding van lewe. Onwillekeurig kom die gedagte en vraag op by die moderne leser: het ons hier, met die onderskeiding van plantsoorte, te doen met ‘n baie basiese

vorm van taksonomie? Die verskeidenheid van spesies is ‘n wonderlike verskynsel wat die wêreld kleurryk en interessant maak en dit het daartoe gelei dat in verskillende spesialisasievelde ‘n diep studie gemaak is van die planteryk om hulle waarde te bepaal.

------------------------------

**Genesis 1: 14-17.** Die daarstelling van die ligte aan die gewelf het vier funksies volgens die Priester: 1) om skeiding te maak tussen dag en nag; 2) om as tekens te dien vir die seisoene en dus ook tydperke of kalenders van dae en jare en uiteindelik kultiese feeste[113] ; 3) die hemelliggame moet lig verskaf; 4) die ligte aan die gewelf moet bedags en snags heers: לְמֶמְשֶׁלֶת הַיּוֹם .... הַלַּיְלָה.[114] Westermann beskou hierdie uitdrukking as ‘n abstrakte (my vertolking: sagter) voorstelling van oorheersing wat vergelyk kan word met die toneel van ‘n hoogte of heuwel wat die landskap oorheers (Westermann 1984: 129-132).

Von Rad wys daarop dat die Priester se beskrywing van die hemelliggame ‘n sterk antimitologiese gevoel het. Hulle word bloot net “ligte” genoem - מְאֹרֹת – en doelbewus word hulle nie “son” en “maan” genoem nie omdat die versoeking sou bestaan om die hemelliggame te assosieer met godhede – die algemene Semitiese woord vir “son” was ook ‘n goddelike naam. Dit is belangrik dat in aanmerking geneem sal word dat hierdie hantering van die skepping van die hemelliggame in ‘n breër kulturele en godsdienstige atmosfeer gebeur wat deurdrenk is van astrologiese geloof en dat die stand en magte van die sterre die lewe van die mens bepaal (Von Rad 1972: 55, 56).

### Opmerkings

Dit is merkwaardig dat P en sy Israelitiese tydgenote toe reeds die sober en realistiese beskouing gehad het dat die son, maan en sterre slegs skeppinge was met geen

---

[113] Die woord מוֹעֵד in vers 14 dui ook op die bepaling van afgesproke tyd, plek of ontmoeting wat verder suggereer op geleenthede soos nuwemaansfeeste, volgens Holladay 1988: 186.
[114] לְמֶמְשֶׁלֶת is afgelei van die selfstandige naamwoord מֶמְשָׁלָה wat vertaal word met “dominion, authority” volgens Holladay 1988: 200.

gewaande bonatuurlike magte en vermoëns nie. Die hemelliggame het bloot die funksie van ligbron en tydaanduiding wees en het ten doel om uiteindelik die leefwêreld vir die mens te struktureer en chaos te oorkom en alhoewel dit nie in Genesis 1 genoem word nie, sou die sterre uiteindelik ook onontbeerlike rigtingwysers in navigasie geword het. Die waarde van die hemelliggame het slegs hierdie funksionele en praktiese doelwitte en het geen lotsbepalende invloed op die mensdom nie.

-------------------------

**Genesis 1:20.** “Laat die waters krioel…” – יִשְׁרְצוּ הַמַּיִם שֶׁרֶץ . Westermann verwys na U. Cassuto[115] en haal aan: “The primary signification of the stem שֶׁרֶץ is, ‘movement’ with specific reference to the abundant, swift movement of many creatures.” Die Priester gebruik hierdie woord doelbewus om die oorvloed van die seelewe te beskryf.[116] Die waters krioel van נֶפֶשׁ חַיָּה – lewende wesens.

In Genesis 1:30 skryf P אֲשֶׁר־בּוֹ נֶפֶשׁ חַיָּה – wat in hulle asem van lewe het – waar dit betrekking het op diere. Die uitdrukking “asem van lewe” het soms die betekenis van “waarin ‘n lewende siel is” en word so deur die Jahwis gebruik vir mense in Genesis 2:7. Die Priester gebruik ook die uitdrukking in die vloedverhaal ten opsigte van mense, maar in Genesis 1 word dit gebruik vir slegs die seelewe en diere. In die algemeen, egter, word “asem van lewe” gebruik vir diere en mense om hulle te beskryf as lewende wesens – dit is wat hulle onderskei deurdat hulle asemhaal (Westermann 1984: 136).

**Opmerkings**

Dit is betekenisvol dat P die woord שֶׁרֶץ, - krioel – gebruik om die verskyning van die seelewe te beskryf. Dit is ‘n gepaste woord om die oorvloed van hierdie bioom, die wêreld van water, te beskryf. Daar is vandag ongeveer 36 383 visspesies beskryf en

---

[115] Geen nadere bronverwysing word aangebied nie.

[116] Davidson 1992: 741, beskryf die woord “krioel” as komende van die werkwoord שָׁרַץ wat beteken 1) “to creep”, 2) “to abound, swarm with”, 3) “to produce abundantly, to multiply”. Hence שֶׁרֶץ : 1) “reptiles, creeping things”, 2) “the smaller aquatic animals, Ge. 1.20.”

daarmee is ander akwatiese spesies soos walvisse, dolfyne, skilpaaie nog nie eers ingesluit nie.[117] Wetenskaplikes bereken dat ongeveer 91% van die oseaan se spesies nog nie beskryf is nie – dit sluit alle lewensvorme van waterlewe in die oseaan in asook waterplantspesies.[118] 'n Studie gedoen deur die Universiteit van New South Wales, Sydney, bereken dat daar enige tyd tussen 50 miljard en 428 miljard voëls op aarde is[119] en dat dié getal deel uitmaak van ongeveer 18000 voëlspesies.[120] Die diversiteit in hierdie biome is asemrowend en dat God die natuurlewe met soveel diversiteit en oorvloed tot stand laat kom het, laat 'n mens verbysterd. Dit maak van hierdie planeet 'n interessante en skouspelagtige plek en met die moontlikheid dat gevorderde lewe ook elders in die heelal sal bestaan, word die ontsaglikheid van die verskeidenheid van lewe nog groter.

Lewe word deur P geklassifiseer as synde wesens wat asemhaal. Lewe, bely P, kom van God af en geen besonderhede word gegee oor hoe dit gebeur het en hoe dit werk nie. Vir P, sonder die moderne wetenskaplike insig, bly dit 'n misterie. Ook in die huidige wetenskap is nog geen klinkklare teorieë geformuleer oor hoe lewe ontstaan het nie ten spyte van verskeie pogings in die laboratorium om dit na te boots en te bepaal. In die wetenskap bly die ontstaan van lewe dus ook nog grootliks 'n misterie.[121] Die Priester is nie begaan oor die presiese proses nie, maar die waarheid word benadruk dat God daarvoor verantwoordelik is, die bron van lewe is en daarvoor lof verdien.

**Genesis 1:21.** Die wêreld is nou gereed as woonplek vir lewende kreature, skryf Von Rad, en die lewende wesens kom te voorskyn deur die skeppingsaksie בָּרָא (*bārā*) – om te skep – 'n werkwoord wat net met God geassosieer word en slegs op lewende wesens van toepassing gemaak word. Volgens antieke Hebreeuse denke is die

---

[117] California Academy of Sciences, 2022, https://researcharchive.calacademy.org/research/ichthyology/catalog/SpeciesByFamily.asp

[118] National Ocean Service, https://oceanservice.noaa.gov/facts/ocean-species.html

[119] Main, 2021, https://www.nationalgeographic.com/animals/article/how-many-birds-are-there-in-the-world-science-estimates . In die artikel voer Main aan dat die rede vir die groot verskil in getalle is as gevolg van verskeie onsekerhede: onder andere is dit moeiik om klein diere wat vlieg te tel; die wye gebied waaroor die voëls beweeg; die gebrek aan wetenskaplike data in baie gebiede van die wêreld.

[120] The Economic Times, 2016, https://economictimes.indiatimes.com/news/science/number-of-bird-species-in-the-world-soars-to-18000/articleshow/55954895.cms

[121] BioLogos, 2019, https://biologos.org/common-questions/how-did-life-begin/

planteryk nie beskou as lewe nie en daarom is בָּרָא nie gebruik met die skepping van die planteryk nie. Nou kom die eerste vorme van lewe: seelewe en geveerdes. Die werkwoord *bārā* dui op 'n spesiale en direkte band tussen skepsels en die Skepper: anders as met die planteryk wat voortgekom het deur die aarde, het God nou 'n direkte aandeel in die voortbring van see en -voëllewe en hierdie besondere verhouding word nog verder beklemtoon deurdat die seediere en voëls geseën word deur die vermoë om te kan voortplant (vers 22). Die verskeidenheid van seelewe is wyd: van die geheimsinnige en mitiese seemonsters (הַתַּנִּינִם הַגְּדֹלִים)[122] en meer bekende seelewe tot die meer bekende en skadelose voëllewe (עוֹף) en al hierdie kreature bestaan binne die skeppingswil van God waarvoor geen vrees hoef te bestaan nie omdat dit deel is van die geskapenheid waarvan die chaos onder beheer gebring is (Von Rad 1972: 56, 57).

**Opmerkings**

Die werkwoord *bārā* word vertaal met "to form" of "to fashion" in 'n Hebreese woordeboek.[123] Die werkwoord veronderstel dat die daarstelling van die lewende wesens 'n proses ondergaan het om vorm te kry. Dit wil voorkom dat wat God hier doen, is nie 'n skielike of oombliklike verskyning van die kreature nie. Dit is opvallend dat die Priester in die verhaal hierdie werkswyse reserveer vir die lewende wesens van die see, die geveerdes en later die die mens (vers 27). As *lewende* wesens neem hierdie kreature blykbaar 'n spesiale plek in wat dui op 'n meer besondere verhouding met die Skepper en dit wil voorkom dat God, volgens die Priester, met nadenke die skepping van lewende wesens gedoen het.

**Genesis 1: 22.** "Toe het God hulle geseën: וַיְבָרֶךְ אֹתָם אֱלֹהִים. Hierdie seën behels dat visse en voëls kan voortplant, vermeerder en die aarde kan vol maak met hulle teenwoordigheid, פְּרוּ וּרְבוּ וּמִלְאוּ . Lewende wesens (in P se verstaanswêreld is dit slegs diere en mense) deurloop 'n ander skeppingsproses as byvoorbeeld die hemelliggame: in die geval van die dierelewe is hulle geseënd deurdat hulle kan

[122] תַּנִּין word uit Hebreeus vertaal met "sea monster", Davidson 1992: 766

[123] Davidson 1992:113. – in die kal werkwoordvorm: "to create, form, make". In die pi'el werkwoordvorm: "to form, fashion.

voorplant en vermeerder en dit is wat hulle onderskei as lewende wesens. Net soos ander skeppingsverhale in die antieke geskiedenis is Genesis 1 dus ‘n oerverhaal van seën – God het die skepping gemaak met die voorsienigheid om te kan voortplant – dit is seën (Westermann 1984: 138, 139). וּמִלְאוּ , “vul”, dui op oorvloed wat ook inhoud gee aan die seën van God, maar in die konteks van die voorsienigheid van God in die skepping van die wêreld het oorvloed en welvaart hier nog ‘n positiewe betekenis – hier is nog nie sprake van die negatiewe en gevaarlike implikasies van welvaart nie (Westermann 1984: 141).

**Opmerkings**

Ten spyte daarvan dat daar tog soms gebrek en nood volg op natuursiklusse en ander natuurverskynsels, blyk dit tog dat God die voortbestaan en welstand van spesies wil. Die voortbestaan van enige spesie is ‘n fundamentele behoefte en drang en die vermoë om dit te kan doen deur voortplanting is daarom ‘n fundamentele seën. Die vraag kom dalk by die leser op waarom die seën van voortplanting nie ook aan die planteryk gegee is nie. Soos hierbo aangedui is lewende wesens deur die Hebreeuse wêreld slegs geag as dit wat reproduktief kan wees en plante is nie so verstaan nie omdat daar geen begrip voor was nie. Vandag weet ons natuurlik deeglik dat plante wel reproduseer en dus lewend is en dat God eintlik ook die planteryk seën met die vermoë om voort te plant. “Lewensiklusse” kom ook voor in die nielewende verskynsels van die kosmos. Deur die sterrekunde weet ons vandag dat selfs hemelliggame soos sterre, sonnestelsels en galaksies lewensiklusse het wat dui op “voortplanting” om die kosmos te vul. God het die skepping gemaak om nie stagnant en steriel te wees nie, maar met die vermoë om verder kreatief te kan wees deur langtermyn evolusionêre ontwikkeling en korttermyn voortplanting en dit is iets waaroor die mens met verwondering en verstomming kan nadink. Daar rus veral op die mens die etiese verantwoordelikheid en roeping om te verseker dat die oorvloed wat God beoog het met die voortbestaan van lewe so bestuur sal word dat daar genoeg sal wees vir almal en alles om met goeie welstand te kan voortbestaan.

Dit blyk uit Genesis 1 dat God vir die lewende kreature, die seelewe en die voëls, ‘n spesiale gevoel koester deurdat hulle geseën word met die vermoë om voort te plant. Die skeppingsverhaal het geen benul gehad van die proses van selvermeerdering (mitose) en selverdeling (meiose) nie, maar dat lewe kon vermeerder en bly

voortbestaan, is gesien as ‘n seën wat aandui dat God daarvoor omgee. As God soveel daarvoor omgee, dui dit op ‘n besondere waarde wat God daaraan heg wat ook die mens se eerbied en waardering gebied.

------------------------

**Genesis 1: 24, 25.** “Laat die aarde lewende wesens voortbring…” - תּוֹצֵא הָאָרֶץ נֶפֶשׁ חַיָּה – beteken nie, skryf Westermann, dat dit dui op ‘n direkte deelname deur die aarde in die skepping van diere nie, maar dat dit slegs aantoon dat die diere aan die aarde behoort. Weer eens word dit genoem deur P dat, in hierdie geval die diere, daar na hulle aard voortgebring word wat ook, en soos in die geval van die planteryk, dui dit op ‘n baie elementêre wetenskaplike denke oor spesies. Daar kan aanvaar word dat die aard van diere ook bepaal word deur die verskeidenheid van topografieë soos dit voorkom op die aarde. Hier het ons te doen met slegs ‘n voorlopige en hoofsaaklik drieledige groepering van diere, naamlik mak diere – בְּהֵמָה , kruipende diere – וָרֶמֶשׂ, en wilde diere – וְחַיְתוֹ (Westermann 1984: 142).

**Opmerkings**

Net soos in die geval met die plant-, vis- en voëllewe beskryf die verhaal ook ‘n verskeidenheid van fauna. Oor die verskynsel van die verskeidenheid merk Jonathan Sacks die volgende op:

> He is the God who loves creating. He is the God who loves diversity. So he created not only one life form, but around 100 million …. because God loves diversity. He loves the unexpected, he loves the unpredictable, and I think, oddly enough, Darwinian biology has shown us that. God made creation creative and therefore I see at the heart of monotheism not the simple idea of one God, one truth, one way, but rather the strange miracle, the awe inspiring miracle that unity in heaven creates diversity down here on earth.[124]

Sacks se syfer van 100 miljoen spesies is waarskynlik ‘n uitdrukking van hiperboliese ekstase met die bedoeling om te sê “daar is ontsaglik baie!” en dit kan nie ontken word

---

124 Uit ‘n onderhoud wat met Jonathan Sacks gevoer is nadat hy die Templeton-prys in 2016 ontvang het, https://youtu.be/1jocoXNPJ3g

nie. Studies dui egter aan dat wetenskaplikes raam dat daar in totaal 8.7 miljoen spesies is van alle lewensvorme waarvan nog net 1.2 miljoen geïdentifiseer en beskryf is.[125] Hierdie verbysterende syfers roep Genesis 1: 12, 20, 24, 25 in herinnering op en laat die leser en diegene wat aanvaar dat God dit gewil het, met stille verwondering en ontsag oor die oorvloedige biodiversiteit van ons planeet.

-------------------------

**Genesis 1: 26.** וַיֹּאמֶר אֱלֹהִים נַעֲשֶׂה אָדָם בְּצַלְמֵנוּ ,“Toe het God gesê: ‘Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld….’ “ Hierdie inleidende woorde dui op ‘n onafhanklike narratief wat P ingebring het in sy skeppingsverhaal en is soortgelyk aan wat in die Enuma Elish aangetref word. God besluit om mense te skep en dit blyk dat daar ‘n doel mee is, naamlik om oor die skepping te heers. Westermann verduidelik dat “beeld van God” in die konteks van Genesis 1 slegs dui op die mens as teenbeeld van God: ‘n kreatuur wat soortgelyk is aan God waarmee ‘n besondere verhouding beleef kan word – die mens kan op God reageer, met God praat en na God luister. Aan die mens is in hierdie verhaal nie addisionele kwaliteite gegee nie, maar daar word slegs aangedui wat die mens is: ‘n teenbeeld van God. John J. Scullion (die vertaler van Westermann se kommentaar) vertaal Westermann se oorspronklike teks: “the creation of humanity has its goal a happening between God and human beings.” (Westermann 1984: 157). In P se teologie het “mens” – אָדָם – 'n besondere betekenis: dit het betrekking op die hele mensdom wat die teenbeeld van God is. Westermann (1984: 158) skryf:

> God has created all people “to correspond to him,” that is so that something can happen between creator and creature. This holds despite all differences among people, it goes beyond all differences of religion, beyond belief and unbelief. Every human being of every religion and in every place, even where religions are no longer recognized, has been created in the image of God.

Die uniekheid van die mens is gesetel daarin dat die mens God se teenbeeld is. Die verhouding met God is nie addisioneel toegevoeg tot die menslike bestaan

---

[125] National Geographic Society, https://www.nationalgeographic.org/encyclopedia/biodiversity

nie. Om teenbeeld van God te wees, het die intensie om ‘n verhouding met God te hê (Westermann 194: 158).

In sy kommentaar op vers 26 brei Von Rad (1972: 58) uit op die betekenisse van בְּצַלְמֵנוּ (na ons beeld) en כִּדְמוּתֵנוּ (ons afbeelding):[126]

> *ṡelem* (“image”) is more closely explained and made precise by *d^e^mūt* (“similarity”), with the simple meaning that this image is to correspond to the original image, that is to resemble it. The interpretations, therefore, are to be rejected which proceed from an anthropology strange to the Old Testament and one-sidedly limit God’s image to man’s spiritual nature, relating it to man’s “dignity”, his “personality” or “ability for moral decision”, etc. The marvel of man’s bodily appearance is not at all to be expected from the realm of God’s image. This was the original notion, and we have no reason to suppose that it completely gave way, in P’s theological reflection, to a spiritualizing and intellectualizing tendency. Therefore, one will do well to split the physical from the spiritual as little as possible: the whole man is created in God’s image.

Von Rad voer aan dat die “corporeality” van die mens se beeld-wees van God ook later ondersteun word in die Ou Testament en hy verwys na Esegiël 28: 12 en Psalm 8 as voorbeelde. Aan die anderkant erken Von Rad (1972: 59) egter ook dat die mens op ‘n nieliggaamlike wyse iets van God verbeeld:

> In Old Testament terms, the meaning of vs. 26 f. is that man is created by God in the form of and similar to Elohim. If one wants to determine the content of this statement more closely, one must ask how ancient Israel thought in detail of this Elohim. Here two predicates are important: “wise”

---

[126] Die Afrikaanse vertalings word hier geneem uit die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel van 2020. Voorkeur word aan hierdie vertaling gegee omdat dit die Hebreeuse teks akkurater weergee.
Die volgende vertalings van die betrokke woorde word weergegee in die volgende Hebreeuse woordeboeke. צֶלֶם = “image” met betrekking tot “beeld van God wees”, Holladay 1988: 306.
Die woord word vertaal as “image” en “likeness” in Davidson 1992: 645. דְּמוּת = “form, shape” in Holladay 1988: 72. Davidson (1992: 152) vertaal dit met “similitude, likeness”.

> (II Sam. 14.17) and "good" (I Sam. 29.9). Both assertions, as reflected in popular sayings, reveal the universal , almost proverbial, character of this notion.

Die mens is soortgelyk aan God in die wyse waarop die mens in die lewe geroep is, in die totaliteit van sy wese, skryf Von Rad (Von Rad 1972: 59). Hy is duidelik verwonderd oor die mens se plek en status in God se skepping:

> It refrains from any reflection of this "gracious act of God who, in his sovereign freedom, has willed out of all creation to have man alone as his real counterpart with whom he will speak and have communion."[127]

**Opmerkings**

Wat die mens besonder maak teenoor die res van die skepping is die vermoë om bewus van God te wees; om kennis van God te hê. Hierdie is nie slegs 'n belewing en bewussyn van God in 'n vlietende oomblik nie, maar 'n voortdurende en volgehoue gebeure wat uitloop op verdere en wyer gebeure met groter implikasies waarin die mens verteenwoordiger van God is in die geskapenheid. Hierdie "happening" (volgens J. Scullion se vertaling) word God se teenwoordigheid in die wêreld wat ervaar moet word deur die mens se handelinge. Die fenomeen dat die mens vir God ontvanklik kan wees en reageer op God, verleen aan die mens 'n besondere kwaliteit waaroor met ontsag en nederigheid verwonder kan word.

Die werkwoorde וּרְדוּ (om te trap in druiwepars, heers; vers 26)[128] en וְכִבְשֻׁהָ (onderwerp, gedienstig maak; vers 28)[129] mag ongemak skep by oningeligte lesers, want die werkwoorde het bepaalde gewelddadige betekenisse. Die vraag kan gestel word waarom sulke gewelddadige woorde gebruik word waarmee die mens getaak word om oor die skepping te heers? Alles in die skeppingsverhaal tot voor die veskyning van die mens dui daarop dat dit goed, mooi en harmonieus saamwerk en leef. Is dit nodig vir die mens om die skepping te *oorheers*? Andreas Schuele (2011: 12) bied 'n sinvolle verklaring vir hierdie oënskynlike teenstrydigheid: God het nie die skepping uit niks gemaak nie, maar die chaos wat aanvanklik geheers het, is in

---

[127] Von Rad haal Horst 1961: 230 aan uit *Gottes Recht*.
[128] Holladay 1988: 333.
[129] Holladay 1988: 151.

bedwang gebring om ‘n leefbare wêreld te skep. Daar is egter nog steeds elemente van die prehistoriese chaos teenwoordig wat ‘n wesenlike bedreiging bied waarteen die skepping beskerm en bewaar moet word. Die chaos is nie iets wat deur God geskep is nie, maar dit is nog in die wêreld en is steeds ‘n bedreiging. Dit is hierdie elemente van chaos waaroor die mens met daadkrag moet heers en meewerk om dit in bedwang te hou. Hierdie verklaring gee perspektief aan die oënskynlike ongemaklike handelinge van onderwerping en oorheersing.

Genesis 1: 26 mag dus nie verstaan word dat die mens die skepping kan en mag oorheers deur misbruik en vernietiging nie, maar juis wel om sy kennis en mag te gebruik om die wêreld en sy bewoners oordeelkundig te bestuur en bewaar. Dat die mens na die beeld van God geskape is met die vermoë dat wedersyds gekommunikeer kan word is wonderbaarlik, maar die addisionele roeping en verantwoordelikheid wat die mens het as bewaarder om na God se wêreld om te sien tot welsyn van alles en almal laat ons met verwondering dat God so iets toevertrou het aan die mens. Die uitwerking van verwondering behoort te wees dat ‘n ontsag vir die wêreld gekweek sal word wat op sy beurt die mens sal motiveer om dit te beskerm en verantwoordelik te bestuur.

Dit kan vrae van bedenking ontketen wanneer Von Rad die mens se beeldwees van God ook betrek op die liggaamlikheid van die mens. Dit skep die indruk dat God ook liggaamlik is, terwyl ons tog uit die Bybel leer dat God gees is ( Ps. 143:10; Jes. 61:1; Mat. 3:16; Joh. 4:24). Dit is inderdaad so dat die Bybel in antropomorfiese terme oor God praat en God personifieer (God praat, luister, sien, blaas; God het oë, hand, gesig, arm, oor, voete), maar dit word allerweë as metafories verstaan. Ons kan nie anders as om oor God te praat en dink in antropomorfiese terme en personifikasie nie.

Von Rad se stellings klink na teenstrydighede. Enersyds skryf hy: “The interpretations, therefore, are to be rejected which proceed from *an anthropology strange to the Old Testament and one-sidedly limit God’s image to man’s spiritual nature, relating it to man’s ‘dignity’, his ‘personality’ or ‘ability for moral decision’, etc.”* (kursivering toegevoeg). Hier kom dit voor asof Von Rad dit benadruk dat beeld-van-God-wees nie dui op die mens se spirituele aard, persoonlikheid en moraliteit nie, maar dat die liggaamlike voorkoms ook iets aandui van God se beeld. Andersyds verduidelik Von Rad sy opmerking “*The marvel of man’s bodily appearance is not at all to be expected*

*from the realm of God's image.* This was the original notion, and we have no reason to suppose that it completely gave way, in P's theological reflection, to a spiritualizing and intellectualizing tendency. Therefore, one will do well to split the physical from the spiritual as little as possible: *the whole* man is created in God's image" (kursivering toegevoeg). Dit blyk dus dat Von Rad aanvaar dat die mens se beeld-wees-van-God ook 'n spirituele dimensie het. Met ander woorde die mens se hele wese – liggaamlik, geestelik, emosioneel, intellektueel – weerspieël iets van God. Daar kan saamgestem word met Von Rad se stelling dat Israel aan God gedink het in terme van "wys" en "goed" en dat die mens in dié opsig na die aard van God geskep is. Hieruit blyk dan dat wysheid en goedheid ook deel uitmaak van *imago Dei*. Vanuit Von Rad se beredenering kan afgelei word dat die mens beeld van God is na *liggaam en gees* en dat in hierdie beeld iets van God se integriteit kan en behoort te weerspieël. Die wonder van die mens se verskyning in die geskapenheid is dat die mens die vermoë het om iets uit te druk van God se aard in die uiterlike asook die innerlike. Is die mens se evolusionêre ontwikkeling vanuit eenvoudige lewensvorme tot uiteindelik die mooi voorkoms met al die diversiteite asook die kompleksiteite van Homo Sapiens iets wat God pertinent in gedagte gehad het? Dui dit op iets van God se "skoonheid"? Natuurlik nie fisies nie, maar hierdie skoonheid mag iets aandui van die aard van God. Die voorkoms van die mens sou vergelyk kon word met die skoonheid van kuns en musiek wat iets laat blyk van die skepper daarvan.

Die besondere van die mens se status word beklemtoon in Genesis 1 deurdat dit net met die mens die geval is dat hy *beeld van God* is. God is met die res van die skepping ingenome – God sien dat dit goed is – maar die mens het 'n besondere plek: 'n verhouding van gemeenskap en kommunikasie. En die mens het die vermoë gekry en ontwikkel om iets van die denke, emosie en gees van God te ontwikkel op 'n besondere vlak wat nie die geval is by die res van die skepping nie.

Die Priester het nie al hierdie aspekte van menswees in die oog gehad toe Genesis 1 neergepen is nie, maar tog, meen ek, met al hierdie kennis tot ons beskikking vandag en soos dit teologies verder ontwikkel het in die Bybel (vgl. Lk. 6:36; Gl. 5:22) kry die verhaal van die skepping van die mens 'n dieptedimensie wat die leser met hernude verbystering, ontsag en lof aan God vervul.

------------------------

**Genesis 1: 28.** Net soos met die seelewe en voëls (vers 22) word God se seën gegee aan dier en mens met die vermoë om te kan vermeerder. Dit beteken dat lewende wesens nie slegs eenmalig geskep is nie, maar dat hulle ook verseker kan wees van bewaring (preservation) en voortbestaan – God se seën bly effektief tot in die toekoms. Die Priester benadruk dat slegs Jahwe as Heer van die skepping hierdie mag het om so te seën en dat hiermee gekonstateer word dat solank die mensdom bestaan, sal God se seën effektief wees (Westermann 1984: 160, 161).

**Opmerkings**

Die vermoë om te kan voortplant en voortbestaan is ‘n seën en ‘n wonder en die wonder daarvan word verder bevestig deur die insigte wat die biologie ons leer oor meiose en mitose, oorerflikheid en evolusionêre ontwikkeling. Met die kennis van hedendaagse wetenskap kry die op die oog af eenvoudige woorde en toegif van seën – “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit” – ‘n dieptedimensie wat die mens verstom laat met bewondering en ontsag. God wil mens en dier se voortbestaan en die wyse waarop dit geskied laat die mens by tye sprakeloos.

------------------------

**Genesis 1: 31.** God kyk na sy skeppingswerk en sien dat dit טוֹב מְאֹד - baie goed – is. מְאֹד – baie – is eintlik ‘n selfstandige naamwoord wat vertaal kan word met “mag, vermoë, rydom”, maar in hierdie konteks word die woord gebruik om ‘n versterkende kwaliteit tot “goed” te bied. Soos mense se skeppingswerk beloning en erkenning verdien, is dit ook waar van God se werke – deur die hele Ou Testament word lof aan God en die skepping betuig – in die Psalms en Job moet selfs die diere hulle lof bring. In vers 31 gaan dit egter nie net oor lof aan God nie, maar ook dat die skeppingswerk deur God self beoordeel word as goeie werk. Oor “goed” - טוֹב - skryf Westermann (1984: 166):

> …. has a broad range of meanings; ‘‘It is a word of many facets: pleasant, practical, suitable, nice, friendly, just, morally good.…. In any case “good” is not to be understood as indicating some fixed quality; the meaning is rather functional: “good for….” The world which God created and devised as good is the world in which history can begin and reach its goal and so fulfill the purpose of creation.

Die formule “dit was baie goed” is van groot belang in die bondige en onoordrewe taal van P, skryf Von Rad (1972: 61). Dit kan ook vertaal word met “completely perfect” met verwysing na Otto Proksch.[130] Die uitdrukking verwys tereg meer na die doelmatigheid en harmonie van die skepping eerder as die skoonheid van die hele kosmos. Hierdie stelling is gemaak in ‘n tyd van talle probleme en wil daarom ‘n geloofstelling maak: die boosheid wat in die wêreld voortkom, kom nie van God af nie en ook is God se almag nie ingeperk deur een of ander opponerende mag nie. “When faith speaks of creation, and in so doing directs its eye toward God, then it can only say that God created it perfect.” Von Rad kwalifiseer egter hierdie stelling:

> This statement, however, cannot be readily understood; if it were, the cosmos in its created splendor would have to be thoroughly intelligible and clear as crystal to men. The question of its riddles and troubles is now answered, after the redactor’s theological coupling of the documentary sources, by the Yahwistic chapter of the Fall, with its strong aetiological orientation.

**Opmerkings**

God beskou die hele skeppingswerk as “baie goed” – dit het betrekking op die hele skepping en nie net op sekere aspekte daarvan nie. Wanneer na alles gekyk word in terme van elkeen se eie aard, maar ook die invloed en interafhanklikheid wat elke aspek het op die groter ekologie, raak die mens verstom oor die verwikkeldhede van alles. Elke aspek in ‘n ekosisteem is direk of indirek afhanklik van ‘n ander aspek. Byvoorbeeld: die temperatuur van ‘n ekosisteem sal bepaal of plante daar kan groei of nie; die plantlewe bied voedsel en skuiling en beïnvloed die dierelewe se vermoë om te oorleef. Indien die temperatuur wesenlik en langdurig verander, sal alle lewensvorme in daardie ekosisteem moet aanpas by die veranderinge, migreer of selfs tot niet gaan. God skei water en land: strukture word daargestel om lewe moontlik te maak. Ligte aan die gewelf bied tye en seisoene en energie vir lewensvorming en -onderhoud. Die grond het die vermoë om groen plante na vore te laat kom, plante wat saad gee, bome wat vrug dra. God skep onder andere insekte wat bestuif sodat mens en dier uiteindelik van die vrug van plante en bome kan leef.

---

[130] Aangehaal uit A. Deichert 1924, *Die Genesis*, derde uitgawe, Leipzig.

*Alle* biome en ekosisteme is *baie* goed. מְאֹד (baie) word deur Davidson 1992: 11 onder andere ook vertaal as “in excess of excess, i.e. very exceedingly*.”* In Afrikaans is daar verskeie vertaalmoontlikhede: buitengewoon, uitmuntend, voortreflik, skitterend, om “goed” te omskryf en wanneer die verwikkeldheid en verweefdheid van makro- tot mikrokosmos aanskou en waardeer word , kan die mens nie anders nie as om te bely en saam te stem: dit is baie goed, buitengewoon goed! God verdien lof hiervoor. As God self dan, soos P deur sy verhaal dit voorstel, tevrede is met wat tot stand gebring is, lei dit geen twyfel nie dat die mens ook God se werk hoog sal ag met verwondering, sorg en lof.

Von Rad merk op dat “baie goed” eerder op die doelmatigheid en harmonie van die skepping dui as op die skoonheid daarvan. Dit is sekerlik waar dat die skepping met al sy aspekte in verstommende ekologiese sisteme en simbiotiese verhoudinge met mekaar saamleef. Die Priester sou sekerlik bewus gewees het daarvan dat bosluisvoëls en vee tot voordeel van mekaar saamleef. In die onmiddellike konteks van Genesis 1 moet Von Rad gelyk gegee word dat “baie goed” betrekking het op die strukture van gewelf en waters, droë grond en see; die funksie van lig, son, maan en sterre; die verskeidenheid van plante en diere en hulle vermoë om te vermeerder; die mens se beeld-wees van God. Maar, kan tereg gevra word, is “baie goed” slegs beperk tot die doelmatigheid en harmonie van die geskapenheid? Latere tekste in die Ou en Nuwe Testament sinspeel ook op die skoonheid van die elemente van die skepping wanneer verwys word na hulle wonderbaarlikheid en ontsagwekkendheid en dat dit iets laat blyk van die glorie en majesteit van God: Job 37-41; Ps. 19; Ps. 104: 24,25; Hooglied 1:15; Mt. 6:28-30; Rm. 1:20.

-------------------------

Westermann sluit sy kommentaar op Genesis 1 – 2:4a af deur die **“Purpose en Thrust”** van die skeppingsverhaal te beskryf (Westerman 1984: 173-177). Die Priester gee nie ‘n antwoord op “hoe het God geskep?” nie, en verduidelik nie elke aspek van die wêreld of beantwoord vrae wat by die leser/hoorder mag opduik oor besonderhede van die skeppingsproses nie. Wat die Priester wel doen is om te vertel dat die skepping onbegryplik, onnaspeurlik en onbeskryflik is. Die Priester beskryf nie ‘n skepping *ex nihilo* nie, want dit sou ‘n verwringing wees van sy bedoeling met die

skeppingsverhaal; P beskerm met eerbied die misterie van die skepping deur dit nie te verduidelik in terme van prosesse nie (Westermann 1984: 174).

Westermann wys daarop dat die Ou Testament iets pertinent te sê het oor die Skepper en God se skepping in besonder en veral deur die skeppingsverhaal en hierdie verhaal moenie vertolk word as sou dit slegs van belang wees ten opsigte van die heilsgeskiedenis nie. God is nie net begaan oor die heil van die mensdom nie, maar inderdaad oor die hele skepping. Westermann (1984: 175, 176) verwoord dit treffend:

> New Testament theologians have gone a step further and have said that biblical expressions are only relevant for us when they are clearly related to human existence. But when existentialism becomes the only principle of interpretation, then biblical talk about the creation of the world loses its meaning.
>
> It loses its meaning too when theology becomes so colored by soteriology that the two are practically identical. When God's saving intervention is absolutized, it is no longer possible to see what belongs to God as creator.

Die leser kan bykans die passie in Westermann (1984: 176) se stem hoor oor die betekenis van die skeppingsverhaal wanneer hy skryf:

> The simple fact that the first page of the Bible speaks about heaven and earth, the sun, the moon and stars, about plants and trees, about birds, fish and animals, is a certain sign that the God whom we acknowledge in the Creed as the Father of Jesus Christ is concerned with all these creatures, and not merely with humans. A God who is understood only as the God of humankind is no longer the God of the Bible.

Die Verligting het meegebring dat die Westerse wêreld die bewus wees van die impak van die skeppingsverhaal verloor het omdat die wetenskap die antwoorde bied op die oorspronge van die wêreld en die mensheid. Maar, vra Westermann, is dit geregverdig om die skeppingsverhaal soos deur Genesis 1 vertel, te verwerp? Met wetenskaplike insigte vandag tot ons beskikking hoef die wonder en misterie van die die skepping nie misken te word nie. Westermann voer drie redes aan hiervoor wat blyk uit sy kommentaar oor Genesis 1 (1984: 176):

a) Die Priester bied nie die skeppingsverhaal aan asof dit die laaste sê het oor die skepping nie. Dit word inderdaad gekleur deur ander skeppingsverhale van sy tyd en daarom kan ook dieper en wetenskaplike navorsing oor die oorspronge die skeppingsverhaal verder inkleur.
b) Die misterie van die skepping word deur P bewaar deur nie al die antwoorde te bied op vrae wat lesers en hoorders mag hê oor die skepping nie.
c) By die Priester is daar nie konflik tussen wetenskaplike en teologiese verklaring van die oorspronge nie. Wat P wel bereik is om die skeppinge in die wêreld te ontmitologiseer deur dit te ontgoddelik – dit bly materiële skeppings wat dit juis toeganklik maak vir verdere ondersoek. En tog is daar by P ‘n wetenskaplike aanvoeling deurdat strukture en kreature in kategorieë verdeel word. Hemelliggame kry hulle plek en funksies; die plant- en diereryk word gesorteer in soorte en aard; in sy geheel ontwikkel die wêreld in fases. Dit blyk dus dat Genesis 1 nie teen wetenskap is nie en daarom kan die wetenskap ook aan God eervolle erkenning gee.

Eintlik, meen Westermann, staan al die gebeure in beide Ou en Nuwe Testament in die lig van die grondwaarheid dat God die Skepper is. Die verlossing uit Egipte, die teofanie op Sinaï, die Jordaanoorgang, kan nie voldoende begryp word as dit slegs as verwysingspunt het dat God die aktiewe Een in die geskiedenis is nie. Die God wat in al hierdie gebeure aktief is, is altyd die Skepper. Dit geld ook vir die Nuwe Testament. God wat Jesus gestuur het, bly die Skepper; die Nuwe Testament kan net van ‘n nuwe skepping praat omdat God steeds die Skepper is.

In Genesis 1 is daar ‘n geleidelike opgang na die uiteindelike verskyning van die mens, die beeld van God wat iets van God reflekteer – iets kan gebeur tussen God en die mens. Dit, skryf Westermann, is volgens P die basis van die geskiedenis in die Ou Testament en uiteindelik word Christus in die Nuwe Testament die beslissende middelpunt van hierdie gebeure tussen God en mens (Westermann 1984: 177).

**Opmerkings**

Die Priester kon nie die proses van die totstandkoming van die skepping in detail beskryf nie, want in sy tyd het sulke kennis en die vermoë om dit te bekom nog nie bestaan nie. Vandag het ons dit wel en dit gee aan die skeppingsverhaal ‘n ryker

diepte en dimensie wat die leser met groter verwondering en ontsag laat. Die Priester se beperkte wetenskaplike aanvoeling van strukture en spesies kan verder ingekleur word met die moderne wetenskaplike kennis op soortgelyke wyse as wat ander skeppingsverhale P se verhaal beïnvloed het. Eintlik is dit onafwendbaar vir die gelowige vandag, wanneer die skeppingsverhaal van Genesis 1 gelees word, om ook kennis te neem van moderne wetenskaplike insigte, maar die omgekeerde is ook waar: wanneer wetenskap beoefen word, word die gelowige diep geraak deur kennis te neem van die betekenis wat Genesis 1 daaraan gee.

Westermann voer aan dat P die misterie van die skepping bewaar deur nie die detail van die skeppingsproses te gee nie wat hy uiteraard nie kon doen nie, maar dit blyk ook nie P se oogmerk te gewees het om die eksakte skeppingsprosesse te beskryf nie. Die Priester wil deur 'n loflied beskryf dat God dit *gewil en gedoen het*. Die misterie – en wonder – van die skepping is dat dit gebeur het en dat vanuit teologiese beskouing God daarvoor verantwoordelik was. Die wonder van die misterie word verder verdiep deur dit teleologies te beskou deur te aanvaar dat dit uiteindelik die mens voortgebring het as teenbeeld van God om 'n perpetuele gebeure te laat plaasvind: 'n verhouding van wedersydse kommunikasie en liefde. Om 'n omgewing te voorsien waarin hierdie voortdurende verhouding kan gedy, moet die skepping in stand gehou word om te voorkom dat dit weer in chaos ontaard en sodoende die woonplek van die mens onbewoonbaar maak.

Ten opsigte van die misterie van die skepping kan tereg gevra word of die skepping dan nog wel 'n misterie is, aangesien die wetenskap soveel kan verklaar. In 'n TV-gesprek tussen Vader George Coyne en Richard Dawkins het Coyne die volgende te sê gehad oor die misterie van die skepping, antwoorde wat gevind word, en die nodigheid van God al dan nie:

> God gave us brains and means of thinking in order that we could explore the universe and find answers to the questions we have. God is not a God of explanation, primarily. He's a God of love (dit resoneer met die opmerking van Westermann dat die skepping van die mens 'n "happening is"). And consequently I would accept that God is superfluous. If I'm looking for a God to explain things I don't need God. In fact if God is a God of need it's not God, because he transcends our needs. He gave himself

> superfluously, gratuitously. I don't reason my way to God. I didn't, you know, work my way to God. I didn't earn this faith I have. And this faith is nothing other than God himself…. I have a slight suspicion that we'll never explain everything, because if we did, I'm out of a job and so are you…. but I do criticize those who will from two ends, I criticize you in the sort of idea that God is superfluous, because, you know, we seem to be getting to a point where we can explain it all. Things that we needed God to explain time ago, you, know, we've now found an explanation for…. We don't need God to explain the rainbow. All we need is, know what a spectrum is…. As a scientist I do believe even in scientific research we are participating in mystery that we'll never have the final answer. That it is always drawing us on like a winch[131] …. Yeah, to keep going on we have to think that we will have the final answer, right? But on the other hand, you're correct - there's this tension. We will because, you know, we're working so hard.[132]

Coyne se laaste opmerking het betrekking daarop dat ons antwoorde sal kry, maar in baie gevalle ook nie soos blyk uit die res van die gesprek. Dawkins stem met Coyne saam oor hierdie stelling.

Die teologie van P bely dat die skepping 'n misterie van God is; dat die strukture daargestel is om 'n tuiste vir plant, dier en die mens te kan wees. Dit is daar, maar hoe presies is nie bekend nie. Selfs die wetenskap erken dat in sy soeke na antwoorde sal daar waarskynlik ook nog die onbekende bly wat misterie sal bly. Maar die misterie van P se skepping het betrekking op die betekenis daarvan: sodat daar 'n "happening" kan wees – 'n ervaring van God se sorg en singewing aan die bestaan van die materiële werklikheid en "to set forth the presence of God soos uitgedruk deur Wentzel van Huyssteen.[133] Oor hierdie skeppingsmisterie behoort die mens stil te word van verwondering en nederigheid.

Vir die Priester is die skepping en die realiteit dat dit gebeur het 'n misterie al probeer hy in sy voorwetenskaplike denke 'n mate van struktuur en orde daaraan te gee en

---

[131] George Coyne gebruik in die genoemde gesprek die woord "witch" wat in die konteks nie sin sou maak nie. Hy praat van "drawing us like …" en later "there is this tension" wat eerder sou pas by die trekspanning van 'n wenas. "winch" sal dus meer sinvol wees. Coyne het hom moontlik verspreek hier.

[132] Uit 'n TV-onderhoud met Richard Dawkins, https:// youtu.be/Nl1xmkVOyRw , 2:53.

[133] Van Huyssteen 2010: 150.

dat daar orde gekom het in die chaos is vir P “goed” – selfs vir God. In die vorige hoofstuk is dit bespreek dat vir baie mense die misterie ontneem word deur die wetenskaplike ondersoek, maar, soos uitgewys, hoef dit nie so te wees nie. Kennis en begrip van die oorspronge en werkinge van die materiële wêreld verhoog die bewondering en verwondering in dieselfde mate wanneer ‘n beeldhouer met sy materiaal te werk gaan om iets tot stand te bring. Of dat die chemikus/fisikus kan bepaal hoedat materie op die allerkleinste vlak met mekaar reageer en uiteindelik verskillende elemente en materiale tot stand kan bring. Vir die toeskouer en deelnemer aan die proses is dit eweseer ‘n ervaring en bewuswording van iets wonderbaarlik wat besig is om te gebeur wat die asem wegslaan en ‘n gevoel van diepe bevrediging teweeg bring.

Westermann beklemtoon die feit dat God nie net begaan is oor die heil van die mens nie en dat God nie slegs die God is van die heilsgeskiedenis nie, maar inderdaad begaan is oor die hele skepping. In die huidige klimaat- en ekologiese krisis waarin ons planeet haar bevind, is hierdie waarheid veral relevant. Inderdaad, die herstel en instandhouding is ook heil – vir die materiële wêreld en die mens. Sonder hierdie tuin kan daar geen heil wees vir die mens nie. Die mens met sy spirituele, skeppende en intellektuele ontwikkeling en vermoë is ‘n merkwaardige verwikkeling in die skepping, maar God het sy hele skepping lief soos dit telkens verwoord word met “dit is goed” en die verweefdheid en interafhanklikheid van die hele ekologie behoort die mens met eerbied te vervul en tot verantwoordelike sorgsaamheid te dring.

Die Genesis 1-verhaal toon invloede van en ooreenkomste met ander skeppingsverhale, maar bied ‘n ander vertolking van wat gebeur het en ‘n ander betekenis daarvan. Hiermee wil P onder andere aandui dat sy verhaal nie die laaste sê het oor die wording van die skepping nie, maar dat Israel dit anders verstaan. Soos telkens benadruk, is die skeppingsverhaal nie ‘n wetenskaplike verduideliking van die skeppingsproses nie, maar wel ‘n doksologie en belydenis. Ons is in die bevoorregte posisie om vandag in fyn besonderhede te weet wanneer en hoe dit gebeur het en dit verleen aan die skeppingsverhaal ‘n dieper en ryker betekenis wat by die gelowige leser ‘n intenser ervaring van lof en eerbied vir God en sy skeppingswerk kan ontlok. Soos wat ander antieke skeppingsverhale Israel se skeppingsverhaal beïnvloed het, is ek van mening dat die wetenskap ook op Genesis 1 ‘n invloed kan hê – nie om Genesis 1 as waar te bewys (en ook nie andersom nie) en ook nie om die teks buite

konteks te vertolk nie, maar om die belydenis van Genesis 1 ‘n dieper dimensie te gee. Die begrip van die Oerknal; die vorming van sterre en ander hemelliggame; die ontstaan van die atmosfeer; die vorming van oseane en kontinente; die ontstaan van prokariote en eukariote en uitendelike komplekse lewensvorme laat die gelowige met groot eerbied na die skeppingsverhaal kyk.

Die skoonheid van Genesis 1 wat die geleidelike ontvouing van die wêreld uitbeeld met die uiteindelike koms van die mens speel af soos ‘n simfonie wat eindig in ‘n hoogtepunt. Dit is met reg dat Franz Joseph Haydn die fenomenale Skeppingsoratorium gekomponeer het in 1797-1798 om hulde en verwondering aan hierdie gebeure te bring. Alles van die skepping is wonderbaarlik en tog kan met nederigheid en ontsag verwonder word oor die verskyning van die mens om die teenwoordigheid van God te beliggaam in die wêreld. Die belang van Jesus in die bestaan en geskiedenis van die mensdom vir die Christen word treffend deur Marcus Borg (2017: 114, 115, 119) verwoord wanneer hy na Jesus verwys:

> …what we see in Jesus is a human possibility…. Rather, in John’s language, he was the “Word become flesh”. He revealed what can be seen of God in a human life – and that means within the limitations of human life…. he is the “image (*ikon*) of the invisible God” (Col. 1:15). He shows us what God is like – reveals God’s character and passion.

In die lig van die skepping kry Jesus se lewe en waarvoor hy gestaan het ‘n dieper dimensie deurdat ons na hom kan kyk as ‘n uitsonderlike voorbeeld van Homo Sapiens en dat vir die mens moontlik is om ook soos Jesus iets van God te verpersoonlik. As dit is wat God beoog het met *imago Dei* soos vertel word in Genesis 1 en verbeeld is deur Jesus, word Genesis 1: 26, 27 ‘n teks waaroor die leser diep aangegryp kan wees.

In die volgende hoofstuk sal die aspekte wat hierbo uitgelig en bespreek is in temas georden word en verder toegelig word vir nadenke oor verwondering oor die Genesis 1 skeppingsverhaal.

## Hoofstuk 5

## Genesis 1 – Temas in ‘n verhaal om oor te verwonder

Genesis 1 is ‘n verhaal van belydenis dat God die Skepper van alles is en die vorm van die teks word aangebied as ‘n doksologie om eer aan God te bring as die Een wat daarvoor verantwoordelik is. Dit moet egter benadruk word dat hierdie studie die voor-wetenskaplikheid van die skeppingsverhaal erken en onderskryf en nie die wetenskap wil gebruik om die geloofsbelydenis van Genesis 1 as waar in wetenskaplike terme te bevestig nie. Die skeppingsverhaal is ‘n geloofsbeskouing en -ervaring wat deur Juda en deur die pen van die Priester aanvaar is en ‘n antwoord oor betekenis van die materiële werklikheid wil aanbied. Wetenskap het sy eie metodologie wat antwoorde bied op die materiële werklikheid, maar teologie neem dit verder deur antwoorde te gee wat die wetenskap nie bedoel en instaat is om te doen nie. Die antieke wêreld het nie die wetenskaplike kennis en insig gehad om die ontstaan en vorming van die heelal te beskryf soos ons dit vandag ken en verstaan nie. Die Priester het ook nie die intensie gehad om enige vorm van wetenskap, hoe primitief en beperk ookal, aan te bied nie, maar eerder om die belydenis te maak dat God daarvoor verantwoordelik was en dat dit ‘n misterie blyk te wees van hoe dit gebeur het. Daarom is daar geen beskrywing van spesifieke skeppingsprosesse in die verhaal nie.

Wat Claus Westermann (1984) egter so duidelik aangetoon het in sy kommentaar op Genesis 1-11 is dat Genesis 1 nie kon ontkom aan die invloede van ander skeppingsverhale van die antieke wêreld nie. Veral die Enuma Elish van Mesopotamië en die Gilgamesh van Sumerië het, met die blootstelling wat die Jode daaraan gehad het tydens die Babiloniese ballingskap, hulle laat besin oor die skepping en hoe hulle dit verstaan het. Soortgelyke idees soos die stryd wat geheers het in die Mesopotamiese en Sumeriese skeppingsverhale om strukture tot stand te bring en die skeiding daarvan, byvoorbeeld hemel en aarde, vind ook neerslag in die Bybelse skeppingsverhaal. Westermann wys daarop dat die Priester deur die erkenning van ander skeppingsverhale se invloed ook wil sê dat Genesis 1 nie die enigste sê het oor die ontstaan van die skepping nie (Westermann 1984: 176), maar dat Juda dit wel anders verstaan.

Op hierdie selfde noot kan verwys word na ‘n lesing aangebied deur Alister McGrath by die Park Street Church, Boston, VSA in 2014, waartydens hy beskryf dat in die

vroeë 1900's dit algemeen aanvaar was dat die heelal nogal altyd bestaan het, maar dat die wetenskap intussen bepaal het dat die heelal wel 'n begin moes gehad en dié teorie staan nou bekend as die "Big Bang Theory" – die Oerknal-teorie. Na aanleiding van dié nuwe insigte maak McGrath die volgende punt:

> I want to make the point that what we think today resonates much more strongly with the Christian understanding of creation.[134]

Wanneer Genesis 1 vandag gelees word, is dit eintlik nie moontlik om die invloed van die verhaal van die moderne wetenskap te ignoreer nie. Vandag se kennis oor die materiële wêreld bring mee dat die skeppingsverhaal met groter verwondering gelees en beleef kan word omdat ons kennis 'n diepte en rykdom verleen daaraan wat ons voorheen nie sou kon doen nie. Die ses dae van die skepping in Genesis 1 is in werklikheid 13,7 miljard jaar. Die deurdagtheid in en sistematiese ontvouing van die skeppinsgverhaal veroorsaak dat die Christen-gelowige vandag inderdaad baie sterk kan identifiseer en resoneer met die verhaal soos aangebied deur Genesis 1 ten spyte van die mitiese aard daarvan.

Die bedoeling is nie om 'n indiepte eksegese van elke vers aan te bied nie – dit is reeds deur prominente eksegete soos Claus Westermann en Gerhard von Rad op deeglike wyse gedoen. Wat hierop volg is 'n uiteensetting van temas wat geïdentifiseer is in Genesis 1 wat die gelowige leser kan lei tot nadenke en verwondering oor wat beskryf word in die verhaal. Die volgende temas sal toegelig word:

- 5.1 God wil dit.
- 5.2 Progressie en struktuur.
  - 5.2.1 Dit het begin.
  - 5.2.2 Van chaos tot orde en leefbaarheid.
  - 5.2.3 Geleidelikheid, logiese ordening en struktuur.
- 5.3 Grootsheid, oorvloed, diversiteit.
  - 5.3.1 Grootsheid.
  - 5.3.2 Oorvloed en diversiteit.
- 5.4 Kritiese denke.
- 5.5 Die status van die mens.

---

[134] McGrath, 2014, https://youtu.be/mIEKVDjlfJA, (22:19).

5.6 Die skepping is goed en het waarde.
5.7 Die diepte van die Genesis 1-verhaal.

**5.1 God wil dit**

In die godsdienskulture van verskillende nasies reg oor die wêreld heen vanaf antieke tye word geglo dat ‘n godheid of gotedom verantwoordelik was vir die totstandkoming van die natuurlike wêreld. Die wêreld waarin Israel en Juda geleef het, het verskillende verhale gehad wat elkeen sy eie weergawe en beskrywing gehad het, byvoorbeeld die Sumeriese *Gilgamesh*, die Babiloniese *Enuma Elish* en die Egiptiese skeppingsverhale en hierdie verhale het in mindere of meerdere mate ‘n invloed gehad op die Bybelse verhaal. In die Joods-Christelike geloofstradisie is die aanname dat God verantwoordelik is vir die skepping van fundamentale belang omdat dit betekenis gee aan die bestaan van alles deurdat dit ‘n antwoord bied in die kosmologiese argument. Afgesien daarvan dat God as die die skepper van hemel en aarde bely is, was dit vir Israel ook die verhaal in die Torah wat die begin van hulle geskiedenis ingelui het.

“In die begin het God geskep…” – בְּרֵאשִׁית בָּרָא אֱלֹהִי – is in terme van taalekonomie kort en kragtig, maar die impak daarvan op die gelowige se lewe en die verstaan daarvan is enorm. God het gewil dat daar iets sal wees en soos uit die res van die verhaal sal blyk, wil God ‘n skepping hê wat nie maar net daar sal wees om te wees nie, maar dat daar uiteindelik iets na vore sal kom wat bewustelik en denkend sal wees waarmee in ‘n verhouding getree kan word. Ten spyte van die kort en kragtige vorm van die openingstelling, is dit wel omvangryk: *hemel en aarde* is deur God geskape. In die antieke wêreld was die begrip van hemel en aarde uiteraard baie beperk en dit het vir hulle die ganse materiële werklikheid beteken. Wanneer ons dit vandag lees, het ons ‘n veel groter begrip van wat “hemel en aarde” omvat danksy die kennis wat die moderne wetenskap ons bied. Dit sluit alles in van die makrokosmos op die grootste vlak tot by die verbysterende klein wêreld van die mikrokosmos met al die natuurwette ingesluit. Met hierdie kennis kan ons die belydenis van Genesis 1:1 met soveel meer verstomming lees.

Die inleiding van Genesis 1 is meer as net ‘n belydenis: dit stem die gemoed in tot lof aan God, die Skepper van alles, wat die vermoë, die wysheid en die begeerte gehad

het om dit te doen. Daarom word dit allerweë aanvaar dat Genesis 1 ‘n doksologie is soos ook uit die res van die verhaal blyk. Lof is ‘n uitdrukking van verwondering: wanneer die geskapenheid aanskou word en die fisiese en teologiese omvang daarvan begryp word, is dit onvermydelik dat die gelowige dit wil bewonder en die Maker wil vereer en wanneer hierdie belydenis ernstig opgeneem word, beïnvloed dit alle aspekte van die gelowige se lewe.

Twee maal word in die verhaal God se kreature geseën met die vermoë om te kan voortplant: die voëls, die diere van die see en die mens (vers 22 en 28). God wil nie dat die skepping ‘n eenmalige gebeure sal wees nie, maar dat lewende kreature sal bly voortbestaan deur reproduksie om die wonder en vreugde van die skepping ‘n langdurige ervaring te maak. In ‘n video-onderhoud met Jonathan Sacks nadat hy die 2016 Templeton-prys ontvang het, maak Sacks die opmerking dat die biologie van Darwin se evolusieteorie ‘n diepgaande teologiese waarheid bevat: “that the Creator made creation creative”.[135] Dit is betekenisvol in die konteks van “wees vrugbaar en vermeerder”, want hiermee word aangedui dat God vir die skepping omgee en die langtermyn voortbestaan daarvan op voortdurende skeppende wyse begeer deur die vermoë van voortplanting en so steeds bly skep. Ons weet vandag wat die biologiese prosesse van mitose (selvermeerdering) en meiose (selverdeling) behels en met dié insig word ‘n bondige seënuitspraak “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit” ‘n seën wat die mens verstom laat dat so-iets moontlik is en die wyse waarop dit gebeur.

Ons merk op in die Genesis 1 skeppingsverhaal dat die plante nie geseën word met die vermoë om te kan reproduseer nie en die vraag kan gevra word: waarom nie? Von Rad (1972: 56) wys daarop dat volgens Hebreeuse denke plante nie deel gehad het aan lewe nie. Westermann (1984: 139) verduidelik dat lewende wesens die vermoë het om te kan reproduseer en dít was die onderskeidende kenmerk van lewende wesens – by plante bestaan dit nie volgens Hebreeuse denkwyse. Tog weet ons vandag dat plante wel die vermoë het om dit te doen en hoe dit geskied en mag ons aanvaar dat hierdie seën van God ook op die planteryk rus.

[135] Sacks 2016, https://www.youtube.com/watch?v=9jc4dmSo-ls

God wil die skepping en dat die mens daaraan deel sal hê. Uit die Skrif leer ons deur die ervaringe, getuienisse en belydenisse van die mense dat God ‘n verhoudingswese is wat met die skepping en in besonder die mens in verhouding wil tree. Die mens het die vermoë om bewus te wees daarvan en daaroor te kan besin – hieroor is die gelowige vervul met eerbied en ontsag.

### 5.2 Progressie en struktuur

#### 5.2.1 Dit het begin

Die skrywer van hierdie studie het die voorreg gehad om ‘n aantal jare in die vervaardigingsektor te kon werk waar brandweerwaens gebou is. Dit was verstommend om die proses te aanskou hoedat basiese materiaal en komponente aanmekaar gesit word om uiteindelik na etlike weke ‘n volledig toegeruste en funksionele brandbestrydingsvoertuig die werkswinkel te sien verlaat. Die verhaal van Genesis 1 vertoon soortgelyke progressie en struktuur in die totstandkoming van die materiële wêreld.

Aan die einde van die eerste skeppingsverhaal (Genesis 2: 4a) is ‘n opsommende stelling wat eintlik die begin van die skepping aandui: “Dit is dan die geskiedenis van die hemel en die aarde….” Die Hebreeuse woord תּוֹלְדוֹת – geskiedenis – word afgelei van die werkwoordstam יָלַד wat beteken om geboorte te gee. Die metaforiese assosiasie dat die geskiedenis van die skepping *begin het* asof deur ‘n geboorte, verhoog die gevoel van misterie en verwondering. In die wetenskap is tot met die begin van die 20e eeu aanvaar dat die heelal nog altyd bestaan het, maar met Edwin Hubble se ontdekking dat die heelal uitdy, is tot die gevolgtrekking gekom dat daar ‘n begin moes gewees het wat uiteindelik tot die formulering van die Oerknal-teorie gelei het. Alle vorme van materie het ‘n begin gehad – selfs in die sterrekunde word gepraat van die “geboorte” van sterre in die gasnewels van die buitenste ruim. Geboorte in die biologie is ‘n gegewe. In die fisika word aanvaar dat alle bestaande materie sy ontstaan het uit die Oerknal. Wanneer terme soos “geboorte” of “geskiedenis” gebruik word om die begin van die skepping te beskryf, is dit onvermydelik om aan ouderdom te dink en dan dui die wetenskap huidig aan dat die ouderdom van die heelal vanaf

die Oerknal op 13,7 miljard jaar bepaal word[136]; die algemeen wetenskaplik aanvaarde ouderdom van die aarde is 4.55 miljard jaar[137]; die primitiefste en eenvoudigste vorme van lewe bekend aan ons het ongeveer 3.7 miljard jaar gelede bestaan[138]; bewyse van die vroegste vorme van hominiede van 7 miljoen jaar gelede is gevind en Homo Sapiens se bestaan 160 000 jaar gelede is bevestig[139]. Hierdie tydperke is onvoorstelbaar vir ons beperkte tydsbegrippe, maar wat dit wel doen, is om aan te dui dat daar ‘n begin was toe die prosesse aan die gang gestel is en dat dit ‘n “datum” was van enorme historiese en teologiese belang. Die misterie daarvan lê daarin dat talle onbeantwoorde vrae oor die natuurlike wêreld nog bestaan, maar ook oor die betekenis daarvan waaroor lank nog nie klaar besin is nie (vgl. George Coyne se gesprek met Richard Dawkins[140])

Die uiteindelike verskyning van die mens op die toneel in al sy manifestasies as biologiese, intellektuele, psigologiese/emosionele en spirituele wese is ‘n wonder waaroor die hande saamgeslaan kan word. In dié verband kom onwillekeurig die nadenke van Psalm 8:6 in herinnering op dat die mens skaars minder as goddelik is. Geskiedenis het altyd ‘n begin en die belydenis van die Genesis-verhaal dat die skepping sy begin deur God gehad het en inderdaad *begin* het en nie altyd daar was nie, verleen aan die verhaal ‘n besondere dimensie wat die gelowige leser met verskillende emosies laat: stille bewondering en die onwillekeurige drang om te reflekteer oor die betekenis hiervan: dit is hier; dit moet ‘n doel dien.

### 5.2.2 Van chaos tot orde en leefbaarheid

Westermann (1984: 44) en ook verwysend na D. Sternberger (1984: 122) benadruk dat die skepping nie *ex nihilo* ontstaan het nie – daar was wel iets, maar dit was woes en leeg, chaoties en onbewoonbaar (vers 2).[141] Op poëtiese wyse word beskryf, וְרוּחַ

[136] Hughes 2012: 320.
[137] Dinwiddie 2012: 191.
[138] Smithsonian Natural Museum of Natural History https://naturalhistory.si.edu/education/teaching-resources/life-science/early-life-earth-animal-origins.
[139] Burnie 2012: 444.
[140] Uit ‘n TV-onderhoud met Richard Dawkins, https://youtu.be/Nl1xmkVOyRw , 2:53
[141] Daar bestaan meningsverskille hieroor by eksegete: die een kamp handhaaf die gedagte van *ex nihilo,* terwyl ander die standpunt handhaaf dat Genesis 1 nie so vertolk kan word nie. In die konteks van hierdie studie is dit nie van belang watter standpunt korrek is nie. Wat wel hier ter sprake en van belang is, is dat daar aanvanklike chaos was wat deur God se skeppingsaksies tot leefbare omstandighede verander is.

אֱלֹהִ֔ים מְרַחֶ֖פֶת – God se Gees het daaroor gesweef – wat iets van die misterieuse gebeure beeldryk verwoord en toe volg die transformasieproses om die aarde uiteindelik ‘n leefbare plek te maak vir plant, dier en mens. Wat die kosmos uiteindelik geword het en steeds besig is om te word soos deur die wetenskap beskryf word op kosmologiese, fisiese en biologiese vlak, is ‘n skerp teenstelling met die aanvanklike primordiale toestand waarin dit was en dit laat ons met verstomming dat dit gebeur en die wyse waarop dit gebeur. Daar is in hoofstuk 2 van hierdie studie verwys na Jonathan Sacks wat die aangrypende teologiese waarheid van Darwinisme uitwys dat “the Creator made creation creative”. In dieselfde gesprek gaan Sacks voort:

> We have science allowing us to see that God isn’t quite as simple as we thought he was. In fact it turns out to be much more like a gardener and a teacher than what 18th century thinkers thought he was, namely a mechanic, a clockmaker. So, science does cause us to adjust and refine our religious beliefs and make them much more interesting, I think.[142]

Die vreesaanjaende en vormlose woesteny het begin om ‘n bewoonbare en leefbare tuin te word – in die belydenis van Genesis 1 blyk dit dat dinge gebeur wanneer God dit besoek en daarmee werk en die wonder dan begin.

### 5.2.3 Geleidelikheid, logiese ordening en struktuur

Israel en die Priester het op merkwaardige manier die totstandkoming van die skepping beskryf op ‘n wyse wat iets getuig van die logiese en sinvolle progressie en struktuur daarvan. ‘n Bewoonbare leefruimte word, uit wat chaoties en onbeheerbaar was, geformeer en verstaanbaar gemaak. ‘n Woonplek kom tot stand waarin plant, dier en mens kan gedy. Wat die wonder verhoog, is dat dit geleidelik gebeur – daar is nie ‘n plotselinge verskyning van alles op een slag nie. Laasgenoemde sou dit inderdaad soos ‘n towertruuk laat lyk soos wat die indruk geskep word deur die beskrywings in die verhaal van die Enuma Elish (vgl. Westermann 1984: 111).[143]

---

[142] Sacks 2016, https://www.youtube.com/watch?v=9jc4dmSo-ls.

[143] As voorbeeld van denke van towerkuns in die skeppingsverhaal, Enuma Elish (Westermann 1984: 111):

> Say but to wreck or create; it shall be.
> Open thy mouth: the cloth will vanish!
> Speak again, and the cloth will be whole!
> At the word of his mouth the cloth vanished.
> He spoke again, and the cloth was restored.
> (Tablet 4, 22-26, ANET 66)

Alhoewel die skeppingsgebeure in slegs ses dae beskryf word, is die geleidelike ontvouing van die skepping tog opvallend. Driemaal word die werkwoord *bārā* (בָּרָא) gebruik om God se skeppingsaksie te beskryf: die hemel en die aarde as geheel (vers 1), die see- en voëllewe (vers 21) en die mens (vers 27). Is dit betekenisvol dat hierdie werkwoord in sy Hebreeuse vorm dui op "skep" of "modelleer of "vorm gee aan" ?[144] Dit veronderstel dat hier 'n proses aan die gang is wat die hele skepping en lewende wesens geleidelik vorm laat kry. Wanneer die tydsame beslagkryging van 'n kunswerk, gebou of motor beleef word tot die finale gestalte, word soveel meer respek afgedwing om te weet wat daar alles in afgespeel het om dit te bereik. Oor die geleidelikheid en moeilik voorstelbare lang tydperke van evolusionêre ontwikkeling van die heelal kan nie anders nie as met respek en bykans sprakeloosheid nagedink word oor 'n geduldige God wat met fyn besonderhede en natuurlike wetmatigheid die heelal toegelaat het om sy beslag te kry. In dié verband reflekteer Jennifer Wiseman, sterrekundige en senior projekwetenskaplike verbonde aan die Hubble Ruimteteleskoop, oor watter eienskappe van God sy bemerk wanneer sy die heelal bestudeer. Haar verwondering kan aangevoel word:

> I see a God who is patient**.** On our time scales the universe seems very old. It takes a while to have the universe develop and unfold to the point where we have planets that we can live on. And I see that God has created an amazing process that's unfolding to create the kind of habitats that now have the kind of life that can respond to God. That's a sense of patience and there are Christians, my brothers and sisters in the faith, that might envision a more instantaneous creation in which everything appeared suddenly and that's also a valid interpretion of scripture. It's not the way I interpret scripture – but it's the way that many Christians do and yet, the way I look at scripture and compare it to what we understand from science is that the creation process is allowing to develop characteristics of God's

---

Hier blyk die skeppingsaksies towerkunsies te wees waartydens items verskyn en verdwyn deur die gesproke woord, maar dit is nie wat gebeur in Genesis 1:3 nie. Deur God se opdrag verskyn lig met die oogmerk om die begin van die geskiedenis in te lui.

[144] Davidson 1992:113. – in die kal werkwoordvorm "to create, form, make". In die pi'el werkwoordvorm: "to form, fashion."

> patience and God's foreknowledge of a universe that would eventually be very productive for life.[145]

Westermann is die mening toegedaan dat die skeppingsverhaal nie 'n sistematiese orde volg nie en dat die Priester nie die bedoeling gehad het daartoe nie. Volgens Westermann vertoon die skeppingsorde van Genesis 1 opvallende ooreenkomste met dié van die Enuma Elish (Westermann 1984: 89). Ek is egter van mening dat daar tog 'n besondere logiese verloop van ontwikkeling in die skepping se totstandkoming beskryf word ongeag invloede van andere kulture. Dit is merkwaardig dat 'n antieke en voorwetenskaplike verhaal soos Genesis 1 'n mate van struktuur en logiese progressie volgens destydse begrip vertoon.

Heel eerste word lig geskep (vers 3) en Von Rad vestig die aandag op die belang daarvan dat dit die eerste skeppingsdaad was (Von Rad 1972: 51):

> Light, as the "sublimest element" (Jac.), "the finest of all elementary powers" (Di.), is the first-born of creation. Without light there is no creation; only light reveals the contours of the creature blurred in darkness.

Die Priester het nie die wetenskaplike begrip gehad oor lig nie, maar het tog die aanvoeling gehad dat lig onontbeerlik is as eerste stap vir ordening en om die wêreld leefbaar te maak. Vandag ken ons die belang van lig: dit is die hoofbron van energie wat dit moontlik maak vir lewende organismes om te kan leef; dit stel ons instaat om waar te neem; dit het 'n impak op die fisiologie en psige van die mens; in die biologie is lig onontbeerlik vir metabolisme, bloedsirkulasie, hormoonbalans; lig sinkroniseer ons interne klok wat op sy beurt ons lewensritme beïnvloed; vir die bestaan en funksionering van plant- en dierelewe is lig essensieel. Dit blyk dat om die daarstelling van lig as die eerste skeppingsdaad te beskryf dit 'n merkwaardige demonstrasie van gesonde verstand is deur die Priester waaroor die leser verstom kan wees. Dit is dan ook met reg en gepas dat hierdie doksologie begin met die skeppingsproses (om te parafraseer): "die eerste ding wat God gedoen het, was om lig te maak en dit maak

[145] Wiseman, J., *testoffaith,com*, When you look at the universe can you see anything of the characteristics of God there? http://www.testoffaith.com/resources/resource.aspx?id=488 . In 'n tv-onderhoud oor hoe sy haar geloof beleef in haar wetenskap van sterrekunde.

die deur oop vir ander skeppinge!" Hier was die eerste ingreep tot ordening in die chaos.

Nou moet die res van die chaos aangespreek word en die progressie daarvan vertoon 'n groot mate van logiese verloop soos deur die Priester begryp. Deur skeidingsaksies word strukture in plek gestel: die inplekstelling van die gewelf en die skeiding van die waters en droë grond. Wanneer uiteindelik hierdie strukture in plek is, kan die ruimte van die aarde gevul word met verskillende vorme van lewe: eers laat die aarde die plante uitspruit, want dit sal moet dien as voedselbron vir die lewensvorme wat sal volg. Dan volg nog 'n skeidingsaksie, naamlik die daarstelling van die hemelliggame wat tydstrukture en -ritmes (dag en nag) sal bied waarvolgens lewende wesens hulleself sal inrig. Met die "infrastruktuur" in plek, kan lewende wesens gehuisves word: seelewe en die geveerdes, dan die diereryk en uiteindelik die hoogtepunt, die mens.

Die leser kom onvermydelik diep onder die indruk van die sinvolheid van die verloop hierdie verhaal en dat die Priester en sy tydgenote die aanvoeling en begrip hiervoor gehad het. Met hulle beperkte kennis van die ontstaan van die skepping het die Priester nie bloot maar op lukrake wyse die verskillende aspekte van die skeppingsgebeure bymekaar gegooi nie. Die Priester het iets gesnap van die doel, funksie en waarde van die strukture wat uiteindelik die lewensvorme moet huisves. Sekere strukture moes eers in plek gestel word om die volgende aspekte van die skepping te kan huisves. Dit is duidelik dat daar deurdagtheid en 'n mate van diepgang was in die begrip van die skepping en die wyse waarop dit beskryf is.

Vir die Priester was dit belangrik om deur middel van Genesis 1 se skeppingsverhaal in die kulturele konteks van Babilonië se skeppingsteologie dit duidelik te maak dat die skepping met al sy aspekte nie goddelik is nie, maar bloot – hoe wonderbaarlik ookal – maaksels van God is. Die Priester doen moeite om die skepping met al sy inhoud te ontmitologiseer. Dit is slegs materie met geen inherente goddelikheid nie (die mens dien as uitsondering waaroor later uitgewy sal word). Deur hierdie verhaal word die skepping in die regte perspektief geplaas: dit is *materie* wat die handewerk van God is en die grootsheid, skoonheid en kompleksiteit daarvan – van die makrokosmos tot die mikrokosmos en alles tussenin – getuig van die heerskap en heerlikheid van God. In lyn met die Priester se doel om te ontmitologiseer, maak Von

Rad (1972: 51) die opmerking dat “Creation cannot be even remotely considered an emanation of God; it is not somehow an overflow or reflection of his being, i.e., of his divine nature, but is rather a product of his personal will.” Daar moet begrip wees vir Von Rad se opmerking – enige gedagte dat die skepping inherent goddelik is, moet weerstaan word, maar tog kan die gelowige die wonders van die skepping aanskou en iets van God se heerlikheid daarin herken. Ons het hier dus te make met ‘n vorm van panenteïsme soos dit verstaan word in die Judees-Christelike tradisie. Die natuur is nie God nie, maar die verskillende aspekte van die skepping kan beleef word as aanduiders (pointers) na God. Deur middel van metafoor en antropomorfisme word soms verwys na die wonders van die natuur as “die vingerafdrukke van God”. ‘n Vingerafdruk is nie die persoon self nie, maar getuig wel daarvan dat die persoon teenwoordig was. Deur die grondige oortuiging van God se rol daarin kan die gelowige iets van God se majesteit en sorg vir die skepping beleef word en bied ‘n opmerking deur Sallie McFague perspektief en waarde tot ons verwondering: “creation is God’s self-expression."[146] Genesis 1 vertel by herhaling: God het gesê “Laat daar wees….” Waarom? Die antwoord kan soos volg gebied word: “ ‘Sien’ iets van My; beleef iets van My!” en hierdie ervaring van God is nie esoteries nie, maar reëel in die alledaagse materiële.

Genesis 1 se voorwetenskaplike belydenis oor die oorspronge van die kosmos bly verrassend merkwaardig hoedat die beskrywing daarvan met diepgang en nugterheid oordink is wat nie wêreldvreemd is aan ons verstaan van die bevindinge van die wetenskap nie. Al word die skepping in niewetenskaplike terme beskryf, laat die verhaal van ordeskepping en struktuurgewing tog die indruk van ‘n mate van logiese ordening

en dit skep ‘n basis vir verwondering. Dit is betekenisvol dat Genesis 1 as skeppingsverhaal bly voortleef teenoor die ander antieke skeppingsverhale met hulle sterk mitologiese inslag wat grootliks in die niet verdwyn het.

[146] McFague 1987: 184.

## 5.3 Grootsheid, oorvloed en diversiteit

### 5.3.1 Grootsheid

Genesis 1: 6-8 beskryf die daarstelling van die gewelf of hemelruim en die woord wat gebruik word in die Hebreeuse teks is רָקִיעַ . Vir die Hebreeuse leser en hoorder was dit destyds 'n gepaste en beskrywende woord aangesien dit afgelei word van die werkwoordstam רָקַע wat beteken om iets uit metaal uit te slaan of te smee (Westermann 1984: 117). Dit was die persepsie in die antieke wêreld dat die hemelruim 'n koepel was waarin die hemelliggame gemonteer was en waarbo die waters wat nie op aarde was nie, in plek gehou moes word. Dit was dus gesien as 'n omvangryke koepel wat massief en sterk moes wees. Die *New International Version* vertaling van die Bybel vertaal die woord beskrywend as "vault". In ander Engelse vertalings word רָקִיעַ paslik vertaal met "firmament" wat iets weerspieël van die stewigheid en krag van die koepel (vgl. *King James, American Standard Version, New Catholic Bible*). Die *New Revised Standard Version, Anglicised* gebruik "dome" om die Hebreese woord te vertaal.[147] Die mees algemeen geleesde Bybel in Duitsland, die Lutherse Bybel (1912 vertaling) vertaal die woord met "die Feste" : die vaste. [148]. Nog Engelse vertalings soos die *English Standard Version* en die *New English Translation* vertaal gewelf as "expanse" wat op sy beurt dui op die uitgestrektheid van die hemelruim.[149] Dit blyk uit die oorspronklike teks en verskeie vertalings dat die gewelf beskou word as iets groots, onwrikbaar en oorvloedig.

Die Priester het nie die kennis gehad van die moderne wetenskap van wat die gewelf werklik behels nie. Vir hom bly die gewelf 'n wonderlike fenomeen omdat dit daar is; die hemelliggame huisves en die funksie het hom die waters te skei. Deur die wetenskap vandag weet ons om na die Centauri sterrekompleks, wat slegs 4.3 ligjare ver van die aarde is, sal dit 'n passasierstraler ongeveer 5.8 miljoen jaar neem om die afstand met 'n enkelvlug af te lê.[150] Die Melkweg bestaan uit ongeveer 100 - 400 miljard sterre. [151] Daar is tussen 100 en 200 miljard galaksies in die heelal.[152] Huidig

---

[147] Bible Gateway, https://www.biblegateway.com/
[148] Bible Study Tools, https://www.biblestudytools.com/lut/genesis/1.html
[149] Bible Gateway, https://www.biblegateway.com/
[150] Bereken op die feit dat lig teen 300 000 km per sekonde beweeg.
[151] Howell, 2018, https://www.space.com/25959-how-many-stars-are-in-the-milky-way.html
[152] Howell, 2018, https://www.space.com/25303-how-many-galaxies-are-in-the-universe.html

word die grootte van die sigbare heelal bereken op 92 miljard ligjare.[153] Die begrip wat die antieke kulture gehad het van die hemelruim en die voorstelling daarvan as ‘n onwrikbare koepel laat die moderne leser ook dink aan ‘n dakkoepel in die argitektuur: ‘n mens slaan die skouspel gade met die ingenieursvernuf en, indien dit pragtig versier is met skilderwerk of ander kunstige afwerkings, bewonder die toeskouer die estetika en funksionaliteit daarvan. Ons begrip van wat die hemelruim, die heelal, omvat met die uitgestrektheid en onvoorstelbare afstande, getalle en afmetings, het wel baie van die geheime opgeklaar en weggeneem, maar tog het die insig daarvan ook iets van die misterie verdiep. Hoe is dit moontlik dat so-iets kan bestaan en waarom?

### 5.3.2 Oorvloed en diversiteit

In Genesis 1: 11 en 12 verskyn die planteryk van ons planeet. Opmerklik is dat God nie direk die plante skep nie, maar die aarde instaat stel om dit te laat voortkom. Laat uitspruit, תּוֹצֵא , in die hifil-vorm beteken inderdaad “laat iets wat binne-in is, uitkom”, met ander woorde die plante is in die aarde en die aarde laat dit uitkom (Westerman 1984: 125). Aan die hart van hierdie beskrywing lê die konsep wat algemeen bekend was in die antieke denke dat die wêreld die “Moederaarde” is wat die draer van alle lewe is, maar die Priester beklemtoon dit dat God steeds die Een is wat dit laat gebeur (Von Rad 1972: 55; Westermann 1984: 87, 126). Diep wetenskap is nie by die Priester aanwesig nie, maar dit is nou goed bekend watter rol grond, water, klimaat en biochemie speel in die aarde se vemoë om plantlewe te laat groei en gedy. Met hierdie insigte en saam met die Priester se belydenis dat God daarvoor verantwoordelik is, bly ons verwonderd daaroor dat dit kan gebeur en dat die aarde en die planteryk die vermoë het om wonderbaarlik te herstel na rampe soos langdurige droogtes, brande, vloede en die impak van die mens.

Westerman (1984: 136) verwys na U. Cassuto in sy kommentaar wat uitwei oor die woord שֶׁרֶץ – krioel – in vers 20: “The primary signification of the stem שֶׁרֶץ is, “movement” with specific reference to the abundant, swift movement of many creatures”. Die Hebreeuse werkwoord שָׁרַץ is ‘n treffende woordkeuse om die oorvloed en verskeidenheid van hierdie bioom, die seelewe, aan te dui. Daar is vandag ongeveer 36 058 visspesies beskryf en daarmee is ander akwatiese spesies soos

[153] Tillman & Gordon 2022, https://www.space.com/24073-how-big-is-the-universe.html

walvisse, dolfyne, skilpaaie nie eers ingesluit nie.[154] Wetenskaplikes bereken dat ongeveer 91% van die oseaan se spesies nog nie beskryf is nie – dit sluit alle lewensvorme van waterlewe in die oseaan in asook waterplantspesies.[155] ‘n Studie gedoen deur die Universiteit van New South Wales, Sydney, bereken dat daar enige tyd tussen 50 miljard en 428 miljard voëls op aarde is[156] en dat dié getal deel uitmaak van ongeveer 18000 voëlspesies.[157] Ook in die geval van die diereryk is daar van oorvloed sprake as getalle en verskeidenheid in aanmerking geneem word. Oor die verskynsel van die verskeidenheid merk Jonathan Sacks die volgende op:

> “He is the God who loves creating. He is the God who loves diversity. So he created not only one life form, but around 100 million …. because God loves diversity. He loves the unexpected, he loves the unpredictable, and I think, oddly enough, Darwinian biology has shown us that. God made creation creative and therefore I see at the heart of monotheism not the simple idea of one God, one truth, one way, but rather the strange miracle, the awe inspiring miracle that unity in heaven creates diversity down here on earth.”[158]

Dit kan aanvaar word dat Sacks se syfer van 100 miljoen waarskynlik ‘n hiperboliese uitdrukking van ekstase is waarmee hy eintlik wil sê “daar is ontsaglik baie!” en daarmee moet hy gelyk gegee word. Wetenskaplike studies dui egter aan dat ‘n totaal van 8,7 miljoen spesies van alle lewensvorme bestaan waarvan nog net 1,2 miljoen geïdentifiseer en beskryf is.[159] Dan moet ook nog onthou word hoeveel spesies al uitgesterf het as gevolg van verskillende faktore.[160] Hierdie verstommende syfers herinner ons aan Genesis 1: 12, 20, 24, 25 wat vermeld dat daar ‘n groot verskeidenheid in groot getalle van spesies is en dan onthou ons ook dat God dit gewil

---

[154] California Academy of Sciences, https://researcharchive.calacademy.org/research/ichthyology/catalog/SpeciesByFamily.asp

[155] National Ocean Service, https://oceanservice.noaa.gov/facts/ocean-species.html

[156] Main, 2021, https://www.nationalgeographic.com/animals/article/how-many-birds-are-there-in-the-world-science-estimates. In die artikel voer Main aan dat die rede vir die groot verskil in getalle is as gevolg van verskeie onsekerhede: onder andere is dit moeiik om klein diere wat vlieg te tel; die wye gebied waaroor die voëls beweeg; die gebrek aan wetenskaplike data in baie gebiede van die wêreld.

[157] The Economic Times 2016, 2016, https://economictimes.indiatimes.com/news/science/number-of-bird-species-in-the-world-soars-to-18000/articleshow/55954895.cms

[158] Sacks, 2016, https://youtu.be/1jocoXNPJ3g

[159] National Geographic, https://www.nationalgeographic.org/encyclopedia/biodiversity

[160] Elke een miljoen jaar sterf 10% van spesies uit; 30% elke 10 miljoen jaar; 65% elke 100 miljoen jaar volgens Ritchie 2022 aangehaal uit Raup 1991, *A kill curve for phanerozoic marine species*, https://ourworldindata.org/mass-extinctions

en toegelaat het en word die gelowige vervul met stille verwondering en ontsag oor die oorvloedige biodiversiteit van ons planeet. Hierdie planeet is ‘n interessante en skouspelagtige plek en as in ag geneem word dat die natuurwette wat inwerk daarop om lewe te laat ontwikkel deur die ganse heelal werksaam is, hoeveel verskeidenheid van lewe is daar dalk elders in die heelal?

### 5.4 Kritiese denke

Die Genesis 1-verhaal is nie die enigste verhaal wat die skepping beskryf deur skeidingsaksies nie: in die Indiese weergawe word die oereier verdeel; ‘n oerwese word opgesny in beide die Enuma Elish en die Egiptiese skeppingsverhaal (Westermann 1984: 33, 34). Die Priester werk egter doelbewus daaraan om die skeidingsaksies deur God te ontmitologiseer: die basisstrukture van die kosmos (lig/donker, waters bo en onder die gewelf, see en land) is net materie en het geen inherente goddelikheid nie en word in plek gestel om ‘n bewoonbare leefwêreld tot stand te bring. Die wyse waarop die Priester dit voorstel skep die indruk van analitiese en kritiese denke – hy besef dat hierdie strukture essensieel is om die res van die geskapenheid moontlik te maak. Westermann (1984: 122) se verwysing na D. Sternberger se opmerking “Critical thought is as old as the creation” behoort as ‘n hiperboliese uitlating beskou te word omdat ons weet dat menslike denke en veral kritiese denke eers baie laat in die evolusionêre geskiedenis ontwikkel het, maar Sternberger bedoel waarskynlik dat kritiese onderskeid al geïmpliseer word in die vertelling hoedat die skepping ontvou het en hoe Israel daaroor gepolemiseer het teenoor ander kulture se denke daaroor. Dit bly merkwaardig dat die Priester en die gehoor van sy tyd toe reeds op hierdie analitiese wyse kon nadink oor die vorming van die wêreld. Sou dit iets impliseer van die denke van God – kritiese denke? Is hier iets te bespeur dat God inderdaad die universele natuurwette inspan om die kosmos totstand te laat kom? In dié verband is ‘n treffende opmerking wat per geleentheid gemaak is deur die Indiese wiskundige, Srinivasa Ramanujan, besonder betekenisvol: “Sir, an equation for me has no meaning unless it expresses a thought of God.”[161]

Die Hebreeuse woord לְמִינֵהוּ – na sy aard – met מִין as stam wat vertaal word met “spesie” of “soort”, [162] word tien maal in Genesis 1 net vir plante en diere gebruik

[161] Ranganathan 1967: 88
[162] Holladay 1988: 193.

(verse 11, 12, 21,24, 25) wat ‘n aanduiding is van die belang daarvan dat God na soorte of spesies geskep het: die onopvallende gras - דֶּשֶׁא, kruie - עֵשֶׂב , vrugdraende bome - עֵץ ; in die diereryk: mak diere - בְּהֵמָה, kruipende diere - וָרֶמֶשׂ, en wilde diere – וְחַיְתוֹ. Westermann (1984: 126) merk op dat die Priester sensitief is daarvoor dat verskillende spesies bestaan en dat die verskeidenheid ‘n doel dien, naamlik ‘n voedselbron vir dier en mens (vers 29). Die Priester se kennis van spesies is uiteraard beperk, maar tog is die elementêre begrip van spesiëring reeds daar en word die belangrikheid daarvan beklemtoon deur die herhaling van die begrip. Hierdie onderskeid deur spesiëring is ook ‘n aanduiding van kritiese denke by die Priester. Carl Linnaeus word beskou as die vader van die moderne taksonomie[163] en deur die bydrae wat hy gelewer het met betrekking tot die wetenskaplike benaming van spesies het die spreekwoord ontstaan “God created, Linnaeus classified”[164] waarmee iets van verwondering en respek vir Linnaeus verwoord word vir die belangrikheid van sy werk. Onwillekeurig kom die gedagte by die moderne leser op of hier in Genesis 1 al ‘n elementêre aanvoeling vir taksonomie bestaan. Kan die Priester se elementêre kritiese denke van spesiëring hier raakgesien word waaroor die leser verwonderd kan wees?

Deurgaans is dit duidelik in die verhaal dat die skepping gevorm is met ‘n *doelmatigheid*. Die verskillende aspekte van die skepping is nie doelloos of lukraak daargestel nie, maar het bepaalde funksies soos wat later blyk in die logiese verloop in die ontvouing van die skepping en die strukture wat in plek gestel word. Weer eens bespeur ons hier tekens van kritiese denke by die Priester. Die belangrikheid van lig is hierbo reeds bespreek en hoe essensieel dit is as energiebron vir die bestaan van die res van die geskapenheid; die gewelf word die eerste struktuur om orde te bring deur die skeiding van watermassas sodat dit nie die wêreld oorweldig nie; dan word see en land geskei om gepaste leefwêrelde te skep vir die spesies wat sal volg; die hemelliggame word tydsaanduiders vir dag en nag en wat prominente oorheersende kenmerke in die “landskap” van dag en nag word (Westermann 1984: 129-132); die ligte aan die hemel word ook aanduiders van seisoene, kultuskalenders en alhoewel nie gemeld in Genesis 1 nie sou die hemelliggame ook later onontbeerlike

---

[163] Carl Linnaeus (1707-1778) word allerweë beskou as die vader van die moderne taksonomie volgens Calisher 2007: 268.
[164] Uppsala Universiteit, *Carl Linnaeus*, https://www.uu.se/en/about-uu/history/Carl+Linnaeus/

navigasiehulpmiddele word. Die plante het ten doel om voedselbron te wees vir mens en dier. Al die aspekte van die geskapenheid het ‘n bepaalde doel en dit blyk later dat ‘n leefruimte vir die mens, die spesie waarmee God ‘n verhouding kan en wil hê, in plek gestel sal word om die mens se lewe moontlik te maak.

Die skepping, volgens Genesis 1, kom onder andere totstand deur ‘n paar skeidingsaksies. Na aanleiding hiervan vra Westermann (1984: 122):

> Is this closer to the modern scientific understanding of the world than that which takes as its starting point the existence of matter, rendering intelligible its absolute and objective reality?

Bogenoemde vraag deur Westermann herinner aan die dikwels hewige debatte en gesprekke wat gevoer word tussen wetenskap- en geloofsgroepe waar sommige wetenskaplikes die reduksionistiese aanspraak maak dat die bewyse en bevindinge van die materiële wêreld wat deur die wetenskap gelewer word, die enigste en absolute waarheid is. Genesis 1 is nie wetenskap nie, maar wel teologie wat betekenis wil gee aan die materiële werklikheid wat deur die wetenskap verklaar kan word. Waar dit egter blyk dat daar in die skeppingsverhaal tog aanduidings is van kritiese denke, kan daar aanklank en waardering gevind word by Genesis 1 ten spyte daarvan dat die Priester se wetenskaplike insig primitief en beperk was. Dit moet egter onthou word dat wanneer besin word oor die kritiese denke wat te bespeur is in die skeppingsverhaal daar geensins gepoog word om die Bybelse skeppingsverhaal en die wetenskap teenoor mekaar as geldige dissiplines (teologie en wetenskap) te bewys nie. Tog is dit merkwaardig dat die mate van kritiese denke – die ontneming van mitologiese en bygelowige denke oor die skeppingsfenomene, asook die deurdagte ontvouing van die skepping – die verhaal kenmerk. Westermann se vraag hierbo oor die nabyheid van Genesis 1 aan die wetenskap kan vanuit ‘n ander oord, naamlik die wetenskap self, beantwoord woord in die woorde van Robert Jastrow[165], kosmoloog en voormalige hoof van NASA se *Goddard Institute for Space Studies*:

> Many details of the scientific account differ from those in the Bible; in particular, the age of the Universe appears to be far greater than the 6000 years of the Biblical Genesis; but the essential feature is the same in both

[165] Robert Jastrow het homself as agnostikus bestempel.

> stories: There was a Beginning, and all things in the Universe can be traced back to it.
>
> Now we see how the astronomical evidence supports the Biblical view of the origin of the world. The details differ, but the essential elements in the astronomical and Biblical accounts of Genesis are the same: the chain of events leading to man commenced suddenly and sharply at a definite moment in time, in a flash of light and energy.[166]

Genesis 1 se vertolking van die skeppingsproses is ‘n geloofwaardige en waardevolle (vir die gelowige ‘n onontbeerlike) aanvulling tot die wetenskap. Die verhaal hoef nie as só wêreldvreemd beskou te word dat dit geen bydrae kan maak tot ‘n vollediger begrip van die betekenis van die geskape werklikheid nie. Hierdie kenmerk van die skeppingsverhaal is iets waaroor verwonder kan word. Die Priester vertel die skeppingsverhaal saaklik: God praat, dit gebeur, dit was goed. En tog kan die leser met die huidige kennis tot ons beskikking nie daaraan ontkom om die bondige verhaal met verbeelding te lees en met perspektief te vul nie. Deur God se ingrype is daar vorm gegee aan materie om ‘n bewoonbare planeet totstand te bring met hemelruim en planeet, tydaanduiders, oseane en kontinente en spesies met ‘n funksionele doel – en dit is groots, sierlik en majestueus.

### 5.5 Die status van die mens

Dit lei geen twyfel nie dat die mens volgens Genesis 1 ‘n besondere skepsel is in vergelyking met die res van die skepping: die mens het die vermoë ontwikkel om bewus te wees en kennis te hê van God en op God te kan reageer. In sy *boek Alone in the World? Human Uniqueness in Science and Theology* (2006) verwys Wentzel van Huyssteen (2006: 234) na Terrence Deacon wat skryf:

> Hundreds of millions of years of evolution have produced hundreds of thousands of species with brains, and tens of thousands with complex behavioral, perceptual, and learning abilities. Only one of these has ever

[166] Jastrow 1981: 16.

> wondered about its place in the world, because only one evolved the ability to do so.[167]

Die mens het ontwikkel om op unieke wyse onderskei te word van selfs sy naaste susterspesies ten opsigte van bewustelikheid, taal, simboliese denke en optrede wat ook religieuse bewustheid en optrede insluit. Die behoefte aan betekenis op religieuse, etiese, filosofiese en estetiese vlak is deel van die toerusting wat Homo Sapiens oor ‘n lang tydperk ontwikkel het vir oorlewing. Sommige wetenskaplikes noem hierdie toerusting “high-order consciousness”: die mens is bewus daarvan dat hy  bewustelik is en dit gee aan die mens ‘n hoë graad van selfbewussyn en simboliese geheue (Van Huyssteen 2006: 267, 268).

Die vermoë wat die mens ontwikkel het om ook religieuse denke en ervaring te hê sodat ‘n verhouding tussen God en mens kan ontstaan is nie maar ‘n vlietende oomblik nie, maar iets wat ‘n voortdurende en volgehoue gebeure is (vgl. Westermann se beskrywing hiervan as ‘n “happening”, 1984: 157) wat uitloop op verdere en wyer gebeure met groter implikasies waarin die mens verteenwoordiger van God is. Die “happening” impliseer dat God se teenwoordigheid deurlopend ervaar moet word deur die mens se handelinge. Hierdie skeppingstoestand gee aan die mens ‘n merkwaardige kwaliteit en status waaroor met ontsag en nederigheid verwonder kan word.

Die mens kry die opdrag kry om te “heers” oor die skepping (vers 28) en dit kan die moderne leser, wat al hoe meer bewus raak van die mens se nadelige impak op die omgewing en die verantwoordelikheid van omgewingsbestuur, ongemaklik laat met die woord “heers”. Die werkwoorde וּרְדוּ – om te trap in druiwepars – (vers 26)[168] en וְכִבְשֻׁהָ – onderwerp; gedienstig maak –  (vers 28)[169] het bepaalde gewelddadige en onderdrukkende nuanses wat onvriendelik klink teenoor die omgewing. Waarom word sulke gewelddadige terme gebruik om die mens se taak met die skepping te beskryf? Tot voor die verskyning van die mens in die verhaal het alles in die skepping gedui op skoonheid, oorvloed en harmonieuse samewerking. Is dit nodig vir die mens om dit te

[167] Aangehaal uit Deacon 1997: 21, The symbolic species: The Co-evolution of language and the brain.
[168] Holladay 1988: 333.
[169] Holladay 1988: 151.

oorheers? Daar is vantevore na Andreas Schuele verwys wat ‘n verklaring en perspektief bied op hierdie oënskynlike teenstrydigheid. Hy voer aan dat God nie die skepping (soos die antieke wêreld dit verstaan het) uit niks gemaak het nie, maar dat God wel die chaos wat in die begin bestaan het, in bedwang gebring het om ‘n lewensvatbare wêreld te skep. Elemente van die prehistoriese chaos is egter steeds teenwoordig en bied steeds ‘n wesenlike bedreiging en die wêreld moet daarteen beskerm word.Alhoewel die chaos nie geskep het nie, is dit wel steeds aanwesig in die wêreld en bied ‘n bedreiging en moet daadwerklik deur die mens beheer en in bedwang gehou word.[170]

Genesis 1: 26 en 28 moet dus nie verstaan word dat aan die mens mag gegee word om die skepping te misbruik en vernietig nie, maar juis wel om sy kennis en *vermoë* te gebruik om die wêreld en sy bewoners en die hele kosmos met oordeelkundigheid te bestuur en bewaar.[171] Dit is wonderbaarlik dat die mens na die beeld van God geskape is met die vermoë om wedersyds te kan kommunikeer en reageer, maar die addisionele roeping en verantwoordelikheid wat die mens het om na God se wêreld om te sien met sorg tot welsyn van alles en almal, laat ons diep onder die indruk dat God so-iets toevertrou aan die mens. Die uitwerking hiervan behoort te wees dat ons ontsag vir die wêreld sal kweek en dit ons sal motiveer om dit te beskerm en verantwoordelik sal bestuur.

Wanneer Von Rad die beeld-wees van God bespreek, bestaan die moontlikheid dat vrae van bedenking ontketen kan word omdat hy dit laat klink asof die liggaamlikheid van die mens ook dui op beeld van God wees. Dit skep die indruk dat God ook liggaamlik is, terwyl ons tog saam met die Bybel bely dat God gees is (Ps, 143:10; Jes. 61:1; Matt. 3:16; Joh. 4:24). Die Skrif praat gewoonlik oor God in antropomorfiese begrippe en God word gepersonifieer (God praat, luister sien, blaas, God het oë, hande, gesig, arm, oor, voete), maar dit word allerweë metafories verstaan. Ons kan nie anders as om so oor God te praat nie.

Von Rad (1972: 58) se stellings oor die mens as beeld van God klink na teenstrydighede. Enersyds skryf hy:

---

[170] Schuele 2011: 12.
[171] Die term “vermoë” word hier voorkeur aan gegee in plaas van “mag”. Laasgenoemde bied juis die versoeking tot misbruik van mag.

> The interpretations, therefore, are to be rejected which proceed from *an anthropology strange to the Old Testament and one-sidedly limit God's image to man's spiritual nature, relating it to man's 'dignity', his 'personality' or 'ability for moral decision', etc.* (kursivering toegevoeg).

Met bogenoemde stelling kom dit voor asof Von Rad dit benadruk dat beeld-van-God-wees nie dui op die mens se spirituele aard, persoonlikheid en moraliteit nie, maar dat die liggaamlikheid van die mens ook 'n aanduiding is van God se beeld.

Andersyds verduidelik Von Rad (1972: 58) sy opmerking van hierbo:

> "*The marvel of man's bodily appearance is not at all to be expected from the realm of God's image.* This was the original notion, and we have no reason to suppose that it completely gave way, in P's theological reflection, to a spiritualizing and intellectualizing tendency. Therefore, one will do well to split the physical from the spiritual as little as possible: *the whole* man is created in God's image" (kursivering toegevoeg).

Von Rad skryf ook ten opsigte van die mens se spirituele aard van beeld-van-God-wees dat die mens is ook "created by God in the form of and similar to Elohim" (Von Rad 1972: 59) en dat Israel aan God gedink het as *wys en goed* en dat die mens ook na God se aard geskape is met hierdie moontlikhede. Von Rad moet dus reg verstaan word: die *hele* mens se wese – liggaamlik, geestelik, emosioneel, intellektueel – is 'n uitdrukking van God se aard. Is die mens se evolusionêre ontwikkeling vanuit eenvoudige lewensvorme tot die uiteindelike mooi voorkoms met al die diversiteite en kompleksiteite van Homo Sapiens na liggaam en psige iets wat God pertinent in gedagte gehad het? Dui dit op iets van God se "skoonheid"? Natuurlik nie fisies nie, maar hierdie skoonheid mag iets aandui van die aard van God. Hierdie gedagte sou vergelykbaar wees met die skoonheid van kuns en musiek wat iets weerspieël van die skepper daarvan.

Dit is net die mens wat die status het van God se beeld wees volgens Genesis 1. Met die res van die skepping is God ingenome – God sien dat dit goed is – maar die mens het 'n besondere plek: 'n verhouding van gemeenskap en kommunikasie en die mens het die vermoë gekry om iets van die denke, emosie en gees van God te ontwikkel tot 'n besondere en verhewe vlak wat nie voorkom by die res van die skepping nie. Die

Priester het nie al hierdie aspekte van menswees in die oog gehad toe Genesis 1 neergepen is nie, maar tog, meen ek, met al hierdie kennis tot ons beskikking vandag en soos dit teologies verder ontwikkel het in die Bybel (vgl. Lk. 6:36; Gal. 5:22) kry die verhaal van die skepping van die mens ‘n dieptedimensie wat die leser met hernude bewondering, ontsag en lof aan God vervul.

As uitdrukking van verwondering oor die verskyning van die mens en die betekenis daarvan word die vrymoedigheid geneem om ‘n gedig deur die skrywer van hierdie studie hier te plaas:

**Sel(f) – waarom?**
Harm Kelderman

Uit oerknal en kernfusie
is my herkoms
dooie atoom op terra
waarom?

Met die molekuul van
proteïn, aminosuur, koolstof et al
word dit sel, word dit lewe
waarom?

Sel word Australopethicus,
Homo Erectus, Homo Sapiens
dit word ek!
waarom?

Homo Sapiens, ek
ek kan dink
ek kan liefhê
ek kan omgee
ek kan skep
ek kan glo
ek kan moreel wees
ek is self
ek is... *imago Dei*

Ek het geword en word steeds
na liggaam en gees
ek is verwonderd
nederig

Van dooie atoom tot lewende sel(f)
nie God nie,
maar soos God (ietsie van God)

dit is waarom
- glo ek

### 5.6 Die skepping is goed en het waarde

‘n Opvallende kenmerk van die eerste skeppingsverhaal in Genesis is die saaklike, bondige en sobere beskrywing van die ontvouing van die geskapenheid. Ten spyte van die beskeie beskrywing veroorloof die Priester tog die erkenning dat God ingenome is met wat vermag is. Genesis 1: 4 bied die eerste van ses herhalende frases aan wat betrekking het op die waarde van die skepping: כִּי־טוֹב – dit is goed – (ook verse 10, 12, 18, 21, 25): God is tevrede met sy handewerk en dit dra sy goedkeuring weg – God is in sy skik en vergenoegd. Sou hier gesê kon word dat God self verwonderd is oor wat hier vermag is? ‘n Nuwe en verfrissende perspektief kan verkry word indien daaraan gedink word dat die skeppingswerk *plesier verskaf aan God* en dit behoort die gelowige ook te inspireer om genot daaruit te put – ‘n genot wat eintlik ‘n ervaring van verwondering en lof is. Word God se ingenomenheid dan ‘n dwingende rede vir die mens om verwonderd te wees oor die geskapenheid? Daar sou ‘n saak voor uitgemaak kan word dat om ongeërg te wees oor die skepping iets weerspieël van geringskatting van God se handewerk. As God dan so in sy skik is met sy handewerk hoe kan die mens dit dan nie wees nie? Genesis 1 se herhaalde “dit is goed” maak die verhaal onmiskenbaar ‘n doksologie wat die leser aanspoor om kennis te neem van die geskapenheid en meegevoer te raak in ontsag en verrukking.

Na die voltooiing van die skepping skryf die Priester dat God na sy hele handewerk gekyk het en dit as טוֹב מְאֹד – baie goed – bestempel het (vers 31). Wanneer na alles gekyk word – die strukture, die spesies, die invloed en interafhanklikheid wat elke aspek van die skepping het op die groter ekologie – raak die mens verstom oor die funksionaliteit en verwikkeldheid van alles. Verskillende faktore in ‘n ekosisteem beïnvloed mekaar en gewoonlik is die balans en verhouding so fyn ingestel dat as een van die faktore buite verhouding sou verander, kan dit die welstand en voortbestaan van die hele sisteem nadelig beïnvloed. Byvoorbeeld: plantlewe in ‘n ekosisteem is sensitief vir temperatuur vir voortbestaan en as dit wesenlik en langdurig sou verander wat plantegroei nadelig sou raak, sal alle lewensvorme in daardie sisteem moet aanpas of migreer of moontlik selfs tot niet gaan. Genesis 1 beskryf die daarstelling

van strukture: skeiding van water en land om verskillende lewensvorme moontlik te maak; ligte word aan die gewelf geplaas om tye en seisoene daar te stel en energie om lewensvorming- en onderhoud te laat gebeur; die grond het die vermoë om groen plante na vore te laat kom, plante wat saad gee, bome wat vrug dra. God skep onder andere insekte en vlermuise wat bestuif sodat mens en dier uiteindelik van die vrug van plante en bome kan leef.

Dus, alle biome en ekosisteme, die hele geskapenheid is *baie* goed. ”Baie” (מְאֹ֑ד) word vertaal as “in excess of excess, i.e. very exceedingly” in Davidson 1992: 11. Die Afrikaanse taal bied verskeie moontlikhede om “baie goed” nog meer beskrywend te vertaal: buitengewoon, uitmuntend, voortreflik, skitterend. Toegepas op die verwikkeldheid en verweefdheid van die makro- tot mikrokosmos kan die leser spontaan saam met die verhaal aan God lof bring vir hierdie buitengewone werk.

Von Rad lê klem daarop dat “baie goed” meer betrekking het op die doelmatigheid en harmonie van die skepping as op die skoonheid daarvan. Hy skryf: “When faith speaks of creation, and in so doing directs its eye toward God, then it can only say that God created it perfect.” Von Rad (1972: 61) kwalifiseer egter hierdie stelling:

> This statement, however, cannot be readily understood; if it were, the cosmos in its created splendor would have to be thoroughly intelligible and clear as crystal to men. The question of its riddles and troubles is now answered, after the redactor’s theological coupling of the documentary sources, by the Yahwistic chapter of the Fall, with its strong aetiological orientation.

Soos reeds hierbo aangedui is ekosisteme en strukture met hulle kompleksiteit en simbiotiese verhoudinge fenomenale natuurverskynsels en die doelmatigheid en harmonie tussen onderlinge deelnemers in die sisteem is aangrypend soos wat die verstaanbaarheid daarvan deur die wetenskap ontbloot word. Die Priester moes sekerlik ook geweet het dat bosluisvoëls en vee tot voordeel van mekaar leef. In die onmiddellike konteks van Genesis 1 moet Von Rad gelyk gegee word dat “baie goed” betrekking het op die strukture van gewelf en waters; droë grond en see; die funksie van lig, son, maan en sterre; die verskeidenheid van plante en diere en hulle vermoë om te vermeerder; die mens se rol as beeld en verteenwoordiger van God. Die

doelmatigheid en die harmonie is egter nie al waaroor in vervoering geraak kan word nie. Latere tekste in die Ou en Nuwe Testament sinspeel ook op die *skoonheid* van die elemente van die skepping wanneer verwys word na hulle wonderbaarlikheid en ontsagwekkendheid en dat dit iets laat blyk van die glorie en majesteit van God: Job 37-41; Ps. 19; Ps. 104: 24, 25; Mt. 6: 28-30; Rm. 1: 20. Die skoonheid van die geskapenheid is 'n gewilde inspirasie en tema in verskillende vorme van die kunste: skilderkuns, beeldhou, sang en musiek, argitektuur en andere. Hoogrysende berge, groen valleie, uitgestrekte oseane en mere, kleurvolle sonsopkomste en -ondergange, die Melkweg wat tot barstens toe vol is van sterre, 'n trotse swartwitpens en nog soveel ander natuurverskynsels getuig van skoonheid wat ook beskou en ervaar kan word as "baie goed!"' en waarvoor God lof verdien. En dan, al het die redaktor van Genesis die hoofstuk van die sondeval bygesit, doen die gebeure van Genesis 3 nie afbreuk aan die skoonheid van die skepping nie. Dit bly steeds "baie goed".

Die geleidelike ontvouing van die skepping word beskryf deur die herhalende frases: God het gesê; laat dit so wees….; …. en dit was so; ….gesien dit was goed; en dit was aand…., Westermann 1984: 84, 85). Dit alles loop op na die hoogtepunt: die verskyning van die mens. Oor al hierdie verwikkelinge is God in sy skik en dit dui daarop dat dit *waarde* het. Die Priester se vertelling laat blyk dat die skeppingsgebeure nie slegs maar lukrake gebeure was nie. Elke stadium het 'n funksie en doel en is daarom onontbeerlik en waardevol.[172] Die samestelling en funksionering van ekosisteme is sonder twyfel "baie goed" en waardevol vir 'n florerende wêreld waarin talle spesies kan leef. In hoofstuk 2 van hierdie studie is verwys na Robin Attfield (2017: 1) wat aanvoer dat alles in die skepping inherente waarde het en daarom rede bied tot verwondering en op sy beurt kom verwondering tot uitdrukking in dankbaarheid gerig tot God. Waardevolle dinge behoort met *waardering* bejeën te word.

Alhoewel die skeppingsverhaal die verskyning van die mens as 'n hoogtepunt voorstel, is dit egter ook nodig dat die mens nederig sal bly oor sy plek en posisie in die geskapenheid. Met reg kan daar verwondering wees oor die liggaamlike, intellektuele,

---

[172] Britse fisikus, Freeman Dyson, het in die konteks van die ontwikkelende heelal treffend geskryf: "The more I examine the universe and the details of its archirecture, the more evidence I find that the universe in some sense must have known we were coming." Dyson 1979: 250).

psigiese, emosionele, skeppende en spirituele ontwikkeling wat by die mens plaasgevind het – dit is op ‘n veel verdere en hoër vlak as by die diereryk, maar Attfield (2017: 3) verwys na Kathleen Dean Moore (2005) wat maan dat dit besonder is dat die mens enigsins ‘n plek in die natuur en die heelal het – die natuur kan sonder die mens bestaan. Moore is oortuig daarvan dat antroposentrisme in die metafisiese begrip van die heelal onvanpas is. Alle kreature, volgens Moore, bestaan nie ter wille van die mens nie – dit is moeilik te versoen met die waarheid dat daar ‘n hele evoluerende skepping tot stand gekom het voor die mens se verskyning. Daarom het alle kreature inherente waarde en verdien dus respek. Die skepping is nie afhanklik van die mens nie en daarom is antroposentrisme ongeloofwaardig.[173]

In soortgelyke trant skryf Katie Mack, professor in fisika en kosmologie aan die *NC State University*, VSA, in haar aangrypende gedig *Disorientation* oor die grootsheid en verwikkeldheid van die heelal:

> I want you to believe that the universe is a vast, random, uncaring place, *in which our species, our world, has absolutely no significance.* And I want you to believe that the only response is to make our own beauty and meaning and to share it while we can (kursivering toegevoeg).[174]

Daar kan begrip wees vir Moore en Mack se uitgangspunte, veral as dit slegs vanuit materiële en wetenskaplike gesigspunt beskou word. Homo Sapiens maak ‘n minuskule deel uit van die materiële geheel en dit is inderdaad rede om beskeie te wees en afstand te doen van gewaande grootsheid. Dit is egter ook waar dat ons uit ervaring geleer het, (soos reeds bespreek in hoofstuk 3, p. 116) van hierdie studie verwysend na Alan Lightman) wat dieselfde mening as Mack toegedaan is), dat dit wat skaars is in die lewe ook baie waardevol is. Dit sal sekerlik waar wees van die mens.

Vanuit ‘n teologiese perspektief het die mens egter ook ‘n bykomende waarde. Die Genesis 1-verhaal bied betekenis van die materiële wêreld aan deur te bely dat die skepping tot stand gekom het deur die prosesse om uiteindelik ‘n leefbare wêreld teweeg te bring waar die verteenwoordiger van God, die mens, kan woon en gedy. Dit

---

[173] Moore 2005: 63-77.
[174] Uit “Disorientation” deur Katie Mack 2019, https://sciences.ncsu.edu/news/disorientation-a-science-poem-by-katie-mack/

alles lei na die mens met wie ‘n besondere wedersydse verhouding met God bewerkstellig word. Hier is dus ‘n besondere status aan die mens gegee, maar wat altyd in perspektief gestel moet word van ‘n groter geheel, naamlik die hele skepping, waarvan die mens in al sy status baie afhanklik is en sy plek moet ken in die komplekse algehele ekosisteem. Die mens mag en moet sy waarde ken, maar ook die waarde van die geheel.

In hierdie verband kan ten slotte oor die waarde van die skepping, God se vreugde oor wat vermag is (dit is baie goed) en die gepaste ingesteldheid van die mens teenoor die geskapenheid, verwys word na professor Richard Mouw wat tydens die 2019 konferensie van die *BioLogos Foundation* ‘n spitsvondige aanbieding gelewer het:

> One of the amazing things for our present purposes about Genesis 1 in the seven days of creation is that God was busy: he called things into being; God saw things and *took delight* in what he saw …. And God takes delight in that creation, and *takes delight in that creation even without us*, *even before we showed up.* So that when we do show up – what God says is *“I really like this* – take care of it for me. Let’s study it and fill it and be faithful in your stewardship over that which I have been *enjoying* for five days *before you showed up*. “ …. We often get the question: if it went on for 3.5 billion years and millions of years here on earth what was God doing? Well, *God was kind of enjoying the stuff*, you know! (kursivering toegevoeg)[175]

### 5.7 Die diepte van die Genesis 1-verhaal

In die tyd toe die Priester die skeppingsverhaal neergepen het was daar nie die kennis en vermoë om die proses van die skeppingsgebeure in detail te beskryf nie. Ons het dit vandag wel en dit verleen aan die verhaal ‘n rykdom en dieper dimensie wat aan die leser die geleentheid bied om dit met groter verwondering en ontsag te lees. Op soortgelyke wyse as wat die ander skeppingsverhale van die antieke tyd die Priester se verhaal beïnvloed het, kan die Priester se beperkte wetenskaplike aanvoeling van strukture en spesies deur die moderne wetenskap verder ingekleur word (Westermann

[175] Mouw 2019, https://biologos.org/resources/seeing-the-harmony .

1984: 176). Eintlik is dit onafwendbaar en moet dit onvermydelik wees vir die gelowige vandag, wanneer die skeppingsverhaal van Genesis 1 gelees word, om ook kennis te neem van moderne wetenskaplike insigte, maar die omgekeerde is ook waar: wanneer wetenskap beoefen word, word die gelowige diep geraak deur kennis te neem van die betekenis wat Genesis 1 daaraan gee.

Die Priester bewaar die misterie van die skepping deur nie die detail van die skeppingsproses te gee nie (wat hy uiteraard nie kon doen nie), maar dit blyk ook nie sy oogmerk te gewees het nie. Deur ‘n loflied wil die Priester beskryf dat God dit *gewil en gedoen het* (Westermann 1984: 176). Die misterie – en wonder – is dat die skepping gebeur het en teologies beskou, is God daarvoor verantwoordelik. Die wonder van die misterie word verdiep deur dit ook teleologies te verstaan en te aanvaar dat dit uiteindelik die mens voortgebring het as teenbeeld van God om ‘n perpetuele gebeure te laat plaasvind: ‘n wedersydse verhouding van kommunikasie en liefde. Die skepping moet instand gehou word om hierdie voortdurende verhouding te laat gedy en dit moet voorkom word dat dit weer in chaos ontaard en die woonplek weer onbewoonbaar maak.

Daar kan vandag met verstomming, bewondering en verwondering na die wetenskap gekyk en geluister word wat soveel kan verklaar oor die werking en funksies van die materiële wêreld. Daar kan dan met reg gevra word of die skepping nog wel ‘n misterie is. In ‘n TV-gesprek tussen Vader George Coyne (voormalige direkteur van die Vatikaanse Sterrewag) en Richard Dawkins (biogenetikus en uitgesproke teenstander van geloof en godsdiens), het Coyne die volgende te sê gehad oor die misterie van die skepping, die antwoorde wat gevind word, en die nodigheid van God al dan nie:

> God gave us brains and means of thinking in order that we could explore the universe to the questions we have. God is not a God of explanation primarily. He’s a God of love (dit resoneer met die opmerking van Westermann dat die skepping van die mens ‘n “happening is”). And consequently I would accept that God is superfluous and if I’m looking for a God to explain things I don’t need God. In fact if God is a God of need it’s not God, because he transcends our needs. He gave himself superfluously, gratuitously. I don’t reason my way to God. I didn’t, you know, work my way to God. I didn’t earn this faith I have. And this faith is nothing other than God

> himself…. I have a slight suspicion that we'll never explain everything, because if we did, I'm out of a job and so are you…. but I do criticize those who will from two ends – I criticize you – in the sort of idea that God is superfluous , because, you know, we seem to be getting to a point where we can explain it all. Things that we needed God to explain time ago, you know, we've now found an explanation for…. We don't need God to explain the rainbow. All we need is, know what a spectrum is…. As a scientist I do believe even in scientific research we are participating in mystery that we'll never have the final answer. That it is always drawing us on like a winch.[176]
>
> Dawkins: I suspect that may be right. In a way I'm equally excited by the thought that we'll never have the final answer and the possibility that we will…. I think both thoughts are equally enthralling.
>
> Coyne: Yeah, to keep going on we have to think that we will have the final answer, right? But on the other hand, you're correct - there's this tension. We will because, you know, we're working so hard.[177]

Beide Coyne (die gelowige wetenskaplike) en Dawkins (die ongelowige wetenskaplike) kom tot die gevolgtrekking dat selfs in die wetenskaplike ondersoek sal daar nog altyd onbeantwoorde vrae bly. Dus, selfs in die wetenskaplike ondersoek bly misteries nog steeds bestaan.[178]

Die Priester suggereer in sy verhaal dat die skepping 'n misterie is: die strukture is daargestel om 'n tuiste te bied vir plant, dier en mens. Die Priester weet dit is daar, maar presies hoe dit gebeur het, is nie aan hom en die mense van sy tyd bekend nie. Die skepping, en die realiteit dat dit gebeur het, is 'n misterie ten spyte daarvan dat die Priester probeer om in sy voorwetenskaplike denke 'n mate van struktuur en orde daaraan te gee deur dit toe te skryf aan God se transformerende skeppingsdade uit die chaos en dit is vir die Priester "goed" – ook vir God. Soos aangeraak in hoofstuk 2

---

[176] George Coyne gebruik in die genoemde gesprek die woord "witch" wat in die konteks nie sin sou maak nie. Hy praat van "drawing us like …" en later "there is this tension" wat eerder sou pas by die trekspanning van 'n wenas. "winch" sal dus meer sinvol wees. Coyne het hom moontlik verspreek hier.

[177] Uit 'n TV-onderhoud met Richard Dawkins, https://youtu.be/Nl1xmkVOyRw , 2:53.

[178] Die risiko bestaan dat hier gesinspeel sou kon word op 'n "God-van-die-gapings" denke oor God en die onverklaarde aspekte van die materiële werklikheid. Dit is uiteraard 'n onbevredigende en kortsigtige uitgangspunt en dit word nie hier gesuggereer nie. Hieroor is Coyne vroeër in hierdie gesprek met Dawkins dit sterk eens.

blyk dit dat die misterie vir baie mense verlore gaan wanneer wetenskaplike ondersoek plaasvind – wanneer die geheime van die geskapenheid ontrafel en onthul word. Maar dit hoef nie so te wees nie. Ondersoek bring mee dat die oorspronge en werkinge van die wêreld geken en begryp word en dit het tot gevolg dat bewondering en verwondering verhoog word. Dit is vergelykbaar met wat ervaar word wanneer ‘n beeldhouer met sy materiaal werk en iets daaruit skep; of dat die chemikus/fisikus kan bepaal en bewerk hoe materie op die allerkleinste vlak met mekaar reageer en verskillende elemente en materiale tot stand kan bring. Vir die deelnemer en toeskouer is dit eweseer ‘n ervaring en bewuswording van iets wonderbaarlik wat besig is om te gebeur wat die asem wegslaan en gevoel van bevrediging teweegbring. Wanneer die proses van onthulling, formering en gewaarwording beleef word, word iets van die misterie van die wêreld en die mens se gees beleef soos selfs wetenskaplikes soos Albert Einstein, Edwin Hubble, Alan Lightman, George Coyne, Richard Dawkins, fritjof Capra en vele ander ook ervaar.

Daar is egter nog ‘n dimensie aan die misterie van die skepping wat nie misken moet word nie: dit het gebeur sodat daar ‘n “happening” kan wees – ‘n voortdurende ervaring van God se sorgsame betrokkenheid en singewing aan die bestaan van die materiële werklikheid en “to set forth the presence of God” soos uitgedruk deur Wentzel van Huyssteen.[179] Hierdie is meer breedvoerig oor nagedink in die tema oor die mens se status in die skepping onder punt vyf.

Westermann wys daarop dat die Ou Testament baie klem lê op die skepping en dat God die Skepper daarvan is. Hy waarsku daarteen dat die skeppingsverhaal nie vertolk moet word asof dit slegs van belang is omdat dit die geskiedenis van Israel en God se heil met hulle wil inlei nie. God is oor meer begaan as net die heil van die mensdom, maar inderdaad oor die *hele* skepping. Op aangrypende wyse verwoord Westermann dit (1984: 175, 176):

> New Testament theologians have gone a step further and have said that biblical expressions are only relevant for us when they are clearly related to human existence. But when existentialism becomes the only principle of

[179] Van Huyssteen 2010: 150.

> interpretation, then biblical talk about the creation of the world loses its meaning.
>
> It loses its meaning too when theology becomes so colored by soteriology that the two are practically identical. When God's saving intervention is absolutized, it is no longer possible to see what belongs to God as creator.

Oor die betekenis van die skeppingsverhaal skryf Westermann (1984: 176) passievol verder:

> The simple fact that the first page of the Bible speaks about heaven and earth, the sun, the moon and stars, about plants and trees, about birds, fish and animals, is a certain sign that the God whom we acknowledge in the Creed as the Father of Jesus Christ is concerned with all these creatures, and not merely with humans. A God who is understood only as the God of humankind is no longer the God of the Bible.

Die vraag kan met reg gevra word of die kerk oor eeue heen nie op eensydige wyse die klem gelê het op die heil van die mens ter wille van 'n hiernamaals nie, terwyl God oor soveel meer begaan is, naamlik die ganse wêreld en kosmos en dat Homo Sapiens *mens van God* sal wees daarin, met sorg daarvoor en aan mekaar. Hierdie waarheid is veral relevant in die tyd waarin ons leef van ekologiese en klimaatkrisis. Inderdaad, die herstel en instandhouding van die geskapenheid is ook deel van God se heil – vir die materiële wêreld en die mens. Sonder hierdie tuin kan daar geen heil wees vir die mens nie. Ons is 'n merkwaardige verwikkeling met ons spirituele, skeppende en intellektuele ontwikkeling, maar God het sy *hele* skepping lief soos wat God dit toegelaat het om te ontwikkel met komplekse verweefdheid en interafhanklikheid en so word dit telkens verwoord word met "dit is goed".

Westermann het in sy kommentaar aangetoon hoedat ander kontemporêre skeppingsverhale van die antieke wêreld ook Genesis 1 beïnvloed het. Juda en by monde van die Priester bied egter 'n ander vertolking van wat gebeur het en wat die betekenis daarvan is. Die Priester wil hiermee aandui dat sy verhaal nie die laaste sê het oor die skepping nie, maar dat Juda dit anders verstaan (Westermann 1984: 176). Dit word weer eens benadruk dat Genesis 1 'n voorwetenskaplike verhandeling is en nie 'n verduideliking van die skeppingsproses nie, maar wel 'n belydenis en

doksologie. Vandag het ons die voorreg om in verstommende besonderhede te weet wanneer en hoe dit gebeur het en dit verleen aan die skeppingsverhaal ‘n dieper en ryker betekenis wat by die gelowige leser ‘n intenser ervaring van lof en eerbied vir God en sy skeppingswerk kan ontlok. Ander antieke skeppingsverhale het Juda se verhaal beïnvloed en ek is van mening dat die wetenskap se verhaal ook op Genesis 1 ‘n invloed sal hê – nie om Genesis 1 reg/verkeerd te bewys nie (ook nie andersom nie) en ook nie om die teks buite konteks te vertolk nie, maar om die belydenis van Genesis 1 perspektief te gee en dieper en ryker te maak. Die begrip van die Oerknal; die vorming van sterre en ander hemelliggame; die vorming van oseane en kontinente; die ontstaan van prokariote en eukariote tot uiteindelike komplekse lewensvorme laat die gelowige met groot eerbied die skeppingsverhaal lees. Dit is met het hierdie insig dat verwys kan word na ‘n stelling gemaak deur Jonathan Sacks: “Sciense takes things apart to see how they work. Religion puts things together to see what they mean…. So science does cause us to adjust and refine our religious beliefs and make them much more interesting, I think.”[180]

Genesis 1 word “much more interesting” met die wetenskap en ons geloof in Genesis 1 word nie bedreig deur die wetenskap nie, maar soveel meer verryk en verdiep. Die omgekeerde is ook waar: die wetenskap word verryk en betekenisvol gemaak deur die boodskap van Genesis 1 te onthou. Die doksologie verdiep. Dit is gepas dat Franz Joseph Haydn die grootse Skeppingsoratorium gekomponeer het in 1797-1798 om hulde aan en verwondering oor hierdie gebeure te bring.

Die hele skepping is wonderbaarlik, maar die verskyning van die mens om die teenwoordigheid van God te beliggaam in die wêreld is iets waaroor verwonder kan word met ontsag en nederigheid. Vir die Christen-gelowige is Jesus ‘n veelseggende voorbeeld van hoe die ontwikkelende Homo Sapiens kan wees as mens van God. Dit word treffend verwoord deur Marcus Borg (2017: 114, 115, 119):

> …what we see in Jesus is a human possibility…. Rather, in John’s language, he was the “Word become flesh”. He revealed what can be seen of God in a human life – and that means within the limitations of human life.

---

[180] Sacks 2016, https://youtu.be/9jc4dmSo-ls

> …. he is the "image (*ikon*) of the invisible God: (Col. 1: 15). He shows us what God is like – reveals God's character and passion.

In die lig van die skepping kry Jesus se lewe en waarvoor hy gestaan het 'n dieper dimensie deurdat ons na hom kan kyk as 'n uitsonderlike voorbeeld van Homo Sapiens en dat dit vir die mens moontlik is om ook soos Jesus iets van God te verpersoonlik. As dit is wat God beoog het met *imago Dei* soos vertel word in Genesis 1 en verbeeld is deur Jesus, word Genesis 1: 26, 27 'n teks waaroor die leser diep aangegryp kan wees.

Vir die gelowige het die skepping fundamentele betekenis: God wil dit so hê sodat daar geleef kan word en iets van God ervaar kan word. En dan ook: omdat dit God s'n is, moet dit opgepas en eerbiedig word. Die moderne gelowige leser kan met die huidige kennis van die wetenskap volledig resoneer met die verhaal en geïnspireer word tot lof en diens aan die Skepper. Dit word vir die moderne leser moontlik en maklik om die verhaal te lees met ontsag en verwondering en die teologiese betekenis daarvan te omhels. Met die ervaring van verwondering oor die skepping kan nog 'n emosie bygevoeg word soos verwoord deur Leon Rousseau in sy boek *Die Groot Avontuur. Wondere van die Lewe op aarde*, wanneer hy reflekteer oor die langsame ontwikkeling van die skepping en die genetiese verweefdheid en struktuur van alle lewensvorme: "Geneties is ons deel van alle lewe op aarde. Vir my is dit iets om op trots te wees, nie skaam nie."[181] Die omvang en die kompleksiteit van die hele makro- en mikrokosmos laat die mens verstom en verbysterd en noop ons om nederig te wees, maar tog – nie in teenstelling daarmee nie – het ons met reg rede om ook trots te wees dat ons deel mag wees daarvan. Dit is nie 'n verwaande trots nie, maar 'n bewonderende, dankbare en lofgewende trots dat die skepping en die mens gekom het waar ons vandag is.

---

[181] Rousseau 2006: 58.

## 5.8 Konklusie

Genesis 1 is ‘n voorwetenskaplike verhaal wat as mite[182], belydenis en loflied vertolk moet word. Dit vertel dat God daarvoor verantwoordelik is en wel op so ‘n manier dat dit ‘n langdurige skeppingsproses sal wees waarin lewensvorme die vermoë en seën ontvang het om hulleself te herhaal. God wil die skepping en is hoogs tevrede met wat vermag is. Juda het deur die pen van die Priester die geloofstelling gemaak dat die totstandkoming van die skepping anders verstaan word as die ander kulture hulle tyd. Dit was veral belangrik dat verstaan moes word dat God alleen verantwoordelik was daarvoor deur skeppingsaksies waarby geen ander gode betrokke was nie en dat al die aspekte van die skepping slegs skepsele is en nie goddelikhede nie en daarom het die Priester die verhaal pertinent ontmitologiseer. Al is die verhaal bondig en sonder drama blyk die invloed van ander skeppingsverhale van Juda se tyd tog deur te skemer deur die skeidingsaksies: chaos word oorwin deur ‘n “stryd” om verskillende strukture teweeg te bring waarin lewe kan gedy.

Wat veral opval in die ontvouing van die skepping is die geleidelikheid, die logika en strukturering van die hemel en die aarde en die doelmatigheid van al die aspekte in die skepping. Hier is nie sprake van towertruuks soos beskryf in ander skeppingsverhale nie. Volgens die verhaal het die skepping op ‘n tydstip begin en toe ontwikkel van chaos tot orde en leefbaarheid. Die grootsheid en omvang van die hemelruim word beskryf in die magtige en gesmede hemelkoepel (רָקִיעַ) en die hemelliggame wat daarin bedags en snags heers. Die plant- en dierelewe word in diversiteit van spesies in die lewe gebring (לְמִינֵהוּ) en sommige van hulle krioel (יִשְׁרְצוּ) in oorvloed in die lug en die waters. Uiteindelik verskyn die mens op die toneel waarmee God in ‘n besondere verhouding tree en hulle die besondere status het om as beeld en afbeelding van God (בְּצַלְמֵנוּ כִּדְמוּתֵנוּ) soos God met sorg en verantwoordelikheid het om die skepping te bestuur. Hierdie beskrywing van die skeppingsproses getuig van ‘n kritiese denke wat die leser verwonderd laat dat die

---

182 Lauri Honko, 1972, word wyd aangehaal en beskryf mite as ‘n verhaal van gode oor die begin van die wêreld of die skepping grondliggende gebeure en die optrede van gode wat gelei het tot die totstandkoming van die skepping. ‘n Mite is die uitdrukking van ‘n gemeenskap se godsdienstige waardes en norme, dit voorsien die gedragspatroon wat geleef moet word en hoedat die rituele en heiligheid van die kultus beslag moet kry.

Priester en Juda op so ’n nugtere wyse met hulle beperkte wetenskaplike insig die skepping kon vertolk.

Die samestelling en strukture van die skepping is doelmatig soos blyk uit Genesis 1 en daar lê groot waarde daarin. Die waarde van die skepping lê egter nie net in sy praktiese funksionaliteit nie, maar ook in die skoonheid daarvan. Daar is nog ‘n dieper waarde: vir God is dit “baie goed” (טוֹב מְאֹד). God is in sy skik met wat vermag is. Dit behoort die mens te inspireer tot sensitiwiteit vir waarde-agting, respek en bedagsaamheid teenoor die skepping.

In dieselfde mate wat die Genesis 1-verhaal invloede van ander skeppingsverhale beleef het, waarmee Westermann aanvoer dat die Priester wil aandui dat sy verhaal nie die laaste sê het nie, is ek van mening dat ons hedendaagse wetenskap ook ‘n invloed kan en behoort te hê op die verstaan van die Genesis 1 deurdat dit meer perspektief bied op wat beskryf word. Baie het bekend geword, maar baie bly ook steeds ‘n misterie en dit blyk ook die gewaarwording van die Priester te wees. Die skeppingsgebeure bereik ‘n klimaks wanneer die mens verskyn – dat die heelal uiteindelik Homo Sapiens voortgebring het, moet betekenisvol wees in sy fisiese, psigiese, emosionele, intellektuele en spirituele ontwikkeling. Ten spyte van hierdie besondere status behoef dit die mens om te besef en erken dat die mens deel is van die geskapenheid en eintlik ‘n baie klein deel vorm daarvan. Nederigheid is die gewenste lewensingesteldheid. Al hierdie faktore bring mee dat hierdie mitiese verhaal ‘n dimensie van diepe betekenis kry – selfs Jesus as Homo Sapiens is soveel meer veelseggend in die konteks van die evolusie van lewe en die mens: die “human possibility” (vgl. Borg 2017: 114). Hierdie “possibility” kan vertolk word “om God se mens te wees.”

Ten opsigte van ‘n Godsbegrip uit die Genesis 1-verhaal en ag genome van die hele Bybel sal dit wys wees om Westermann (1984: 175, 176) ter harte te neem wat wys daarop dat God nie verskraal moet word as die Een wat slegs die heil van die mens voor oë het nie, maar dat inderdaad die hele skepping op God se hart lê.

Deur die wetenskap én die teologiese betekenis van Genesis 1 word die verhaal inderdaad iets om oor te vewonder, aangegryp te wees en God te eer.

# Hoofstuk 6

## Verwondering en nederigheid in Psalms 8, 19 en 148

In hoofstukke 4 en 5 is die skeppingsverhaal van Genesis 1 verken om daarin aspekte en temas uit te wys wat rede bied tot verwondering en nederigheid. Met hierdie hoofstuk sal gepoog word om dieselfde te doen met enkele psalms wat hulle daartoe leen om hierdie sake verder te belig. Psalm 8, 19 en 148 is gekies vanweë die kort bestek van elkeen wat geskik geag word vir die doeleindes van hierdie studie en omdat die digter sonder terughouding sy verwondering verwoord oor hoe wonderbaarlik die skepping is en die majesteit van God daarin weerspieël word. Weer eens is dit nie die oogmerk om ‘n vers vir vers indiepte eksegetiese analise te doen nie, maar eerder om elemente en gedagtes wat in die betrokke psalm aanwesig is, raak te sien en te verstaan binne die teologiese konteks van die psalm. Hiermee word dan gepoog om by die leser ‘n spirituele bewussyn en ingesteldheid aan te moedig wat gekenmerk word met verwondering en nederigheid. Elke psalm wat vervolgens in behandeling geneem sal word, word aan die hand van enkele Ou Testament-eksegete en insigte uit ander literatuur en gesprekke gedoen. Na elke eksegeet se behandeling van die betrokke psalm sal onder “Opmerkings” my eie refleksie oor die teks en kommentaar aangebied word. In die volgende hoofstuk volg ‘n sintese van gedagtes en temas wat geïdentiseer is in die verkenning van hierdie psalms.

### Psalm 8: Kommentaar deur A.A. Anderson (1981)

Anderson se behandeling van hierdie psalm is nie ‘n woord-vir-woord ontleding van elke woord in die teks nie, maar gee aandag aan die belangrike gedagtes in die psalm wat die boodskap en teologie wil deurgee. Wat sterk na vore kom in sy fokus is die kontras tussen die omvang van die hemelruim en die geringheid van die mens, maar dat die mens tog besondere status het.

Anderson wys daarop dat Psalm 8 tot die himnes of liedere van lofprysing behoort en dat met die motief van die skepping die psalm eerder beskryf kan word as ‘n skeppingspsalm – met ander woorde ‘n himne van lof aan God in die skepping. Dit is moontlik dat die psalm gekoppel kan word aan die Fees van die Tabernakel en saans gesing is omdat daar verwys word na die hemelruim, sterre en die maan. In teenstelling met God wie se eer besing word, is die mens in vergelyking gering van

aard, maar tog beklee God die mens met koningskap oor die hele aarde. Hierdie daad deur God aan die mens benadruk eintlik die eer van God wat die mens met ontsag behoort te vervul – dat God so-iets aan die mens doen! (Anderson 1981: 100).

Jahwe word met 'n eretitel aangeroep: אֲדֹנֵינוּ – ons Here – wat aanduidend is van God se posisie en mag en Jahwe se naam word as אַדִּיר – majestueus – beskryf.[183] In Hebreeuse denke is die naam en die draer daarvan onafskeidbaar en daarom is die lof wat aan Jahwe se naam gegee word ook lof aan Jahwe self (Anderson 1981: 101).

Volgens Anderson is vers 1b – 2 in die Masoretiese teks waarskynlik tekstueel korrup.[184] Die verwysing na die kinders en suigelinge bied vertalingsprobleme met die werkwoord תְּנָה (vestig) en Anderson verwys na Dahood wat 'n redelike voorstel bied dat אֲשֶׁר תְּנָה – wat vestig – eerder vertaal moet word na aanleiding van die pi'el-vorm van die stam שָׁרַת – "to serve, worship, adore". Dahood vertaal die verse (aldus Anderson) soos volg: "I will adore your majesty above the heavens, with the lips of striplings and sucklings."[185] Met hierdie vertalingsmoontlikheid, skryf Anderson:

> In other words, the Psalmist feels inadequate to praise God, just like an infant of a few months; when he tries to glorify God, even the best he can do is little more than the babbling of a baby.

In vers 2 se יִסַּדְתָּ עֹז – het U mag gevestig – is עֹז (sterkte) moontlik 'n poëtiese beskrywing van die hemelruim (vgl. Ps. 150: 1) wat Jahwe gebou het om sy teenstanders en vyande stil te maak. In hierdie konteks sal die vyande kon sinspeel op die chaosmagte wat God oorwin het met die skepping (Anderson 1981: 102).

---

183 Anderson vertaal אַדִּיר as "majestic", maar Hebreeuse woordeboeke vertaal dit met ''mighty, splendid'' en ''great, mighty, noble, excellent''. Die 1983 Afrikaanse vertaling van die Bybel gee dit as 'wonderbaar' weer en die 2020 Afrikaanse vertaling gebruik 'magtig'. Sien ook Holladay 1988:4 en Davidson 1992: 8.

184 Anderson en ander eksegete asook talle Engelse vertalings maak vers 1 deel van vers 2. Slegs "Vir die musiekleier. Op *Haghittie*t. 'n Psalm. Van Dawid" is in die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* vers 1. Die 1983 en 2020 Afrikaanse vertalings volg die *Stuttgartensia*. Wanneer die eksegete se kommentaar in hierdie studie weergegee word, word die versnumerering aangedui soos dit in die betrokke literatuurbron gebruik word, maar in die opmerkings en sintese van die volgende hoofstuk word die versnumerering gebruik soos aangedui in die Hebreeuse teks en die Afrikaanse vertalings

185 Dahood, M., 1966, Psalms I: 1-50, p. 49, Anchor Bible Yale University Press, New Haven.

Die maan en sterre (vers 3) verteenwoordig waarskynlik alle geskape dinge en die afwesigheid van die son versterk die vermoede dat die lied in die aand gesing is met die aanskoue van die asemrowende omvang van die nagtelike hemel. Hierdie skeppingswerk word beskryf as מַעֲשֵׂי אֶצְבְּעֹתֶיךָ – die werk van u vingers – wat iets van God se persoonlike betrokkenheid by die skeppingswerk wil uitdruk. Anderson (1981: 102) benadruk dit dat hiermee nie aangedui word *hoe* God dit gedoen het nie.

Met die vraagpartikel מָה – wat? – word ‘n antitese ingelui (vers 4): teenoor die majesteit en mag van God word die nietigheid van die mens na vore gebring. Die terme אֱנוֹשׁ (mens) en בֶן־אָדָם (seun van die mens) word gebruik om iets van die broosheid van die mens te weerspieël, maar dit kan ook bloot sinonieme wees, maar die eerste moontlikheid behoort voorkeur te kry as in gedagte gehou word wat die psalm wil oordra. Dat God aan die mens bly dink en aandag aan gee, impliseer God se volgehoue bemoeienis met die mensdom. Anderson herinner ons daaraan dat “seun van die mens” nie hier die geladenheid besit soos wat dit in die Nuwe Testamant gebruik word ten opsigte van Jesus nie – hier het dit bloot die betekenis van “man in general” (Anderson 1981: 102, 103).

Vers 5: וַתְּחַסְּרֵהוּ מְּעַט מֵאֱלֹהִים – U het hom net minder as ‘n hemelse wese gemaak (volgens die Afrikaanse vertaling, 2020). Anderson beskou אֱלֹהִים as problematies as dit met “God” vertaal sou word en gee voorkeur aan “engele” (hemelwesens) omdat die psalmis moeite doen om die grootsheid van God te beklemtoon en daarteenoor die mens se betreklike onbeduidendheid. Om dit as “God” te vertaal sou neerkom op ‘n weerspreking van die essensie van verse 3 en 4 en daarom behoort die vergelyking tussen mens en hemelse wesens te wees (Anderson 1981: 103).

**Opmerkings**

Die strekking van die psalm is duidelik: Jahwe is heer, groot, magtig, majestueus en dit kan gesien word deur slegs na die grootsheid van die kosmos te kyk. Verwondering! As dit met ‘n geloofsoog aanskou word, kom die waarnemer diep onder die indruk van God se grootsheid: God dink nie klein nie, maar laat toe dat die heelal ontwikkel na iets wat eintlik nie moontlik is om in menslike begrippe te begryp nie. Die wetenskap kan met sekerheid bepaal hoe ver hemelliggame van die aarde af is – duisende,

honderde duisende, miljoene ligjare – en eintlik kan ons dit nie behoorlik deurgrond nie. Om iets van die uitgestrektheid te illustreer en perspektief te gee: Proxima Centauri (wat deel is van drie sterre in die groep Alfa Centauri) is die naaste ster en 4.3 ligjare vanaf die Aarde. Dit is in kosmologiese terme ‘n onbenullige afstand. Tog sal dit ‘n passasierstraler wat 800 km/u vlieg 5 805 000 jaar neem om Proxima Centauri te bereik (dit is bereken teen die ligspoed van 300 000 km/s). Ons galaksie, die Melkweg, is 100 000 ligjare breed. Ons naaste buurgalaksie, Andromeda, is 2.4 miljoen ligjare ver van ons af. Nuutste skattings deur middel van beter tegnologie en modelle word daar bereken dat daar ongeveer twee triljoen galaksies in die heelal kan wees.[186] Met hierdie getalle kry Psalm 8 ‘n besondere perspektief: “U wat u luister bo die hemelruim vestig!” (vers 2).

Dit is begryplik en gepas dat die psalmdigter Jahwe as אֲדֹנֵינוּ – ons Heer – sal aanspreek en sy naam as אַדִּיר – magtig – beskryf (vers 1). Die verskillende vertaalmoontlikhede deur Anderson (1981: 101), die Afrikaanse vertalings (1983, 2020): “wonderbaar, magtig”, Hebreeuse woordeboeke en ander Engelse vertalings soos “majestic, splendid, great, noble, excellent” maak weinig verskil aan die intensie van wat die psalmis wil oordra: Jahwe se naam (Jahwe self) is aangrypend en uitsonderlik. Hierdie is taalgebruik wat absolute verwondering uitdruk.

Dahood se voorstel (Anderson 1981: 101) om eerder die kinders voor te stel wat God se luister in die hemelruim besing, maak beter sin as kinders wat Jahwe se mag bevestig.[187] Wat sou dit beteken? Anderson (1981: 101) se vertolking, “In other words, the Psalmist feels inadequate to praise God, just like an infant of a few months; when he tries to glorify God, even the best he can do is little more than the babbling of a baby” bied inderdaad ‘n beter moontlikheid: die digter is so verwonderd dat hy bykans geen woorde het om dit uit te druk nie – die digter stamel in sy lofuitinge. Dit is ook die ervaring van baie wat intense verwondering beleef.

Soos gebruiklik in poësie word daar sterk beelde in hierdie gedig gebruik, nl. עֹז (sterkte) waarmee iets voorgestel word van die magtige hemelruim wat God se mag

[186] Volgens Toby Saunders, BBC Science, 2023, https://www.sciencefocus.com/space/how-many-galaxies-are-in-the-universe/

[187] In die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling word dit aangebied as die kinders wat Jahwe se magtige werk besing. Die 2020 Afrikaanse Bybelvertaling vertaal dit as die kinders wat Jahwe se mag vestig.

weerspieël. Die hemelkoepel is die onwrikbare struktuur wat deel vorm van die daad om die vyandelike chaosmagte onder beheer te bring (vgl. die onwrikbaarheid van die רָקִיעַ , Gn. 1:6, die gesmede koepel) en hieroor is die digter vervul met ontsag.

"Die werk van u vingers" is 'n aangrypende beeld om God se betrokkenheid by die skepping aan te toon. God word inderdaad hier as 'n kunstenaar voorgestel wat iets besonders geformeer het. Mens kom onder die indruk van delikaatheid, kompleksiteit, skoonheid en struktuur. In eietydse geloofstaal is die uitdrukking "die vingerafrukke van God" in die natuur eweseer 'n treffende manier om God se aandadigheid in die skepping te herken. Die sterrekundige, Jennifer Wiseman, verbonde aan die Hubble Ruimteteleskoop verwoord hierdie kunstigheid van God soos volg:

> Activities still going on, stars still forming. Galaxies are merging. The God that must be behind all this is not only very powerful but also very creative. This is majestic, it's powerful, it's also very beautiful, and to me one of the connections that I think that God has enabled us to have, is a connection between understanding and observing the universe and then having a sense of beauty and wonder about it. Why do we look at a spiral galaxy and then say "That is beautiful!"? Why do we see spiral arms and symmetry and its beauty? There's probably a biological explanation as to why we respond to symmetry. There is also, I think, a true explanation of beauty on its own that is valid.[188]

'n Antitese word in vers 4 ingelui met die vraagpartikel מָה – wat? Teenoor die majesteit en mag van God word die nietigheid van die mens na vore gebring. Die terme אֱנוֹשׁ (mens) en בֶן־אָדָם (seun van die mens) word gebruik om iets van die broosheid van die mens te weerspieël (Anderson 1981: 102, 103). Die psalmis is duidelik diep onder die indruk van die grootsheid van die kosmos soos hy dit verstaan het in sy tyd en dit laat hom nog meer verbluf oor die nietigheid van die mens. Die kontras tussen heelal en 'n blote mensie is oorweldigend. En tog blyk dit dat God wel notisie neem van

[188] Jennifer Wiseman se antwoord op die vraag "When you look at the universe can you see anything of the characteristics of God there?", in gesprek met die *Test of Faith* projek van die *Faraday Institute for Science and Religion*, http://www.testoffaith.com/resources/resource.aspx?id=487

hierdie nietigheidjie.[189] Die digter se vraag "wat?" is verstaanbaar – dit is bykans te wonderlik om daaroor te peins. Hoe is dit moontlik en waarom sal aan die mens gesteur word deur die Skepper van so 'n oorweldigende heelal?

Dat die stelling "U het hom net minder as אֱלֹהִים gemaak" problematies kan wees (Anderson 1981: 103), is verstaanbaar, want die versoeking bestaan dat die mens homself tot God kan verklaar. Dit is inderdaad ook die teologiese implikasie van die verhaal van die val van die mens in Genesis 3. Dit is ook 'n sinvolle argument van Anderson dat vers 3 en 4, wat die grootsheid van die hemelruim bewonder en die nietigheid van die mens daarteenoor kontrasteer, אֱלֹהִים eerder verstaan moet word as "hemelse wese". Tog meen ek dat die moontlikheid om dit te lees as "net minder as God" ook erkenning verdien. Gn. 1: 26, 27 maak die ingrypende belydenis dat die mens na God se beeld (צֶלֶם) en gelykenis (דְּמוּת) geskape is – die 2020 Afrikaanse Bybelvertaling vertaal dit mooi as "afbeelding" (vgl. ook Gn. 5:1 en die besinning hieroor deur, Lombaard 2022: 7-8). Hierdie terme wil myn insiens tog iets weergee daarvan dat God wil dat die mens 'n wese sal wees wat iets van God sal weerspieël al is dit dan wel in 'n mindere mate.

Ons het die vermoë gekry (deur fisiese en spirituele ontwikkeling) om iets van God te weerspieël. My voorkeur van vertaling is dat die mens net 'n bietjie minder gemaak is as God. Dit is 'n gedagte (diep waarheid?) waaroor met stilte verwonderd gewees kan word en waaroor die mens diep geraak behoort te word oor die verantwoordelikheid daarvan.

---

[189] Die verkleiningsvorme word hier met opset gebruik – nie om verkleinerend te wees teenoor die mens nie, maar om doelbewus die kontras te versterk tussen die omvang van die heelal en hoe gering die individu is. Ten opsigte van die mens se biologiese, intellektuele, emosionele en spirituele vorming is die mens 'n besondere ontwikkeling, maar in die groter bestel van die werklikheid is die mens so gering dat die mens onbeduidend sou wees en by wyse van spreke geïgnoreer sou kon word.

**Psalm 8: Kommentaar deur N.A. van Uchelen (1986)**

Ook hier word slegs die belangrikste aspekte van die psalm deur Van Uchelen behandel wat die betekenis van die psalm belig. Van Uchelen bied waardevolle voetnotas in sy kommentaar wat die verklaring van die psalm verder toelig. Insiggewende kommentaar word gebied ten op sigte van Jahwe se mag en die mens wat goddelike kwaliteite ontvang.

Die eerste en laaste verse vorm ‘n inclusio deur Jahwe se naam te prys as magtig in die hemelruim. In die opbou van die psalm roep die digter driemaal in bewondering uit מָה – wat/hoe!/? – wat bydra tot die eenheid van die psalm. Die mag van die mens word ontleen aan die mag van God se naam en om hierdie mag te kan uitoefen, gee die Here aan die mens כָּבוֹד (eer) en הָדָר (luister) en dit, skryf Van Uchelen, bring mee dat die toonaard van die psalm eintlik dié van dank is (Van Uchelen 1986: 55, 56).

In vers 2a,b (en ook vers 10)[190] word Jahwe op himniese wyse aangeroep. In vaste vertroue noem Israel sy God “ons Heer” (אֲדֹנֵינוּ), want God alleen is die gebieder (vgl. Ps. 12:5; 16: 2) oor die aarde en die mens en hierdie heerskappy voer die Here op magtige wyse (אַדִּיר): die assonansie tussen die twee woorde beklemtoon die verband tussen heerser en mag (Van Uchelen 1986: 57).

Die reikwydte van Jahwe se heerskappy word met ‘n treffende teenstelling beskryf in verse 2c-3: dit word deur klein kinders besing en wraakgierige vyande word sodoende in bedwang gebring. Oor die werkwoord תְּנָה bestaan verskillende verduidelikings oor hoe die werkwoord vertaal moet word[191], maar Van Uchelen stel voor dat die konsonante so behou moet word soos dit in die Hebreeuse teks gegee word – die pu’al vorm van die werkwoord sal beter pas met die betekenis van “besing”.[192] Kinders wat die majesteit van God besing, het dieselfde trefkrag as die bewondering van God se magtige naam waar God skeppend en verlossend handel (Van Uchelen 1986: 57).

---

[190] Van Uchelen volg die versnumerering van die *Stuttgartensia*.

[191] Die 2020 Afrikaanse Bybelvertaling vertaal dit as “vestig” afgelei van die Hebreeuse werkwoordstam as נָתַן .

[192] Die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling vertaal dit as “besing’’.

God se mag en majesteit word duidelik gemaak met die werkwoorde יָסַד (grondves, vers 3) en כּוּן (bevestig, vers 4b) en nader omskryf met עֹז (sterkte). Wanneer laasgenoemde woord gebruik word in uitsprake oor God, word dit altyd verbind met konkrete voorstellings soos “skild”, “versterking” en “arm”. In 3b omskryf dit enersyds hoe God die hemel en aarde gegrondves het en andersyds hoe God daarmee sy mag teenoor die vyande demonstreer (Van Uchelen 1986: 57, 58).

In verse 4 en 5 word ‘n besondere teenstelling gebruik om Jahwe se majesteit aan te toon deurdat die majesteit in die hemelruim gevestig is aan die een kant, maar aan die ander kant word bemoeienis gemaak met die nietige mens. Die partikels כִּי (wanneer) en מָה (wat) is uitdrukkings van verwondering net soos die refreinverse 2 en 10 en deur die kontrasskepping word die majesteit van God beklemtoon. Aan God se grootse dade in die hemel en die aarde word nie afbreuk gedoen omdat God bemoeienis maak met die mens nie: daarin betoon die Here “ons heerser” te wees en Israel dank God hiervoor met hierdie psalm (Van Uchelen 1986: 58).

In verse 6 en 7 wys Van Uchelen op vier werkwoorde met Jahwe as die subjek: חָסֵר, עָטַר, מָשַׁל, שִׁית (minder maak; kroon; heerskappy gee; om te plaas/daar te stel) en vier persoonlike voornaamwoorde met die mens as objek: 3x הוּ-, 1x ִי (hom, die mens) en hierdie woorde beskryf wat “dink” en “aandag skenk” inhou. Vir Van Uchelen beteken וַתְּחַסְּרֵהוּ מְּעַט מֵאֱלֹהִים (net minder gemaak as God – Van Uchelen vertaal dit as “dat hij goddelijk is”) dat die mens ook met goddelike eienskappe en moontlikhede toegerus is: eer, majesteit, om te heers en onder die voete gestel – alles kentekens van Jahwe (vgl. Ps. 29: 1-4; 96: 6, 8; 104: 1, e.a.). Van Uchelen (1986: 59) skryf:

> De overeenkomst ligt dus in de koninklijke positie: het met eer en luister uitoefenen van gezag, waar de mens door God toe gemachtigd is. De mens heeft dit niet uit zichzelf, zoals God; daarom is er ook een verschil: de mens is op een weinig na goddelijk.

Ten opsigte van bogenoemde stelling maak Van Uchelen die volgende voetnota (Van Uchelen 1986: 6117):

> De punten van overeenkomst tussen God en mens zijn naar de voorstelling van deze strofe zo groot, dat het hier alleen maar kan gaan om hun wederzijdse verhouding; het is daarom onwaarschijnlijk, dat met *ʾĕlōhīm* (vs. 6a) gedoeld is op een vergelijking met engelen (LXX, Targum, Nieuwe Testament, SV). ….. Door zijn "eer' en 'luister' " is YHWH gekwalificeerd als 'god'; het zijn de kentekenen van zijn goddelijk-zijn (zie Ps. 96: 6, 7). Vs. 6a geeft dus aan, dat de mens de goddelijke kentekenen gekregen heeft, zonder *ʾĕlōhīm* te zijn (Van Uchelen 1986: 61).

Oor al die diere het die mens heerskappy (verse 8, 9) – in die veld, die hemel en die see. Daar is 'n klimaks in die volgorde: van die getemde diere (kleinvee en grootvee) tot die wilde diere (vgl. Gn. 2:20); ookal die visse in die see (al word hulle nie gespesifiseer nie). In hierdie twee verse gaan die gelowige lofprysing en die wyse kennis van Israel hand aan hand (Van Uchelen 1986: 59).

Die psalm word afgesluit in vers 10 met dieselfde lof as in vers 2: die mag van Jahwe se naam word weer uiting aan gegee omdat die Here in sy majesteit soos uitgebeeld in die hemel en die aarde wat "die werk van sy vingers" is en omdat aan die mens 'n koninklike posisie gegee is om te heers oor "die werk van God se hande" (Van Uchelen 1986: 59).

**Opmerkings**

Die herhaling van vers 2 en 10 beklemtoon die digter se verbystering oor majesteit van God en die skepping. Die "wat" bring die verband tussen God se grootheid, die grootsheid van die heelal teenoor die mens se nietigheid en tog besondere status bymekaar. Daar is 'n mate van teenstrydigheid daarin dat omvangryke onderwerpe soos die aarde, die hemelruim en die besondere status van die mens in so 'n kort lied besing word. Oor hierdie onderwerpe is volumes nagedink, geskryf en gesing en dit is nog lank nie klaar nie, maar tog word die omvang en implikasie daarvan in 'n bondige gedig van slegs nege verse vasgevat sonder om afbreuk te doen aan die geloofswaarheid van die psalm. Dit is begryplik dat die digter begin met "Here, ons Heer, hoe magtig is u Naam oor die hele aarde" en met dieselfde ekstase sy lied eindig. Tereg toon Van Uchelen (1986: 56) aan dat die bewondering en lof wat die psalm uitspreek eintlik 'n danklied is. Dat God in grootsheid en majesteit tog aan die

nietige mens soveel status en verantwoordelikheid verleen, bring ‘n gepaste ingesteldheid: “Ons dank U, Heer!”

In die Judees-Christelike geloofstradisie word erken dat God eintlik ‘n misterie is wat met verskillende uitdrukkings beskryf word: Gees, die Een, die Grond van bestaan (Paul Tillich[193]), “Wezer” (Kees Waaijman[194]) en vele ander, maar tog bely Psalm 8 dat Jahwe “ons Heer” is. Dit is persoonlik; Jahwe dink en gee aandag aan die mens. Ons glo dat God nie êrens veraf in die kosmos op ‘n troon sit nie, maar dat God inderdaad – om ‘n wetenskaplike beeld te gebruik – soos gravitasie oor alles heen en in alles aanwesig is. אָדוֹן (Heer) is אַדִּיר (magtig, uitnemend, luisterryk) en daarom laat die wete dat God van my as individu weet en bemoeienis mee maak, my met dank en verwondering.

Die 1983-vertaling van die Afrikaanse Bybel wat aantoon dat die kinders die majesteit van God *besing*, behoort voorkeur te kry op grond van Van Uchelen se beredenering van die werkwoord se konsonante (Van Uchelen 1986: 57). In die konteks van die uitgestrektheid en oorvloed van die skepping word die opgewonde belewing daarvan verder versterk deur die kinders – wat in die Ou Testamantiese wêreld ‘n lae status gehad het – ook te betrek in die lof aan God. Dit val ook mooi in die algehele gees van die psalm: om die mag van God te besing. Wat sou dit beteken dat kinders die mag van God sou vestig (soos die 2020-vertaling dit aandui)? *Alle mense*, ongeag status, besing God se mag en majesteit.

God se mag word beskryf met sterk woorde soos יָסַד (grondves) en כּוּן (bevestig, vers 4b) en עֹז (sterkte). Gedagtig aan die hemel wat as onwrikbare koepel gesmee is, pas hierdie terme goed om God se mag te omskryf. Dit is inderdaad aangrypend en verstommend om die heelal, die magtige berge, woude en oseane te aanskou en diep onder die indruk te kom en iets van ‘n magtige Skepper te beleef.

Van Uchelen skryf dat die partikels כִּי (wanneer) en מָה (wat) in verse 4 en 5 uitdrukkings is van verwondering net soos die refreinverse 2 en 10 en deur die kontrasskepping word die majesteit van God beklemtoon. Aan God se grootse dade

---

[193] Tillich 1951: 235-236.

[194] In ‘n onderhoud met D.F. Tolmie van die Universiteit van die Vrystaat beskryf Kees Waaijman hoedat die naam “Jahwe” vir hom die beste uitgedruk kan word as “Wezer” (Engels: “Be-er”).

in die hemel en die aarde word nie afbreuk gedoen omdat God bemoeienis maak met die mens nie: daarin betoon die Here “ons heerser” te wees en Israel dank God hiervoor met hierdie psalm (Van Uchelen 1986: 58). Dit sou nie vreemd wees om te aanvaar dat ‘n god wat verantwoordelik is vir die skepping se bestaan eintlik nie betrokke is of bemoeienis maak met die mens nie. Ons beleef dit immers in die ervaringswêreld van die mens dat belangrike en hooggeplaaste persone ver verwyderd is van die gepeupel. Wanneer ‘n hooggeplaaste inderdaad wel betrokke raak by ‘n “gewone” mens word dit met bewondering en waardering ervaar en word lof aan die hooggeplaaste toegeswaai. Die psalmdigter beleef dieselfde met Jahwe. Gelowiges is diep onder die indruk van die omvang en kompleksiteit van die geskapenheid wat meebring dat ons aangegryp word deur die “intellek” wat daaragter sit. Hierdie “intellek” bely ons as God en dat hierdie intellek bewus sal wees (dink aan) en betrokke sal wees by die individuele mens (aandag skenk), sal die gelowige aan die hart gryp.

Dat U aan hom “dink” (כִּֽי־תִזְכְּרֶ֑נּוּ) behels meer as net ‘n gedagte – dit is om doelbewus te onthou (vgl. Gn. 8: 1; Jer. 14: 21). כִּ֣י תִפְקְדֶֽנּוּ (dat U aan hom aandag skenk) omvat meer as net aandag skenk. Dit impliseer dat daar *doelbewus gesoek* word na die mens.[195] God soek die mens uit om mee besig te wees en dit met sorg. Hieroor is die psalmis verbysterd: Hoe is dit moontlik dat die groot Skeppergod dit met die nietige mens wil doen? Dit is wonderbaarlik!

Van Uchelen (1986: 55, 59) moet gelyk gegee word met sy vertaling van vers 6a: “Toch laat Gij er wijnig aan ontbreken, dat hij goddelijk is”. Jahwe se goddelike kwaliteite is luister, eer en mag (vgl. Ps. 29: 1-4; 96:6, 8; 104: 1, e.a.) en hierdie kwaliteite word net so aan die mens gegee, maar die mens word herinner daaraan (Ps. 8: 6) dat hierdie status wel minder is as God ( תְּחַסְּרֵ֣הוּ) – dus goddelik, maar nie God nie. Die psalm bely dat God die mens so “gemaak” het – die mens het die potensiaal om tot ‘n groot mate goddelik te wees, maar dit hou altyd verband met die heerlikheid van God self.[196] In hoofstuk 5 is in die gedig “Sel(f) – Waarom?” beskryf

[195] In Holladay 1988: 296 en Davidson 1992: 630 word die volgende vertaalmoontlikhede aangebied: “make a search; have a look; hunt up; seek out; take care of; to visit; go or come to see”.
[196] Maré (2006: 933) skryf dat die vraagpartikel מָֽה (“wat is die mens….?”, vers 4) in die sentrum van die psalm en die grense van verse 2a en 10 se belydenis oor God se heerlikheid die twee partye mekaar onlosmaaklik verbind. Die mens se eer en heerlikheid is ‘n weerspieëling van God se heerlikheid. Jahwe

dat ander kwaliteite by die mens aanwesig is wat ook aan God toegedig word, nl. denke, liefde, deernis, geloof, moraliteit, skeppend wees, selfbewussyn. Hierdie saam met die eer, majesteit en mag is oortuigende omstandigheidsgetuienis dat aan die mens ‘n status gegee is wat goddelik is. Dit is tog werklik goddelike kwaliteite.[197] Is dit nie ‘n rede om uitermatig verwonderd te wees nie? Dat God dit waag om vryheid aan die mens te gee om goddelik te kan wees ten spyte van sy nietigheid! Wat ‘n voorreg en verantwoordelikheid! Dit is rede om dankbaar en nederig te wees.

Wanneer die omvang van die skepping in al sy vorme en vlakke (makro en mikro, lewend en nielewend) in ag geneem word dan is dit iets om oor te verwonder dat God dit doen en aan die mens hierdie mag en verantwoordelikheid toestaan om te bestuur. Dan is dit gepas en begryplik dat Psalm 8 afsluit met ‘n herhaling van vers 2 se uitroep dat Jahwe se naam magtig is oor die hele aarde (en al word dit nie pertinent herhaal dat die mens goddelike verantwoordelikhede gekry het nie). Nadenke en verwondering hieroor kan nie genoeg beklemtoon word nie.

---

**Psalm 8: Kommentaar deur John Goldingay (2006)**

Psalm 8 word in breë trekke deur Goldingay behandel met klem op die belangrikste temas wat die psalm se boodskap uitlig en relevant is vir hierdie studie. Insiggewende kommentaar word deur hom gelewer oor die rol van die kinders se lofprysing, “die werk van God se vingers, die saak dat die magtige Skepper met die mens bemoei, denke oor die mens se goddelikheid al dan nie en die mens se heerskappy oor die natuur.

---

se heerlikheid word geopenbaar in die hele skepping en daarom ook in die mens as die kroon van Jahwe se skepping.

[197] Hierdie gedagte moet nie misverstaan word dat die mens sigselff as God beskou of dat van sy menslikheid afstand gedoen of ontken word nie. Dit gaan hier eerder daarom dat die mens as spirituele wese iets van God se kwaliteite sal herken en in die proses van spirituele ontwikkeling hierdie kwaliteite sal internaliseer en uitleef. In dié verband sien ook Lombaard (2015) wat skryf: “Moreover, within the Christian spiritual tradition there has for long been the unresolved, and often unreflected upon, tension of what “unity with God” would mean: is it such an all-engaging encounter of ultimate intimacy with the divine that one finds oneself taken up into the Godhead, or is it a closeness to God in which I seem to lose myself so fully that the only possible metaphor is “to be one with God”, though then not equalling the ontological intensity of the Trinity, or the human becoming divine, or similar expressions?”

Psalm 8 is die eerste loflied in die psalmbundel. Die psalm nie ‘n uitnodiging om God te prys en bied ook nie redes met “omdat”-klousules vir lof nie. Inderdaad is Psalm 8 die enigste lofpsalm wat volkome direk aan God geadresseer is.[198] Verse 1 en 2 prys Jahwe direk as die magtige en majestueuse skepper; verse 3 en 4 wonder daaroor of hierdie skeppergod met die mens sal bemoei; verse 5-9 verwonder daaroor dat Jahwe inderdaad die mens met eer en heerlikheid beklee deur aan die mens die heerskappy te gee oor die skepping. Vers 10 herhaal die lof van die openingslof (Goldingay 2006: 154).

Verse 1 en 2 dui aan dat die skepping getuig van Jahwe se majesteit.[199] Om Jahwe ook as אָדוֹן – heer – aan te spreek bevestig dat God magtig en sterk is en dit is waaroor dit in die res van die psalm gaan, naamlik God se mag as skepper en dat God se heerskappy nie slegs in die hemelruim is nie, maar ook in hierdie wêreld voortgesit word deur die mens. Jahwe se mag as heerser is verseker omdat Jahwe skepper is. (Goldingay 2006: 155, 156).

Goldingay (2006: 156) bied ‘n ongewone verklaring aan vir die teenwoordigheid van kinders en suigelinge in die psalm. Volgens hom was sulke kinders gewoonlik die slagoffers van onderdrukking, oorlog en die dood (vgl. Ps. 137: 9; Kl. 1:5; 2: 11, 19, 20; 4: 4; Dt. 32: 25), maar volgens die psalmis is Jahwe bewus van hierdie stand van sake en word juis die heel kwesbares betrek om Jahwe se eer te erken.

Mag en majesteit word deur Jahwe gehandhaaf (יִסַּדְתָּ עֹז, vers 2) om grense te stel aan die chaosmagte wat geheers het voor die skeppingsdaad – die doel was om orde en stabiliteit daar te stel. Goldingay vertaal dit as “founding a barricade” of meer letterlik “founding strength” soos wat die psalm dit wil uitbeeld (Goldingay 2006: 157).

Met verse 3 en 4 neem die psalm ‘n nuwe wending deurdat ‘n persoonlike inslag aangeneem word: die digter word “ek” (אֶרְאֶה – ek kyk) eerder as “ons”. Die lengte van vers 3 onderstreep die bewondering en ontsag wat die skepping ontlok. “Die werk van u vingers” (מַעֲשֵׂי אֶצְבְּעֹתֶיךָ) beklemtoon God se persoonlike betrokkenheid by die

[198] Goldingay verwys na Marvin E.Tate 2001: 344
[199] Goldingay se versindeling begin by vers 2 van die Hebreeuse teks.

skeppingswerk – God het nie iemand anders die werk laat doen nie, maar het self op delikate en ingewikkelde wyse geskep (Goldingay 2006: 158).

Goldingay lê ‘n vraag in die mond van die psalmdigter: “But in light of that powerful majesty of Yhwh’s embodied in the cosmos how could one expect Yhwh to pay any attention to mere human beings?” Daar is weinig verskil tussen die terme אֱנוֹשׁ (die mens, mensdom) en בֶן־אָדָם (seun van die mens) d.w.s. swak en sterflik.[200] Albei terme dui op die mens as swak en nietig. Die eerste ding wat God doen, is om aan die mens te dink (תִזְכְּרֶנּוּ) en dan neem God dit verder en tree op (תִפְקְדֶנּוּ), maar, is die vraag, kan ons van God enigsins verwag om met die mens gemoeid te wees? Hierdie vraag staan parallel aan die Prediker en Ps. 90 se worsteling en meer spesifiek dié van Ps. 144: 3 en Job 7: 17, 18. Oor hierdie vraag stel Goldingay (2006: 158, 159) voor: “Perhaps, like a lament, the psalm functions to give people opportunity to articulate their uncertainties about their positions as human beings in the world, before drawing them into statements of faith”.

Op bogenoemde vraag antwoord Goldingay (2006: 154): verse 5-8 (sy versindeling) is parallel aan die verhaal van Genesis 1 waar die mens geskape word as “godlike” en aan wie mag gegee word oor die res van die lewende wêreld en Goldingay vertaal vers 5 soos volg:

> But you made him fall short of God by a little,
>
> yet crown him with honor and glory.

Na aanleiding van sy vertaling skryf Goldingay (2006: 159) dan verder:

> Human beings are thus little less than divine – perhaps little less than gods, the other heavenly beings or angels (LXX, Tg, Syr), but more likely less than God (Jerome, Aq, Sym, Th), because the psalm goes on like Genesis to note how they take up God’s sovereignty in the world. As sovereigns they are crowned. Their crown is a share in God’s honor and glory – different words from those used of God in vs. 1 because humanity is not divine, but similar words to those, to signify that humanity is less than divine. Like Gen.

---

[200] Sien Davidson 1992: 7, 37.

> 1-2, the psalm reckons that human beings are kings, which puts kings in their place.

As heerser is die mens ‘n tussenganger tussen God en die wêreld [201]: mak en wilde diere. Die mens werk mee daaraan om oeste en kuddes te beskerm teen plunderaars en predatore – ‘n belofte word hier gesuggereer dat die lewe van die boer suksesvol kan wees. Maar, skryf Goldingay, dit gaan verder soos wat Jes. 11: 6-8 voorsien waar die lewende wêreld in harmonie met mekaar leef. Die mens het ‘n groter opdrag hier. Al is die skeppingsdaad voltooi in Genesis 1 beteken dit nie dat dit al sy bestemming bereik het nie; die mensdom se roeping is om die skepping daarheen te neem. “How extraordinary that God should want to use humanity thus!”, skryf Goldingay (2006: 160) in verstomming. Aan die anderkant is dit inderdaad wel so dat die mens van die begin af gefaal het; dat die skepping steeds versug in geboortepyne (Rom. 8: 22) en ons die skepping op vele maniere skade berokken (Goldingay 2006: 160).

Psalm 8 is baie positief oor die mens en impliseer dat  Genesis 1 nie ongedaan gemaak is deur menslike mislukking nie. Die psalm het geen versteekte eskatalogiese intensie nie – dit is oop vir hierdie tyd waarmee gesê word dat wat God beoog het met die mens steeds op die kaarte is en daarom het die mens steeds die roeping en verantwoordelikheid om God se projek te bestuur en nie te benadeel nie (Goldingay 2006: 161)

**Opmerkings**

Alhoewel die psalm nie direkte redes aanvoer waarom Jahwe geëer moet word nie, word dit tog wel geïmpliseer. Jahwe is groot soos geïmpliseer deur Jahwe se groot naam. Die naam vertoon groots met die aanskoue van die hemelruim en dit is bekend oor die hele aarde. In hierdie lied word nie verwys na nasies en troonsale nie, maar die skepping – dit is die vertoonlokaal van God se majesteit. Dit mag dalk wees dat daar diegene sal wees wat hierdie majesteit van God sal ontken en misken, maar hulle sal daaraan herinner word deur selfs die geringes en kwesbares soos die kinders wat God se grootsheid sal besing (vgl. Goldingay se verklaring van kwesbare kinders se vermelding in die psalm, Goldingay 2006: 156).

---

[201] Goldingay verwys na Werner H. Scmidt: “they are between God and the world”  uit Scmidt 1969: 1-15.

In die kosmiese begripswêreld van Israel het God die chaosmagte van vormloosheid, ongetemdheid en grensloosheid getem en georden om ‘n leefbare wêreld tot stand te bring en dit het ‘n groot indruk gelaat op die inwoners van Israel. Die werkwoord יָסַד (vers 3, Masoretiese teks) is beskrywend daarvan om aan te dui dat God sy mag as Heer en skepper gevestig het soos wat ‘n bouer die fondasie van ‘n muur lê – hier het ‘n grootse magsdaad begin.

Die digter maak die besinning oor God se grootheid ‘n persoonlike ervaring: “wanneer *ek* na u hemelruim kyk” in teenstelling met “wat is die mensdom?: (אֱנוֹשׁ, alle mense, vers 4, 5). Verwondering begin by die individu – dit is persoonlik en subjektief, maar wel geldig. Dit kan gedeel word met ander en moontlik (hopelik) die effek hê om ander ook te laat verwonder oor wat waargeneem word.

Eie aan poësie word beelspraak ook in Psalm 8 gebruik. Die uitdrukking “werke van u vingers” is ‘n treffende uitbeelding om die delikaatheid en kompleksiteit van die natuurlike wêreld te beskryf. Psalm 8 is poëtiese taal en beeldspraak – op soortgelyke wyse druk ons vandag ons verwondering uit, byvoorbeeld ‘‘ons sien die afdrukke van God se vingers daarop’’. Ons weet God het nie letterlik hierdie skepsels gemaak nie - die wetenskap leer ons hoe dit gebeur het. Maar ons bely wel dat God dit gewil en begin het.

Hoe beskou Psalm 8 die mens se plek in die skepping? Goldingay (2006: 159) stel voor dat vers 4 as ‘n moontlike klag vertolk kan word. Met ander woorde die mens behoort sigself eers te sien as nietig en byna onwaardig om van kennis geneem te word deur God, maar dan kom die verwondering: God doen dit wel al is die mens broos en klein. Kyk ‘n mens na die omvangrykheid van die skepping, raak jy bewus van God se majesteit en soveel te meer van jou eie kleinheid en kwesbaarheid. Hier is nie plek vir toegeëiende aanmatiging en hoogmoed nie. Met diep besinning en nadenke kan dan eers gewaag word om geloofsaannames te maak – byna met huiwering. Te dikwels word deur gelowiges geloofsuitsprake gemaak wat gekenmerk word deur hardvogtigheid, onsensitiwiteit of kortsigtigheid sonder om werklik diep oor sake na te dink. Psalm 8 wil die leser aanmoedig om eers versigtig na te dink oor sy plek en doel in die groter bestel van dinge: wat is die mens?

Goldingay (2006: 154) vertaal vers 5 as "*But* you made him fall short of God by a little…." (kursivering toegevoeg). Dit is opvallend dat beide die 1983 en 2020 Afrikaanse vertalings die "maar" nie so pertinent insluit nie. In ander Engelse vertalings word die voegwoord ook weggelaat. In nog ander vertalings word dit of vertaal met "yet you have…." of "for you have…. "[202] In Hebreeus kan die וְ ook antiteties vertaal word: "maar" en dit pas in die strekking van die psalmis se beredenering dat die mens nietig is "maar" ("en tog") beklee Jahwe die mens met 'n besondere status. Die antitese verhoog die teenstrydigheid hier: alhoewel die mens gering is, is die mens tog ook net minder as God en en word aan die mens 'n besondere plek gegee in die skepping. Hieroor kan verwonder word en die leser laat nadink oor wat daar geïmpliseer word van God dat so-iets verstommend gedoen word.

Goldingay (2006: 159) skryf: "Human beings are thus little less than divine – perhaps little less than gods, the other heavenly beings or angels (LXX, Tg, Syr), but more likely less than God…. Their crown is a share in God's honor and glory …." Die optimisme waarmee Psalm 8 die mens bejeën kan nie anders as om inspirerend en bemoedigend te wees nie. Saam met die positiewe beskouing deur Genesis 1 dat die mens 'n afbeelding van God is, kan die mens verwonderd wees dat ons waardig geag is om God se verteenwoordigers in die skepping te wees. Hierdie is 'n rede vir die psalmis om die naam van Jahwe te eer as groot en alomteenwoordig. Die digter kan as't ware gehoor word dat hy sê: "Dat U, Here, in u almag en majesteit tog dit ag om die mens met goddelike kwaliteite toe te bedeel, maak U wonderbaarlik!" En dan kry die mens ook die verantwoordelikheid en die vermoë om die skepping te bestuur en bewaar namens die Skepper.

**Psalm 19: 2 – 7: Kommentaar deur N. A. van Uchelen (1986)**

Van Uchelen bespreek die beeldspraak en beelde wat in die Psalm 19 gebruik word wat die glorie van die heelal treffend uitbeeld.

Die psalm bestaan duidelik uit twee strofes, naamlik verse 2-7 en 8-15 waarin onderskeidelik die hemelruim met die son en die wet van Jahwe besing word. Die twee strofes is 'n asindetiese vergelyking tussen die son en die wet waarin geen direkte

202 Vergelyk English Standard Version; Living Bible; New American Standard Bible; New International Version; American Standard Version; Common English Bible; Modern English Version, https://www.biblegateway.com/.

vergelykings met mekaar getref word nie, maar eerder gesuggereer word. Vir die psalmis is beide die son en die wet grootshede van God en die *tertium comparationis* tussen die twee sake is dat niks vir die son of die wet verborge is nie – in beide die strofes loop die opbou na hierdie waarheid toe. Dit is nie moontlik om te verifieer of die hele psalm saamgestel is uit twee verskillende himnes of selfs dele daarvan nie en daarom behoort die psalm in sy huidige en volledige vorm gelees en vertolk te word (Van Uchelen 1986: 130).

In die eerste strofe word in die vorm van ‘n himne die werk van God se hande besing beginnende by vers 2 (מַעֲשֵׂה יָדָיו ). Die uitspansel, dag en nag, is ‘n getuienis van God se skeppingswerk – dit strek tot aan die einde van die wêreld en dit getuig van God se eer en glorie (כְּבוֹד־אֵל) (Van Uchelen 1986: 131).

Dag na dag (יוֹם לְיוֹם ) en nag na nag (וְלַיְלָה לְּלַיְלָה ) stroom dit onophoudelik voort uit die hemelruim om God se luister te verkondig (vers 3). Nie net die hemelkoepel skei die waters bo die koepel en dié op die aarde nie, maar ook die dag en nag wat skeiding maak tussen lig en donker spreek van God se Jahwe se glorie (Van Uchelen 1986: 131). Die hemele se baan is ‘n “meetsnoer” wat God se glorie aandui – die Hebreeuse werkwoordstam wat hier gebruik word het ook die betekenis “om ‘n teken te gee (vgl. Spr. 6:13).[203] Die werk van God se hande het hulle eie taal, skryf Van Uchelen. Dit is ‘n taal wat nie hoorbaar is nie, maar tog gehoor word, maar ten spyte van geen geluid nie, gaan dit uit tot aan die einde van die wêreld. In vers 5c word die son spesifiek uitgesonder as een van God se handewerke en waarvoor God ‘n tent opgeslaan het. Met “tent” word bedoel die nagtelike standplaas of verblyfplek (Van Uchelen 1986: 131, 132).

Die son word beskryf as ‘n bruidegom en ‘n held (חָתָן; גִּבּוֹר) in die voltooiing van sy baan (vers 6). Die resultaat van die son wat in sy baan beweeg, is dat niks haar gloed kan ontkom nie en verborge sal bly nie. In die lig van die son verwag die mens die goeie; sonder sonlig kom die kwade van die duisternis na vore. Vir Israel is God soos die son, die grootste lig aan die uitspansel. Die son is die handewerk van God en daarom verteenwoordig die son ook die Here as “hemelse regter” wie se wet

[203] Die werkwoordstam waarna Van Uchelen verwys is מָלַל

geregtigheid en waarheid is. Dit is met hierdie beeld in die digter se kop dat die tweede strofe van die psalm in dieselfde strekking oor die wet nadink. Die verborgenheid (סָתַר), al dan nie, in verse 7 en 13 speel in beide strofes ‘n deurslaggewende rol: niks is vir die son en die wet verborge nie (van Uchelen 1986: 132).

**Opmerkings**

Psalm 19 is ‘n loflied wat God se majesteit op tweërlei manier vereer soos wat dit waargeneem word met die aanskoue van die hemelruim en meer spesifiek die glorie van die son en die volmaaktheid van God se wet. Van Uchelen wys daarop dat die Tora hier eerder dui op God self  wat sy wil bekend maak (Van Uchelen 1986: 130). In beide die natuur (in dié geval die hemelruim) en die wil van God (God self) word iets van grootsheid, goedheid en majesteit ervaar.

Die artikel het gehandel oor Darwin en evolusie, maar die leser se opmerking kan net so op die kosmologie van toepassing gemaak word. “Werk van sy hande” is bondige beeldspraak om ‘n enormiteit te beskryf wat moeilik is om werklik te begryp – of dit die heelal is of ons biosfeer - maar wanneer die omvang daarvan bestudeer en begryp word, word die mens dikwels sprakeloos gelaat.

In vers 3 word weer eens pragtige beeldspraak gebruik om aan te dui dat die boodskap van die hemelruim onophoudelik (dag na dag; nag na nag) voortstu. Die Afrikaanse vertaling (2020) vertaal dit slegs as “bring dit ‘n boodskap voort”, maar die Hebreeuse werkwoord יַבִּיעַ  (werkwoordstam נָבַע) beteken ook om te borrel, vloei of stroom.[204]

Die psalmis wil hier ‘n beeld voorhou wat aandui dat wat in die lugruim gesien word oorvloedig is soos ‘n borrelende of stromende fontein. Daar is vantevore in hierdie studie verwys na die hoeveelheid sterre en galaksies in die kosmos. Uiteraard sou die psalmdigter nie dit alles kon sien nie, maar wel dit wat sigbaar is met die blote oog – net soos vir ons ook vandag. Die digter sou in sy tyd nie die probleem ervaar het van lig- en atmosferiese besoedeling soos ons in die 21e eeu doen nie, maar indien ons vandag na ‘n plek sou gaan waar ligbesoedeling tot ‘n minimum beperk is, sal ons in die nagtelike hemel in alle waarskynlikheid dieselfde sien wat die digter gesien het.

[204] Holladay 1988: 225.

Vandag kan ons met die blote oog 9910 sterre sien.[205] Die oorvloed wat die "stroom" van die Melkweg dag en nag voortborrel word op dié wyse treffend beskryf deur Psalm 19 en gee op gepaste wyse uiting aan sy verwondering oor die skouspel en daarmee ook uitdrukking aan sy verering van Jahwe.

Van Uchelen bestee nie aandag aan die uitdrukking יְחַוֶּה־דָּעַת (deel kennis mee, vers 3) nie. In die psalm word hierdie daad aan die hemelruim toegedig. Die digter "hoor" die boodskap wat die swyende hemelruim uitstuur en kan nie anders as om God se stem daarin te hoor nie – die stem wat uiteindelik duideliker gehoor word in die wil van Jahwe soos verwoord in die tweede deel van die psalm. Menige gelowige sal getuig daarvan dat hulle God se "stem kon hoor" en God se realiteit ervaar met die aanskoue van die nagtelike hemel en ook in die ander verskynsels van die skepping. Is dit nie die grond van ware kennis nie – om te erken dat Jahwe 'n werklikheid is (vgl. Spr. 1: 7)? Sal die omvang van die nagtelike hemel (en die res van die heelal en die skepping) nie hierdie oortuiging verdiep nie?

Dit is duidelik dat die digter deur middel van asindetiese vergelyking die glorie van die hemelruim en die wil van Jahwe (Jahwe self) bymekaar wil bring om iets van die skoonheid en majesteit van beide oor te dra (vgl. Van Uchelen 1986: 130). Daar is 'n boodskap en wysheid te vinde in beide wat mekaar aanvul – iets van hierdie sentiment is te bespeur by die Romeinse digter en satirikus, Juvenalis (eerste eeu nC), wat skryf "Never does nature say one thing and wisdom another".[206]

Vol verwondering aanskou die digter die hemelruim en besin daaroor en daarna oor die wil van God en dat beide hierdie aspekte – die een in stilte en die ander duidelik verwoord – die heerlikheid van God vertoon.

Die psalmdigter beskryf in vers 5 dat die boodskap van die hemelruim oor die hele aarde uitgaan tot aan die einde van die wêreld, maar dat hierdie boodskap in hulle *lyn*

---

[205] Die sterrekundiges, Dorrit Hoffleit en W.H, Warren Jr. het by die Yale Universiteit 'n katalogus opgestel van al die sigbaar-met-blote-oog sterre in beide die noordelike en suidelike halfrond met 'n magnitude van 6.5 en minder. Dit staan bekend as die *Yale Bright Star Catalogue, 5th Revised Edition, 1991.* Hierdie katalogus word wyd in astronomiese studies gebruik as verwysingsbron. In die suidelike halfrond het ons egter die voordeel dat ons in verhouding meer sterre kan sien omdat die aarde se suidpool na die sentrum van die Melkweg geöriënteer is.

[206] Juvenal, *ca*. 100-127, *Satires, satire XIV, No teaching like that of example*, vertaal deur G.G. Ramsay p. 12. In hierdie gedeelte skryf Juvenalis oor die waarde van goeie ouerlike voorbeeld in die opvoeding van kinders. Hy gebruik as voorbeelde uit die natuur hoedat voëls hulle kuikens leer hoe om self eendag 'n goeie lewensbestaan te kan maak. In dié verband leer die natuur ons waardevolle lesse om wys te lewe.

(קַוָּם) beweeg – ‘n “meetsnoer” volgens Van Uchelen (1986: 131). Hierdie lyn sou ook “maatlyn/maatstaf” kon beteken.[207] Moontlik het die digter snags die Melkweg gesien as ‘n “lyn” (‘n afgemete standaardlyn?) in die naghemel wat nag na nag konstant beweeg het van sonsondergang tot sonsopkoms en hom verwonderd gelaat het oor die onveranderlikheid daarvan. Daar is iets gerusstellend daarin om te weet dat die kosmos so ‘n standvastigheid besit en dit spreek iets van die onderwerping van die chaos deur God se skeppingsdaad en iets wat van God se heerskappy en majesteit getuig het.

Dit is ‘n taal wat nie hoorbaar is nie, maar tog gehoor word, maar ten spyte van geen geluid nie, gaan dit uit tot aan die einde van die wêreld, skryf Van Uchelen (1986: 132). Die taal van die kosmos is onhoorbaar volgens die digter: daar is geen spraak en geen woorde en hulle stem word nie gehoor nie (אֵין־אֹמֶר וְאֵין דְּבָרִים בְּלִי נִשְׁמָע קוֹלָם). Dit is ‘n treffende beskrywing om iets van die wonder en omvang van die heelal (en die hele skepping) mee te deel. Menige persoon sal getuig van aangegyp wees deur die toneel van die nagtelike hemel sonder dat daar ‘n geluid van uitgaan. Die stilte daarvan beweeg die aanskouer ook tot stille nadenke en selfondersoek – selfs sonder woorde in die denke; net ‘n diepe bewussyn. Stilte het dikwels ‘n veel meer oorweldigende of diepgaande effek op die mens as luide klankeffekte of woordryke boodskappe.

Vers 5 lewer nog ‘n voorbeeld van kleurryke beeldspraak op: ‘n tent word opgeslaan vir die son om te oornag (aldus Van Uchelen se verklaring). In die digter se geestesoog moes hierdie “tent” ‘n enorme struktuur gewees het om die son te kon huisves – gedagtig daaraan dat die hemelruim as reuse koepel beskou is. Wanneer grootse dinge beleef word in die wêreld, is dit bykans onvermydelik vir die mens om dit wat waargeneem word op kleurryke en soms oordrewe wyse te beskryf wat beleef word. Dit is gepas dat dit gedoen word: om uitdrukking te gee aan die ekstase. Dit bied die geleentheid om op kunstige wyse inhoud te gee aan die gevoelservaring in teenstelling met ‘n andersins kliniese en akademiese beskrywing wat deur die wetenskap gebruik word. In die sterrekunde hou wetenskaplikes daarvan om aan skouspelagtige

[207] Vgl. ook Jesaja 28:10 waar die vertaalmoontlikheid aangebied word as “rule, direction” deur Davidson 1992: 656. In Die *New Revised Standard Version, Anglicised* vertaling word Jes. 28: 10 se קַו vertaal met “line” wat verband hou met die gepaardgaande selfstandige naamwoord צַו wat vertaal word met “precept”, d.i. “grondreël”.

verskynsels in die heelal verbeeldingryke name te gee om iets van hulle verwondering te verwoord en assosiasies te maak met bekende verskynsels in ons ervaringswêreld. ‘n Goeie voorbeeld hiervan is die Carina-newel wat een van die eerste beelde was wat ontvang is van die James Webb Ruimteteleskoop. Die Carina-newel is 7500 ligjare ver en strek oor meer as 300 ligjare.[208] Die gedeelte aan ons vertoon, wys slegs die rand van die groter newel met “pieke” wat sewe ligjare lank strek.[209] Die besondere detail van die “landskap” herinner ‘n mens inderdaad aan berge, kranse en pieke en daarom het sterrekundiges die beskrywende naam, “Cosmic Cliffs”, daaraan gegee teenoor die andersins kliniese identifikasie van NGC 3324 wat deur die Internasionale Sterrekundige Unie toegeken word. Vir die psalmdigter was die hemelkoepel ‘n tent; vir die 21e eeuse sterrekundige is NGC 3324 die “Cosmic Cliffs” wat uitdrukking gee aan die verrukking oor die skouspel wat waargeneem word.

Die indruk word geskep dat die psalmdigter nie uitgepraat kan raak oor die fabelagtige eienskappe van die son nie. Met soveel beelde as moontlik in die bestek van ‘n kort himne wil hy soveel moontlik die glorie van die son uitwys. Die son word vergelyk met die bruidegom wat in prag en praal getooi is op pad na sy bruid soos wat die gebruik was van huwelikseremonies in die antieke tyd.[210] Die son word ook beskryf as ‘n held (גִּבּוֹר). Die Hebreeuse woord dui op die betekenis van kryger en ‘n kampioen en soms ook een wat mag het as gevolg van welvaart.[211] Hierdie is assosiasies wat iets van die prag en mag van die son wil beskryf. Dit drup van verwondering oor die glorie van die son in twee kort sinne: ‘n majestueuse tent vir die son; ‘n pragbelaaide bruidegom; ‘n sterke held wat in sy baan voort storm.

---

[208] Volgens NASA, https://apod.nasa.gov/apod/ap070425.html
[209] Volgens NASA., https://www.nasa.gov/image-feature/goddard/2022/nasa-s-webb-reveals-cosmic-cliffs-glittering-landscape-of-star-birth
[210] De Vaux 1973: 33.
[211] Davidson 1992: 130.

**Psalm 19: 2 – 7: Kommentaar deur John Goldingay (2006)**

Die onderskeid tussen die verskillende hemelsfere kry aandag by John Goldingay asook die welsprekendheid en glorie van die son al is dit onhoorbaar. Die fokus hier is op die hemelruim eerder as op die aarde.

Goldingay wys uit dat Psalm 19 ‘n tema bymekaar bring waarmee die psalms begin en een waarmee dit byna afsluit, naamlik om bedag te wees op Jahwe se leringe (Psalm 1) en die kosmos se erkenning van Jahwe (Psalm 148). Psalm 19 plaas die twee temas langs mekaar sonder om aan te dui hoe die leser hoe dit met mekaar in verband moet bring (Goldingay 2006: 284). Die twee hoofdele (verse 1-6 en 7-14)[212] was waarskynlik twee afsonderlike liedere wat saamgevoeg is op grond van linguïstiese skakels en die aanvullende verkondiging deur die skepping en die onderrig deur Jahwe se wet. Verse 1-6 nooi nie die leser uit om God te prys nie, maar vestig wel die aandag daarop deur te impliseer daar is redes daarvoor.

In verse 1-6 verkondig die hemelruim die eer van God deur dit as die handewerk van God te beskryf, maar die inhoud van hierdie verkondiging word nie bekend gemaak nie. Met die eerste lees van die teks word die verwagting geskep dat dit wel vertel sal word hoedat die skepping God vereer, maar dan blyk dit dat die skepping haarself vereer (Goldingay 2006: 286, 287). Die parallelisme van hemelruim (שָׁמַיִם) en die uitspansel (רָקִיעַ) dui daarop dat dit nie hier gaan om die metafisiese woonplek van God nie, maar inderdaad wel die ruimte waar die sterre, son en maan hulle bevind en aanduidend is van die luister van die Skepper. Paulus verwys ook daarna in Romeine 1: 20. Goldingay merk op dat die werkwoord סָפַר pi’el (aankondig) en נָגַד hif’il (verklaar) gewoonlik gebruik word met die mens wat verkondig, veral ten opsigte van Israel se verhaal. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die mens se verhouding met God essensieel geloof behels en dit distansieer ons van die skepping wat nie kan glo nie. Maar as ons verhouding met God gesien word as een van lof, het ons gemenegrond met die skepping wat ook ‘n rol het van lof aan God (Goldingay 2006: 287).

---

[212] Goldingay se versindeling begin by vers 2 van die Masoretiese teks soos weergegee in *Biblia Hebraica Stuttgartensia.*

In vers 1 word verkondig en verklaar, maar vers 2 neem dit verder: dag en nag gaan dit onophoudelik voort: bedags blyk die glans van die son, maar snags neem die sterre en die maan dit verder om God se luister te verkondig. In Goldingay (2006: 288) se woorde:

> …. the splendor of the daytime sky is simply the sun. The splendor of the nighttime sky is much more variegated, as in the sun's absence other lights become visible. The daytime speech the sky pours out is presumably the the speech about God's honor, to which v. 1 referred; the sun in its splendor speaks profusely and eloquently about its maker and about its maker's splendor.

Die parallelisme tussen vers 1 en 2 mag die doel hê om die leser bewus te maak van die wonder van die handewerk van God wat die hemelruim geskape het, skryf Goldingay, maar דַּעַת (kennis) in die psalms suggereer dikwels erkenning en bewussyn. Vers 2b wil dan aandui dat die verkondiging deur die hemelruim mik na 'n erkenning van die skepper en nie bloot maar 'n bewus wees van die skepper se bestaan nie (Goldingay 2006: 288).

Vers 3 onderstreep die welsprekendheid ("eloquent") van die hemelruim se getuienis. Al is die boodskap nie hoorbaar nie, laat dit tog die moontlikheid om wel gehoor te word soos wat vers 4 dit ook voorsien dat die woorde (מִלֵּיהֶם) van die hemelruim af tot aan die eindes van die wêreld sal uitgaan (Goldingay 2006: 288, 289)

Die son verkry heelwat aandag in verse 4 en 5, maar dit beteken nie dat dit op dieselfde manier vereer word soos die songod in Egipte en Mesopotamië nie – die son is slegs 'n entiteit wat voorsien word van akkommodasie oornag deur die ware God. Die son se pad word beskryf (vers 6) in manlike en vroulike vorme van selfstandige naamwoorde en werkwoorde: die een kant (מִקְצֵה), die hemel (הַשָּׁמַיִם), sy opgang (מוֹצָאוֹ), sy baan (וּתְקוּפָתוֹ ), die einde (קְצוֹתָם ); die son gaan op aan die een kant van die hemelruim en voltooi die roete ten volle aan die ander kant van die hemelruim. Met ander woorde die hemelruim se boodskap deur die son se opkoms en ondergang word oor die ganse wêreld gehoor (Goldingay 2006: 290).

Goldingay sluit sy kommentaar op Psalm 19 af met die teologiese implikasies van die psalm. Tradisoneel, skryf Godingay, is Psalm 19 verstaan dat natuurlike en besondere openbaring naas mekaar geplaas is. In breë terme is dit verstaanbaar dat dit so vertolk is, maar tog is nuanse nodig om te voorkom dat die psalm se verstaan verwring word. Streng gesproke praat die twee dele van Psalm 19 nie in terme van "openbaring" nie, maar in deel 1 gaan dit oor verkondig en verklaar. Om iets te openbaar is om iets wat verborge was, bloot te lê of bekend te maak. In hierdie psalm word iets nie onthul nie, maar die aandag word wel gevestig op dit wat altyd duidelik was. Dit gaan in Psalm 19 ook nie oor die algemene natuur wat verkondig nie, maar in besonder wel oor die hemelruim omdat dit so indrukwekkend is en iets vertel van God se eer en hier word ook niks geopenbaar in terme van etiese opdragte nie. In die tweede deel van die psalm kom die wet ter sprake, maar ook hier word slegs van die aard van die wet gepraat, veral oor die voordeligheid daarvan. Dit is so dat die hemele getuig van God se luister en in die psalm getuig die hemele ook van hulle eie luister – die moontlikheid bestaan dat mense daartoe beweeg word om die hemelliggame te aanbid, maar dan dien die tweede deel van die psalm as teenwig om die leser te herinner dat dit God en sy wil is wat aanbid moet word (Goldingay 2006: 297, 298).

**Opmerkings**

Volgens Goldingay (2006: 285) bring Psalm 19 se twee dele (vers 1-6 en 7-14) twee groot temas van die hele psalmbundel bymekaar in een psalm, naamlik die wet en die erkenning van God as skepper (Goldingay 2006: 285). Psalm 19 sou dus beskou kan word as 'n bondige motivering waarom in God geglo behoort te word: die skepping, met name die kosmos, dui op God se luister (God is dit werd) en wat God vir die mens wil (die wet), is goed. Die getuienis van die heelal en ons geloofstradisie praat saam om ons te beweeg na God toe (vgl. Fishbane in Goldingay 2006: 285, wat Psalm 19 se drie dele, naamlik die spraak van die kosmos, van Jahwe en van die psalmis aan mekaar verbind). Selfs al sou die geloofstradisie nog onbekend wees, kan die belewing van die heelal – die verwondering daaroor – die mens ook beweeg tot nadenke oor die betekenis daarvan en die implikasie daarvan vir ons menswees.

Goldingay (2006: 286, 287) wys daarop dat dit lyk asof die hemelruim homself vereer teen die einde van verse 1-6, maar tog meen ek dit wil deurgaans die aandag vestig op God se eer. Deur middel van ryk metafore (die stil maar kragtige boodskap, die

tent, bruidegom, held, reguit lyn of maatlyn) word die prag en krag van die hemele beskryf nie om homself te verheerlik nie, maar om die grootsheid van God se handewerk te beskryf, dus die grootsheid van God self. Die skepping opsigself is iets om oor te verwonder, maar vir die gelowige kom ‘n ander dimensie by: iets van God word daarin herken en erken. Deur middel van personifikasie word gesê dat die hemele die eer van God verkondig (vers 2) en daarmee kan geïdentifiseer word deur die gelowige. Natuurlik doen die skepping dit nie letterlik nie, maar die handewerk spreek iets van die heerlikheid van die Skepper.

Goldingay (2006: 288) wys op die belang van דַּעַת (kennis, vers 2) in die psalms dat dit suggereer op erkenning en bewussyn. Daar is min dinge wat so kragtig en ingrypend kan wees om die mens bewus te maak van en dan erkenning te gee aan God soos met die aanskoue van die nagtelike hemelruim, hetsy met die blote oog of deur die teleskoop. Dan kom die insig dat die waarnemer besig is om by die grond van ware kennis te kom: ek is hier besig met God.

---

**Psalm 19: 2 – 7: Kommentaar deur James L. Mays (1994)**

James L. Mays se kommentaar op die psalms is eerder ‘n interpretasie as wat dit eksegetiese uitleg is, maar lewer nietemin waardevolle insigte wat die leser kan laat reflekteer oor die verwondering waartoe die skepping ‘n mens kan bring.[213] Mays wys uit dat die skepping die vermoë het om God te prys – stil en kragtig – maar is nie self goddelik nie.

Psalm 19 eindig met die woorde “Here, my Rots en my Verlosser” en om by hierdie afsluitende belydenis te kom, het die digter die pad geloop deur die skepping se getuienis van die Skepper (verse 1-6); die onvergelykbare waarde van die wet van die Here (verse 7-10) en die mens se behoefte aan vergifnis en beskerming (verse 11-13). Aldrie dele van die psalm moet oor gemediteer word om ten volle die toewyding en vertroue van die afsluitende belydenis te begryp. Alhoewel sommige geleerdes die eenheid van die psalm bevraagteken, bied Psalm 19 se dele met hulle verskillende

---

213 Die titel van James L. Mays se kommentaar is *Psalms, Interpretation. A Bible commentary for teaching and preaching.* (my onderstreping)

temas en style tog ‘n eenheid met die bedoeling van die psalmis om ‘n aanvaarbare offer te bring aan sy Rots en Verlosser (Mays 1994: 96, 97).

“The sum of the first part of the psalm can be stated quite simply. The world witnesses to God. The creation manifests the glory of its creator”, skryf Mays (1994: 97). Die digter van die psalm bied nie ‘n aantal stellings nie, maar deur verbeeldingryke personifikasie word die hemelruim beskryf, gebaseer op die idee – nie vreemd aan bybelse denke nie – dat alle geskapenhede die vermoë het van lewende wesens om sy skepper te erken. Dit blyk byvoorbeeld uit Genesis 1 en die profesieë van Jesaja 40-55. Die hemelruim volgens die psalm doen wat die gemeente doen, naamlik om God te prys. Die gemeente wys die magtige werke van God uit en verkondig dat hulle die eer van God vertoon (Psalm 29) en Psalm 19 doen dieselfde: die hemele is die handewerk van God en deur die skoonheid en uitgestrektheid daarvan word God geprys. Al is die boodskap stil, gaan die stem daarvan uit oor die hele wêreld en die wonder en misterie daarvan blyk duidelik. Die son word aangebied as ‘n voorbeeld van hierdie luister deur beelde van die bruidegom en die held en die gloed van die son bereik alles in die wêreld om op te roep, aan te roer en lewensondersteunend te wees (Mays 1994: 97).

Mays wys daarop dat in die eerste deel van die psalm die risiko bestaan dat die glorie wat vir God bestem is, weggeneem kan word na die grootsheid van die hemelruim toe. Daarom wy die lied nie verder uit oor die estetiese en natuurvroomheid van die hemele nie – die fokus moet op God bly. Hier is dus nie sprake van panteïsme en natuurteologie nie. Daar word onderskeid gemaak tussen die geskapene en die Skepper; die skepping is nie goddelik nie, maar loof wel die goddelike. Die psalm is ‘n getuie teen natuuraanbidding en om God in die natuur te vind (Mays 1994: 97, 98).

Die vraag word dikwels gevra oor hierdie psalm of hier sprake is van natuurlike openbaring. Kan die lofliedere deur die skepping tot God gehoor word of is geloof in God ‘n voorvereiste om dit te kan hoor (vgl. Paulus in Rom. 1: 20)? Die psalm gee nie ‘n klinkklare antwoord op hierdie vraag nie, maar miskien bied vers 1 ‘n leidraad met die gebruik van die naam אֵל vir God. Hierdie naam word gewoonlik in verband gebring met God as die skeppervader van alles en in hierdie identiteit van ewige mag en godheid kan die Een wat besing word deur middel van die skepping geken word (Mays 1994: 98).

Die volgende deel van Psalm 19 is wel duidelik: die Skepper van die heelal is die gewer van die Tora; die Skepper se gesag lê agter die wet en dit is die skakel tussen die eerste en tweede deel. In die universele konteks soos aangebied in deel 1 is die wet op almal gemik en net soos die son se gloed voordelig is vir alles en almal, so is die Tora ook lewegewend en opheffend (Mays 1994: 98).

**Opmerkings**

Mays (1994: 96) voer aan dat daar oor die drie dele van Psalm 19 gemediteer moet word naamlik die skepping se getuienis van die Skepper (verse 1-6); die onvergelykbare waarde van die wet van die Here (verse 7-10) en die mens se behoefte aan vergifnis en beskerming (verse 11-13) om die volle diepte van die afsluitende belydenis – “Here, my Rots en my Verlosser” te begryp.

Dit is alombekend dat die psalms met hulle genres van loflied, gebed, klag, en belydenis uitdrukkings is van refleksie, nabetragting en meditasie en hierdie aktiwiteite bring die leser dikwels by selfondersoek en om oor die betekenis van die lewe en wêreld na te dink. Dit hoef nie betwyfel te word nie dat wie ookal die verskillende himnes in Psalm 19 bymekaar geplaas het en dan reflekteer oor twee verskillende sake waarvoor God verantwoordelik is, vervul was met onverbloemde verwondering oor God se werk. Die gewenste uitwerking daarvan is dat samesteller en leser by ‘n diepgaande besef kom hoe groot en goed God is en dat die leser ‘n ingesteldheid van nederigheid en aanbidding ontwikkel soos verwoord in vers 15: “Laat die woorde van my mond en die bepeinsing van my hart vir U aanvaarbaar wees, Here, my Rots en Verlosser.”

Mays (1994: 97) skryf: “The sum of the first part of the psalm can be stated quite simply. The world witnesses to God. The creation manifests the glory of its creator”. Die hemelliggame word gepersonifieer deurdat hulle die getuies word wat God se majesteit verkondig (מְסַפְּרִים , vers 2); die handewerk staan daar vir almal om te sien en “hoor”. Die skoonheid van die son, maan, sterre en planete is eintlik kunswerke van God en op ‘n stil maar impakvolle wyse dra hulle die boodskap van God se grootsheid uit. Die psalmdigter en sy tydgenote het nie die volle omvang besef van wat hulle aanskou het nie. Hulle het nie geweet dat Saturnus ‘n planeet is met talle ringe daarom wat dit die juweel van ons hemelruim maak nie. Hulle het nie geweet dat daar 1.3

miljoen aardes in die son kan pas nie.[214] Hulle het nie geweet dat die grootste ster tot dusver ontdek UY Scuti is nie – ongeveer 1700 keer groter as ons son (byna 5 miljard sonne sal in UY Scuti pas).[215]

In Psalm 19 word slegs die hemelruim en dit wat daarin is, besing en die son word uitgesonder as voorbeeld van luister by uitnemendheid, maar daar is onbeperkte voorbeelde van wonders in alle sfere van die natuurlike wêreld en wanneer dit gesien en beleef word, is die sensasie van verwondering daaroor 'n logiese en sinvolle uitvloeisel. Om aangegryp te wees met verrukking, ekstase of selfs sprakeloosheid (laasgenoemde aan die teenoorgestelde kant van die emosionele spektrum), is aanbidding van God – bewustelik of onbewustelik.

Mays (1994: 97, 98) waarsku dat Psalm 19 nie die leser moet verlei daartoe dat die verskynsels in die hemelruim vergoddelik word as gevolg van die aanskoulikheid en omvang daarvan nie. Hy wys daarop dat die psalm kort daarvan stop om panteïsme te suggereer. Hy moet natuurlik hiermee gelyk gegee word – dit is juis een van die bedoelings van die Genesis 1 skeppingsverhaal om uit te wys dat alles in die skepping geskapenhede is van God en geen goddelikheid besit nie. Tog is dit waar dat wat ons waarneem deur 'n gelowige blik, ons herinner kan word aan die bestaan van God en dat die skoonheid, kompleksiteit en omvang van die skepping iets getuig van God se glorie en wysheid. Psalm 19 besing die makrokosmos wat God se handewerk vertoon en met tegnologie tot ons beskikking om dit te kan waarneem, bestaan daar veel meer getuienis as wat die psalmdigter gehad het om ons lof aan God te bring. Ook in die mikrokosmos sien ons die wonderbaarlikheid van die samestelling en funksie van die basiese elemente. Ons neem waar dat water uit twee waterstofatome en een suurstofatoom bestaan en deur die krag van natuurwette aanmekaar gehou word om die onontbeerlike middel te bied vir die moontlikheid van lewe se bestaan. Ons sien God nie deur die teleskoop en mikroskoop nie, maar deur die wonder van die geskapenhede word ons daarheen gelei om gelowig iets van God te herken, maar hierdie herkenning verg dat geloof in God eers nodig is.[216]

---

[214] Volgens NASA, https://solarsystem.nasa.gov/solar-system/sun/overview/#:~:text=The%20Sun's%20volume%20would%20need%201.3%20million%20Earths%20to%20fill%20it.

[215] Tillman en Stein 2022, https://www.space.com/24073-how-big-is-the-universe.html

[216] Daar is egter ook voorbeelde van individue wat deur die waarneming van die wonder van natuurlike fenomene tot die geloofsoortuiging gekom het dat God bestaan. Hiermee word nie beweer dat die wetenskaplike en natuurlike feitlikhede van die natuur as bewys dien van God se bestaan nie, maar

Om die verskynsels van die geskapenheid met 'n geloofsblik te ervaar, bring 'n dimensie van verwondering en vervulling wat perspektief en diepte aan God en die skepping verleen en kan die ervaring van God meer betekenisvol maak. Dan kan Psalm 19 met oortuiging en betekenis gesing of gebid word. Só 'n verwonderingservaring kan God en mens nader aan mekaar bring.

---

**Psalm 148: Kommentaar deur Erich Zenger (2011)**

Zenger lewer 'n deeglike bespreking van die psalm en beklemtoon die allesomvattendheid van die skepping wat lof bied aan Jahwe deur die merismes wat gebruik word – die hemel en die aarde met al die elemente daarvan en groeperinge daarin. Die vraag oor die motief van die lied kom ook aan die orde: gaan dit oor die glorie van die skepping self of omdat Juda se eer herstel is na die ballingskap?

In die bespreking van Psalm 148 se struktuur word aangedui dat daar twee hoofdele is naamlik verse 1-6 en 7-13 wat duidelik afgemerk word met "uit die hemel" (מִן־הַשָּׁמַיִם) in vers 1 en "vanaf die aarde" (מִן־הָאָרֶץ) in vers 7. Die woordpaar "hemel en aarde" is 'n merisme wat die hele kosmos aandui. In die eerste hoofdeel wat handel oor die hemele is daar 'n ruimtelike beweging van bo na onder: Jahwe se hemelhof waar die hemelse wesens (engele) en magte teenwoordig is (כָּל־מַלְאָכָיו en צְבָאָיו); die hemelse ligte, son, maan en sterre en laastens die hemelruimtes, naamlik die hoogste hemele (שְׁמֵי הַשָּׁמָיִם) en die waters wat bo die hemelkoepel is ( וְהַמַּיִם אֲשֶׁר מֵעַל הַשָּׁמָיִם) en vandaar kom reën, sneeu, hael, wolke en stormwinde wat in die tweede hoofdeel aandag kry (Zenger 2011: 631).

eerder dat besinning oor die betekenis daarvan die persoon tot die gelowige oortuiging gebring het. As voorbeelde kan verwys word na Antony Flew (1923-2010), Britse filosoof en prominente advokaat vir die ateïsme. Flew het onder andere na aanleiding van die kompleksiteit van die DNS-molekule tot die gevolgtrekking gekom dat dat daar wel 'n God moet wees alhoewel dit vir hom 'n deïstiese God sou wees (vgl. Carrier 2004). 'n Suid-Afrikaanse voorbeeld is dié van David Block, sterrekundige, wat deur die bestudering van die hemelruim begin vra het oor die betekenis daarvan en dit het hom gelei tot gesprekke met die kerk en uiteindelik tot geloof in God (D. Block, datum onbekend, op sy webtuiste, "David Block": *What the heavens declared to a young astronomer.*

Die geadresseerdes in die "aardse" hoofdeel word op 'n ander wyse verdeel. Eers die waterverskynsels: seemonsters (תַּנִּינִים), diep waters (תְּהֹמוֹת) en bo hierdie verskynsels die elemente wat neerdaal: vuur (weerlig/donderstorms, אֵשׁ), hael (בָּרָד), sneeu (שֶׁלֶג), miswolke (קִיטוֹר) en stormwinde (wat reën bring, רוּחַ סְעָרָה). Dan volg die niemenslike woordpare of merismes: berge (הָרִים) en heuwels (גְּבָעוֹת), vrugtebome (עֵץ פְּרִי) en seders (אֲרָזִים) verteenwoordigend van wildgroeiende bome; vier soorte diere in ooreenstemming met Genesis 1: wilde diere (חַיָּה) en vee (בְּהֵמָה) verteenwoordigend van mak diere, kruipende diere (רֶמֶשׂ) en vlieënde voëls (צִפּוֹר כָּנָף) verteenwoordigend van diere op die aarde en dié in die lug.

Dan kulmineer die tweede hoofdeel in die menslike sfeer wat chiasties koppel met die engele en hemelse magte in die eerste hoofdeel. Weer eens word daar in merismes gelys en dan verdeel in politieke en sosiale kategorieë: konings (מַלְכֵי) en volke (לְאֻמִּים), prinse (שָׂרִים) en regters (שֹׁפְטֵי); onderskeiding in geslag: jong mans (בַּחוּרִים) en jong meisies (בְּתוּלוֹת); verdeling van ou mense (זְקֵנִים) en jong mense (נְעָרִים) (Zenger 2011: 631) (Hebreeuse tekste toegevoeg).

Zenger[217] wys daarop dat die teologiese konsep van die psalm daarop gemik is dat die hele skepping opgeroep word om Jahwe te prys oor die wêreldorde wat Jahwe geskep het en veral oor die rol wat Israel aangewys is daarin. Psalm 148 staan op twee korpusse van tekste in die Ou Testament: die Jahwe-is-koning Psalms 93-100 en die himniese aansporings in Deutero-Jesaja (veral Jes. 44: 23; 49: 13). Verder neem Psalm 148 die slot van Psalm 103 (Ps. 103: 20-22) en die begin van Psalm 104 (Ps. 104: 3-4) op om Jahwe as die hemelse koning voor te stel wat omgee vir die aarde as sy koninklike terrein. Dit blyk dat Genesis 1 en Psalm 104 in gedagte gehou is in die wyse waarop die indiwiduele elemente van die skepping gelys is in hierdie psalm (Zenger 2011: 632).

[217] Aan die einde van die kommentaar op hierdie psalm word aangedui dat Erich Zenger hierdie psalm in behandeling geneem het. Die publikasie as geheel staan onder die redakteurskap van F.L Hossfeld en E. Zenger.

Zenger (2011: 635) bied as opsomming die struktuur van Psalm 148 soos volg aan:

I. Aansporing om Jahwe te prys “vanuit die hemele”
   1-2 Die hemelse dienare (lewende wesens)
   3-4 Hemelse voorwerpe en hemelse ruimtes (nielewende voorwerpe en magte)
   5-6 Rede: Jahwe se skepping
II. Aansporing om Jahwe te prys “vanaf die aarde”
   7-8 Waterfenomene onder die aarde en bo die aarde
   9-10 Niemenslike terrein op die aarde
   11-12 Mense op die aarde
   13 Rede: Jahwe se universele koninklike heerskappy
III. Afsluitende koda: Lof deur Israel
   14a Bewyse van Jahwe se mag namens Jahwe se volk
   14bc Israel se waardigheid en plig

Verse 1b en 7a verwys na die “hemel” en die “aarde” en net soos in die geval van Gen. 1: 1 word hiermee die hele kosmos geïmpliseer en Jahwe word voorgestel as die Skepper daarvan. Hierdie totaliteit van die heelal word sistematies aangebied in reekse van wesens, elemente en ruimtes wat aangespoor word tot lof aan die Skepper. Die treffende formulerings “uit die hemel” (מִן־הַשָּׁמַיִם) en “vanaf die aarde” (מִן־הָאָרֶץ) lok die dinamika uit van die lof – dit is asof daar ‘n aanhoudende kosmiese koraal weerklink wat die “hemel en die aarde” vul (Zenger 2011: 636). In verse 1 en 2 word die hemelse wesens aangespoor tot lof, maar Jahwe word nie voorgestel as een wat in die hemel woon en op sy troon sit nie (in teenstelling met Ps. 103: 19-21 en Ps. 104: 10-4). Die hemelse wesens is in die hemele, maar daar is geen voorstelling dat Jahwe in die hemele woon nie. Dit blyk wel in Psalm 148 dat Jahwe die onderskeie ruimtes bevolk het soos ook duidelik geformuleer in Nehemia 9: 6:

U alleen is die Here;
dit is U wat die hemelruim,
die hoogste hemele gemaak het
en al sy hemelliggame,
die aarde en alles daarop,

Die see en alles daarin.
U hou dit alles aan die lewe;
en die hemelliggame –
voor U buig hulle in aanbidding.[218]

In die struktuur van hierdie psalm kom die woordpare "aarde en see" en "hoogste hemele" (שְׁמֵי הַשָּׁמָיִם) ooreen met mekaar en lei tot die veronderstelling dat Nehemia 9: 6 die gedagte gee daaraan dat daar verskeie afdelings of sfere van die hemele bestaan en hierdie idee is ook teenwoordig in Ps. 148: 2-4 (Zenger 2011: 636).[219]

Die hemelliggame wat beweeg in die hemelruim word aangespoor om Jahwe te prys in vers 3. Hulle is in diens van Jahwe alhoewel hulle nie lewende wesens is of selfs goddelik nie soos in die omringende godsdienssisteme geglo is nie. Vers 4 betrek die hemelse ruimtes en sfere om God te loof; vers 4b praat van die waters wat bo die hemelkoepel is; vers 4a noem die "hemele van die hemele". Verse 1-4 projekteer 'n reusagtige hemelruim – 'n teenhanger van die aarde – wat oënskynlik 'n menigte huisves wat in die diens van Jahwe staan (Zenger 2011: 636).

Weer eens word die hemelliggame opgeroep om die Here te eer, maar nou word 'n rede daarvoor gegee: כִּי הוּא צִוָּה וְנִבְרָאוּ – want Hy het beveel en hulle is geskape (vers 5). Hulle, die hemelliggame, moet 'n sangstem gee aan alles wat hierdie Naam, Jahwe, aan hulle vertel. Hulle moet dus sing van die skepping deur wie hulle tot 'n bestaan gekom het. Die essensie van "beveel" hier is nie soos 'n bevelvoerder wat sy leërordes opstel nie, maar dat Jahwe aan hulle 'n standvastigheid en stabiliteit gegee het om vir altyd daar te wees. Die mense van die antieke tyd was verstom oor hierdie eienskappe van die heelal te midde van katastrofes; veral die feit dat die aarde wat rus op die waters nooit inmekaar gestort het nie. In Ou Testamentiese denke het die standvastigheid van die hemelruim en die aarde gebeur omdat die hemel en die aarde deur Jahwe self geskape en instand gehou is (vgl. Spreuke 3: 19: "Die Here self het

---

[218] Afrikaanse Bybelvertaling 2020.
[219] In 'n voetnota in die Afrikaanse Bybelvertaling 2020 word die verduideliking by vers 4 gegee: "hemele: Volgens die antieke wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterrehemel en die derde hemel waar God woon."

die aarde gegrondves met wysheid, die hemel gevestig met verstand."[220]). Hierdie onwrikbaarheid van die kosmos word deur vers 6a onderstreep en vers 6b beklemtoon dit nog verder: daar is 'n ordelikheid wat onvernietigbaar is en ewigdurend is. Dit gaan nie hier om onsterflkheid nie, maar om 'n volhoubaarheid en wetmatigheid (Zenger 2011: 637).

Die tweede hoofdeel van die psalm beslaan verse 7-13. Die fokus verskuif nou na die aarde vanwaar die lof aan God moet kom. Die oerwaters het steeds mag wat chaos kan meebring, maar tog word hulle beperk deurdat hulle en die mitiese seemonsters (תַּנִּינִים) daarin die opdrag kry om ook Jahwe te prys.[221] Ook die oerwaters en die seemonsters moet 'n bydrae maak tot Jahwe se skepping. Vers 8 neem dit verder deur aan te dui dat die elemente wat bo die aarde se oerwaters is, ook onderhewig is aan die gesag van Jahwe en eweneens hulle lof aan Jahwe moet bring: vuur (weerlig), hael, sneeu, newels en stormwind. Hierdie neerslae is essensieel vir die bring van lewe op aarde en voldoen so aan die wil van God (עֹשָׂה דְבָרוֹ) (Zenger 2011: 637).

Aandag word nou gevestig op die aarde wat die tuiste is van lewe, die plante en die diere, en weer word dit in woordpare gelys om die totaliteit aan te dui (verse 9 en 10). Berge en heuwels (hoë en massiewe berge en die meer beskeie hoogtes) wat die topografie van die aarde beskryf; vrugtebome (die klassieke trio van die olyf, vy en die druif) en die seder wat die koninklike en goddelike boom was van die Ou Nabye Ooste en hier die wilde plantlewe verteenwoordig; wilde diere en vee (הַחַיָּה וְכָל־בְּהֵמָה), lg. die makgemaakte diere; laastens ook die kruipende en die gevleuelde diere ( רֶמֶשׂ וְצִפּוֹר כָּנָף). Die totale diereryk op aarde word hier betrek en verdeel in soölogiese kategorieë wat herinner aan die spesieverdeling van Genesis 1 (Zenger 2011: 637, 638).

Uiteindelik verskuif die aandag na die mens in verse 11-12 en soos gebruiklik word dit met merismes aangedui. Konings van die aarde en al die volke op die wêreldkaart –

---

[220] Die Afrikaanse Bybelvertaling 2020.
[221] Die werkwoord הַלְלוּ is in die pi'el imperatief manlik meervoud.

die buitelands-politiese bestel; regeerders en regters – die intern-politieke bestel van administrasie en reg; jongmanne en jongmeisies wat alle geslagte insluit; oumense en jongmense wat generasies verteenwoordig. Op hierdie wyse, skryf Zenger (2011: 638), word perspektief gebied op die plasing van lewe in die skepping met betrekking tot orde en voorsienigheid (regeerders en regters) aan die een kant en, aan die ander kant, lewensverhoudings (manne, vroue, oud en jonk) en so word die kosmos georganiseer en alles word opgeroep om Jahwe te prys.

Volgens Zenger eindig die oorspronklike psalm met vers 13 en net soos vers 5 en 6 gee dit die rede waarom Jahwe geloof moet word, naamlik dat Jahwe heers oor hemel en aarde. Vers 13 se "aarde en hemel" (אֶרֶץ וְשָׁמָיִם) is eintlik die spieëlbeeld van die eerste twee hoofdele van Psalm 148 deurdat die eerste deel begin met die hemele en sy onderskeie ruimtes en die tweede deel fokus op die aarde en alles daarop en daarin (op soortgelyke wyse word Gn. 1: 1 en 2: 4b omgeruil). In vers 13 word die hoogtepunt en gevolgtrekking gelyktydig bereik: die wêreld is Jahwe se koninkryk aan wie volgehoue lewe geskenk is. Wanneer die individuele elemente van die hele kosmos hulle taak verrig waarvoor hulle geskape is, is hulle besig om Jahwe, hulle koning, te prys – Jahwe wat God is en buite hierdie wêreld leef, maar tegelyk ook lewe aan die wêreld gee. "The psalm thus presents the world a 'sounding' cosmos." (Zenger 2011: 638).

Die twee dele van verse 1-6 en 7-13 is 'n goed afgeronde himne met 'n effektiewe afsluiting in die klousule van vers 13c. Vers 14 bring 'n nuwe tema na vore wat nie vantevore aangespreek is in die psalm nie, naamlik Jahwe se sorg vir sy volk (Zenger 2011: 635). Tot op hierdie punt (tot vers 13) is die hele skepping beskou as die hele kosmos, maar nou verskyn Israel op die toneel as die volk van die Here en met die metafoor van die bulhorings is dit duidelik dat Jahwe enersyds aan sy mense verlossing gegee het deur sterkte, eer, vreugde, mag, en oorwinning. Andersyds is dit moeilik om te bepaal waaroor dit gaan in die psalm: gaan dit oor post-eksiliese herstel? Die voorafgaande Psalm 146 en 147 en die feit dat Psalm 148:14 redaksioneel is, versterk hierdie moontlikheid. Dit is egter belangrik om nie die voorafgaande in Psalm 148 self te ignoreer nie en in dié verband moet meer klem gelê word op die aspek van eer en (koninklike) waardigheid aan Israel toegeken in die kosmos. Hierdie word die

rede waarom Israel in vers 14bc aangespoor word om Jahwe te prys (Zenger 2011: 638).

Zenger sluit sy behandeling van Psalm 148 af deur kortliks die betekenis van die psalm saam te vat. In hierdie psalm word verskeie magte en kragte, instellings en groepe, diere en mense saamgesnoer om deur die lof wat God beskore is, die chaos te bedwing en die kosmos te laat werk soos wat Jahwe dit beoog het. Om God te eer, bewerkstellig gemeenskap, bevorder harmonie en die vervolmaking van die skepping en die geskiedenis en hiervoor het Israel ‘n besondere roeping (Zenger 2011: 640).

**Opmerkings**

Die woordpaar "hemele en aarde" is ‘n merisme wat wil aandui dat die hele skepping as kosmiese geheel in Psalm 148 betrek word (Zenger 2011: 631). Die digter het met doelgerigtheid seker gemaak dat hy *alles in die kosmos betrek* om deel te wees van die lof aan God. Alles en almal waarvan hy weet in die hemele moet betrokke wees in al die sfere en ruimtes wat volgens sy verstaan die kosmos uitgemaak het. Op soortgelyke wyse word alles en almal op die aarde betrek en aangespoor om eer aan God te bring. Hy sou kennis gedra het van die sistematiese voorstelling van die skepping in Genesis 1 en sodoende het dit ook sy lied beïnvloed. In sy eenvoudige verstaan van die samestelling van die skepping word op berekende manier die orde van die skepping voorgestel deur die netjiese struktuur van die lied. Dit begin by die hemelhof met sy inwoners, dan die hoogste hemele met die hemelliggame en dan die waters net bo die koepel wat die laagste vlak van die hemele verteenwoordig. In die tweede hoofdeel is die beweging omgekeerd – van onder na bo: vanaf die diep waters met hulle inwoners, die elemente wat bo die see teenwoordig is; die geografiese strukture en die plante- en diereryk (wild en getem) daarop. En dan die hoogtepunt: die mens in al sy vorme van status, funksies en sosiale groepe. Met die omvattendheid waarmee die digter alles en almal betrek, skemer ‘n verwondering deur wat alles en almal raaksien en word daar verstaan dat dit alles ‘n funksie het: om God te prys!

Jahwe word as die hemelse koning voorgestel wat omgee vir die aarde as sy koninklike terrein, skryf Zenger (2011: 632). Uit die psalm word dit duidelik dat die digter Jahwe op die mees verhewe en intensiewe manier moontlik wil vereer as skepper en heerser van die ganse skepping (Zenger 2011: 632). Om dit te bereik, word met ontsag

na die ganse kosmos en wêreld gekyk en hulle word opgeroep om hulle eer aan God te bring. Dit is opvallend dat die digter eintlik minimalisties is in die gebruik van werkwoorde tot aansporing om God te eer: slegs die werkwoord "prys" (הָלַל) word 12 keer gebruik en een keer word תְּהִלָּה (loflied, afgelei van הָלַל) in vers 14 gebruik. In sy meegesleur wees oor die skepping sou verwag kon word dat die digter verskeie werkwoorde of uitdrukkings gebruik het om sy lof uit te druk. Byvoorbeeld Ps. 134: 2, שְׂאוּ־יְדֵכֶם (hef op julle hande); Ps. 103: 1, בָּרֲכִי נַפְשִׁי אֶת־יְהוָה (Seën [prys] die Here, my siel!); Ps 63:4 שְׂפָתַי יְשַׁבְּחוּנְךָ (my lippe sal U roem). Kan dit wees dat die digter in sy vervoering en ekstase dit moeilik vind om ander sinonieme uitdrukkings te gebruik wat reg sal laat geskied aan sy verwondering (at a loss for words)?

Zenger (2011: 636) beskryf op gepaste wyse dat die psalm 'n kosmiese koraal laat weerklink vanuit die kosmos wat die hemel en aarde vul. Die psalmdigter moes aangegryp gewees het met die aanskoue van die hemelruim en die res van die skepping en hoedat dit in sy geestesoog daar moes uitsien met die verskillende sfere van die woonplek van die hemelwesens, die ruimte waar die hemelliggame beweeg en die koepel wat die waters in plek moes hou. Gedagtig daaraan dat God daarvoor verantwoordelik is (vers 5), met al die majesteit daarvan, is dit eintlik vanselfsprekend dat die hele hemelruim soos 'n koor daarvan moet getuig. Indien met 'n geloofsblik na die skepping gekyk word en aanvaar word dat God "beveel" het dat dit daar moet wees, kan die emosie van ontsag en bewondering nie vermy word dat die Skepper groots in denke en intensie moet wees nie.

Zenger (2011: 637) vestig die aandag op die ordelikheid, onvernietigbaarheid en ewigdurendheid van die hemelruim soos beskryf in Psalm 148: 6 en word as een van die redes aangegee waarom die verskillende hemelsfere Jahwe moet loof, naamlik "Hy het hulle gevestig vir altyd, vir ewig. Hy het 'n vaste orde bepaal wat nie verbygaan nie." (2020 Afrikaanse vertaling). Die Hebreeuse וַיַּעֲמִידֵם (en Hy het hulle gevestig) is 'n sterk uitdrukking om aan te dui dat Jahwe die hemelse strukture ferm en onwrikbaar in hulle posisies geplaas het.[222] Die ewigdurendheid van die strukture word

[222] Die vertaalmoontlikhede deur Hebreeuse woordeboeke in die hi'fil-vorm van die werkwoord word aangegee as "to set up, erect, to set, to establish, to confirm …. " , Davidson 1992: 602; sien ook "station, set ….", Holladay 1988: 275.

beklemtoon as “vir altyd, vir ewig” (לָעַד לְעוֹלָם). Die onwrikbaarheid en ewigdurendheid van die hemelruim is bevestig as ‘n vaste reëling/orde wat altyd sal voortbestaan (חָק־נָתַן וְלֹא יַעֲבוֹר). Die selfstandige naamwoord חָק word afgelei van die werkwoord חָקַק wat “grafeer” of “uitkap of –beitel” beteken. חָק dui dus op ‘n reël/statuut/bepaling wat onveranderlik is [223]. Ons kry ‘n aanduiding dat die digter diep onder die indruk moes gekom het van die grootsheid, standvastigheid, onveranderlikheid en ewigdurendheid van die hemelruim en dit verwoord het in hierdie vers met woorde en uitdrukkings soos “gevestig, vir altyd en vir ewig, volgens ‘n onveranderlike reël”. Die digter en die mense van sy tyd het nie die wetenskap gehad het om te verklaar wat die ware aard en omvang van die heelal was nie, maar tog het hulle die aanvoeling gehad dat wat bo hulle afspeel iets groots, permanent en onveranderlik is en dit was genoeg om die digter tot met vers 6 tien maal uit te roep: halleluja! Ons weet vandag dat in die ganse heelal die natuurwette en chemiese samestelling van die elemente oral dieselfde en onveranderlik is – wat op aarde yster is, is in die verste uithoeke van die heelal ook yster met die dieselfde atomiese en molekulêre samestelling. Die eienskappe van gravitasie is op die mane van Jupiter en Saturnus dieselfde as op aarde. Dit is goed bekend dat alle sterre aan die beweeg is in alle rigtings teen verstommende snelhede en tog het oor die millennia heen die sterre van die konstellasies, vandat die Babiloniërs dit ongeveer 1370 vC benoem het, se posisies weinig verander vir die menslike oog.[224] Daarom kan tereg die aanname gemaak word dat die strukture in die hemelruim “gevestig [is] vir altyd, vir ewig. Hy het ‘n vaste orde bepaal wat nie verbygaan nie.” (vers 6).

In die tweede hoofdeel (verse 7-13) verskuif die fokus na die aarde (Zenger 2011: 637, 638). Dit is nie net die hemelruim waaroor die digter verwonderd is nie, maar ook die aarde se inhoud gryp hom aan en op sistematiese wyse word alles wat op die planeet is, betrek om God te eer. Die verskrikking wat die see en monsters daarin voorgehou het, was ‘n vorm verwondering al was dit met vrees. Dit is opvallend dat die natuurelemente vuur, hael, sneeu, newels en stormwind aandag verkry van die digter. Is dit die elemente wat hewig kan raak en ontsag ontlok? Zenger (2011: 637) verbind vuur met weerlig en dus donderstorms. Al hierdie elemente reageer op die bevel van

---

[223] Vgl. Davidson 1992: 273 en Holladay 1988: 114.

[224] Vaughn 2018, https://www.space.com/41908-watch-stars-drift-with-mobile-apps.html.

God - עֹשָׂה דְבָרוֹ (vgl. Job 38: 22-30 waar Job herinner word dat hierdie elemente reageer op God se bevele om een of ander doelwit te bereik. Hieroor kan Job verwonderd staan). Uiteraard is ‘n uitdrukking soos “wat sy bevel uitvoer” (vers 8) ‘n personifikasie, maar tog wil die digter daarmee sê dat hierdie elemente ‘n funksie het wat ‘n rol speel in God se bedoeling met die skepping. Dan is dit sekerlik ook geregverdig om te dink aan die belangrikheid van al die wisselwerkinge en interafhanklikheid van sisteme in die ekologie. Die fyninstelling van die natuurwette wat uiteindelik strukture en lewe moontlik gemaak het in die heelal oor miljarde jare heen en die chemiese en strukturele samestelling van ons planeet laat die gelowige toe om tot die betekenisgewende gevolgtrekking te kom dat God dit so wou hê om uiteindelik Homo Sapiens Imago Dei te laat voortkom.[225] In dié verband kan ook kennis geneem word van Van Huyssteen (2010: 143-160) wat uitwei oor die vraag wat die mens uniek sou maak en aanspraak maak daarop dat daar stellig ‘n teologiese verband bestaan met die ontstaan en ontwikkeling van die mens.[226] Saam met hierdie psalm kan ons verwonderd wees dat die elemente deur God ingespan word om die skoonheid van sy skepping gestalte te gee.

Berge en heuwels verkondig die lof van God (vers 9). Wie was nog nie aangegryp met die aanskoue van die majesteit van bergreekse soos dié van die Drakensberge, die

---

[225] Hiermee word nie erkenning gegee daaraan dat die model van Intelligente Ontwerp ‘n aanvaarbare wetenskaplike teorie is nie. Die breë wetenskaplike gemeenskap verwerp Intelligente Ontwerp as onwetenskaplik vanweë gebrekkige uitgangspunte en aannames. Dit moet ook weer eens benadruk word dat dit nie die bedoeling is van hierdie studie om aan die hand te doen dat wetenskap soos ons dit vandag ken die geloofsuitsprake in die Bybel (soos bv. Ps. 148: 8) wetenskaplik korrek bewys nie. Die psalmdigter het die natuurverskynsels se aktiwiteite gesien en vertolk dat dit een of ander rol en funksie vervul en het waarskynlik betekenis gevind daarin dat God dit gebruik om die skepping te laat funksioneer. Met hedendaagse kennis oor evolusionêre ontwikkeling en ekologiese wisselwerkinge kan ons saam met die psalm in geloof bely dat “God se bevele uitgevoer” word of anders gestel dat God se wil met die skepping gerealiseer word. Dit is tog merkwaardig dat met die Israeliete se ontmitologisering van die skepping en hulle uiters beperkte wetenskaplike kennis en die gevolglike teologie daar tog ‘n opvallende verenigbaarheid (“compatiblity”) bestaan met hedendaagse wetenskaplike insig.

[226] Van Huyssteen (2010: 157) kom tot die volgende gevolgtrekking in sy behandeling van die vraag *What makes us human?* : “I have tried to show how already in early hominid evolution – the evolution of some of our most distinctive traits like consciousness, imagination, sexuality, moral awareness, language, and the religious disposition – present us with a robust notion of embodied personhood, *which strongly affirms the emergence of symbolic religious behaviour*. In the final argument I hoped to show how a responsible account of the evolution of consciousness, memory, and imagination makes it possible *to reach deep into theology* and ask the ontological question about the person and identity of Jesus, as well as the moral/ethical question of why we should ‘‘do what Jesus did.’’ (kursivering toegevoeg).

Alpe of selfs die meer beskeie Magaliesberge nie; en die golwende heuwels van die Natalse Middelande en die Long Tom-pas?

Alles in die plante- en diereryk word ingesluit in die bring van lof aan Jahwe. Dit is nie net die groot en indrukwekkende lewensvorme wat die digter se aandag het nie, maar ook die alledaagse soos die makgemaakte vee en die vrugtebome en die “nietige” kruipende lewensvorme verdien bewondering – alles het waarde en alles dra by tot God se lof.

Soortgelyk aan Genesis 1 waar die mens laaste aan die beurt kom in die skeppingsgebeure en as hoogtepunt voorgestel word, gebeur dit ook in Psalm 148. Is die mens veronderstel om die finale stem in hierdie koor te wees wat die volle harmonie laat weerklink? Alle stande, regeerders, regters, die gepeupel, alle geslagte en ouderdomme – almal word ingesluit in die bewondering deur die digter. Die mens in al sy diversiteit en in al sy stande is deel van God se skepping en waardig om Jahwe te besing (Zenger 2011: 638).

Die digter van Psalm 148 is oortuig daarvan dat die hoogste lof aan Jahwe gegee moet word. Alles en almal moet daaraan deelhê: die hemele met sy verskillende sfere, die aarde met sy formasies, die diere en plante in al die vorme van spesies en alle stande en voorkomste van mense. Waarom moet God geprys word? Zenger (2011: 638) voer aan dat die redding wat God vir Israel gebring het na die ballingskap en dat hulle waardigheid weer herstel is, indien Psalms 146 en 147 en die onmiddelike konteks van Psalm 148 self in gedagte gehou word, die motivering bied vir die lof wat die digter oproep. Na my mening blyk dit tog ook dat die skepping se bestaan self en dat God alleen daarvoor verantwoordelik is ‘n belangrike rede is vir lof aan God (verse 5 en 13). Die feit dat die hemelruimtes met hulle inhoud, die aarde met haar inhoud, die verskeidenheid van mense wat opgeroep word, moet ‘n aanduiding wees dat die digter ‘n geweldige bewondering gehad het vir die skouspel van die natuur en die mensdom. Jahwe het hulle gemaak: dit verdien dat hulle in ‘n koraal sal hulde bring. Menige van ons het al beleef om die merkwaardighede van die natuur en wêreld te aanskou – berge, die see, ‘n waterval, die sterrehemel, die nietigheidjies van spinnekoppies so groot soos ‘n speldekop op jou lessenaar, die interessante verskeidenheid van mense in ‘n winkelsentrum of lughawe, die waardigheid en

wysheid van bejaardes, babas wat ‘n mens met deernis vervul – en dan die besef ondervind: julle is die lof van God!

Met die latere toevoeging van vers 14 blyk dat die redaktor vir Israel spesifiek betrek om ‘n besondere roeping te vervul: Jahwe se volk het die taak om God te prys. Zenger (2011: 638) erken die moontlikheid met Psalm 146 en 147 as aanloop dat die lof aan Jahwe moet gebeur omdat daar weer herstel gekom het na die ballingskap.[227] Die latere redaksionele toevoeging van vers 14 versterk hierdie vertolking. In Psalm 147 word die heilsgeskiedenis en die skepping met mekaar verbind: soos wat God die skepping en onderhouding van die natuur onderneem, gebeur dit met Israel ook.[228] Die hele skepping juig daaroor en nou word God se volk bemagtig om dit ook te doen. Soos hierbo aangedui wys Zenger daarop dat die konteks van die psalm self in die twee voorafgaande hoofdele (vers 1-6 en 7-13) nie geïgnoreer moet word nie. Zenger moet hiermee gelyk gegee word. Indien Psalm 148 egter as ‘n selfstandige eenheid gelees word (met inagneming dat die psalm deel is van die psalmgroep 146-150 bekend as die halleluja-liedere vanweë die gereelde gebruik van “halleluja”) sou dit vertolk kan word dat die Here se volk ‘n besondere status toegedig word – hulle moet saam met die skepping die Here prys en die rede daarvoor is tweërlei: God het beveel en die skepping is geskape , vers 5 (כִּי הוּא צִוָּה וְנִבְרָאוּ), en Jahwe alleen se naam en eer is ter sprake, vers 13 (כִּי־נִשְׂגָּב שְׁמוֹ לְבַדּוֹ הוֹדוֹ עַל־אֶרֶץ וְשָׁמָיִם). Die strekking van Psalm 148 as ‘n selfstandige eenheid dui op die lof van die skepping met die hemel en aarde as deelnemers en Juda as besondere deelnemer (solis?). Die punt van die argument in die konteks van hierdie studie is dat hierdie psalm die hele skepping oproep om God te prys – of dit nou weens die heilsgeskiedenis is of net omdat Jahwe die skepper is. Die skepping in al sy manifestasies (menslik en niemenslik) is wonderbaarlik en moet getuig van God se majesteit.

Die psalmdigter moes hierdie verskynsels van die geskapenheid as wonderbaarlik geag het om hulle te betrek in die koor van lof. Hierdie verskynsels spreek van die

[227] Zenger verwys na Clifford, R.J., 2003, *Psalms 73-150*, Abingdon Old Testament Commentaries, Abingdon Press, Nashville.
[228] Jasper Burden se kommentaar op Psalm 147 in *Die Bybel in praktyk*, 1993.

grootsheid van God – dit is ‘n getuienis oor God en dit behels verwondering by die mens oor die geskapenheid om dit te kan herken, glo en verwoord.

---

**Psalm 148: Kommentaar deur Leslie C. Allen (1983)**

Allen heg baie waarde daaraan dat *alles en almal* die lof aan God moet bring – die mens alleen is nie genoeg nie. Hy skryf dat hierdie lied retoriese oproepe bevat wat tot die skepping gerig is om God te prys en is daarom ‘n uitdrukking van die lofwaardigheid van Jahwe en dat God se volk as’t ware helpers nodig het in hulle lof aan God. Die mens se lof is eintlik onvoldoende en is nie opgewasse teen God se werk en status nie. Allen (1983: 316) skryf:

> Only with the concerted voices of all his creatures can significant attempt be made to reflect his majesty to him. The exuberant word כָּל “all” rings out in a striving for totality of praise. The enumeration of elements is also a poetic means of manifesting indebtedness to him for the range of his creation, and itemizing his glory that fills the earth (Isa 6:3). The calls to praise thus serve also to express praise.

Afgesien van die hemelkoor wat lof moet bring word die lewelose komponente, die hemelse waters en die hemelliggame op metaforiese wyse gepersonifieer om agente van lof te wees. Hulle word almal uitgedaag om Jahwe te prys omdat hulle geskep is (וְנִבְרָאוּ , vers 6); omdat hulle instand gehou word (וַיַּעֲמִידֵם לָעַד לְעוֹלָם , vers 6) en omdat hulle spesifieke rolle toegewys is. Alles vertel iets van die heerlikheid van God en verkondig die handewerk van God. Soos wat die uitstekende werk van ‘n nutsman iets weerspieël van sy vernuf en eintlik ‘n getuienis is van sy vermoë, so is dit ook die doel van die skepping om iets van God se mag te weerspieël. Wanneer die hemelliggame hulle toegewese funksies uitvoer, is hulle inderdaad welsprekende getuies van God se selfopenbaring. Die natuur met sy wilde en ontembare kragte is God se instrumente om sy wil uit te voer en kommunikeer God se transendensie. Die ruwe landskappe, die bome en selfs die laer ordes van dierespesies getuig van die

kunstigheid van die landskap en die fyn besonderhede waarmee die goddelike argitek te werk gegaan het (Allen 1983: 316).

Wanneer die digter by die mens kom, word die sirkel voltooi wat begin het met die engele wat in vers 2 opgeroep word tot lof. Almal word opgeroep, van die groot sektore van die mensdom met hulle leiers tot die kleiner groeperinge van geslag en ouderdom om elk op hulle besondere wyse hulle lof te bring. Vers 13 gee die motief: Jahwe se unieke heerskappy wat strek oor die aarde en die hemel en enige mag wat hierdie sfere mag besit, is deur God toegewys. Israel, die verteenwoordigers van God op aarde, het die besondere posisie en taak om die grootsheid van God te weerspieël en God bemagtig hulle daartoe noudat hulle herstel is en weer naby aan God leef (Allen 1983: 316, 317).

**Opmerkings**

Die digter het dit hom ten doel gestel om Jahwe te eer met die hoogste moontlike lofuitinge en moontlik besef dat sy eie poging eintlik te gering is om reg te laat geskied daaraan. In Allen (1983: 316) se woorde: “Only with the concerted voices of all his creatures can significant attempt be made to reflect his majesty to him. The exuberant word כָּל “all” rings out in a striving for totality of praise”. Die digter betrek die skepping daarby in al sy manifestasies en gee daarmee erkenning dat al die skeppingsvorme uitsonderlik en waardig is om deel te wees van die lof aan God. Geeneen se stem is te ontoereikend om reg te laat geskied aan die harmonie en veelvuldigheid van die skepping nie. Die verskillende hemelsfere is groots en ewigdurend. Die land en see met al sy diere en plante is talryk en verteenwoordig oorvloedige verskeidenheid. Mense leef in verskeidenheid van stande en rolle, ouderdomme en geslag – alles uitinge van verskeidenheid en dit maak die skepping en die wêreld kleurryk en interessant. Dié wat in ‘n besondere geloofsverhouding met die Here staan, kry die besondere taak en word daartoe bemagtig om ook hulle lof aan God te bring. Of dit nou oor hulle verlossing is of om saam met die skepping te juig oor God omdat hulle deel is van die grootsheid daarvan maak weinig verskil; alles en almal is deel daarvan en het rede om God te eer. Hiervoor blyk die digter groot bewondering te hê.

**Psalm 148: Kommentaar deur A.A. Anderson (1981)**

Wat opval in Anderson se uitleg van Psalm 148 is die funksie van die natuurelemente, die onwrikbaarheid van die heelal en die getuienis wat die skepping bied ten opsigte van Jahwe se mag en eer.

In sy kommentaar op die psalm skryf Anderson (1981: 948, 949): "…. This extended call to praise Yahweh is in itself an implicit glorification of him, for every enumeration of creatures and created things displays the unsurpassable majesty of his creator." Verse 1-6 is gerig tot die hemelse wêreld, terwyl verse 7-14a die aardse kreature, geskapenhede en meteorologiese verskynsels oproep om hulle Skepper groot te maak (Anderson 1981: 948, 949).

In vers 6 kan חָק soms "grens" beteken, maar dui gewoonlik op "statuut, verordening". Moontlik het die psalmis hier die onveranderlike wet in gedagte gehad wat nie deur die wêreld verbreek kan word nie. Die vuur (אֵשׁ) waarna verwys word in vers 8 verteenwoordig weerlig wat dikwels gepaard gaan met hael (בָּרָד). Dit mag vreemd voorkom dat die verskeie metereologiese fenomene voorgestel word dat hulle God prys, maar dit is waarskynlik nie te veel van 'n rasionalisering om te sê dat die skepsel of geskape verskynsels die hoogste lof aan die Skepper bied wanneer hulle die taak verrig waarvoor hulle geskep is nie soos wat geïmpliseer word in vers 8b: "wat sy bevel uitvoer", עֹשָׂה דְבָרוֹ (Anderson 1981:950).

Berge en heuwels (vers 9) verteenwoordig die hele aarde; vrugtebome en seders die hele planteryk. Wilde diere en die makgemaakte diere verteenwoordig die hele diereryk; daar is die kruipende goed soos reptiele, wurms en insekte en dan ook die vlieënde voëls (vers 10). Die lys van geskapenhede en wesens bereik sy hoogtepunt deur die vermelding van die mensdom wat die kroon van die skepping is (vgl. Ps. 8: 6). Alle mense ongeag hulle status, ouderdom of geslag word opgeroep om lof aan God te bring.

Wanneer die digter in vers 13 sê: “want sy Naam alleen is hoog verhewe” ( כִּי־נִשְׂגָּב שְׁמוֹ לְבַדּוֹ) wil hy eintlik bely dat Jahwe en sy dade sonder gelyke is, want slegs Jahwe kan die skeppingswoord uiter (vgl. Jes. 44: 24) en die heelal onderhou soos dit blyk dat sy heerlikheid oor עַל־אֶרֶץ וְשָׁמָיִם, oor die *hele* aarde en hemel strek – alles word ingesluit (Anderson 1981: 951).

**Opmerkings**

Anderson (1981: 950) verwys kortliks na die statuut of verordening (חָק) in vers 6 wat nie verbygaan nie (וְלֹא יַעֲבוֹר). In die bespreking van Zenger (2011) se uitleg van die psalm word meer breedvoerig verwys na die onveranderlikheid van die natuurwette en hoedat die digter moes waargeneem het dat die stand van die sterre so onveranderlik lyk. Dit moes ‘n diep indruk gemaak het op hom en sy tydgenote dat die sterreruim vir baie jare dieselfde bly. Hierdeur sou ‘n bewussyn moes ontstaan het dat die hemelruim ‘n stabiliteit vertoon wat iets van God se standvastigheid getuig. Soveel verskynsels in die natuur verander of gaan tot niet (plante, diere, waterbronne); selfs menslike strukture en instellings (stede en koninkryke) verander of kom tot ‘n einde, maar die sterrehemel bly vir altyd en ewig volgens Jahwe se wette wat nie verby sal gaan nie (vers 6). Wie van ons word nie aangegryp deur die wete dat die Melkweg ongeveer 13.6 miljard ± 800 miljoen jaar oud is nie[229] en ongeveer 250 miljoen jaar neem om een keer om sy middelpunt te draai nie?[230] Vir die menslike ervaring is dit vir altyd, vir ewig.

Anderson (1981: 950) skryf dat dit nie te vergesog is om te redeneer dat die digter van Psalm 148, met die vermelding van die metereologiese verskynsels, eintlik ook wil aandui dat hulle God prys wanneer hierdie elemente hulle taak verrig soos wat geïmpliseer word in vers 8b: “wat sy bevel uitvoer”, עֹשָׂה דְבָרוֹ. Die psalmis het nie die wetenskaplike verklaring gehad waarvandaan die natuurlelemente gekom het en watter natuurwette ‘n rol gespeel het om weerlig, reën, sneeu en hael te vorm nie. Tog wil dit voorkom dat hy aangegryp was met die aanskoue van die verskillende elemente hoedat dit bepaalde funksies vervul het in die ekologie. Hy sou aangegryp gewees het

[229] Pasquini & Galli, 2004, https://www.eso.org/public/news/eso0425/
[230] Dobrijevic, Pultarova, 2022, https://www.space.com/19915-milky-way-galaxy.html

deur die krag daarvan en wanneer dit in oormaat gebeur wat moontlike natuurrampe veroorsaak, sou dit vrees ingeboesem het. Dit is nie anders met die moderne leser nie. Dit is ook merkwaardig dat die digter, wanneer hy besef dat die natuurelemente in hulle voorkomste ‘n rol te speel het in die ekologie,  hulle eintlik besig is om “God se opdrag” uit te voer en dit die elemente se lof aan die Skepper is. Dit het vir die psalmis betekenis.

Anderson (1981: 951) wys uit dat die digter die skepping slegs breedweg in hoofkategorieë beskryf. Die digter wil met die lied ekonomies te werk gaan en nie te veel uitwei oor so baie natuurverskynsels nie – nie soos wat Psalm 104 doen nie. Deur slegs hoofkategorieë uit wys soos die landskap, see- en landdiere, kruipende en vlieënde diere, poog die digter om allesomvattend te wees en beskou alles as wonderlik en waardig om by te dra tot die lof aan God. Dit is besonder dat die digter ook die geringstes en onaansienlikes (by sommiges dalk ‘n wanpersepsie) insluit by sy lofkoor. Die woord vir kruipende diere (רֶמֶשׂ) word gebruik om klein diertjies en reptiele aan te dui [231]. Moontlik het die digter ook die  kruipendes se waarde in die ekologie besef al het hy dit nie wetenskaplik kon beskryf nie. Dit is dus vandag gepas en begryplik dat in die biologie spesialisasievelde bestaan soos entomologie en herpetologie wat dit die moeite werd ag om hierdie “geringes” te bestudeer en hulle ekologiese waarde te erken.  Vanuit ‘n geloofsblik is hulle net so deel van die koor wat God se lof besing.

Die digter is in vervoering oor die grootsheid van die skepping, maar hy vergeet nie van die mens nie. Hulle word laaste genoem in sy lied om daarmee aan te dui dat die mens (wat skaars minder as goddelik is, P.8: 6) ook wonderbaarlik is en deel is van die lofkoor (Anderson 1981: 951). Eintlik is die mens se bydrae onontbeerlik om die volledige harmonie te bewerkstellig. Die mens is kleurryk in die mosïek van sy verskeidenheid van status, geslag en ouderdom en ook deel van die hele skepping wat bewondering verdien soos die res van die skepping. Daar word met waardering gekyk na die mensdom en gesuggereer dat die kosmos, die aarde en alles daarop – van mens tot dier en plant – wonderbaarlik  gemaak is en getuig van God se eer as skepper van dit alles.

[231] Holladay 1988: 341 en Davidson 1992: 685.

Uiteraard is die hele Psalm 148 ook ‘n geloofsbelydenis wanneer die digter in verse 5 en 6 bely dat God verantwoordelik is vir die skepping. Die hele skepping moet Jahwe loof omdat die skepping wonderlik en majestueus is en omdat God dit geskep het. Vers 13 vat die hele voorafgaande psalm saam: alles is groots en getuig van God se heerlikheid en niemand anders is daarvoor verantwoordelik nie. Die Hebreeus gebruik die uitdrukking (לְבַדּוֹ) wat letterlik vertaal sou kon word as “in sy allenigheid” of “Hy alleen.[232] In die konteks van hierdie skeppingspsalm word dus benadruk dat die skepping sy ontstaan slegs aan Jahwe te danke het en daarom is Jahwe se Naam groot oor die hele aarde en hemel, dit wil sê die hele kosmos. Kan die strekking van die psalm ook verstaan word dat, *omdat alles so wonderbaarlik is*, getuig dit daarvan van dat God die Alleen-skepper (slegs God) is? Sonder Jahwe is die prentjie onvolledig. Edward Milne, Britse astrofiskus en wiskundige het ‘n verhandeling geskryf oor Albert Einstein se relatiwiteitsteorie en in sy gevolgtrekking die volgende geskryf: “*As to the first cause of the Universe, in the context of expansion, that is left for the reader to insert, but our picture is incomplete without Him.”*[233]

In hierdie hoofstuk is Psalm 8, 19 en 148 verken om uitsprake en gedagtes daarin te identifiseer waarin verwondering uitgespreek word deur die digters oor aspekte van die skepping. Oor hierdie aspekte en die kommentaar gebied deur eksegete is ook eie besinning gedoen en hieroor sal in die volgende hoofstuk ‘n samehangende ordening gedoen word oor die verwondering wat beleef kan word in hierdie psalms.

[232] Holladay 1988: 33, vertaal dieselfde woord in die eerste persoon enkelvoud as “in my solitude = I alone ”.
[233] Aangehaal deur Robert Jastrow in die Amerikaanse dagblad *The New York Times*, 1978, https://www.nytimes.com/1978/06/25/archives/have-astronomers-found-god-theologians-are-delighted-that-the.html

# Hoofstuk 7

## Waaroor verwonder word in Psalms 8, 19: 2 – 7 en 148

Daar is ‘n aantal psalms in die psalmbundel waarin nagedink word oor die skepping en wat die betekenis daarvan is ten opsigte van ons verstaan van God, die mens en die skepping self. In hoofstuk 6 is slegs Psalms 8, 19 en 148 gekies omdat hulle so onverbloemd God eer vanuit ‘n skeppingsperspektief. Psalm 8: 4: “Wanneer ek na u hemelruim kyk…”; Psalm 19: 1: “Die hemelruim verkondig die eer van God…”; Psalm 148: “Halleluja! Loof die Here uit die hemel; loof Hom uit die hoogtes!”. Hierdie psalms is kort lofliedere wat geskik geag is ter wille van die oogmerk van hierdie studie, naamlik om na te dink oor verwondering soos ons dit kan ervaar vanuit die Skriftuur en natuur. Die bondigheid van hierdie psalms maak dit geskik om te besin oor meer as een psalm en ook insigte te verkry by verskillende eksegete oor elkeen van hierdie psalms. Hier word gepoog om aspekte in die betrokke psalms te identifiseer wat die aandag vestig op die ervaring van verwondering en die leser uiteindelik te lei en aan te moedig om ‘n spiritualiteit van verwondering en nederigheid te inkorporeer in die gelowige se totale geloofsbelewing. In hierdie poging word ook nadenke en insigte betrek vanuit bronne buite die Skrif wat die nadenke verder verryk.

Uit die lees van die genoemde psalms en verwante literatuur sal daar in hierdie hoofstuk die volgende sake bespreek word:

- 7.1 Verwondering oor die skepping
    - 7.1.1 Die hemelruim
    - 7.1.2 Die aarde
    - 7.1.3 Die mens
- 7.2 Verwondering oor God

Wanneer bogenoemde sake bespreek sal word, sal telkens beskryf word hoe verwondering in die psalm verwoord is en deur die gelowige vandag beleef kan word.

## 7.1 Hierdie psalms is verwonderd oor die skepping

### 7.1.1 Die hemelruim

#### 7.1.1.1 Omvang

In aldrie die psalms onder bespreking is die hemelruim die hoofkarakter wanneer die digters reflekteer oor die skepping en dit is onafwendbaar dat wanneer na die hemelruim gekyk en nagedink word, die toeskouer diep onder die indruk kom van die omvang van die heelal. Die digter is vervul met ontsag "wanneer ek na u hemelruim kyk [ ] … wat is 'n mens dat U aan hom dink, die mensekind dat U aan hom aandag skenk?" (Ps 8:4, 5). Anderson wys op die moontlikheid dat Psalm 8 gekoppel kan word aan die Fees van die Tabernakel en saans gesing is (Anderson 1981: 100). Die digter moes die nagtelike hemel saans gesien het en verbysterd gewees het oor die skouspel in die lug. Wanneer ons vandag na die naghemel kyk, kan ons dit met groter perspektief beskou. Die wetenskap kan dikwels met sekerheid bepaal hoe ver hemelliggame van die aarde af is. In hoofstuk 6, p. 247 van hierdie studie is verwys na ons naaste buurster, Proxima Centauri wat deel is van Alfa Centauri, 'n groep bestaande uit drie sterre en is 4.3 ligjare van ons af – 'n onbenullige afstand in kosmologiese terme. Tog sal dit 'n passasierstraler teen 'n gemiddelde spoed van 800 km/u, 5 805 000 jaar neem om Proxima Centauri te bereik (dit is bereken teen die ligspoed van 300 000 km/s). Ons bevind ons in die Melkweg, ons sterrestelsel, en is 100 000 ligjare breed. Andromeda, ons naaste buurgalaksie is 2.4 miljoen ligjare ver van ons af. Volgens skatting is daar deur verbeterde tegnologie en modelle ongeveer twee triljoen galaksies in die heelal. Psalm 8: 2 se "U wat u luister bo die hemelruim vestig!" kry 'n besondere perspektief.

Psalm 19 is 'n loflied wat God wil besing deur beide die majesteit van die hemelruim (meer spesifiek die son) en die goedheid van God soos verwoord in die Tora. Van Uchelen (1986: 130) wys daarop dat die Tora nie bloot maar woorde is nie, maar dat dit eintlik God self aandui. In beide die natuur (in dié geval die hemelruim) en die wil van God (God self) word iets van grootsheid, goedheid en majesteit ervaar. Die strekking van die psalm herinner aan Immanuel Kant wat geskryf het:

> Two things fill the mind with ever new and increasing admiration and awe, the oftener and the more steadily we reflect on them: the starry heavens above and the moral law within.[234]

Op dieselfde wyse wat Psalm 19 doen, reflekteer Kant oor die sterreruim bo hom en die moraliteit binne hom – beide aspekte laat die mens met verwondering oor die wonderbaarlikheid van albei en die psalm verbind dit met God. Wanneer die digter die belydenisse oor die hemelruim en die wet maak, kan die ontsag en waardering vir skepping en God gehoor word in sy taal: dit getuig van *God se eer* (כְּבוֹד־אֵל, vers 2) en God se *wet is volmaak* (תּוֹרַת יְהוָה תְּמִימָה, vers 8).

Oor Ps. 19: 3 skryf Van Uchelen (1986: 131): "het gaat om een ononderbroken stroom van sprake." Hy verwys na die boodskap wat dag na dag (יוֹם לְיוֹם) en nag na nag (וְלַיְלָה לְּלַיְלָה) vanuit die hemelruim voortstroom en kennis meedeel. Dit is pragtige beeldspraak waarmee die digter die nimmereindigende voortstuwing van die kosmos se boodskap beskryf. Dit moes hom aangegryp het dat die grootse skouspel bo hom vir eons dit bly doen het sonder dat dit ooit ophou. Die Afrikaanse Bybelvertaling (2020) vertaal dit slegs as "bring dit 'n boodskap voort", maar die Hebreeuse werkwoord יַבִּיעַ (werkwoordstam נָבַע) beteken om te borrel, vloei of stroom.[235] Die psalmis sien hier in sy geestesoog 'n borrelende fontein of stromende rivier – die Melkweg gee inderdaad die indruk van 'n stroom. Vantevore is in hierdie studie verwys na die enorme hoeveelheid sterre en galaksies in die kosmos. Uiteraard sou die digter nie alles kon sien nie – slegs dit wat sigbaar is vir die blote oog (dit is vandag ook vir ons die geval). In die antieke tyd sou die digter nie, soos in die 21e eeu, die mate van lig- en lugbesoedeling ervaar het nie, maar indien ons vandag na 'n plek sou gaan waar sodanige besoedeling tot die minimum beperk is, sal ons waarskynlik dieselfde sien as wat die digter gesien het. Met die blote oog kan ons vandag 9910 sterre sien.[236]

---

[234] Kant 1781: 82, Kritik der reinen Vernunft. Erste Fassung 1781, vertaal deur T.K. Abbot as The critique of practical reason.

[235] Holladay 1988: 225.

[236] Die sterrekundiges, Dorrit Hoffleit en W.H, Warren Jr. het by die Yale Universiteit 'n katalogus opgestel van al die sigbaar-met-blote-oog sterre in beide die noordelike en suidelike halfrond met 'n magnitude van 6.5 en minder. Dit staan bekend as die Yale Bright Star Catalogue, 5th Revised Edition, 1991. Hierdie katalogus word wyd in astronomiese studies gebruik as verwysingsbron. In die suidelike halfrond het ons egter die voordeel dat ons in verhouding meer sterre kan sien omdat die aarde se suidpool na die sentrum van die Melkweg geöriënteer is.

Die “stroom” van die Melkweg wat dag en nag voortborrel, verwoord oorvloed en gee op gepaste wyse uiting aan die digter se verwondering oor die skouspel en uitdrukking aan sy verering van Jahwe.

Die luister van die hemelruim en Jahwe (soos geopenbaar deur sy wet in Psalm 19) word duidelik gemaak deur die asindetiese vergelyking van die twee aspekte en in die proses word iets van die skoonheid en majesteit van beide oorgedra (vgl. Van Uchelen 1986: 130). In die gemoed van die leser word die stelling “die hemelruim verkondig die eer van God’’ (Ps. 19: 2) ‘n uitdrukking van ontsag en verstomming. In vers 8 word die saak van die heelal en die glorie van God wat dit illustreer verder geneem deur te bely: “Die wet van die Here is volmaak: …. dit gee wysheid aan die onkundiges.” Die Skepper van die heelal maak sy wil (‘n getuienis van God se eer) bekend aan die mens. Daar is ‘n boodskap en wysheid te vinde in beide wat mekaar aanvul. Hierdie sentiment word ook gevind by die Romeinse digter en satirikus, Juvenalis (eerste eeu na Christus) wat skryf: “Never does nature say one thing and wisdom another.”[237] Kontemporêre opmerkings gemaak deur Vader George Coyne, sterrekundige en voormalige direkteur van die Vatikaanse Sterrewag, weerspieël ook iets van die kennis wat die hemelruim meedeel aan die mens en dat dit ons by God kan bring:

> If I have a fundamental belief that the universe is created by God, then I also come to the belief that that universe reflects God, it gives me some knowledge of Him. Obviously, therefore, the more I know of what the universe is, the more enriched my limited knowledge of God is.[238]

En ook:

> The nature of God is something that is of serious interest to believers, to theologians, and to philosophers. And yet we can’t come to the nature of God, unless we also have some knowledge of the nature of the universe as having come from God. [239]

[237] Juvenal, *ca*. 100-127, *Satires, satire XIV, No teaching like that of example*, vertaal deur G.G. Ramsay, p. 12. In hierdie gedeelte skryf Juvenalis oor die waarde van goeie ouerlike voorbeeld in die opvoeding van kinders. Hy gebruik as voorbeelde uit die natuur hoedat voëls hulle kuikens leer hoe om self eendag ‘n goeie lewensbestaan te kan maak. In dié verband leer die natuur ons waardevolle lesse om wys te lewe.

[238] Uit ‘n transkripsie van ‘n TV-onderhoud op die Amerikaanse opvoedkundige televisienetwerk *Public Broadcasting Service, Faith and Reason* met George Coyne deur Margaret Wertheim.

[239] Ibid.

Die psalmis aanskou die hemelruim en is vervul met diepe ontsag en dink daaroor na en raak verder verwonderd daaroor dat die magtige Skepper verder bekend word deur sy wet.

Psalm 19 is ryk aan beelde wat die omvang van die hemelruim uitdruk. Vers 5 beskryf dat God ‘n tent vir die son opgeslaan het in die hemel. Van Uchelen (1986: 132) noem dit ‘n nagtelike standplaas of verblyfplek. In die digter se verbeelding moes hierdie “tent” ‘n enorme struktuur gewees het waarin die son gehuisves kon word gedagtig daaraan dat die hemelruim as ‘n reuse koepel beskou is. Dit is ‘n gebruik by mense om dinge wat waargeneem en beleef word en wat groots van aard is op kleurryke en soms oordrewe wyse te beskryf. Dit is gepas dat dit gedoen word – dit gee uitdrukking aan ekstase. Dit word ‘n geleentheid om op kunstige wyse inhoud te gee aan die gevoelservaring teenoor die andersins kliniese en akademiese beskrywings wat deur die wetenskap gebruik word. In die sterrekunde hou wetenskaplikes daarvan om aan skouspelagtige verskynsels in die heelal verbeeldingryke name te gee om iets van hulle verwondering te verwoord en assosiasies te maak met bekende verskynsels in ons ervaringswêreld. ‘n Pragtige voorbeeld hiervan is die Carina-newel wat een van die eerste beelde was wat ontvang is van die James Webb Ruimteteleskoop. In hoofstuk 6, p. 268 is verwys na die Carina-newel wat 7500 ligjare ver is vanaf die aarde en strek  oor meer as 300 ligjare.[240] Die gedeelte aan ons vertoon, wys slegs die rand van die groter newel met “pieke” wat sewe ligjare lank strek.[241] Die “landskap” wat in die besonder gedetaileerde beeld vertoon word bied inderdaad die gevoel van berge, kranse en pieke wat sterrekundiges die beskrywende naam “Cosmic Cliffs” daaraan laat gee het in plaas van ‘n andersins kliniese identifikasie van NGC 3324 wat deur die Internasionale Sterrekundige Unie toegeken word. Die psalmdigter sien die hemelruim as ‘n tent; vir 21e eeuse sterrekundiges is NGC 3324 die “Cosmic Cliffs” wat uitdrukking gee aan die verrukking oor die skouspel wat waargeneem word.

[240] Volgens NASA, https://apod.nasa.gov/apod/ap070425.html
[241] NASA, https://www.nasa.gov/image-feature/goddard/2022/nasa-s-webb-reveals-cosmic-cliffs-glittering-landscape-of-star-birth



Die Carina-newel waargeneem deur die James Webb Ruimteteleskoop. Perspektief word gekry wanneer in aanmerking geneem word dat die helder sterre met sespuntige strale in die voorgrond waarskynlik so groot soos ons son is. (Afdruk met vergunning van NASA en die Space Telescope Science Institute, https://webbtelescope.org/copyright

Oor Psalm 19 skryf Mays (1994: 97): "The sum of the psalm can be stated quite simply. The world witnesses to God. The creation manifests the glory of its creator". Deur personifikasie van die hemelliggame word hulle die getuies wat God se majesteit verkondig ( מְסַפְּרִים , vers 1): die handewerk staan daar vir almal om te sien en "hoor". Sterrekundiges is vandag dikwels stomgeslaan oor die skoonheid en omvang van die kosmos met al die hemelliggame en gebeure daarin. Die niegelowige sien dit as kunswerke; vir die gelowige is dit kunswerke van God. Op stil, maar impakvolle wyse word die boodskap van God se grootsheid uitgedra. In die antieke tyd het mense (en dus ook die psalmdigter) nie die volle omvang besef van wat hulle aanskou het nie. Jupiter was wel 'n planeet wat beweeg het en dit kon waargeneem word, maar van sy kleurvolheid en grootte was daar geen begrip nie. Min het hulle geweet dat 1.3 miljoen aardes in die son sal pas.[242] Nog minder het hulle geweet van die grootste ster wat

[242] NASA, https://solarsystem.nasa.gov/solar-system/sun/overview/#:~:text=The%20Sun's%20volume%20would%20need%201.3%20million%20Earths%20to%20fill%20it.

nog ontdek is, naamlik UY Scuti, wat ongeveer 1700 groter is as die son en waarin byna 5 miljard sonne sal pas.[243] (sien hoofstuk 6, p. 276). Met hedendaagse kennis van die heelal kan daar met groter insig en ontsag saamgesing word met Psalm 19 en is dit geregverdig om weer eens saam met die grootse werk van Haydn se skeppingsoratorium uit die mond van Uriel en die koor te sing:

**URIEL**

In brightest splendour
rises now the sun, and darts his rays;
an eager, joyful bridegroom,
a giant glad and proud
to run his measured course.
With gentle steps and softer silv'ry beams
steals the moon through still and silent night.
The boundless span of heaven's vault
is now adorn'd with numberless golden stars,
and the sons of God announced the fourth day thus,
in song divine,
with joy proclaiming his might:

**Trio and chorus**
**CHORUS**

The heavens are telling the glory of God.
The firmament displays the wonder of his works.[244]

Psalm 148 laat 'n kosmiese koraal weerklink vanuit die kosmos wat hemel en aarde vul, skryf Zenger (2011: 636). In die psalmdigter en sy tydgenote se kosmologiese begrip van verskillende sfere soos 'n woonplek vir hemelwesens, die ruimte waar hemelliggame beweeg en die koepel waar die waters van die hemel in plek gehou moes word, moes hulle aangegryp gewees het met die aanskoue daarvan. God is

[243] Tillman en Stein: 2022, https://www.space.com/41290-biggest-star.html
[244] Haydn: 1798, *The Creation*, teks gebruik deur die Melbourne Symphony Orchestra, 2017.

verantwoordelik vir hierdie majesteit (Ps. 148: 5) en dan is dit vanselfsprekend dat die hele hemelruim soos ‘n koor daarvan moet getuig.

**7.1.1.2 Onwrikbaarheid en skoonheid**

In Psalm 8: 3 skryf die digter dat God se “mag gevestig” word (יִסַּדְתָּ עֹז) om die teenstanders stil te maak en in die konteks van die psalm en Israel se skeppingsbegrip, verwys die teenstanders na die chaosmagte wat deur God oorwin is tydens die skeppingsgebeure (Anderson 1981: 102). Anderson beskou dit as ‘n moontlike poëtiese beskrywing van die hemelruim. Die term עֹז , sterkte, is 'n kragtige manier om iets van die magtige hemelruim uit beeld. Die hemelkoepel is beskou as ‘n onwrikbare struktuur wat deel uitgemaak het van die proses om die vyandelike chaosmagte onder beheer te bring (vgl.die onwrikbaarheid van die רָקִיעַ , in Gn. 1: 6, die gesmede koepel) – hieroor is die digter vervul met ontsag.

Die psalmdigter beskryf in Psalm 19: 5 dat die boodskap van die hemelruim oor die hele aarde uitgaan tot aan die einde van die wêreld, maar dat hierdie boodskap in hulle *lyn* (קַוָּם ) beweeg. Hierdie lyn sou ook ‘maatlyn/maatstaf’ kon beteken.[245] Van Uchelen praat van ‘n “meetsnoer” (Van Uchelen 1986: 131). Het die digter moontlik snags die Melkweg gesien as “lyn” (‘n afgemete standaardlyn?) in die naghemel wat konstant elke nag beweeg van sonsondergang tot sonsopkoms en hom verwonderd gelaat het oor die konstantheid daarvan? Die standvastigheid van die kosmos is gerusstellend vir die mens se gemoed en dit spreek iets van die onderwerping van die chaos deur God se skeppingsdaad – dit getuig iets van God se heerskappy en majesteit. Die sterrekundige, Jennifer Wiseman, verwoord op soortgelyke wyse iets van die onwrikbaarheid en stabiliteit van die kosmos wat iets van God weerspieël:

> I see also a sense of love and faithfulness (van God) that is embodied in the universe in that we have provision for stable life here. At least here. There may be many other places where there is provision for stable life but

---

[245] Vgl. ook Jesaja 28:10 waar die vertaalmoontlikheid ook aangebied word as “rule, direction” deur B. Davidson 1992: 656. In die *New Revised Standard Version, Anglicised* vertaling word Jes. 28: 10 se קַו vertaal met “line” wat verband hou met die gepaardgaande selfstandige naamwoord צַו wat vertaal word met “precept”, d.i. ‘grondreël’.

we know at least it exists, at least here. *We also know that the physical forces that we depend on are reliable. We have gravity that's stable today and tomorrow. We have time that appears to be going (at least what our experience is) in one direction so that we don't have cause and effect suddenly turning back on each other all the time. We have a sense of faithfulness that is in line with the description that we have of God in the scripture* (kursivering toegevoeg).[246]

Zenger (2011: 637) verwys daarna dat die mens van die antieke tyd verstom was oor die eienskappe van die heelal te midde van katastrofes, vernaamlik die feit dat die aarde op die waters rus en nooit inmekaar getuimel het nie. Hierdie standvastigheid van die hemelruim en die aarde gebeur omdat Jahwe self die hemel en die aarde geskape het en in stand hou. Psalm 148: 6 voer een van die redes aan waarom die hemele Jahwe moet loof: "Hy het hulle gevestig vir altyd, vir ewig. Hy het 'n vaste orde bepaal wat nie verbygaan nie." Die Hebreeuse וַיַּעֲמִידֵם (en Hy het hulle gevestig) druk op 'n kragtige wyse uit om aan te dui dat die Here die hemelse strukture ferm en onwrikbaar in hulle posisies geplaas het.[247] Die ewigdurendheid van die strukture word beklemtoon as "vir altyd, vir ewig" (לָעַד לְעוֹלָם). Die hemelruim word bevestig as onwrikbaar en ewigdurend en as 'n vaste reëling/orde (חָק־נָתַן וְלֹא יַעֲבוֹר).

Die onwrikbaarheid en ewigdurendheid van die hemelruim is bevestig as 'n vaste reëling/orde wat altyd sal voortbestaan. Die selfstandige naamwoord חָק word afgelei van die werkwoord חָקַק en wat vertaal word as "grafeer" of "uitkap of –beitel". חָק dui dus op 'n reël/statuut/bepaling wat onveranderlik is.[248] Die digter moes diep onder die indruk gekom het van die hemelruim se standvastigheid, grootsheid, onveranderlikheid en ewigdurendheid en het dit in Psalm 148: 6 verwoord met uitdrukkings soos "gevestig, vir altyd en vir ewig, volgens'n onveranderlike reël". In die tyd van die digter was die wetenskap nie bekend om te verklaar wat die ware aard en omvang van die heelal was nie, maar tog was daar die aanvoeling dat wat bo hulle

---

246 Uit 'n TV-onderhoud met Jennifer Wiseman op *Test of Faith*, op die vraag: "When you look at the universe can you see anything of the characteristics of God there?" (2), http://www.testoffaith.com/resources/resource.aspx?id=488

247 Die vertaalmoontlikhede deur Hebreeuse woordeboeke in die hi'fil-vorm van die werkwoord word aangegee as "to set up, erect, to set, to establish, to confirm …." In Davidson 1992: 602; sien ook "station, set …." In Holladay 1988: 275.

248 Vgl. Davidson 1992: 273 en Holladay 1988: 114.

afspeel groots, permanent en onveranderlik is. Dit was oortuigende rede om tot met vers 6 tien maal uit te roep: halleluja! Met vandag se wetenskaplike kennis weet ons dat in die ganse heelal die natuurwette en die chemiese samestelling van die elemente oral dieselfde en onveranderlik is. Op aarde is yster se atomiese en molekulêre samestelling dieselfde as in ander dele van die heelal; gravitasie het dieselfde effek op ander hemelliggame soos op die aarde. Ten spyte daarvan dat sterre aan die beweeg is teen verbluffende snelhede, lyk dit asof die sterre nooit van posisie verander nie – selfs vanaf die tyd toe die Babiloniërs die sterre in ongeveer 1370 vC benoem het.[249] Daarom kan tereg die aanname gemaak word dat die strukture in die hemelruim "gevestig [is] vir altyd, vir ewig. Hy het 'n vaste orde bepaal wat nie verbygaan nie." (Ps. 148: 6).[250]

Anderson (1981: 950) verwys kortliks na die statuut of verordening (חָק) in Psalm 148: 6 wat nie verbygaan nie (וְלֹא יַעֲבוֹר). Dit moes 'n diep indruk gemaak het op die psalmdigter en sy tydgenote dat die hemelruim vir baie jare dieselfde bly. 'n Bewussyn moes by die Jode ontstaan het dat die hemelruim 'n stabiliteit vertoon wat getuig van God se standvastigheid. Baie verskynsels in die wêreld verander of gaan tot niet (plante, diere, waterbronne); ook menslike strukture en instellings (stede en koninkryke) kom tot 'n einde, maar volgens Jahwe se wette sal die sterrehemel "vir altyd, vir ewig'' bly. Ons word aangegryp deur die wete dat die Melkweg ongeveer 13.6 miljard ± 800 miljoen jaar oud is en ongeveer elke 250 miljoen jaar om sy middelpunt draai. Vir die menslike ervaring is dit vir altyd, vir ewig.

In Psalm 19 word die hele hemelruim besing as iets wat die eer van God verkondig, maar die son as spesifieke hemelliggaam kry besondere aandag in verse 6 en 7. Die digter kan nie uitgepraat raak oor die fabelagtige eienskappe van die son nie en met verskeie metafore word die glorie van die son beskryf. Die skoonheid van die son word

---

[249] Vaughn 2018, https://www.space.com/41908-watch-stars-drift-with-mobile-apps.html.

[250] As voorbeeld van die "onveranderlikheid" van sterre se posisies kan verwys word na die bekende Orion-sterrebeeld in die suidelike halfrond se somer. Deur data van die satelliete, Gaia en Hipparcos van die Europese Ruimte-agentskap is 'n rekenaarvoorstelling gemaak hoedat Orion se sterre oor 450 000 jaar sal verskuif. Die sterposisies verander kwalik vir die blote oog. Al beweeg die sterre teen verbysterende spoed in verskillende rigtings, is afstande so geweldig groot dat dit in 'n periode van meer as 3000 jaar (vanaf die Babiloniese sterrekykers se waarnemings) die verandering van die sterposisies nie sigbaar is nie. Vir die waarnemers van die antieke tyd en ons vandag lyk die sterre "gevestig vir altyd, vir ewig", https://cdn.jwplayer.com/previews/sy9BFnGc .

vergelyk met dié van ‘n bruidegom (חָתָן ) wat in prag en praal getooi is op pad na sy huwelikseremonie soos dit gebruiklik was in die antieke tyd.[251] Die son is ook ‘n held (גִּבּוֹר ) wat sy wedloop hardloop. Die Hebreeuse woord dui op ‘n kryger of kampioen en sommige gevalle is dit iemand wat mag bekom het as gevolg van welvaart.[252] Dit drup van verwondering oor die son in twee kort sinne in hierdie psalm: ‘n majestueuse tent vir die son; ‘n pragbelaaide bruidegom; ‘n sterke held wat in sy baan voortstorm.

#### 7.1.1.3 Die handewerk van God

Die sensasie van verrukking met die aanskoue van die skoonheid van die skepping in al sy manifestasies is ‘n bekende ervaring vir baie mense. Hierdie sensasie word dan dikwels beskryf in beelde en metafore om iets weer te gee van die skoonheid, omvang en kompleksiteit daarvan. Byvoorbeeld: die natuur bedek die landskap soos ‘n kombers; die skepping is God se selfuiting; die maan is ‘n pêrel in die donker see. In die Ou Testament is treffende voorbeelde van sulke metafore:

Die aarde verander soos klei onder ‘n rolseël,
sodat alles vorm kry soos ‘n bokleed
(Job 34:14, Afrikaanse vertaling, 2020)

Het jy al in die voorraadkamers
van die sneeu ingegaan,
en die voorraadkamers van die hael ….
(Job 38: 22, Afrikaanse vertaling, 2020)

U is die Een wat die balke
van sy bokamers op die water oprig,
wat wolke sy strydwa maak,
wat op die vlerke van die wind beweeg;
(Psalm 104: 3, Afrikaanse vertaling, 2020)

---

[251] De Vaux 1973: 33.
[252] Davidson 1992: 130.

Die majesteit van God se skepping word in aangrypende beelde in Psalm 8 en 19 en die implikasie daarvan moet nie onderskat word nie. Die hemelruim, die maan en die sterre word beskryf as “die werk van u vingers” (מַעֲשֵׂי אֶצְבְּעֹתֶיךָ) in Psalm 8: 4. Met die digter se slegs voorwetenskaplike kennis, het hy die fynheid en kunstigheid van die hemelruim kon raaksien en waardeer – die kompleksiteit en delikaatheid van die skepping kan in sy woorde gehoor word. Hierdie beskrywing in vers 4 kan vandag met nog groter bewondering en begrip gelees word met die kennis wat ons nou het van die evolusionêre proses wat vorm en kompleksiteit teweegebring het en kan op byna poëtiese wyse gesê word: op die doek van die aarde het God met die kwas van evolusie kuns geskep – nie in impressionisme nie, maar in fynkuns (fine art). Hierbo is reeds voorbeelde vermeld vanuit die heelal, maar op eie bodem is tallose voorbeelde van God se fynkuns soos die Mandaryn-eend (Mandarin duck) waaroor die gelowige diep onder die indruk sal kom van die evolusionêre werkswyse van “God se vingers”.



Mandaryn-eend. (Afdruk met vergunning van Creative Commons Attribution 4.0 International)

Ook op soortgelyke wyse as Psalm 8: 4 druk ons ons verwondering uit deur te sê “ons sien die afdrukke van God se vingers daarop”. In die psalm word digterlike taal en beeldspraak gebruik om die digter se verwondring uit te druk. God het nie letterlik

hierdie skepsels en hemelliggame gemaak nie – die wetenskap leer ons hoe dit gebeur het. Maar ons bely wel dat God dit gewil het en begin het.

Die kommentare wat geraadpleeg is op Psalm 19 bestee nie veel aandag aan die frase " die hemelkoepel maak *die werk van sy hande* bekend" (vers 2, kursivering toegvoeg) nie. Dit eggo die uitdrukking "werk van u vingers" in Psalm 8: 4. Die digter van Psalm 19 is verstom oor God se handewerk wanneer hy die hemelruim aanskou soos blyk uit die res van die eerste deel van die psalm. "Handewerk" roep die assosiasie van "gereedskap" op. In die November 2004 uitgawe van die tydskrif, *National Geographic,* lewer 'n leser kommentaar in reaksie op 'n vorige artikel getiteld "Was Darwin Wrong?"

> I wonder if what science has really discovered is God's *toolshed*. The door has been opened slightly, and we are just now beginning to comprehend that perhaps God used the process of natural selection to create us and all the creatures on Earth…. I hope that in my lifetime the theories of evolution and creation will merge, because the truth in each is overwhelming (kursivering toegevoeg).[253]

Die artikel in die *National Geographic* het gehandel oor Charles Darwin en evolusie, maar die leser se opmerking kan ook op die kosmologie in die konteks van Psalm 19 van toepassing gemaak word. Die enormiteit van die kosmos is moeilik om werklik te begryp – veral vir die mens van die antieke tyd – en daarom kan die digter dit bloot bewonder deur dit te bely as "die werk van sy (God) hande". Wanneer die omvang van die heelal en ons biosfeer egter bestudeer en begryp word, word die waarnemer daarvan met die oortuiging gelaat dat God daarvoor verantwoordelik is.

#### 7.1.1.4 'n Boodskap sonder spraak

Die hemelruim bring dag en nag 'n boodskap voort, יְחַוֶּה־דָּעַת (deel kennis mee, Ps. 19: 3. Die digter "hoor" die boodskap wat die swyende hemelruim uitstuur en kan nie anders as om God se stem daarin te hoor nie. Die stem word uiteindelik duidelik gehoor in die wet van God soos verwoord in die tweede strofe. "God se stem" word gehoor deur 'n geloofsoor en so word die realiteit van God deur baie gelowiges ervaar

[253] 'n Opmerking gemaak deur Kevin D. McArtor en aangehaal in Rousseau 2006: 237.

met die aanskoue van die nagtelike hemel en ook in die ander verskynsels van die skepping. Spreuke 1: 7 skryf dat kennis begin deur ontsag vir die Here te hê – vir menige mens het dit begin met die aanskoue van die omvang van die nagtelike hemel wat sy stille boodskap uitstuur en die oortuiging van God se realiteit en heerlikheid verdiep.

Van Uchelen (1986: 132) skryf oor Psalm 19: 4 en 5 dat die boodskap van die hemelruim uitgaan in ‘n taal wat nie hoorbaar is nie. Volgens die digter is daar geen spraak en geen woorde en hulle stem word nie gehoor nie (אֵין־אֹמֶר וְאֵין דְּבָרִים בְּלִי נִשְׁמָע קוֹלָם). Hierdie treffende beskrywing laat eintlik op sigself iets “hoor” van die wonder en die omvang van die heelal sonder dat dit pertinent so gestel word. Soveel mense sal kan getuig daarvan dat hulle aangegryp is deur die toneel van die nagtelike hemel sonder dat daar ‘n geluid van uitgaan. Die stilte daarvan beweeg die aanskouer daarvan tot stille nadenke en selfsondersoek – selfs woordeloos in die oordenking daarvan, net ‘n diepe bewussyn. Dikwels het stilte ‘n meer oorweldigende of diepgaande impak op die mens as luide klankeffekte of woordryke beskrywings.

Die getuienis van die hemelruim is “eloquent”, skryf John Goldingay (2006: 288) oor Psalm 19: 4 en 5. Die *welsprekendheid* van die heelal waarvan Goldingay praat, sou ook in verband gebring kon word met *elegansie* en dit is ‘n konsep van groot belang in die natuurwetenskap. Dit is ‘n bekende anekdote in die natuurwetenskappe dat bioloë van lang en ingewikkelde beskrywings hou, maar fisici verkies kort en elegante teorieë en formulerings. Hoe bondiger die teorie (minder woorde) hoe eleganter. Arturo Casadevall en Ferric C. Fang skryf in ‘n essay dat elegante wetenskap sekere elemente moet bevat:

> From the foregoing discussion, we propose that to be considered elegant, science should meet the five criteria of being clear, clever, correct, explanatory, and *parsimonious*…. Perhaps our definition of elegance also requires a measure of *esthetics—is the science beautiful*? …. To be elegant, a scientific discovery or theory must also meet an esthetic criterion in the mind of the observer. In essence, the discernment of elegant science is analogous to the appreciation of art, which means that the quality of

> elegance in science is ultimately a human judgment. (kursivering toegevoeg)[254]

In die geval van die heelal word daar uiteraard volumes gesê en geskryf en tog spreek die stille welsprekendheid van Psalm 19 nie slegs van die evolusionêre en fisiese wonder nie, maar ook van die skoonheid daarvan (vgl. Casadevall & Fang se "appreciation of art" hierbo aangehaal met betrekking tot elegante wetenskap) en die "geen woorde" van vers 4 spreek eintlik boekdele. Die estetiese van die skepping is God se kunswerk, bely ons gelowig in beeldende taal. Dit het nie baie woorde nodig, selfs geen woorde, om die omvang, kompleksiteit en skoonheid daarvan oor te dra nie. Ronan Keating,'n popsanger, het in die kontemporêre musiekbedryf 'n treffer opgelewer wat 'n liefdeshuldeblyk aan sy beminde is. Die konteks is 'n liefdeslied, maar dit kan ewe waar wees van God se hemelruim en skepping:

It's amazing how you
Can speak right to my heart,
Without saying a word
You can light up the dark.

Try as I may, I could never explain
What I hear when you don't say a thing.
…. You say it best when you say nothing at all. [255]

In die natuur is daar tallose voorbeelde van bykans stil gebeure of verskynsels die luidste en duidelikste getuienis van God se heerlikheid. Om enkeles te noem: 'n duif wat kos oppik van my grasperk; 'n rustige vloeiende waterstroom; hoogtronende bergpieke; die veranderende formasies van wolke; die 2.5 meter lange DNS-molekule in elke menslike selkern bestaande uit 3 miljard basispare met genetiese kodering.[256] God kan nie gesien word deur die mikroskoop of teleskoop nie, maar vir die gelowige

---

[254] Casadevall en Fang 2018, https://journals.asm.org/doi/10.1128/mBio.00043-18

[255] Die lied is oorspronklik geskryf deur Paul Overstreet en Don Schlitz en deur verskeie kunstenaars uitgevoer met sukses. Ronan Keating se uitvoering het die grootste sukses behaal op internasionale trefferlyste, https://www.azlyrics.com/lyrics/ronankeating/whenyousaynothingatall.html

[256] Burnie 2012: 410.

bly die verskynsels van die skepping aanduiders van God se heerlikheid. Dit is onvermydelik wanneer die kompleksiteit en grootsheid van die skepping waargeneem en beleef word – selfs in die stilte daarvan – dat die mens dit sal bewonder en gelei sal word tot verwondering en reflekteer oor die betekenis daarvan en uiteindelik God daarvoor eer soos dit ook blyk uit Psalm 19.

### 7.1.1.5 Beweeg ons na geloof en lof

Goldingay (2006: 285) skryf dat Psalm 19 uit twee hoofdele bestaan (verse 1-6 en 7-14) en mekaar aanvul as verkondiging deur die skepping en die wet. Die eerste deel nooi die leser nie uit om God te prys nie, maar impliseer wel die redes daarvoor deur die aandag te vestig op die hemelruim en die son in besonder. Met ander woorde: die psalm kan beskou word as ‘n bondige lied wat dien as motivering waarom in God geglo kan word: 1) die skepping, met name die kosmos, dui op God se luister en 2) die wet – die welstand van die mens wat die wil van God is en wat dus God se goedheid aandui. Hierdie redes sê eintlik: God is dit werd om geëer te word. Gesamentlik beweeg die getuienis van die heelal (die hele skepping) en ons Judees-Christelike geloofstradisie (soos verteenwoordig deur die wet in Psalm 19) ons na God toe.

Mays (1994: 96, 97): 1) verdeel Psalm 19 in drie dele: die skepping se getuienis van die Skepper (verse 1-6); 2) die onvergelykbare waarde van die wet van die Here (verse 7-10) en 3) die mens se behoefte aan vergifnis en beskerming (verse 11-13). Aldrie hierdie dele moet in ag geneem word om die volle betekenis van die afsluitende belydenis in vers 15 “Here, my Rots en my Verlosser” (וְגֹאֲלִי יְהוָה צוּרִי) te begryp. Dit is alombekend dat die psalms met hulle verskillende genres van lof, gebed, klag en belydenis uitdrukkings is van besinning en dikwels die leser bring by selfondersoek. Ander navorsers meen dat Psalm 19 ‘n samestelling van verskillendes himnes is en dit blyk dat die hele psalm die oogmerk het om oor twee aspekte van die skepping te reflekteer en hoe dit die mens se begrip van God beïnvloed.  Die samesteller was vervul met onverbloemde verwondering oor God se werk in beide aspekte en dat die gewenste reaksie daarop sal wees dat die leser ‘n diepgaande besef sal hê hoe groot en goed God is. Dit behoort die leser met die gepaste lewensingesteldheid te laat van nederigheid en aanbidding soos verwoord in vers 15: “Laat die woorde van my mond

en die bepeinsing van my hart vir U aanvaarbaar wees, Here my Rots en my Verlosser."

Psalm 19 moet die leser nie daartoe verlei om die hemelruim met al sy glorie te vergoddelik nie, waarsku Mays (1994: 97, 98). Hy wys daarop dat die psalm kort daarvan stop om panteïsme te suggereer. Mays moet natuurlik gelyk gegee word – dit is juis een van die sake wat die teologie van Genesis 1 wil benadruk: alles in die skepping is geskapenhede van God en besit nie goddelikheid in hulleself nie. Tog is dit waar van die belewenis van baie gelowiges dat wanneer die skepping in al sy manifestasies waargeneem word met ‘n geloofsblik, die persoon herinner kan word aan die bestaan van God en dat die omvang, kompleksiteit en skoonheid daarvan iets getuig van God se glorie en wysheid. Die makrokosmos word as God se handewerk besing in Psalm 19 en met die tegnologie tot ons beskikking vandag kan ons baie meer waarneem wat meer getuienis bied en ons kan beweeg tot lof. Ook in die mikrokosmos sien ons die wonderbaarlikheid van die samestelling en funksie van die mees basiese materie. Ons kan waarneem dat water uit twee waterstofatome en en een suurstofatoom bestaan en deur die krag van natuurwette bymekaar gehou word om die onontbeerlike lewensmiddel te bied vir die moorntlikheid van lewe se bestaan. Die wonders van die verskynsels in die skepping kan ons lei daartoe om gelowig iets te herken van God (indien in God geglo word) al kan God nie waargeneem word deur ‘n mikroskoop of teleskoop nie.[257] In sy boek *Die Groot Gedagte, Abstrakte Weefsel van die Kosmos* (1997: 294), verwoord Gideon Joubert die gelowige gewaarwording soos volg:

> Die Passacaglia[258] kry eers betekenis as dit in die gedagtes van ‘n intelligente en ontvanklike mens substansie kry. Musiek het ‘n abstrakte,

---

[257] Daar is egter ook voorbeelde van individue wat deur die waarneming van die wonder van natuurlike fenomene tot die geloofsoortuiging gekom het dat God bestaan. Hiermee word nie beweer dat die wetenskaplike en natuurlike feitlikhede van die natuur as bewys dien van God se bestaan nie, maar eerder dat besinning oor die betekenis daarvan die persoon tot die gelowige oortuiging gebring het. As voorbeelde kan verwys word na Antony Flew (1923-2010), Britse filosoof en prominente advokaat vir die ateïsme. Flew het onder andere na aanleiding van die kompleksiteit van die DNS-molekule tot die gevolgtrekking gekom dat dat daar wel ‘n God moet wees alhoewel dit vir hom ‘n deïstiese God sou wees: Carrier 2004, https://infidels.org/kiosk/article/antony-flew-considers-godsort-of/ ‘n Suid-Afrikaanse voorbeeld is dié van David Block, sterrekundige, wat deur die bestudering van die hemelruim begin vra het oor die betekenis daarvan en dit het hom gelei tot gesprekke met die kerk en uiteindelik tot geloof in God. Sien David Block, https://www.davidblock.co.za/godandtheastronomer.html#header4-16

[258] Die Passacaglia en fuga in C mineur is ‘n orrelkomposisie deur J.S. Bach.

> geestelike betekenis. Dit is moeilik om vir iemand te verduidelik wat die Passacaglia beteken as hy niks van musiek verstaan nie. Dit is moeilik om God aan mense te verduidelik wat weier om Hom geestelik te ervaar.
>
> [ ] God is gees. Aanbidding en geloof is ‘n geestelike belewenis. Wie ‘n geestelike oor het om te hoor, laat hom hoor. Wie ‘n geestelike oog het om te sien, laat hom sien. Wie nie wil hoor nie, is horende doof, wie nie wil sien nie, is siende blind (Joubert 1997: 294)

Daar word ‘n perspektief en diepte oor God en die skepping verleen wanneer die fenomene van die geskapenheid met ‘n geloofsblik beskou word. Dit bring ‘n dimensie van verwondering en vervulling wat die ervaring van God meer betekenisvol sal maak en God en mens nader aan mekaar kan bring.In die woorde van George Coyne, die sterrekundige:

> I can’t see for the life of me how an attempt to understand the universe which I believe comes from God, can alienate us from God.[259]

### 7.1.2 Die aarde

Wanneer in Psalms 8 en 19 die aandag op die skepping gerig is, is die fokus op die hemelruim as skeppingshandewerk van God, maar uiteraard behels die skepping ook die wêreld waarin ons leef en dit verdien ook aandag soos wat die digter dit onder oë geneem het in Psalm 148. Hieruit blyk dat die psalmis ook respek gehad het vir die aarde met al haar fasette en deur hulle in te sluit in sy lied, laat hy blyk dat hulle bewonderenswaardig is en werd om van melding gemaak te word. Wat hierop volg sal nadenke bied oor hierdie aspekte.

#### 7.1.2.1 Alles word betrek – ook die aarde

Afgesien van die hemelkoor wat lof moet bring, word die lewelose komponente, die hemelse waters en die hemelliggame op metaforiese wyse gepersonifieer om agente van lof te wees. Hulle word almal uitgedaag om Jahwe te prys omdat hulle geskep is (וְנִבְרָאוּ , vers 6); omdat hulle instand gehou word (וַיַּעֲמִידֵם לָעַד לְעוֹלָם , Ps. 148: 6) en omdat hulle spesifieke rolle toegewys is, skryf Leslie Allen (1983: 316). Die digter

[259] Uit ‘n transkripsie van ‘n onderhoud gevoer deur Margaret Wertheim met George Coyne op die TV-program *Faith and Reason* uitgesaai op die uitsaainetwerk *Public Broadcasting Service* in die VSA, https://www.pbs.org/faithandreason/transcript/coyne-frame.html

het dit hom ten doel gestel om Jahwe te eer met die hoogste moontlike lofuitinge en moontlik besef dat sy eie poging eintlik te gering is om reg te laat geskied daaraan. In Allen (1983: 316) se woorde: “Only with the concerted voices of all his creatures can significant attempt be made to reflect his majesty to him. The exuberant word כָּל “all” rings out in a striving for totality of praise”. Die digter betrek die skepping daarby in al sy manifestasies en gee daarmee erkenning dat al die skeppingsvorme uitsonderlik en waardig is om deel te wees van die lof aan God. In ooreenstemming met Zenger (2011: 636) se beskrywing van die koraalkoor van die skepping, kan gesê word dat geeneen se stem te ontoereikend is om reg te laat geskied aan die harmonie en veelvuldigheid van die skepping nie. Die verskillende hemelsfere is groots en ewigdurend; die land en see met al sy diere en plante is talryk en verteenwoordig oorvloedige verskeidenheid – die skepping is in verwondering oor God en Psalm 148 verwoord dit.

Zenger (2011: 631) skryf dat die woordpaar “hemele en aarde” ‘n merisme is wat wil aandui dat die hele skepping as kosmiese geheel in Psalm 148 betrek word. Die eerste deel van die psalm (verse 1-6) roep die hemelruim op tot lof en die tweede deel (verse 7-13) doen dieselfde met die aarde. Die digter wou seker maak dat alles in die heelal volgens sy kosmologiese begrip betrek sal word. Hy moes sekerlik kennis gedra het van die sistematiese voorstelling van die skepping in Genesis 1 en dit blyk dat dit die struktuur van sy lied beïnvloed het en op dié wyse die orde van die skepping voorgestel word. Die hemele word in drie vlakke beskryf: die hemelhof met sy inwoners kom eerste aan die beurt, dan die hoogste hemele met die hemelliggame en laastens die laagste vlak, naamlik die koepel wat die waters in plek hou. Die beweging in die tweede hoofdeel is omgekeerd – van onder na bo. Eers die diep waters met hulle inwoners, dan die elemente wat bo die see teenwoordig is en laaste die geografiese strukture en die plant- en diereryk (wild en getem) daarop. Nou volg die hoogtepunt: die mens in al sy vorme van status, funksies en sosiale groepe. Die verwondering deur die digter blyk deur omvattend te wees en alles en almal te betrek en te verstaan dat alles ‘n funksie het: om God te prys. Ook op aarde word alles ingesluit om lof te bring: die see self en die mitiese seemonsters (תַּנִּינִים) daarin wat vrees ingeboesem het en dus ook ‘n vorm van verwondering is – hulle word egter onderwerp aan Jahwe se skeppingsmag deurdat hulle lof aan Jahwe moet bring; die

wilde diereryk asook die verteenwoordigers van die getemde diere (vee); die kruipende diere en voëls – dit is nie net die groot en indrukwekkende lewensvorme wat die aandag trek nie, maar ook die alledaagse soos die makgemaakte vee, en die "nietige" kruipende lewensvorme; die landskap van berge en heuwels (groot en klein); die planteryk van gewone huishoudelike gebruik (vrugtebome) en die wilde bome (die majestueuse seders). Berge en heuwels is groots en kan maklik die aanskouer se asem wegslaan. Vir die digter was Sinaï, Hermon en die Judese heuwels vertonings van majesteit. Ons word vandag aangegryp deur skouspele soos die Drakensberge, die Alpe, die meer beskeie Magaliesberge en die golwende heuwels van die Natalse Middelande en die Long Tom-pas. Alles, groot en klein word betrek en word as waardig geag en betekenisvol geag om lof aan God te bring, want dit is alles uitsonderlik mooi en aangrypend.

Die aarde word verteenwoordig deur die berge en heuwels; die vrugtebome en die seders die planteryk (vers 9). Die wilde diere en die makgemaakte vee verteenwoordig die diereryk; die kruipende diere en voëls verteenwoordig die meer geringe diereryk (Ps. 148: 10), skryf Anderson (1981: 951). Anders as met Psalm 104 wat baie meer uitwei oor die verskillende aspekte van die skepping, gaan die digter van Psalm 148 meer ekonomies te werk deur nie te veel uit te wei oor die baie natuurverskynsels nie. Daar word net breedweg verwys na die hoofkategorieë van die aarde: die landskap, see- en landdiere, kruipende en vlieënde diere en op dié wyse word gepoog om allesomvattend te wees en uit te wys dat alles wonderlik en waardig is om by te dra tot die lof van die Skepper. Wat wel merkwaardig is dat, ten spyte daarvan dat die wêreld slegs in breë kategorieë opgeroep word, daar tog in hierdie lofkoor spesiale vermelding gemaak word van die geringstes en "onaansienlikes". Die woord vir kruipende diere (רֶמֶשׂ) word gebruik om klein diertjies en reptiele aan te dui[260]. Die digter sou hulle nie wetenskaplik kon beskryf nie, maar het moontlik die kruipendes se waarde in die ekologie besef. Die gespesialiseerde studievelde van entomologie en en herpetologie in die wetenskap is dus gepas dat dit die moeite werd geag word om

[260] Holladay 1988: 341 en Davidson 1992: 685.

hierdie “geringes” te bestudeer en hulle ekeologiese waarde te erken. Vanuit ‘n geloofsblik is hulle net so deel van die koor wat God se lof besing.

#### 7.1.2.2 Die natuurelemente

Selfs die natuurelemente, vuur, hael, sneeu, newels en stormwind kry aandag by die digter. Is dit die elemente wat hewig raak en ontsag ontlok? Zenger (2011: 637) verbind vuur met weerlig en donderstorms. Dit is nie vergesog nie om te dink dat Psalm 148 se digter, met die vermelding van die metereologiese verskynsels, ook wil aandui dat hierdie verskynsels besig is om God te prys, skryf Anderson (1981: 950). Dit gebeur wanneer hulle hul taak verrig soos wat geïmpliseer word in Ps. 148: 8b: “wat sy bevel uitvoer” , עֹשָׂה דְבָרוֹ (vgl. Job 38: 22-30 waar Job herinner word dat hierdie elemente reageer op die bevel van God. Hieroor kan Job verwonderd staan). Al het die psalmis nie die wetenskaplike verklaring gehad van wat sneeu, hael, weerlig, reën en wind eintlik is en waarvandaan dit kom en hoe dit ontstaan nie, was hy tog aangegryp met die aanskoue daarvan en hoedat dit bepaalde funksies het in die ekologie. Hy sou aangegryp gewees het deur die krag daarvan, veral wanneer dit in oormaat gebeur en moontlik natuurrampe veroorsaak het – dit sou ontsag ingeboesem het. Die heilsame uitwerking van die elemente sou hom ook nie ontgaan het nie – reën bring lewe, wind is nuttig vir saadverspreiding en voortbeweging en nog meer. Wanneer die elemente hulle rol speel in die wêreld en ekologie is hulle besig om “God se opdrag” uit te voer en op só ‘n wyse lof aan die Skepper te bring. Dit het vir die psalmis betekenis.

‘n Uitdrukking soos “wat sy bevel uitvoer” (Ps. 148: 8) is ‘n personifikasie, maar die digter wil daarmee sê dat hierdie elemente ‘n funksie het wat ‘n rol speel in God se bedoeling met die skepping. Die belangrikheid van al die wisselwerkinge en interafhanklikheid van ekologiese sisteme en die onderskeie funksies daarvan kom hier in die prentjie. Ekologiese strukture en lewe asook die chemiese en strukturele samestelling van ons planeet is moontlik gemaak deur die fyninstelling van die natuurwette oor miljarde jare heen en dit laat die gelowige toe om tot die betekenisgewende gevolgtrekking te kom dat God dit so wou hê om uiteindelik Homo Sapiens Imago Dei te laat voortkom. Wentzel van Huyssteen (2010: 143-160) wy uit oor die mens se betekenisvolheid op die vraag wat die mens uniek sou maak en dat

daar ‘n teologiese verband bestaan met die ontstaan en ontwikkeling van die mens.[261] Ons kan saam met Psalm 148 verwonderd wees daaroor dat God die elemente inspan om die skoonheid van die skepping gestalte te gee.[262] Saam met hierdie psalm kan ons verwonderd wees dat die elemente deur God ingespan word om die skoonheid van sy skepping gestalte te gee.

### 7.1.3 Die mens

Die psalms wat in oënskou geneem is in hierdie studie besing die hemelruim en die aarde as wonderlike manifestasies van God se kreatiwiteit, maar in ons begrip van God as verhoudingswese is dit begryplik dat ‘n wese soos die mens ook prominent sal funksioneer om iets te weerspieël van God se teenwoordigheid en glorie (vgl. Wentzel van Huyssteen: “to set forth the presence of God”[263]). In hierdie onderafdeling sal nabetragting gehou word oor aspekte van die mens soos dit blyk uit Psalm 8 en 148 en opmerkings gemaak deur kommentators.

#### 7.1.3.1 Nietigheid

Anderson (1981: 102, 103) skryf dat ‘n antitese ingelui word in vers Psalm 8: 4 met die vraagpartikel מָה – wat? Teenoor die majesteit en mag van God word die nietigheid van die mens na vore gebring. Die terme אֱנוֹשׁ (mens) en בֶּן־אָדָם (seun van die mens) word gebruik om iets van die broosheid van die mens te weerspieël.

---

[261] Van Huyssteen (2010: 157) kom tot die volgende gevolgtrekking in sy behandeling van die vraag *What makes us human?* : “I have tried to show how already in early hominid evolution – the evolution of some of our most distinctive traits like consciousness, imagination, sexuality, moral awareness, language, and the religious disposition – present us with a robust notion of embodied personhood, *which strongly affirms the emergence of symbolic religious behaviour*. In the final argument I hoped to show how a responsible account of the evolution of consciousness, memory, and imagination makes it possible *to reach deep into theology* and ask the ontological question about the person and identity of Jesus, as well as the moral/ethical question of why we should ‘‘do what Jesus did.’’ (kursivering toegevoeg).

[262] Hiermee word nie erkenning gegee daaraan dat die model van Intelligente Ontwerp ‘n aanvaarbare wetenskaplike teorie is nie. Die breë wetenskaplike gemeenskap verwerp Intelligente Ontwerp as onwetenskaplik vanweë gebrekkige uitgangspunte en aannames. Dit moet ook weer eens benadruk word dat dit nie die bedoeling is van hierdie studie om aan die hand te doen dat wetenskap soos ons dit vandag ken die geloofsuitsprake in die Bybel (soos bv. Ps. 148: 8) wetenskaplik korrek bewys nie. Die psalmdigter het die natuurverskynsels se aktiwiteite gesien en vertolk dat dit een of ander rol en funksie vervul en het waarskynlik betekenis gevind daarin dat God dit gebruik om die skepping te laat funksioneer. Met hedendaagse kennis oor evolusionêre ontwikkeling en ekologiese wisselwerkinge kan ons saam met die psalm in geloof bely dat “God se bevele uitgevoer” word of anders gestel dat God se wil met die skepping gerealiseer word.

[263] Van Huyssteen 2010: 150.

Met die beperkte kosmologiese begrip van sy tyd was die psalmis tog diep onder die indruk van die grootsheid van die kosmos en daarom soveel te meer oorbluf oor die nietigheid van die mens. Die kontras tussen die heelal en ‘n blote mensie is oorweldigend en tog, ten spyte van die nietigheid van die mens, neem God notisie van hierdie nietigheidjie.[264] Dit kan verstaan word dat die digter vra “wat?” – dit is bykans te wonderlik om daaroor te besin. Is dit moontlik dat die Skepper van so ‘n oorweldigende heelal bemoeienis sal maak met die mens?

Die omvang van hierdie vraag word nog meer oorweldigend wanneer getalle in aanmerking geneem word. Volgens ‘n Verenigde Nasies-verslag sal daar 8 miljard mense in die wêreld wees op 15 November 2022.[265] Ek is maar een individu in hierdie oorweldigende aantal. Een van die grootste vrae waarmee die mensdom hom besig hou, is of daar ander intelligente wesens elders in die heelal is. Waarnemings van miljoene sterre in die Melkweg oor ses jaar het sterrekundiges tot die gevolgtrekking laat kom dat daar ongeveer 10 miljard planete in die Melkweg moet wees.[266] ‘n Spekulatiewe speletjie kan gedoen word met hierdie syfers: gestel dat daar moontlik intelligente lewe op slegs 0.5% van hierdie planete sou wees met miljarde inwoners elk – ek  as individu verdwyn in hierdie menigte van wesens en in die afmetings van die hemelruim. Psalm 8 roep in geloofsverwondering uit: “Wanneer ek na u hemelruim kyk, …. wat is die mens (en buite-aardse wese?) dan…..?” Die nietigheid van ‘n mens blyk duidelik.[267]

Oor die vraag wat die digter in Psalm 8: 5 stel: “wat is ‘n mens dan…?” skryf Goldingay (2006: 158, 159): “Perhaps, like a lament, the psalm functions to give people opportunity to articulate their uncertainties about their positions as human beings in the world, before drawing them into statements of faith”. Met ander woorde die mens in hierdie “klag” behoort homself eers te sien as nietig en byna onwaardig om van

---

264 Die verkleiningsvorme word hier met opset gebruik – nie om verkleinerend te wees teenoor die mens nie, maar om doelbewus die kontras te versterk tussen die omvang van die heelal en hoe gering die individu is. Ten opsigte van die mens se biologiese, intellektuele, emosionele en spirituele vorming is die mens ‘n besondere ontwikkeling, maar in die groter bestel van die werklikheid is die mens so gering dat die mens onbeduidend sou wees en by wyse van spreke geïgnoreer sou kon word.

265 Gaigbe-Togbe, Bassarsky, et al, 2022 in *World Population Prospects 2022: Summary of Results*.

266 NASA 2017, https://www.nasa.gov/multimedia/imagegallery/image_feature_2233.html

267 Ten opsigte van die betekenis van אֱנוֹשׁ sou dit ook vertaal kon word as “mensdom” (vgl. Davidson 1992: 37). Die Afrikaanse Bybelvertaling 2020 vertaal dit as “ ‘n mens”. Die enkelvoud of versamelnaam van “mens” sal weinig verskil maak aan die implikasie van die geringheid van die hele mensdom of ‘n individu.

kennis geneem te word deur God. Die omvang van die skepping en die majesteit van God maak die mens intens bewus van sy eie geringheid en kwesbaarheid. Hier is nie plek vir toegeëiende aanmatiging en hoogmoed nie. Daar kan eers na diep nadenke en besinning gewaag word om geloofsaannames en -uitsprake te maak – byna met huiwering. Geloofsuitsprake word al te dikwels deur gelowiges gemaak wat gekenmerk word deur hardvogtigheid, onsensitiwiteit of kortsigtigheid as gevolg van 'n gebrek aan diep nadenke. Die mens behoort aangemoedig te word deur Psalm 8 om eers versigtig na te dink oor sy plek en doel in groter bestel van dinge: wat is die mens?

#### 7.1.3.2 En tog het die mens status

Goldingay (2006: 154) vertaal Psalm 8: 6 soos volg:

> *But* you made him fall short of God by a little,
>
> yet crown him with honor and glory (kursivering toegevoeg)

Na aanleiding van sy vertaling skryf Goldingay (2006: 159):

> Human beings are thus little less than divine – perhaps little less than gods, the other heavenly beings or angels (LXX, Tg, Syr), but more likely less than God (Jerome, Aq, Sym, Th), because the psalm goes on like Genesis to note how they take up God's sovereignty in the world. As sovereigns they are crowned. Their crown is a share in God's honor and glory – different words from those used of God in vs. 1 because humanity is not divine, but similar words to those, to signify that humanity is less than divine. Like Gen. 1-2, the psalm reckons that human beings are kings, which puts kings in their place.

Beide die 1983 en 2020 Afrikaanse Bybelvertalings sluit nie die "maar" in nie, terwyl die וְ in Hebreeus ook 'n antitetiese betekeniswaarde het van "maar". Sommige Engelse vertalings laat die voegwoord ook weg, terwyl ander vertalings dit weergee as "yet you have…." of "for you have…."[268] In die strekking van die digter se

[268] Vgl. English Standard Version; Living Bible; New American Standard Bible; New International Version; American Standard Version; Common English Bible; Modern English Version, https://www.biblegateway.com/

beredenering pas dit dat die mens nietig is, *maar* (en tog) beklee Jahwe die mens met ‘n besondere status. Die antitese verhoog die teenstrydigheid hier: al is die mens gering, is hy tog ook net minder as God en dit gee aan die mens ‘n besondere status.

Dat die stelling “U het hom net minder as אֱלֹהִים gemaak” problematies kan wees (Anderson 1981: 103), is verstaanbaar, want die versoeking bestaan dat die mens homself tot God kan verklaar. Dit is immers die teologiese implikasie van die sogenaamde sondeval van die mens in Genesis 3. Anderson se argument is dat Psalm 8: 3 en 4 die grootsheid van die hemelruim en die nietigheid van die mens daarteenoor kontrasteer en daarom moet אֱלֹהִים eerder verstaan word as “hemelse wese”. Die moontlikheid om מְעַט מֵאֱלֹהִים, “net minder as God” verdien egter ook erkenning. ‘n Aangrypende belydenis word in Genesis 1: 26, 27 gemaak dat die mens God se beeld (צֶלֶם) en gelykenis (דְּמוּת) is – die 2020 Afrikaanse Bybelvertaling vertaal dit mooi as “afbeelding” (vgl. ook Gn. 5: 1 en Lombaard 2022: 7-8 se besinning hieroor). Die selfstandige naamwoorde (“beeld” en “gelykenis”) in Genesis 1 wil tog iets weergee dat die mens ‘n wese sal wees wat iets van God sal weerspieël al is dit wel in mindere mate.

Deur biologiese en spirituele ontwikkeling het die mens die vermoë gekry om iets van God te weerspieël. Genesis 1 en Psalm 8 beperk die doel van die “afbeelding” van God tot heerskappy, maar die ontwikkeling van die gedagte in die Bybel dui daarop dat Imago Dei tog meer behels as net heerskappy (vgl. Mt. 5: 48; Lk. 6:36; Ef. 4: 24; 5: 1; Kol. 3: 10; Gl. 5: 22, 23). My voorkeur vertaling is dat die mens “net ‘n bietjie minder gemaak is as God.” Oor hierdie idee (diep waarheid?) kan in stilte verwonder word en waaroor die mens diep geraak behoort te word oor die verantwoordelikheid daarvan.

Psalm 8: 6, 7 noem dat aan die mens ‘n besondere status gegee is van eer, majesteit en heerskappy. Van Uchelen (1986: 55, 59) moet gelyk gegee word met sy vertaling van vers 6a: “Toch laat Gij er wijnig aan ontbreken, dat hij goddelijk is,”. Jahwe se goddelike kwaliteite is luister, eer en mag (vgl. Ps. 29: 1-4; 96:6, 8; 104: 1, e.a.) en die mens ontvang hierdie kwaliteite van God, maar, moet die mens onthou, dat die status wel minder is as God (Ps. 8: 6, תְּחַסְּרֵהוּ) – dus goddelik, maar nie God nie. As die psalm bely dat God die mens so “gemaak” het, sou dit myns insiens beteken dat die

mens die potensiaal het om goddelik te wees, maar dit bly altyd onderhewig daaraan dat hierdie potensiaal en vermoë van God af kom.[269] In die gedig "Sel(f) – Waarom?", aangebied in hoofstuk 5 van hierdie studie, is aangetoon dat ander kwaliteite van God ook by die mens aanwesig is, nl. denke, liefde, deernis, geloof, moraliteit, skeppend wees, self-bewussyn en saam met die eer, majesteit en heerskappy van Psalm 8 is dit omstandigheidsgetuienis wat oortuig dat aan die mens 'n status gegee is wat meer is as bloot net om soos 'n engel te wees. Dit is tog werklik goddelik. Ek wil glo en beweer dat Homo Sapiens die roeping en vermoë het om iets goddelik te wees – nie God nie, maar wel met goddelike kwaliteite. Hierdie gedagte word treffend verwoord deur John Spong tydens 'n lesing aangebied:

> Divinity is not the opposite of humanity. Divinity is the depth of humanity. The only way any of us can be divine is to become so deeply and fully human that we are open to whatever the spirit of divinity is; to live in us and through us.[270]

Dit is rede om uitermatig verwonderd te wees daaroor dat God dit waag om vryheid aan die mens te gee om goddelik te kan wees ten spyte van sy nietigheid. Wat 'n uitsonderlike voorreg en verantwoordelikheid! Dit is 'n rede tot dankbaarheid en om nederig te wees.

Die idee dat die mens die verantwoordelikheid van heerskappy ontvang (Ps. 8: 7) moet oor besin word. In hoofstuk 4 is verwys na Andreas Schuele (2011) wat sinvol nadink oor Gn. 1: 28 waar die mens aangestel word om te "heers" oor die skepping. Die aktiwiteit van "heers" kan negatief vertolk word as "oorheersing" of "onderdrukking". Die chaosmagte wat 'n lewensvatbare samelewing bedreig, bestaan nog steeds ten spyte daarvan dit by die skeppingsgebeure van Genesis 1 onder bedwang gebring is, skryf Schuele, maar die mens het die verantwoordelikheid om die chaos te beheer. Sal תַּמְשִׁילֵהוּ (U laat hom heers/meester wees) verstaan kan word as "leer dit ken om dit te bewaar, te bestuur tot voordeel van omgewing en mens"? Ek meen so. Die

---

[269] Maré (2006: 933) skryf dat die vraagpartikel מָה (in "wat is die mens….?", vers 4) in die sentrum van die psalm en die grense van verse 2a en 10 se belydenis oor God se heerlikheid die twee partye mekaar onlosmaaklik verbind. Die mens se eer en heerlikheid is 'n weerspieëling van God se heerlikheid. Jahwe se heerlikheid word geopenbaar in die hele skepping en daarom ook in die mens as die kroon van Jahwe se skepping.

[270] Tydens 'n lesing aangebied deur biskop John Spong tydens die jaarlikse Chautauqua-lesings in die VSA, https://www.youtube.com/watch?v=WDNz2Ifn9k4 , 35:55.

sentiment van verantwoordelike heerskappy (of eerder "bestuur") word treffend deur Steven Charleston in die volgende metafoor verwoord:

> The Earth is a great ship, sailing through the open seas of space. And while we are not the captain of this ship, we are the crew. It is our job to keep her polished and running for the long journey ahead. We each have our part. We each are in charge of caring for a part of our planet. Please join me in renewing your commitment to this calling. God made this Earth for a reason. God set us to sail on her for a purpose. We have been entrusted with this beautiful ship, entrusted with its precious cargo of life. Let us be worthy of that trust until our watch is over.[271]

God gee aan die mens die mag en verantwoordelikheid om die skepping te bestuur met die omvang daarvan in al sy vlakke (makro en mikro, lewend en nielewend). Dit is iets om oor verstom te staan dat God dit doen.

Van Uchelen (1986: 55, 56) wys op die inclusio en opbou van Psalm 8: 2, 5 en 10 met die vraende voornaamwoorde "wat/hoe" wat eenheid verleen aan die psalm. Die mag van die mens word ontleen aan die mag van God se naam en om hierdie mag te kan uitoefen, gee die Here aan die mens כָּבוֹד (eer) en הָדָר (luister) en dit bring mee dat die toonaard van die psalm eintlik dié van dank is.

Die herhaling van vers 2 en 10 beklemtoon die verbystering wat deur die digter ervaar word en dit word teweeggebring omdat daar 'n verband gelê word deur die voornaamwoord "wat" (vers 5) tussen die majesteit van God en die grootsheid van die heelal aan die een kant en aan die ander kant die nietige mens, maar aan wie tog besondere status gegee is. Met ander woorde: God is magtig soos dit blyk uit die hemelruim en *wat* is die mens dan dat aan hom gedink word? Dit doen vreemd voor dat in so 'n kort lied sulke omvangryke onderwerpe soos die aarde, hemelruim en die besondere status van die mens besing word. Hieroor is al volumes geskryf, nagedink en gesing en dit is nog nie klaar nie, maar tog word die omvang en implikasie daarvan

---

[271] Steven Charleston was die voormalige Biskop van Alaska in die Amerikaanse Episkopaalse Kerk en ook 'n stamgenoot van die Choctaw-stam van die inheemse volke in die VSA. Hier aangehaal op die *Episcopal Climate News* se webtuiste https://episcopalclimatenews.com/2019/04/23/weekly-newsletter-or-bulletin-insert-contact-your-alma-maters-about-climate-change-and-bishop-steve-charleston/#more-725 .

in ‘n bondige gedig van slegs nege verse vasgevat sonder om afbreuk te doen aan die geloofwaardigheid van die psalm. Dit is begryplik dat die digter begin met “Here, ons Heer, hoe magtig is u Naam oor die hele aarde” en met dieselfde ekstatiese uitlating sy lied eindig. Van Uchelen (1986: 56) is reg dat die bewondering en lof wat die psalm uitspreek eintlik ‘n danklied is: dat God, wat in majesteit en grootsheid bestaan, tog aan die nietige mens soveel status en verantwoordelikheid verleen, bring ‘n gepaste ingesteldheid: “Ons dank U, Heer!”

Psalm 8 se optimisme oor die mens is inspirerend en bemoedigend. Saam met die positiewe beskouing van Genesis 1 dat die mens na die beeld van God geskape is, kan die mens verwonderd staan dat ons deur God waardig geag word om verteenwoordigers van God in die skepping te wees en daarom wil die psalmis Jahwe eer as groot en alomteenwoordig. Die digter kan as’t ware gehoor word dat hy sê: Dat U, Here, in u almag en majesteit tog dit ag om die mens met goddelike kwaliteite toe te bedeel, maak U wonderbaarlik!” En dan kry die mens ook die verantwoordelikheid en die vermoë om die skepping te bestuur en bewaar namens die skepper. Dit was gepas dat Buzz Aldrin, die tweede mens wat op die maan geloop het, Psalm 8: 4-5 voorgelees om oor God se majesteit en die mens se prestasie te reflekteer net voordat hulle teruggekeer het na die aarde.[272]

#### 7.1.3.3 Die mens is deel van die skepping se lofstem

Afgesien van Psalm 8 kom die plek van die mens in die skepping ook aan die orde in Psalm 148. In verse 11 en 12 word die mensdom ook deur merismes aangedui soos dit kenmerkend is in die res van die psalm: konings en volke; die buitelands-politiese bestel van regeerders en regters; die intern-politiese bestel van administrasie en reg; alle generasies en geslagte van oumense en jongmense, jongmanne en jongmeisies. Deur mense só te kategoriseer word perspektief gebied op die rol van die mensdom in die skepping in terme van orde en voorsienigheid en lewensverhoudings om só die kosmos te organiseer en alles en almal word opgeroep om Jahwe te prys, aldus Zenger (2001: 638).

---

[272] Parke 2019 https://www.foxnews.com/science/moon-landing-bible-apollo-11-buzz-aldrin-communion Hierdie gegewens word bevestig in verskeie ander publikasies.

Soortgelyk aan Genesis 1 waar die mens laaste aan die beurt kom in die skeppingsgebeure en as hoogtepunt voorgestel word, gebeur dit ook in Psalm 148. Is die mens veronderstel om die finale stem in hierdie koor te wees wat die volle harmonie laat weerklink? Alle stande – regeerders, regters, die gepeupel, alle geslagte en ouderdomme – almal word ingesluit in die bewondering deur die digter. Die mens in al sy diversiteit en in al sy stande is deel van God se skepping en waardig om Jahwe te besing. Die digter is in vervoering oor die grootsheid van die skepping, maar hy vergeet nie van die mens nie. Hulle word laaste genoem in sy lied om daarmee aan te dui dat die mens wat skaars minder as goddelik is (Ps.8: 6) ook wonderbaarlik is en deel is van die lofkoor (Anderson 1981: 951). Psalm 148 is oortuig daarvan dat die hoogste lof aan die Here gebring moet word en om dit bereik moet alles en almal daaraan deelhê: die verskillende sfere van die hemele, die aarde met al sy formasies, die diere- en planteryk met al hulle veelvuldige spesies en alle mense met hulle stande en voorkomste. Waarom moet God geprys word? Want God is die Een wat hulle geskape het (vers 5) en niemand anders nie (vers 13). Die digter moes ‘n geweldige bewondering gehad het vir die skouspel van die natuur en die mensdom, deur die hemelruim met al sy inhoud, die aarde met haar inhoud en die verskeidenheid van mense op te roep om lof te bring. Dit verdien om in ‘n koraal hulde te bring, want Jahwe het hulle gemaak. Ons kan die natuur en die wêreld se merkwaardighede aanskou: die see, die berge, ‘n waterval, die hemelruim, die nietigheidjies van spinnekoppies so groot soos ‘n speldekop op jou lessenaar, die kleurryke verskeidenheid van mense in sportstadions en winkelsentrums, die waardigheid en wysheid van bejaardes, babas wat ons met deernis vervul en dan vul die besef ‘n mens: julle is die lof van God!

Afgesien daarvan dat die mens se verskeidenheid ‘n kleurryke mosaïek is van status, funksie, geslag en generasie, het die mens ook die vermoë ontwikkel om die verwondering oor die skepping in woord, beeld en musiek aan te bied as deel van sy lof. Die mens se bydrae om die volledige harmonie van die skeppingskoor hoorbaar te maak, is eintlik onontbeerlik. Psalm 148 kyk met waardering na die mensdom en suggereer dat die kosmos, die aarde en alles daarop – van landskap tot dier tot plant tot mens – is wonderbaarlik gemaak en getuig van God se eer as Skepper van dit alles.

Met die latere toevoeging van vers 14 in Psalm 148 blyk dat die redaktor vir Israel spesifiek betrek om ‘n besondere roeping te vervul: Jahwe se volk het die taak om

God te prys. Zenger (2011: 638) erken die moontlikheid met Psalm 146 en 147 as aanloop, dat die lof aan Jahwe moet gebeur omdat daar weer herstel gekom het na die ballingskap.[273] Vers 14 as latere toevoeging versterk hierdie vertolking. Die heilsgeskiedenis en die die skepping word in Psalm 147 met mekaar verbind: God skep en onderhou die natuur en dit doen God met Israel ook.[274] Hieroor juig die hele skepping en nou word Israel ook bemagtig om dit te doen. Zenger (2011: 638) is reg wanneer hy skryf dat die konteks van Psalm in die voorafgaande hoofdele ( verse 1-6 en 7-13) nie geïgnoreer moet word nie. Indien Psalm 148 egter as ‘n selfstandige eenheid gelees word (met inagneming dat die psalm deel is van die psalmgroep 146-150 bekend as die halleluja-liedere vanweë die gereelde gebruik van “halleluja”) sou dit vertolk kan word dat die Here se volk ‘n besondere status toegedig word – hulle moet saam met die skepping die Here prys en die rede daarvoor is tweërlei: 1)God het beveel en die skepping is geskape , vers 5 (כִּי הוּא צִוָּה וְנִבְרָאוּ), en 2) Jahwe alleen se naam en eer is ter sprake, vers 13 (כִּי־נִשְׂגָּב שְׁמוֹ לְבַדּוֹ הוֹדוֹ עַל־אֶרֶץ וְשָׁמָיִם). Die strekking van Psalm 148 as ‘n selfstandige eenheid dui op die lof van die skepping met die hemel en aarde as deelnemers en Juda as besondere deelnemer (solis?). In die konteks van hierdie studie is dit dat hierdie psalm die hele skepping oproep om God te prys – of dit nou weens die heilsgeskiedenis is of net omdat Jahwe die skepper is.

Dit is regverdigbaar om met waardering en bewondering na die mens se plek in die groter bestel van die skepping te kyk, maar dit is eweseer belangrik dat perspektief behou sal word. Die mens se evolusionêre ontwikkeling op biologiese, emosionele, intellektuele en spirituele wyse is merkwaardig in vergelyking met die res van die skepping en dit moet betekenisvol wees, maar met die begrip daarvan behoort erken te word dat die mens ‘n *integrale deel is van die totale skepping* en dat alles waarde het. Hier word ‘n lewensingesteldheid van nederigheid, respek en verantwoordelikheid veronderstel. Die skepping in al sy manifestasies (menslik en niemenslik) is wonderbaarlik en getuig van God se majesteit. In dié verband kan Hilary Marlow aangehaal word:

---

[273] Zenger verwys na Clifford, R.J., 2003, *Psalms 73-150*, Abingdon Old Testament Commentaries, Abingdon Press, Nashville.
[274] Jasper Burden se kommentaar op Psalm 147 in *Die Bybel in praktyk*.

> Psalm 150 actually talks about all of creation – everything that has breath – praising God, and Psalm 148 actually includes inanimate as well as animate creation in the call to praise. I think that’s perhaps surprising for some Christians, because I suspect that some Christians would think that human purpose is to praise God – that’s what humans are supposed to do – *and the fact that all creation is called on to praise God is a little bit surprising to them*. *I would like to suggest that it’s a reminder that we are part of the created order. We’re not separate from it. It’s a reminder that we share a lot with the rest of creation, which is both the capacity to worship God, and the command to do so*. Now of course when the Psalmist wrote those Psalms, we don’t know exactly what they were thinking about when they said “Let the mountains praise God”, or “Let the hills or the trees worship God”. What did they have in mind? They’re not concerned to explain how a rock or a tree or an animal worships. They were concerned to say that *actually this is the characteristic of the whole of creation, and this is something that we share with creation rather than that separates us from the rest of creation*. *I think it’s a reminder to us to be humble in not assuming that just because we’re the ones with language and we’re the ones with writing and so on that we are the only creatures that offer God worship.*[275] (kursivering toegevoeg).

God se grootsheid blyk uit al die fenomene van die geskapenheid – dit is ‘n getuienis oor die Skepper. Dit verg geloofsverwondering by die mens om dit te kan herken en bely.

### 7.2 Hierdie psalms is verwonderd oor God

Ons bely dat God die skepping gewil het en toelaat om te ontwikkel en deur die sisteme van natuurwette en ekologie instand hou. Vir die gelowige sal verwondering en die gepaardgaande nabetragting daaroor dan ook noodwendig die aandag na God toe neem. Die psalms onder bespreking in hierdie studie laat telkens blyk dat die wonderbaarlikheid van die skepping verband hou met God en dat dit iets sê van God

---

[275] Hilary Marlow, teoloog verbonde aan Girton College, Cambridge in gesprek met die Faraday Institute for Science and Religion, https://www.faraday.cam.ac.uk/churches/church-resources/posts/exploring-the-big-questions-scientists-and-theologians-share-their-views/

en hierdie verwondering oor God word op direkte wyse verwoord of by wyse van afleiding geïmpliseer. Vervolgens sal na ‘n paar van hierdie sake gekyk word.

### 7.2.1 Majesteit en mag

Soos reeds genoem aan die begin van hierdie hoofstuk speel die hemelruim ‘n prominente rol in aldrie psalms onder bespreking. Baie aspekte van die skepping – klein en groot – dwing bewondering en respek af, maar veral het die omvang van die heelal die vermoë om die mens sonder woorde te laat. Met die aanskoue van die hemelruim het die digter en die mense van sy tyd diep onder die indruk gekom dat Iemand wat dit teweeggebring het groot en magtig moet wees.

Die strekking van die Psalm 8 is duidelik: Jahwe is heer, groot, magtig en majestueus – dit kan gesien word uit die hemelruim en die werke van God se vingers (vers 2 en 4). God dink nie klein nie, maar laat toe dat die heelal ontwikkel na iets wat moeilik voor te stel is in menslik begrippe. Dit is begryplik en gepas dat die psalmdigter Jahwe as אֲדֹנֵינוּ – ons Heer – sal aanspreek en sy naam as אַדִּיר – magtig – beskryf (vers 1). Hierdie terme beskryf ‘n godheid wat eienaarskap en mag omvat. Anderson vertaal אַדִּיר as “majestic” (1981: 101); die Afrikaanse Bybelvertalings van 1983 en 2020 gebruik ‘’wonderbaar” en “magtig”; ander Engelse vertalings gebruik “majestic, splendid, great, noble, excellent”. Hierdie verskillende vertalings doen weinig verskil aan die intensie wat die digter wil oordra: Jahwe se naam, en dus Jahwe self is aangrypend en uitsonderlik.

Daar is reeds verwys na God wie se “mag gevestig” is (יִסַּדְתָּ עֹז) in vers 3 met verwysing na die onwrikbare hemelkoepel wat deur God in plek gestel is. Dit is sterk taal wat die digter gebruik om die mag en vermoë van die Skepper te beskryf. Met die vasstelling van die hemelkoepel word ook uitdrukking gegee aan die wêreld- en kosmologiese begrip by Israel dat God die chaosmagte van vormloosheid, ongetemdheid en grensloosheid getem en georden het om die wêreld leefbaar te maak en dit het groot indruk gemaak op die inwoners van Israel.

Alhoewel die psalm nie direkte redes aanvoer waarom Jahwe geëer moet word nie, word dit tog wel geïmpliseer. Jahwe is groot soos wat veronderstel word deur Jahwe se groot naam. Sy naam vertoon groots met die aanskoue van die hemelruim en

Jahwe se naam is bekend oor die hele aarde. In hierdie lied word nie verwys na nasies en troonsale nie, maar die skepping – dít is die vertoonlokaal van God se majesteit. Daar sal diegene wees wat hierdie majesteit van God moontlik ontken en misken, maar hulle sal daaraan herinner word deur selfs die geringes en kwesbares soos die kinders wat God se grootsheid sal besing (vgl. Goldingay se verklaring van kwesbare kinders se vermelding in Psalm 8: 3, Goldingay 2006: 156).

Afgesien van die kwesbares wat God se majesteit besing, maak die digter van Psalm 8 dit ook ‘n persoonlike ervaring om oor God te besin: “wanneer *ek* na u hemelruim kyk” (אֶרְאֶה – ek kyk) teenoor “wat is die mensdom (alle mense)?” Verwondering begin by die individu en alhoewel dit persoonlik en subjektief is, is dit wel geldig en dit kan gedeel word met ander en die effek hê (hopelik) om ander te laat verwonder oor wat waargeneem word en die majesteit van God te herken.

Psalm 8: 4 en Psalm 19: 2 beskryf die hemele as die “werk van God se vingers” en die “werk van God se hande”. Oor die trefkrag van hierdie beeldspraak is reeds besin hierbo, maar ‘n ander assosiasie word onwillekeurig hier opgeroep. Van Uchelen (1986: 131) skryf oor “die werk van God se hande” dat die uitspansel ‘n getuienis is van God se skeppingswerk. In hierdie psalms word indirek iets gesê oor die “kunstenaar” of skepper van iets manjifieks. Ons ken die ervaring deur ‘n grootse komposisie te hoor of die skoonheid van ‘n skilderwerk of beeldhouwerk te sien of die aanskoue van tegnologiese prestasies soos ‘n passasierskip of indrukwekkende argitektuur. Dan is dit onvermydelik om die kunstigheid en vernuf van die skepper agter hierdie skeppings te respekteer en te bewonder. Uiteraard het God nie letterlik gebou en geskilder aan die struktuur van die skepping nie, maar ons glo wel dat God dit gewil en toegelaat het dat die skepping deur die prosesse van natuurwette en evolusie tot stand kom en steeds laat gebeur. Ons kan saam met die beeldspraak van Psalm 8 en 19 in verwondering glo in die kosmologiese argument dat die bestaan van alles betekenis het. Die betekenis vir die gelowige lê daarin dat God hieragter sit en die luisterrykheid van die skepping weerspieël iets van die aard en denke van God.

Goldingay (2006: 286, 287) skryf na aanleiding van Psalm 19: 1-6 dat dit lyk asof die hemelruim al hoe meer homself vereer teen die einde van vers 6, maar tog meen ek dit wil deurgaans die aandag vestig op God se eer. Deur middel van ryk metafore (die stil maar kragtige boodskap, die tent, bruidegom, held, reguit lyn of maatlyn) word die

prag en krag van die hemele beskryf nie om homself te verheerlik nie, maar om die grootsheid van God se handewerk te beskryf, dus die grootsheid van God self. Die bewondering van die skepping word in Psalm 19 beperk tot slegs die hemelruim met die son as besondere voorbeeld daarvan, maar in alle sfere van die natuurlike wêreld kan die sensasie  beleef word van verrukking, ekstase en selfs sprakeloosheid (met uitroepe van ekstase aan die een kant, sal sprakeloosheid aan die teenoorgestelde kant van die emosionele spektrum wees) en erkenning gegee word aan die majesteit van God – bewustelik of onbewustelik. In die Joodse Sabbatsgebedeboek is ‘n meditasie ingesluit wat hierdie verwondering oor skepping en God treffend verwoord:

> Days pass, and the years vanish, and we walk sightless among miracles. God, fill our eyes with seeing and our minds with knowing. Let there be moments when your Presence, like lightning, illumines the darkness in which we walk. Help us to see, wherever we gaze, that the bush burns, unconsumed. And we, clay touched by God, will reach out for holiness and exlaim in wonder, “How filled with awe is this place….”[276]

Enigiemand wat na die skepping kyk in al sy manifestasies sal daaroor ekstaties kan raak, maar vir die gelowige kom ‘n ander dimensie by: iets van God word daarin herken en erken. Psalm 19: 2 verklaar onomwonde dat die hemelruim die eer van God verkondig (הַשָּׁמַיִם מְסַפְּרִים כְּבוֹד־אֵל ). Natuurlik doen die skepping dit nie letterlik nie (ons het hier te make met personifikasie), maar  die resultaat van God se “handewerk” getuig iets van die heerlikheid van die Skepper. Die aanskoue van die nagtelike hemel en die natuurskoon van die wêreld bring die waarnemer tot die insig dat hy of sy by die grond van ware kennis is: ek is hier besig met God.

Ons keer terug na Zenger (2011: 636) se beskrywing van Psalm 19 as ‘n kosmiese koraal. Wanneer die hemelruim aanskou word met ‘n geloofsblik en aanvaar word dat God “beveel” het dat dit daar moet wees, kan dit nouliks vermy word om die emosie te ervaar van ontsag hê en te glo dat God groots in denke en intensie moet wees. ‘n Mens word herinner aan die reaksie van die gladiator, Juba, uit die film “Gladiator” wanneer hy en sy groep gladiatore by die Colosseum aankom en by die aanskoue van

---

[276] Frishman & Elyse 2007: 53.

die magtige argitektuur verwoord hy sy verstomming: “Have you ever seen anything like that before? I didn’t know men could build such things….”[277] Moontlik is dit wat die psalmdigter wou sê tussen die lyne in vers 5 en 6 na aanskoue van die hemelruim: “…. want dit is Hy wat bevel gegee het – en hulle is geskape Hy het hulle gevestig vir altyd, vir ewig. Hy het ‘n vaste orde bepaal wat nie verby gaan nie.”

### 7.2.2 God bemoei met die mens

Wanneer kennis geneem word van die wonder, die grootsheid en skoonheid van die skepping en wat dit dan ooreenstemmend weerspieël van God, raak ‘n mens ook diep onder die indruk daarvan dat God tog bemoeienis maak met ‘n nietige verskynsel soos die mens. Die digter van Psalm 8 spreek homself dermate daaroor uit. Wat sê dit van God?

Met die vraagpartikel מָה – wat? – word ‘n antitese ingelui (vers 4). Teenoor die majesteit en mag van God word die nietigheid van die mens na vore gebring. Die terme אֱנוֹשׁ (mens) en בֶן־אָדָם (seun van die mens) word gebruik om iets van die broosheid van die mens te weerspieël, skryf Anderson (1981: 102, 103).

“Wanneer ek na u hemelruim kyk…” (Ps 8: 4) verwoord onmiskenbaar dat die digter stomgeslaan is oor die skouspel wat hy in die naglug sien en sy vraag “wat is die mens dan….?” (vers 5) dui aan dat hy verbluf is oor die wete dat die mens so gering is. Die kontras tussen heelal en ‘n blote mensie is oorweldigend. En tog blyk dit dat God tog wel notisie neem van hierdie nietigheidjie.[278] Die digter se vraagwoord “wat?” is verstaanbaar – dit is bykans te wonderlik om daaroor te peins. Hoe is dit moontlik en waarom sal aan die mens gesteur word deur die Skepper van so ‘n oorweldigende heelal?

Die ervaring dat God eintlik ‘n misterie is, is algemeen in die Joods-Christelike geloofstradisie en dit word verwoord met verskillende benaminge byvoorbeeld soos

---

[277] L. Steenberg 2021: 114.

[278] Die verkleiningsvorme word hier met opset gebruik – nie om verkleinerend te wees teenoor die mens nie, maar om doelbewus die kontras te versterk tussen die omvang van die heelal en hoe gering die individu is. Ten opsigte van die mens se biologiese, intellektuele, emosionele en spirituele vorming is die mens ‘n besondere ontwikkeling, maar in die groter bestel van die materiële werklikheid is die mens so gering dat die mens onbeduidend sou wees en by wyse van spreke geïgnoreer sou kon word.

Gees, die Een, die Grond van bestaan (Paul Tillich [279]), “Wezer” (Kees Waaijman [280]) maar Psalm 8: 2 en 10 bely dat Jahwe “ons Heer” is (אֲדֹנֵינוּ ). Dit is persoonlik; Jahwe dink en gee aandag aan die mens. Vir die gelowige is God nie êrens ver in die kosmos op ‘n troon nie, maar inderdaad – om ‘n wetenskaplike beeld te gebuik – soos gravitasie wat oor alles heen en in alles teenwoordig is. אָדוֹן (Heer) is אַדִּיר (magtig, uitnemend, luisterryk), maar dat God van my as individu weet en bemoeienis mee maak, laat my met dank en verwondering.

Van Uchelen (1986: 58) skryf dat die partikels כִּי (wanneer) en מָה (wat) in Psalm 8: 4 en 5 uitdrukkings is van verwondering net soos die refreinverse 2 en 10 en deur die kontrastering word die majesteit van God beklemtoon. Aan God se grootse dade in die hemel en die aarde word nie afbreuk gedoen omdat God bemoeienis maak met die mens nie: daarin toon die Here “ons heerser” te wees en Israel dank God hiervoor met hierdie psalm.

Dit sou verstaanbaar wees vir die mens om te aanvaar of te dink dat ‘n god wat verantwoordelik is vir die skepping nie eintlik betrokke sou wees by of bemoeienis maak met die mens nie (indien dit waar sou wees, sal dit nie logies sin gemaak het nie – waarom sal God die mens laat ontstaan en geen bemoeienis daarmee maak nie?). Die mens se ervaringswêreld is sodanig dat belangrike en hooggeplaaste persone ver verwyderd is van die gepeupel. Indien dit wel beleef word dat ‘n hooggeplaaste opreg betrokke sou raak by ‘n “gewone” mens, word dit met waardering en lof bejeën. Dit is wat die digter ook ervaar met Jahwe. Die omvang en kompleksiteit van die geskapenheid maak ‘n diep indruk op die gelowige en daarom word ons aangegryp deur die “intellek” wat daaragter sit. Hierdie “intellek” bely ons as God en dat hierdie intellek bewus sal wees (dink aan) en betrokke sal wees by die individuele mens (aandag skenk), sal die gelowige aan die hart gryp.

“Dat U aan hom dink” (כִּי־תִזְכְּרֶנּוּ) behels meer as net ‘n gedagte – dit is om doelbewus te onthou (vgl. Gn. 8: 1; Jer. 14: 21). “Dat U aan hom aandag skenk” (כִּי תִפְקְדֶנּוּ) omvat meer as net aandag skenk. Hiermee word aangedui dat daar *doelbewus*

[279] Tillich 1964: 235-236.
[280] In ‘n onderhoud met D.F. Tolmie van die Universiteit van die Vrystaat beskryf Kees Waaijman hoedat die naam “Jahwe” vir hom die beste uitgedruk kan word as “Wezer” (Engels: “Be-er”).

*gesoek* word na die mens.[281] God *soek* die mens uit om sorgsaam mee besig te wees. Hieroor is die psalmis verstom. Hoe is dit moontlik dat die groot Skeppergod dit met die nietige mens wil doen? Dit is wonderbaarlik!

Van Uchelen vertaal Psalm 8: 6 se וַתְּחַסְּרֵהוּ מְּעַט מֵאֱלֹהִים (net minder gemaak as God) as "dat hij goddelijk is" en daarmee sê Van Uchelen dat die mens ook met goddelike eienskappe en moontlikhede toegerus is: eer, majesteit, om te heers en onder die voete stel en dat hierdie kentekens van Jahwe is. Van Uchelen (1986: 59) skryf:

> De overeenkomst ligt dus in de koninklijke positie: het met eer en luister uitoefenen van gezag, waar de mens door God toe gemachtigd is. De mens heeft dit niet uit zichzelf, zoals God; daarom is er ook een verschil: de mens is op een weinig na goddelijk. Dit gezag is hem expliciet door God verleend (zie de werkwoordsvormen van de strofe) en de bevoegdheid daartoe is vooral getypeerd met de stam voor "heersen" (*mšl*).

Ten opsigte van bogenoemde stellings maak Van Uchelen die volgende voetnota (1986: 6117)

> 17. De punten van overeenkomst tussen God en mens zijn naar de voorstelling van deze strofe zo groot, dat het hier alleen maar kan gaan om hun wederzijdse verhouding; het is daarom onwaarschijnlijk, dat met *ʾèlōhīm* (vs. 6a) gedoeld is op een vergelijking met engelen (LXX, Targum, Nieuwe Testament, SV)…. Door zijn "eer" en "luister" is YHWH gekwalificeerd als "god"; het zijn de kentekenen van zijn goddelijk-zijn (zie Ps. 96: 6, 7). Vs. 6a geeft dus aan, dat de mens de goddelijke kentekenen gekregen heeft, zonder *ʾèlōhīm* te zijn.

Daar is hierbo reeds verwys daarna dat God dit *gewaag* het om aan die mens die status te gee met eer en majesteit en om te heers oor die skepping – tipiese goddelike kwaliteite. Hier is sprake van deelnemende bestuur en samewerking tussen God en mens. Kan hier iets herken word van 'n edele aard en selfs nederigheid by God waarby

[281] In Holladay 1988: 296 en Davidson 1992: 630 word die volgende vertaalmoontlikhede aangebied: "make a search; have a look; hunt up; seek out; take care of; to visit; go or come to see".

mag gedeel word met die mens? Hierdie skrywer is die mening toegedaan dat iets van hierdie mededeelsaamheid en samewerking te bespeur is by God in ‘n antwoord gebied deur Jonathan Sacks in ‘n TV-onderhoud nadat hy die Templeton-prys in 2016 ontvang het. Die vraag wat aan hom gestel is, was “Why might our world be a better place when the power of love replaces the love of power?” Sacks het soos gevolg geantwoord:

> Love and power illustrate perfectly one of the great formulae of game theory. Power is the ultimate zero sum game. The more power I share, the less power I have. There’s only so much to go round, so the more I give away, the less I have.
>
> Love is the exact opposite. The more I share, the more I have, because love, like friendship, influence, even knowledge, is the kind of thing that I only ever really acquire by sharing. So that is why power is always connected with conflict, because I want more and that means less for you and therefore you must oppose me. *Whereas love is always associated with co-operation, because it means that what what we can do together is so much greater than what we can do alone.* (kursivering toegevoeg).[282]

Sacks se antwoord het betrekking op die konflik wat in die wêreld aan die gang is op verskillende vlakke en kontekste, maar hier word ‘n belangrike beginsel aangeroer. Magspel tussen partye bring gewoonlik konflik, terwyl magsdeling dui op samewerking tot voordeel van die partye en indien dit met integriteit gedoen word, spreek dit van respek – in geloofstaal word dit liefde genoem. Is dit wat gebeur wanneer God die mens laat ontwikkel met die potensiaal om weinig minder as God te wees en te groei in goddelike kwaliteite?

Wanneer in gedagte gehou word dat status en mag gedeel word met die mens deur God, impliseer dit ook dat God aan die mens *vryheid* gegee het om te kan kies om onder andere verteenwoordiger van God te wees in hierdie wêreld en kosmos. Hierdie verteenwoordiging veronderstel uiteraard verantwoordelike bestuur soos reeds voorheen na verwys is en op so ‘n wyse dat God se sorg en liefde inderdaad sal blyk deur die mens. In dieselfde TV-onderhoud na verwys hierbo het Sacks op die vraag

---

[282] Sacks 2016, https://youtu.be/EZgl8pbaics

“Doesn’t all the evil in the world show there is no God?”, die erns waarmee God die vryheid van die mens bejeën soos volg belig:

> …. “where was God at Auschwitz?” and suddenly standing there the answer came to me. God was in the words “thou shalt not murder”; he was there in the words “thou shalt not oppress a stranger”; he was in the words “your brother’s blood is crying out to me from the ground. And when God speaks and human beings don’t listen, there is nothing, even an all powerful God, can do, *because if there is one thing he will never do, it is to take away our freedom*. I call the faith of the Hebrew Bible God’s call to responsibility. He is telling us “I alone cannot eliminate evil from the world and still allow you to be human; still allow you to be free. Therefore I need your help in putting out the fire that is consuming civilisation in its flames. (kursivering toegevoeg)[283]

Die konteks van die vraag aan Sacks gestel en sy antwoord was dié van die geweld in die samelewing. Sacks se antwoord sal insgelyks van toepassing gemaak kan word op die geweld wat die mens aan die omgewing doen.

Ons bely ‘n God wat groots is in denke en majesteit soos dit manifesteer in die kosmos en die wêreld en gedagtig daaraan dat die mens gering is in die groter bestel van die heelal en wêreld, is dit verbluffend dat God tog mededeelsaam is in sy mag met die mens en dat die mens vryheid gegun word om Homo Sapiens, wyse mens, te wees.

### 7.3 Konklusie

Die digters van Psalm 8, 19 en 148 moes ‘n gemeenskaplike ervaring gehad het van vervulling met ontsag by die aanskoue van die skepping wat die hemelruim, die aarde, die plant- en diereryk en die mens ingesluit het. Die hemelruim word beskryf in sy omvang, onwrikbaarheid en ewigdurendheid; as delikate handewerk; iets wat stil, maar welsprekend sy boodskap in geen onduidelike terme uitstuur. Op aarde word alles en almal betrek om deel te hê aan die koraal van lof, want alles word na waarde geag en daarom bewonder. Die besef van die omvang en skoonheid van die skepping

[283] Sacks 2016, https://youtu.be/rHtbvby5Ylk

op verskillende vlakke, het die digters meegevoer tot 'n punt waar hulle nie anders kon as om daaraan uiting te gee in lof en aanbidding tot Jahwe, die Skeppergod nie.

Uit die wonderbaarlikheid van die skepping in al sy manifestasies blyk dit vir die gelowige dat God daarvoor verantwoordelik is: "…. dit is Hy wat bevel gegee het – en hulle is geskape. Hy het hulle gevestig…., …. wat sy bevel uitvoer;" (Ps. 148: 5, 6, 8). Die skepping is getuienis daarvan dat God magtig en majestueus is; wat groot is in denke en intensie en met kunstigheid te werk gaan. Ten spyte van die grootheid van God, gaan God tog die waagstuk aan om met die geringe mens bemoeienis te maak en op te soek om eer, status, verantwoordelikheid en vryheid aan Homo Sapiens te gee met die vermoë om goddelike kwaliteite te besit en te vertoon (Ps. 8). Die woorde van Wentzel van Huyssteen verdien om weer hier aangehaal te word: "to set forth the presence of God".[284] Die gelowige kan nie verwondering ervaar oor die skepping en nie ook verwondering oor en ontsag vir God te hê nie.

Die Ou Nabye Oosterse wêreld was vervul met verwondering oor wat bo hulle en om hulle afgespeel het met selfs die beperkte kennis oor die aard daarvan – die moderne mens kan met hedendaagse wetenskaplike insigte die skeppingspsalms met groter perspektief lees en insgelyks aangegryp word deur die wêreld en kosmos. Sodanige psalms bied 'n gepaste geleentheid om ons aanbidding te verwoord en 'n spiritualiteit van verwondering en nederigheid te voed en in stand te hou.

[284] Van Huyssteen 2010: 150.

## Hoofstuk 8

## Konklusie

Wanneer die skepping in al sy manifestasies – van die makrokosmos tot die mikrokosmos en alles tussenin – waargeneem en beleef word, kom die mens diep onder die indruk van die omvang, kompleksiteit, doelmatigheid en skoonheid daarvan. Die mens kan daaroor verwonderd raak. Dit opsigself is ‘n merkwaardige verwikkeling dat die mens die vermoë gekry het in sy fisiese (die brein) en geestelike (verbeelding, intellektueel en emosioneel) ontwikkeling om te kan verwonder. Sekere primate soos die sjimpansee kan dit ook doen in beperkte mate, maar die mens se vlak van ontwikkeling op dié gebied is iets besonders. In die mate wat die mens ontwikkel het, word die mens se hele wese betrek by die ervaring van verwondering: fisies, emosioneel, intellektueel/kognitief en spiritueel/filosofies en kan daar uitdrukking aan gegee word in wye en kleurryke woordeskat.

Die bestudering en belewing van die skepping laat ons met die besef dat alles in mindere of meerdere mate waarde het en wanneer dit ingesien word, kan dit waardeer word en die waardering word op sy beurt ‘n uitdrukking van dankbaarheid. Vir die gelowige sal die dankbaarheid gerig wees op God wie erken sal word as die gewer van die skepping en daarom ooreenkomstig geëer sal word. Dit waaroor verwonder kan word, sluit bykans alles in: die natuurlike wêreld, die wetenskap self wat dit verklaar en die kultuur en tegnologie wat uit die natuur en wetenskap voortkom.

Verwondering is nie ‘n minderwaardige aktiwiteit wat net tuis hoort by die sogenaamde naïewe en oningeligte persoon soos wat sommiges van mening is nie. Alle mense kan verwonder – die professioneel geleerde en die leek. Dit behoort ook nie ‘n eenmalige ervaring te wees nie, maar deurlopend – dit is wenslik dat die mens ‘n voortdurende sensitiwiteit sal hê om die wêreld waar te neem en daaroor in vervoering raak op verskillende wyses: die persoon kan verbaas of verras wees; die persoon kan sprakeloos wees; die persoon kan ontroer wees en vervul word met dankbaarheid; ontsag kan ervaar word. Ook die liggaam neem deel aan die verwondering: die hande word saamgeslaan; die asem skerp ingetrek; oë wat rek; uitroepe van bewondering. Waar die wetenskap na objektiwiteit streef in sy ondersoek, is die subjektiewe ervaring van verwondering net so ‘n geldige ervaring wat noodsaaklik is vir die mens se liggaamlike en geestelike ontwikkeling. Dit mag nie afgemaak word as naïef of

minderwaardig nie. Aan die hart van verwondering lê gretigheid, aandagtigheid en nadenkendheid (vgl. Berquist) en so ‘n ingesteldheid weerspieël ook respek en nederigheid. Verwondering kan ‘n uitvloeisel wees van hierdie fundamentele ingesteldhede, maar verwondering sal in ‘n kringloopeffek ook die gevolg hê om dié ingesteldhede verder te voed en versterk. Vir die gelowige sal verwondering ‘n ervaring wees met ‘n teologiese inhoud deurdat God erken en bely word as die skepper en gewer van die kosmos met alles daarin en dat dit ook ‘n teleologiese betekenis het.

Die Christen-geloofstradisie sal steeds relevant en geloofwaardig bly in ‘n wêreld van wetenskaplike prestasie en verklaring mits die korrekte hermeneutiek aan die dag gelê word ten opsigte van die Bybel en die persoon van Jesus. Die Christen-gelowige kan verwonderd wees oor beide die materiële werklikheid soos wat die wetenskap dit verklaar en oor die spirituele werklikheid en betekenis waarvan die Skrif getuig sonder dat daar konflik is. Ten opsigte van die konflik (wat inherent nie bestaan nie, maar deur mense geskep word) moet kennis geneem word van deelnemers in die gesprek tussen geloof en wetenskap wat lofwaardige voorbeelde is wat nederigheid en respek weerspieël en op sy beurt beter begrip en verdraagsaamheid bevorder (byvoorbeeld Francis Collins en Alan Lightman). Inderdaad kan en moet wetenskap en geloof aanvullend wees en wesenlik bydra om ‘n verruimde en verdiepte begrip te kry oor die betekenis in die lewe.

Die Bybel is ‘n belangrike bron in die Christelike geloofstradisie in die vorming en begeleiding van ons geloofslewe en dit bied ook ‘n skat waaruit baie geput kan word om na te dink oor verwondering wat ervaar kan word vanuit die natuur. Wanneer besin word oor die natuur en die wonder daarvan, is dit eintlik vanselfsprekend dat by die skeppingsverhaal in Genesis 1 begin sal word. Die mitiese aard en voorwetenskaplikheid van die verhaal moet erken word en dit moet gelees word as loflied en belydenis dat God verantwoordelik is vir die skepping. God *wil* die skepping en is hoogs tevrede met wat vermag is. Juda het die skepping en die totstandkoming daarvan anders verstaan as die ander kulture van hulle tyd en die verhaal het gestalte gekry deur die pen van die Priester. God alleen is verantwoordelik daarvoor – geen ander gode nie. Dit was veral ook belangrik dat al die aspekte van die skepping nie as goddelikhede beskou sal word nie en daarom doen die Priester moeite om die verhaal te ontmitologiseer. Die verhaal is bondig en sonder drama, maar tog blyk die invloed

van ander skeppingsverhale van ander volke in Juda se tyd ietwat deur te skemer deur die skeidingsaksies: daar is ook ‘n “stryd” in Genesis 1 – nie tussen opponerende magte nie, maar die voorskeppingschaos van kosmos en wêreld word getem om lewensvatbaarheid te bewerkstellig. Deur skeidingsaksies word strukture teweeg gebring waarin lewe kan gedy.

Die geleidelike ontvouing van die skepping en die logika daarvan is opvallend. Die strukturering van die hemel en die aarde en die doelmatigheid van al die aspekte van die skepping verleen ‘n praktiese sinvolheid aan die gebeure. Hier is nie towertruuks waar alles plotseling verskyn soos beskryf word in ander skeppingsverhale nie. Alhoewel die aarde in sy woestheid bestaan het, het God tog die proses begin om die skepping te ontwikkel van chaos tot orde en leefbaarheid. Die hemelruim se grootsheid en omvang word beskryf in die destydse begrip van die hemelruim, naamlik die gesmede koepel (רָקִיעַ) met die hemelliggame wat daarin heers. Die plante- en diereryk kom in die lewe elkeen volgens hulle spesies (aard - לְמִינֵהוּ) met ‘n gekrioel (יִשְׁרְצוּ) in die lug en see. Die oorvloed en diversiteit kan nie misgekyk word nie. Die mens verskyn uiteindelik op die toneel waarmee God in ‘n besondere en langdurige verhouding tree (vgl. Westermann se “happening”). ‘n Besondere status word aan die mens gegee deur beeld en afbeelding van God te wees (בְּצַלְמֵנוּ כִּדְמוּתֵנוּ) met die doel om soos God die skepping met sorg en verantwoordelikheid te bestuur. Die wyse waarop die Priester en Juda die wording van skepping beskryf, getuig van kritiese denke wat die leser verwonderd laat dat met hulle beperkte wetenskaplike insig die skepping so vertolk kon word.

Uit Genesis 1 blyk dat die skepping doelmatig is (vgl. Von Rad 1942: 61). Die hemelliggame dui tyd aan; die hemelkoepel skei die waters; die plante dien as voedsel – daar lê groot waarde daarin. Maar die waarde van die skepping lê in meer as net die funksionaliteit daarvan – daar is die *skoonheid* van die skepping. Oor die skoonheid van die skepping praat Genesis 1 nie pertinent nie, maar die Skrif getuig op talle plekke daarvan, byvoorbeeld Job 37-41; Ps. 19; Ps. 104: 24, 25; Mt. 6: 28-30; Rm. 1: 20. En dan lê daar ‘n waarde op veel dieper vlak: *dit is God s’n en dit is “baie goed”* (טוֹב מְאֹד). God is in sy skik met wat vermag is. Dit is ‘n grondige rede vir ons om waarde,

respek en bedagsaamheid teenoor die skepping te betoon en op dié wyse ons te verwonder daaroor.

Westermann het deeglik aangetoon dat die Genesis 1-verhaal ook die invloed van ander skeppingsverhale gevoel het en voer aan dat die Priester daarmee sê dat sy verhaal nie die laaste sê het oor die skepping nie. Op soortgelyke wyse kan die hedendaagse wetenskap se insigte ons lees en verstaan van die skeppingsverhaal beïnvloed met die kennis wat ons het oor die heelal, die fauna en flora, klimaat en geografie. Die verskyning van die mens in die skeppingsverhaal verteenwoordig ‘n hoogtepunt – dat die heelal uiteindelik Homo Sapiens voortgebring het met sy fisiese, psigiese, emosionele, intellektuele en spirituele ontwikkeling moet betekenisvol wees. Die mens het volgens die verhaal ‘n unieke status as afbeelding van God en verhoudingswese en in die konteks van die menslike evolusie kry Jesus as Homo Sapiens ‘n veelseggender betekenis wanneer hy beskou word as die “human possibility” (Borg 2017: 114).

Die wysheid van Westermann (1984: 175, 176) ten opsigte van ons Godsbegrip behoort ook ter harte geneem te word: God moet nie verskraal word as die Een wat slegs die heil van die mens voor oë het nie. Dit is nie die God van die Bybel nie – die hele skepping is vir God kosbaar. Daarom moet dit heilsaam bestuur word – sonder die tuin is daar geen heil vir die mens nie.

Die mitiese skeppingsverhaal kry ‘n groter perspektief en dieper dimensie van betekenis as die bevindinge van die wetenskap in gedagte gehou word. Die skepping is groot en majestueus en is ‘n getuienis van die grootsheid van God en in die groter bestel is die mens gering. Nederigheid teenoor God, die skepping en medemens is van pas. Deur die wetenskap én die teologiese betekenis van Genesis 1 word die verhaal iets om oor te verwonder en aangegryp te wees.

Ook in die wysheidsliteratuur word veel nagedink oor die wonder van die skepping. Met die aanskoue van die hemelruim, die aarde, die plant- en diereryk en die mens moes die digters van Psalm 8, 19 en 148 met ontsag vervul gewees het. Die hemelruim word met pragtige beelde en beeldspraak beskryf as onwrikbaar, ewigdurend, stil en tog welsprekend en dit is God se delikate handewerk. Alles en almal word betrek in die koraal van lof, want alles is waardig om daaraan deel te neem. Die omvang en skoonheid van die skepping op alle vlakke het die digters so

meegevoer dat dit onvermydelik was om daaraan uiting te gee in beeldspraak, lof en aanbidding van Jahwe, die Skeppergod.

Die skepping is wonderbaarlik in al sy manifestasies en God is daarvoor verantwoordelik: "…. dit is Hy wat bevel gegee het – en hulle is geskape. Hy het hulle gevestig…., …. wat sy bevel uitvoer (Ps. 148: 5, 6, 8). God is magtig en majestueus, groot in denke en intensie – daarvan is die skepping 'n getuienis – en dit is met kunstigheid geskep. Wat nog meer wonderbaarlik is volgens Psalm 8 is dat God 'n waagstuk aangaan: om – ten spyte van die grootheid van God – die geringe mens *op te soek* om eer, status, verantwoordelikheid en vryheid aan Homo Sapiens te gee om uiteindelik goddelike kwaliteite te besit en vertoon.

Die Ou Nabye Oosterse wêreld het gesien wat bo hulle en om hulle afgespeel het en was vervul met eerbied en lof, al was hulle kennis oor die aard daarvan beperk. Genesis 1 en Psalm 8, 19 en 148 kan deur die moderne mens met die beskikbare wetenskaplike insig met groter perspektief en dieper betekenis gelees word en op soortgelyke wyse as die antieke wêreld aangegryp word deur die wêreld en die kosmos. Hierdie tekste is gepaste uitinge van lof om verwondering te verwoord en 'n spiritualiteit van verwondering en nederigheid te voed en te bevorder. Alles het waarde; almal behoort voortdurend verwonderd te wees oor die skoonheid, omvang en kompleksiteit van die skepping en uitdrukking te gee daaraan.

**Bibliografie**

Allen, L.C., 1983, *Psalms 101-150*, Word Books, Waco.

Anderson, A.A., 1981, *The book of Psalms, volume1, Psalms 1-72*, Marshal, Morgan & Scott, London.

Anderson, A.A., 1981, *The book of Psalms, volume 2, Psams 73-150*, Marshal, Morgan & Scott, London.

Aquinas, T., 1952, *Questiones Disputatae de Potentia Dei (On the power of God, Question VI: Miracles)* vertaal deur The Dominican Fathers, Westminster, The Newman Press, Maryland, gelees 30 Oktober 2017 op https://isidore.co/aquinas/QDdePotentia6.htm

Aquinas, T., *Summa Theologiae*, *Ia-IIae, Q. 32, a. 8.*, The Logic Museum, gelees 05 November 2017 op http://www.logicmuseum.com/wiki/Authors/Thomas_Aquinas/Summa_Theologiae/Part_IIa/Q32

Aristoteles, 350vC, vertaal deur Ross, W. D., *Metaphysics*, p. 3, gelees 30 Oktober 2020 op http://www.documentacatholicaomnia.eu/

Attfield, R., 2017, *Wonder, value and God*, Routledge, London.

Bancewicz, R. M., 2012, *The fascination of science*, gelees 18 Augustus 2020 op https://scienceandbelief.org/2012/10/04/the-fascination-of-science/#more-1608

Barnosky, A.D., Matzke, N., et al, 2011, Has the earth's sixth mass extinction already arrived?, *Nature* 471, 51-57.

Barth, U., 2017, How many cells are in your body? Probably more than you think! Eppendorf handling solutions, gelees 04 April 2021 op https://handling-solutions.eppendorf.com/cell-handling/about-cells-and-culture/detailview/news/how-many-cells-are-in-your-body-probably-more-than-you-think/

Berquist, M. R., 1985, *Wonder and skepticism*, gelees op 10 September 2020, https://thomasaquinas.edu/about/wonder-and-skepticism

Bianconi, E., Piovesan, E., Facchin, F., Beraudi, A., Casadei, R., Frabetti., Vitale, L., Pelleri, M., Tassani, S., Piva, F., Perez-Amodio, S., Strippoli, P., Canaider, S., 2013, An estimation of the number of cells in the human body, *Annals of Human Biology* 40 (6), 463-471.

Bible Gateway, https://www.biblegateway.com/

Bible Study Tools, https://www.biblestudytools.com/lut/genesis/1.html

BioLogos, 2019, How did life begin?, *Biologos*, gelees 14.12.2021 op https://biologos.org/common-questions/how-did-life-begin/

BioLogos, 2021, *What do "fine-tuning" and the "multiverse" say about God?*, gelees 30 Oktober 2017, op https://biologos.org/common-questions/what-do-fine-tuning-and-the-multiverse-say-about-god

Block, D., 2021., *What the heavens declared to a young astronomer*, gelees 02 September 2022 op https://www.davidblock.co.za/godandtheastronomer.html#header4-16

Borg, M., 2001, *Reading the Bible again for the first time. Taking the Bible seriously but not literally,* HarperCollins Publishers, Inc., New York.

Borg, M., 2017, *Days of awe and wonder. How to be a Christian in the 21st century,* HarperCollins Publishers, New York.

Born, M., 1968, *My life and views*, Scribner, New York.

Buechner, F., 1992, *Listening to your life: Daily meditations with Frederick Buechner*, HarperSanFrancisco, San Francisco.

Burnie, D., 2012a, *Science, The definitive visual guide,* (Hart-Davies, red.), Dorling Kindersley Limited, London, 410-411.

Burnie, D., 2012b, *Science, The definitive visual guide,* (Hart-Davies, red.), Dorling Kindersley Limited, London, 444-445.

California Academy of Sciences, 2020, *Eschmeyer Catalog of Fishes*, gelees 17 November 2020 https://researcharchive.calacademy.org/research/ichthyology/catalog/SpeciesByFamily.asp

Calisher, C., 2007, Taxonomy: What's in a name? Doesn't a rose by any other name smell as sweet? *Croation Medical Journa*l, 48(2), 268-270.

Cantore, E., 1977, Wonder and awe: the scientific experience of ultimates, *Scientific man. The humanistic significance of science*, ISH Publications, New York, gelees 20 Augustus 2020 op https://inters.org/Cantore-Wonder-Awe .

Cantore, E. 1977, *Scientific man: The humanistic significance of science*, ISH Publications, New York.

Capra, F., 1982, *The tao of physics*, Flamingo, London.

Capra, F., 2015, *Fritjof Capra on science and spirituality,* gelees 23 Oktober 2017, http://www.sutrajournal.com/science-and-spirituality-by-fritjof-capra

Carrier R., 2004, Antony Flew considers God … sort of, *The Secular Web: A drop of reason in a pool of confusion*, gelees 02 September 2022 op https://infidels.org/kiosk/article/antony-flew-considers-godsort-of/

Charleston, S., s.a., *Episcopal climate news*, gelees 19 Julie 2022 op https://episcopalclimatenews.com/2019/04/23/weekly-newsletter-or-bulletin-insert-

contact-your-alma-maters-about-climate-change-and-bishop-steve-charleston/#more-725

Casadevall, A., Fang, F.C., 2018, Elegant science, *American Society for Microbiology, mBio*, gelees 12 November 2022, op https://journals.asm.org/doi/10.1128/mBio.00043-18

Chesterton, G., 1919, *Heretics*, hfst. 3 On Mr. *Rudyard Kipling and making the world small*, John Lane Company, New York.

Cloete, T.T., 1989, *Driepas,* Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad.

Clifford, R., 2003, *Psalms 73-150*, Abingdon Old Testament Commentaries, Abingdon Press, Nashville.

Collins, F., 2007,*The language of God. A scientist presents evidence for belief,* Pocket Books, London.

Collinsdictionary.com, *Definition of wonder,* https://www.collinsdictionary.com/dictionary/english/wonder

Coyne, G., 2008, Father George Coyne interview (5/7) – Richard Dawkins, *Richard Dawkins Foundation for Reason & Science*, gekyk 02 Desember 2021, https://youtu.be/Nl1xmkVOyRw

Coyne, J., 2015, *Faith vs. fact. Why science and religion are incompatible*. Penguin, New York.

Dahood, M., 1966, Psalms I: 1-50, Anchor Bible Yale University Press, New Haven.

Daston, L., 2014, *Wonder and the ends of inquiry,* gelees 30 Oktober 2017 op https://thepointmag.com/examined-life/wonder-ends-inquiry/

Davidson, B., 1992, *The analytical Hebrew and Chaldee lexicon*, Hendrickson Publishers, Peabody, Ma.

Dawkins, R., 2014. *An appetite for wonder. The making of a scientist*. Penguin Books, London.

Deacon, T., 1997, *The symbolic species: The Co-evolution of language and the brain*, Norton, New York.

Deichert, A., 1924, *Die Genesis*, derde uitgawe, Leipzig.

Descartes, R., 1649, *Les passions de l'âme* (Passions of the Soul), vertaal deur Jonathan Bennett, 2010, Parys.

De Vaux, R., 1973, *Ancient Israel. Its life and institutions*, Darton, Longman & Todd, London.

Dictionary.com, *Wonder*, https://www.dictionary.com/browse/wonder

*Die Bybel Nuwe Vertaling*, 1983, Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Kaapstad.

Die Bybel 2020-vertaling, 2020, https://biblesa.co.za/Bybel/AFR83,AFR20/GEN.1/GENESIS-1

Dinwiddie, R., 2012, *Science. The definitive visual guide,* (Hart-Davies, red.), Dorling Kindersley Limited, London.

Dobrijevic, D., Pultarova, T., 2022, Milky way galaxy: Everything you need to know about our cosmic neighborhood, *Space.com*, gelees 13 Oktober op https://www.space.com/19915-milky-way-galaxy.html

Du Toit, C.W., 2023, A scientific defense of religion and the religious accommodation of science? Contextual challenges and paradoxes*, HTS Theological Studies*, volume 69(1), 1-11.

Dyson F., 1979. *Disturbing the Universe*, Harper and Row, New York.

Einstein, A., 1949, *The world as I see it*, Philosophical Library, New York.

Einstein, A., 1956, *Lettres à Maurice Solovine*, Gauthier-Villars, Parys.

Elliger, K. en Rudolph W, (red.), 1987, *Biblia Hebraica Stuttgartensia*, derde uitgawe, Deutsche Bibelgesellschaft, Stuttgart.

Ellis, G.F., 2007, Science and hope, *On Being with Krista Tippett*, gelees 13 Mei 2020 op https://onbeing.org/programs/george-f-r-ellis-science-and-hope/ .

Eskine, K., Kacinik, N., & Prinz, J., 2012, Stirring images: Fear, not happiness or arousal, makes art more sublime*. Emotion* 12(5), 1071-1074.

Feynman, R., 1999, *The pleasure of finding things out. The best short works of Richard P. Feynman,* Perseus Publishing, New York.

Ferré, F., 1996, *Being and value: Toward a constructive postmodern metaphysics*, SUNY Press Albany, New York.

Fiand, B., 2008, *Awe-filled wonder. The interface of science and spirituality*, Paulist Press, Mahwah.

Forshaw, J., 2012, *Science and religion are united in a shared sense of wonder*, gelees 30 Oktober 2017 op https://www.theguardian.com/science/2012/oct/28/science-religion-life-universe-questions

Frishman, E.D., 2007, *Mishkan T'Filah: A reform siddur*, CCAR Press, New York.

Fuller, R.C., 2006, *Wonder. From emotion to spirituality*, University of North Carolina Press, Chapel Hill.

Goldingay, J., 2006*, Psalms, volume 1: Psalms 1-41*, Baker Academic, Grand Rapids.

Goldstein, E., s.a., John C. Mather: NASA's Nobel Laureate, *NASA.gov*., gelees 30 Oktober 2017 op https://www.nasa.gov/50th/50th_magazine/matherInterview.html

Goodall, J., 1986, *The Chimpanzees of Gombe: Patterns of Behavior*, Bellknapp Press, Boston.

Halík, T., 2009, *Patience with God. The story of Zacchaeus within us*, Doubleday, London.

Haydn, F., 1798, *The Creation*, teks gebruik deur die Melbourne Symphony Orchestra, 2017, gelees 01 September 2022 op https://melbournesymphonyorchestra-assets.s3.amazonaws.com/assets/File/3878.pdf

Heisenberg, W., 1969, *Der Teil und das Ganze: Gespräche im Umkreis der Atomphysik*, München.

Hepburn, R.W., 1984, *'Wonder' and other essays*, Edinburgh University Press, Edinburgh.

Hoffleit, D. en Warren Jr., W., 1991,*Yale bright star catalogue,* 5th revised edition, 1991, gelees 11 Augustus 2022 op http://cdsarc.u-strasbg.fr/viz-bin/Cat?V/50

Holbrook, T., 2009, Ant factoids, *Ask a biologist*, Arizona State University School of Life Sciences Ask a Biologist, gelees 04 April 2021 op https://askabiologist.asu.edu/content/ant-factoids

Holladay, W., 1988, *A concise Hebrew and Aramaic lexicon of the Old Testament*, William B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids.

Honko, L., 1972, The problem of defining myth, Scripta Instititu Donneriani Aboensis, volume 6, 7 -19.

Horst, F., 1961, *Gottesrecht*, Christian Kaiser Verlag, München.

Howell, E., Harvey, A., 2018, *How many galaxies are there?,* gelees 07 April 2020 op https://www.space.com/25303-how-many-galaxies-are-in-the-universe.html

Howell, E., 2018, *How many stars are in the Milky Way?,* gelees 07 April 2020 op https://www.space.com/25959-how-many-stars-are-in-the-milky-way.html

Jastrow, R., 1978, Have astronomers, *The New York Times*, gelees 12 Oktober 2022 op https://www.nytimes.com/1978/06/25/archives/have-astronomers-found-god-theologians-are-delighted-that-the.html

Jastrow, R., 1981. *Enchanted loom*, Simon and Schuster, New York.

Jastrow, R., 1992, *God and the astronomers*, W.W. Norton, New York.

Joubert, G., 1997, *Die groot gedagte. Abstrakte weefsel van die kosmos*, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad.

Juvenal, *ca*. 100-127, vertaal deur Ramsay G.G., *Satires, satire XIV, No teaching like that of example*, p. 12, gelees 05 Augustus 2022 op https://en.wikisource.org/wiki/Juvenal_and_Persius/The_Satires_of_Juvenal/Satire_14

Kant, I., 1781, *Kritik der reinen Vernunft. Erste Fassung 1781*, vrygestel 2004 deur The Project Gutenberg eBook, vertaal deur T.K. Abbot as The *critique of practical reason*, p.82, https://www.gutenberg.org/ebooks/5683

Kelsey, D.H., 2009, *Eccentric Existence, a theological anthropology*, Westminster John Knox Press, Louisville, Kentucky.

Keltner, D. 2009, *Born to be good: The science of a meaninful Life,* W.W. Norton, New York.

Labuschagne, F.J., Eksteen, L.C., 1993. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, J.L. van Schaik, Pretoria.

Lightman, Alan, 2014.*The accidental universe. The world you thought you knew*, Vintage Books, New York.

Lombaard, C., 2014, Hoog en droog…, *Teo*, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.

Lombaard, C., 2015, Mysticism and/in the Old Testament: Methodological orientation and a textual example, *HTS Theological Studies*, 71(1), 1-5.

Lombaard, C., 2022, “Anthropology” and the “Imago Dei” as (related) problematic concepts when considering technology: suggestions towards greater cross-disciplinary understanding, *Pharos Journal of theology*, online volume 103, 1-15.

Mach, E., 1960, vertaal deur T.J. McCormack*, The science of mechanics: a critical and historical account of its development*, Open Court, La Salle.

Mack, K., 2019, *Disorientation*, NC State University, gelees op 09 Maart 2022, https://sciences.ncsu.edu/news/disorientation-a-science-poem-by-katie-mack/

Main, D., 2021, How many birds are there in the world? *National Geographic,* gelees 14 Desember 2021 op https://www.nationalgeographic.com/animals/article/how-many-birds-are-there-in-the-world-science-estimates

Maré, L., 2006, Psalm 8: God’s glory and humanity’s reflected glory, *Old Testament Essays* (19/3), 926-938.

Marlow, H., s.a., Dr. Hilary Marlow: What is the purpose of creation? *Faraday Institute*, gelees 13 Augustus 2021 op https://www.faraday.cam.ac.uk/churches/church-resources/posts/exploring-the-big-questions-scientists-and-theologians-share-their-views/

Mays, J., 1994, *Psalms. Interpretation. A Bible commentary for teaching and preaching*, John Knox Press, Louisville.

McFague, S., 1987, *Models of God: Theology for an ecological, nuclear Age*, Philadelphia: Fortress Press, Philadelphia.

McGrath, A., 2014, *Why faith makes sense: Developing a Christian mind.* https://youtu.be/mIEKVDjlfJA, lesing aangebied tydens Park Street Church Apologetics Conference.

McGrath, A., 2015, *Faith, Proof and Evidence: What's right to think? Transcript*, https://www.gresham.ac.uk/lectures-and-events/faith-proof-and-evidence-whats-right-to-think

Moore, J., Tsikos, H., Polteau, S., Deconstructing the Transvaal Supergroup, South Africa: implications for palaeoproterozoic palaeoclimate models, *Journal of African Earth Sciences,* 33(3-4), 437-444.

Moore, K.D., 2005, The Truth of the Barnacles: Rachel Carson and the Moral Significance of Wonder, *Environmental Ethics* , 27(3), 63-77.

Mouw, R., 2019, *Seeing the harmony*, gelees 18 Februarie 2022, https://biologos.org/resources/seeing-the-harmony

NASA, 2022, *Sun*, gelees 01 September 2022 op https://solarsystem.nasa.gov/solar-system/sun/overview/#:~:text=The%20Sun's%20volume%20would%20need%201.3%20million%20Earths%20to%20fill%20it.

National Geographic, *Biodiversity*, gelees 14 Desember 2021 op https://www.nationalgeographic.org/encyclopedia/biodiversity

National Ocean Service, *How many species live in the ocean?* Gelees 25 Maart 2021 op https://oceanservice.noaa.gov/facts/ocean-species.html

Nolan, A., 1976, *Jesus before Christianity. The gospel of liberation,* Orbis Books, New York.

Osborne, K., Min Ki Wook, 2014, *Science and religion fifty years after Vatican II. A time of peace and reconciliation,* Wpif and Stock, Eugene, OR.

Overstreet P., Schlitz, D., s.a., *When you say nothing at all*, Scarlet Moon Music, Inc.

Padgett, A., 2007, Epiphany for a small planet: Christology, astronomy and mutuality, *Perspectives on Science and Christian Faith* 59(2), 110-117.

Parke, C., 2019 Moonlanding, Buzz Aldrin took holy communion, read this Bible verse on lunar surface, *Fox News*, gelees 26 Julie 2022 op https://www.foxnews.com/science/moon-landing-bible-apollo-11-buzz-aldrin-communion

Pasquini, L. & Galli, D., 2004, How old is the Milky Way?, eso0425 – science release, *European Southern Observatory,* gelees 12 Oktober 2022 op https://www.eso.org/public/news/eso0425/

Pedersen, O., 1988, Christian belief and the fascination of science, *Physics, philosophy, and theology: A common quest for understanding*, University of Notre Dame Press, Notre Dame.

Peters, T., 2016. The war between faith and fact*. Theology and Science*, volume 14(2), 143-146.

Peters, T., 2014, Does God have a plan for the big history of the cosmos? *Theology and Science*, volume 12(3), 197-200.

Planck, M., 1949, *Scientific autobiography and other papers*, vertaal deur F. Gaynor, Philosophical Library, New York.

Popova, M., 2012, Richard Feynman on the role of scientific culture in modern society, *Brainpickings*, gelees 11 Julie 2017 op https://www.brainpickings.org/2012/08/27/richard-feynman-on-the-role-of-scientific-culture-in-modern-society/

Pous Benediktus XVI, 2005, *Encyclical Letter, Deus caritas est, of the supreme pontiff Benedict XVI*, gelees 15 Oktober 2020 op https://www.vatican.va/content/benedict-xvi/en/encyclicals/documents/hf_ben-xvi_enc_20051225_deus-caritas-est.html

Pous Franciskus, 2015, *Encyclical Letter, Laudato si'* of the Holy Father Francis on *Care for Our Common Home*, gelees 12 Mei 2021 op https://www.vatican.va/content/francesco/en/encyclicals/documents/papa-francesco_20150524_enciclica-laudato-si.html

Prinz, J., 2013, *How wonder works*, gelees 28 November 2017 op https://aeon.co/essays/why-wonder-is-the-most-human-of-all-emotions

Ranganathan, S., 1967, *Ramanujan, the man and the mathematician*, Manipat Power Press, Manipal.

Ritchie, H., 2022, There have been five mass extinctions in earth's history, *Our world in data*, gelees 21 Januarie 2023 op https://ourworldindata.org/extinctions

Robert, A., 1956**,** *Mélanges bibliques rédigés en l'honneur de André Robert*, Bloud & Gay, Parys.

Rousseau, L., 2006, *Die groot avontuur. Wondere van die lewe op aarde*, Human en Rousseau, Kaapstad.

Russell, J., Wegter-McNelly, K., 2004, Mutual interaction in Bridging science and religion, *Science and theology,* volume 34, 49-68.

Saint Anselm, *Stanford Encyclopedia of Philosophy*, gelees 07 May 2020, op https://plato.stanford.edu/entries/anselm/

Sacks, J., 2016, Doesn't all the evil in the world show there is no God?, *Templeton Prize*, gekyk 23 November 2022 op https://youtu.be/rHtbvby5Ylk

Sacks J., 2016, Does scientific knowledge contradict relgious belief?, *Templeton Prize*, gekyk 17 Mei 2021 op https://www.youtube.com/watch?v=9jc4dmSo-ls

Sacks, J., 2016, Why does God love diversity?, *Templeton Prize*, gekyk 15 November 2021 op https://youtu.be/1jocoXNPJ3g

Sacks, J., 2016, Why might our world be a better place when the power of love replaces the love of power?, *Templeton Prize*, gekyk 23 November 2022, op https://youtu.be/EZgl8pbaics

Saunders, T., 2023, How many galaxies are in the universe? A lot more than you'd think, BBC Science, gelees op 31 Julie 2023 op https://www.sciencefocus.com/space/how-many-galaxies-are-in-the-universe/

Scmidt, W.H., 1969, Gott und mensch in Ps. 8, *Theologische Zeitschrift* 25, 1-15.

Schneiders, S., 1998, The study of Christian spirituality, *Studies in Spirituality*, 8, 38-57.

Schuele, A., 2011, 'Uniquely human:The ethics of the Imago Dei in Genesis 1-11, *Toronto Journal of Theology* 27(1), 5-16.

Smith, A., Wightman, W.P.D. (red.), 1980, *Essays on philosophical subjects. History of astronomy,* Oxford University Press, Oxford,

Smithsonian Natural Museum of Natural History, gelees op 22 Januarie 2022 https://naturalhistory.si.edu/education/teaching-resources/life-science/early-life-earth-animal-origins

Spector, B., 2018, Stephen Hawking's final book says there's 'no possibilty of God in our universe, *Livescience.com*, gelees 27 Oktober 2020 op https://www.livescience.com/63854-stephen-hawking-says-no-god.html .

Spong, J., 2012, *John Shelby Song – Re-casting the Christ story*, gekyk 11 Julie 2022, https://www.youtube.com/watch?v=WDNz2Ifn9k4 35:55, Chautauqua Institution, VSA.

Steenberg, L., 2021, *Are you not entertained? Mapping the gladiator across the visual media,* Bloomsbury Publishing Plc, London.

Sternberger, D., 1965, Schöpfung und scheidung, Der Monat 17, 201, 5-15.

Sykes, J.,(red.), 1976, *The concise Oxford dictionary of current English*, Oxford University Press, Oxford.

Tammeus, B., 2014, *Religion and science share the same roots*, gelees 30 Oktober 2017 op https://www.ncronline.org/blogs/small-c-catholic/religion-and-science-share-same-roots-awe-and-wonder

Tanzella-Nitti, G., 2014, Muore a Gallarate P. Enrico Cantore S.J., fisico, filosofo e promotore dell'Umanesimo scientifico*, Documentazione Interdisciplinare di Scienza e Fede*, gelees 20 Augustus 2020 op https://disf.org/enrico-cantore-necrologio .

Tate, M., 2001, An exposition of Psalm 8, *Perspectives in religious studies*, vol. 28, 344-359.

The Economic Times, 2016 , *Number of bird species in the world soars to 18,000,* gelees 14 Desember 2021 op https://economictimes.indiatimes.com/news/science/number-of-bird-species-in-the-world-soars-to-18000/articleshow/55954895.cms

Thoreau, H.D., 1968, *Walden*, Dent, London.

Tillich, P., 1951, *Systematic theology, Vol. 1*, University of Chicago Press, Chicago.

Tillman, N. & Gordon, J., 2022, How big is the universe? *Space.com*, gelees 12 Maart 2022 op https://www.space.com/24073-how-big-is-the-universe.html

Tillman, N., & Stein, V., 2022, What is the biggest star ever observed?, *Space.com*, gelees 01 September 2022 op https://www.space.com/41290-biggest-star.html

Uppsala Universiteit, *Carl Linnaeus*, gelees 09 Mei 2022 op https://www.uu.se/en/about-uu/history/Carl+Linnaeus/

Van Huyssteen, W., 2006, *Alone in the world? Human Uniqueness in science and theology,* William B. Eerdman Publishing Company, Grand Rapids.

Van Huyssteen, W., 2010, What makes us human? The interdisciplinary challenge to theological anthropology and Christology. *Toronto Journal of Theology* 26/2, 143–160.

Van Niekerk, A., 2014, *Geloof sonder sekerhede. Hoe kan ek nog glo?,* Lux Verbi, Kaapstad.

Van Uchelen, N.A., 1986, *Psalmen deel I*, Uitgeverij G.F. Callenbach BV, Nijkerk.

Vaughn, C., 2018, Watch stars drift and constellations change shape using mobile apps, *Space.com*, gelees 20 September 2022 op https://www.space.com/41908-watch-stars-drift-with-mobile-apps.html.

Von Rad, G., 1972, *Genesis*, vertaal deur John H. Marks uit *Das erste Buch Moses, Genesis.* SCM Press Ltd, London.

Vosloo, W., Van Rensburg, F.J, (redakteurs), 1993, *Die Bybel in praktyk*, Christelike Uitgewers Maatskappy, Vereeniging.

Tolmie, D.F., 2020, Interview: Kees Waaijman, *Acta Theologica,* 40(1), 1-5.

Waaijman, K., 2002, *Spirituality. Forms, foundations, methods*, Peeters, Leuven, Parys, Dudley.

Warfield, B., 1970, *Selected shorter writings*. PRR Publishing, Phillipsburg.

Wertheim, M., 2002, The Pope's astrophysicist, *Wired*, gelees 1 Desember 2021 op https://www.wired.com/2002/12/pope-astro/ .

Wertheim, M., s.a., *George Coyne*, Public Broadcasting Service/Faith and Reason, gelees 10 Augustus 2022 op https://www.pbs.org/faithandreason/transcript/coyne-frame.html

Westermann, C., vertaal deur John J. Scullion, 1984. *Genesis 1-11. A commentary.* Augsburg Publishing House and Great Britain by SPCK, London.

Williams, T., 2020, Saint Anselm, *Stanford Encyclopedia of Philosophy*, https://plato.stanford.edu/entries/anselm/#FaiSeeUndChaPurAnsThePro .

Wiseman, J., s.a., *When you look at the universe can you see anything of the characteristics of God there? (1),* gekyk 11 Julie 2022, op http://www.testoffaith.com/resources/resource.aspx?id=487, The Faraday Institute, Cambridge, Verenigde Koninkryk.

Wiseman, J., s.a., *When you look at the universe can you see anything of the characteristics of God there? (2),* gekyk 11 Julie 2022, http://www.testoffaith.com/resources/resource.aspx?id=488, The Faraday Institute, Cambridge, Verenigde Koninkryk.

Wittgenstein, L., 1979, *Notebooks 1914–1916*, Basil Blackwell, Oxford.

Wordreference.com, s.a., gelees 06 April 2021 op https://forum.wordreference.com/threads/listen-to-or-for.54741/#:~:text=Listen%20to%3A%20to%20pay%20attention,will%20notice%20a%20particular%20sound

Worrall, S., 2017, The air you breathe is full of surprises, *National Geographic*, gelees 04 April 2021, op https://www.nationalgeographic.com/science/article/air-gas-caesar-last-breath-sam-kean

Zenger, E., (Hossfeld, F. & Zenger, E., red.), 2011, *Psalms 3, A commentary on Psalms* 101-150, Fortress Press, Minneapolis.